GESLAGSOPVOEDING AS KOMPONENT VAN GESINSVOORLIGTING

NEELTJE IRENE BEATRIX VAN DER WALT, B.A., M.ED., T.H.O.D.

PROEFSKRIF GOEDGEKEUR VIR DIE GRAAD DOCTOR EDUCATIONIS IN DIE DEPARTEMENTE FUNDAMENTELE EN HISTORIESE OPVOEDKUNDE EN VOORLIGTING EN ORTOPEDAGOGIEK VAN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

PROMOTOR : PROF. J.L. VAN DER WALT
MEDE-PROMOTOR : PROF. H.B. KRUGER

POTCHEFSTROOM
1990

DANKBETUIGING

* Aan Hom, my Hemelvader, my diepste dankbaarheid en al die eer dat Hy die seëninge geskenk het om hierdie studie te voltooi.

* Dit was 'n voorreg om onder die leiding van professore J.L. van der Walt en H.B: Kruger te kon studeer. U hulp, wetenskaplikheid en meelewing word hoog waardeer. Dat hierdie studie "in U lig" kon verloop, is aan u te danke.

* Die Transvaalse Onderwysdepartement het die studie vir my moontlik gemaak deur die toekenning van ruim verlof waarvoor ek my opregte dank wil uitspreek.

* Dr. D.C. Grobler van die TOD het die taalversorging waargeneem. Baie dankie vir u bydrae tot die verheldering van taal en styl.

* Aan my kollegas wil ek baie dankie sê vir hulle hulp en bemoediging, veral ten opsigte van die versorging van die manuskrip op die rekenaar.

* Aan my moeder 'n besondere woord van diepe erkentlikheid vir haar liefde, hulp en voorbidding.

* Nannes en Jasper, julle het my met julle lewenslus geïnspireer en ondersteun. Vir julle opofferings, liefde en gebede is ek julle baie dank verskuldig.

Aan hom wat ons vooruitgegaan het, bring ek die ure van samesyn,
waar hy deur prikkelende denke die lus vir studie geskep het,
in dankbare herinnering.

OPSOMMING

Die doel van hierdie studie was om geslagsopvoeding as komponent van Gesinsvoorligting te ondersoek. Die toevoeging van Gesinsvoorligting tot die skoolkurrikulum noodsaak die formulering van 'n geskikte begronding en beleid om te voldoen aan die vereistes vir Christelike opvoeding.

Twee navorsingsmetodes is gebruik. 'n Fundamentele oorsig van die geskape werklikheid is verkry deur die bestaande literatuur te bestudeer. Die struktuur-empiriese metode is gebruik om bepaalde faktore waardeur die kind se seksuele ontwikkeling moontlik beïnvloed kan word, te ondersoek.

Weens die sensitiewe aard van geslagsopvoeding is die eties-sedelike aspekte van seksualiteit ondersoek. Aangesien Gesinsvoorligting, met geslagsopvoeding as komponent daarvan, deel is van die kind se morele opvoeding, is sekere morele aspekte van geslagsopvoeding, veral met betrekking tot die leerinhoud en die opvoeder, onder die soeklig geplaas. Dit wil voorkom of die veranderende samelewing ook sy invloed op die mens se seksualiteit laat geld. Verskeie maatskaplike probleme is in diè verband ondersoek, onder andere die geslagsrol wat ook onderhewig is aan verandering wat 'n moontlike invloed op die kind se algemene sowel as sy geslagtelike ontwikkeling kan hê.

Die navorsing oor die geskape werklikheid is gebaseer op die uitgangspunt dat God soewerein is oor die ganse skepping en elke aspek van menslike bestaan. Daar is aangetoon dat geslagsopvoeding as menslike handeling, vanuit die hart van die mens gerig word. Dit was duidelik dat geslagsopvoeding op twee wyses kan plaasvind, na gelang van die religieuse hartsgesteldheid van die mens wat hom òf die anastatiese òf die apostatiese rigting laat kies.

Om die betekenis en doel van menslike seksualiteit te begryp, was dit nodig om die geskape werklikheid fundamenteel te deurgrond. Die ontiese wet vir die skepping is gevolglik ondersoek. Dit is gevolg deur 'n kosmologiese ondersoek, wat die aandag ook op die kind in opvoeding geplaas het. 'n Antropologiese ondersoek was nodig om die mens as seksuele wese te kan begryp. Daar is aangetoon dat die mens 'n verhoudingswese is en dat sy seksualiteit 'n integrale deel van sy verhoudingslewe vorm. Menslike verhoudings funksioneer op verskillende vlakke en kan in verskeie

samelewingsverbande realiseer.

Verskeie samelewingsverbande wat 'n moontlike belang by geslagsopvoeding het, is ondersoek. Die huwelik en die gesin, die kerk, staat en skool is bestudeer om hulle funksie en moontlike betrokkenheid en deelname aan geslagsopvoeding vas te stel. Die aandag is in die besonder op die skool gevestig om sy terrein, moontlikhede en beperkinge te probeer vasstel. Dit het duidelik geword dat die vier kosmiese wette van soewereiniteit, individualiteit, temporaliteit en modaliteit gebruik moes word om die onderskeie samelewingsverbande se deelname aan geslagsopvoeding te bepaal.

Die ondersoek na die kind se geslagtelike ontwikkeling het aan die lig gebring dat daar twee groepe faktore bestaan wat 'n merkbare invloed op die kind se geslagtelike ontwikkeling kan uitoefen. Interne ontwikkelings- en eksterne beïnvloedingsfaktore kon onderskei word. Die gebrek aan sinchronisasie tussen die onderskeie ontwikkelingsaspekte kan 'n moontlike negatiewe invloed op die kind uitoefen, wat waarskynlik vererger kan word deur verskeie gesins- en maatskaplike faktore.

Dit het ten slotte duidelik geword dat die kind se besondere opvoedingsbehoeftes in ag geneem behoort te word. Vanuit Bybelse perspektief kan hierdie behoeftes in vier groepe verdeel word, naamlik geld, gesondheid, guns en genade.

Dit het verder duidelik geword dat geslagsopvoeding wat Bybelsgefundeer word, die kind sal ondersteun en toerus om sy bestemming op sinvolle wyse te bereik. Die navorsing is afgesluit deur enkele aanbevelings te doen met 'n paar voorstelle vir verdere navorsing.

ABSTRACT

The purpose of this study was to examine sex education as a component of Family Guidance. The introduction of Family Guidance to the school curriculum necessitates formulating an appropriate philosophy and policy to suit the needs of Christian education.

Two research methods were used. An outline of former research on the philosophical aspects of reality was made by means of a study of the available relevant literature. The structural-empirical method was used to examine certain factors which could influence the sexual development of the child.

In view of the highly sensitive nature of sex education, an investigation into the ethical aspects of sexuality was also carried out. As Family Guidance, of which sex education is a component, forms part of the child's moral education, certain moral issues pertaining to the subject matter, as well as the educator, were investigated. The current changes in society appear to have a vast effect on man's sexuality, so that various social problems in this regard were examined, which in turn led to an examination of the sex role, which has also undergone some remarkable changes that might affect the child's general, as well as his sexual development.

The research into created reality was based on the philosophy that proclaims the sovereignty of God over creation and over every aspect of human activity. Furthermore it was pointed out that sex education, as a human activity, is directed from the heart of man. It was made clear that sex education can take place in a twofold way, the choice of which depends on man's religious outlook on life, which opts him to choose between the anastatic and the apostatic direction.

In order to understand the meaning and purpose of man's sexuality, an in depth look into created reality was necessary. This part of the investigation concentrated on the ontic law for creation. This was followed by a cosmological view, which also brought the accent to the child in education. An anthropological view was obtained in this respect, which revealed the different aspects that constitute man. One of the relevant matters that became imminent was that man is a being with relationships and that man's

sexuality forms an integral part of his relationships. Relationships are formed on various levels and can be organised into several spheres in communal life.

A few relevant spheres in communal life were investigated to determine the possibility of their participating in sex education. Marriage and the family, the church, the state with its various services and the school were studied to determine their function, legality and possible role with regard to sex education. The school was of particular interest in this context, in order to define its particular territory, possibilities and limitations. It became evident that the four cosmic principles of sovereignty, individuality, temporality and modality had to be applied to ascertain the possible partnership of the various communal spheres.

The research regarding the child's sexual development revealed that two main groups of factors could have a profound influence on the child's sexual development. These factors could be classified into groups of internal, or developmental factors and external, or influential factors. The literature revealed that the lack of sinchronisation between the various aspects of development could have a negative effect, which could be aggravated by various family and social factors.

It became evident that sex education has to be based on sound Biblical principles in order to fulfill its purpose in supporting the child to find its destination in a meaningful way. The study was concluded by the inclusion of a few recommendations, as well as a few suggestions for future research.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, AKTUALITEIT, METODE EN DOEL VAN DIE NAVORSING

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	1
1.3	Aktualiteit van die navorsing	4
1.4	Navorsingsdoelstellings	6
1.4.1	Algemene doel van die navorsing	6
1.4.2	Besondere doelstellings	6
1.5	Metodologiese verantwoording	7
1.5.1	Stellinginname	7
1.5.2	Wetenskapsteoretiese afbakening	7
1.6	Afbakening van die navorsingsterrein	9
1.6.1	Navorsingsterrein	9
1.6.2	Begripsomskrywing	9
1.7	Hoofstukindeling	12
1.8	Samevatting	14

*

HOOFSTUK 2

2. DIE ONTOLOGIESE GRONDSLAE VAN GESLAGSOPVOEDING

2.1	Inleiding	15
2.2	Die ontologiese grondslag van die mens ... se gerelasioneerdheid en die implikasies.. daarvan vir geslagsopvoeding	15
2.2.1	Oriëntering	15
2.2.2	Ontologiese voorveronderstellings	17
2.2.2.1	Inleidende opmerkings	17
2.2.2.2	'n Ontologie oor God	18
2.2.2.3	Ontologie oor God se wet vir die geskapene	20
2.2.2.4	Soewereiniteit in eie kring	21
2.2.2.5	Universaliteit in eie kring	22

2.2.2.6 Verskeidenheid en samehang in die werklikheid 23
2.2.2.7 Die religieuse faset van die werklikheid.. 25
2.2.2.8 Die individuele faset van die werklikheid. 26
2.2.2.9 Die modale faset van die werklikheid..... 27
2.2.2.10 Die temporele faset van die werklikheid... 28
2.2.2.11 Genetisiteit 29

2.3 Samevatting 30

*

HOOFSTUK 3

3. 'n REFORMATORIESE MENSBEELD AS GRONDSLAG VIR GESLAGSOPVOEDING

3.1 Inleiding 32
3.2 Die mens as ontisiteit 32
3.3 Die mens as geskape wese 33
3.4 Die mens as religieuse wese 34
3.5 Die mens as 'n gebroke wese 35
3.6 Die mens as 'n koninkrykwese 36
3.7 Die mens as 'n verantwoordelike wese 36
3.8 Die mens as 'n verhoudingswese 37

3.8.1 Algemeen 37
3.8.2 Die mens se verhouding tot God 37
3.8.3 Die mens in verhouding tot sy medemens ... 37
3.8.4 Die mens in verhouding tot homself 38
3.8.5 Die mens in verhouding tot die wêreld 38

3.9 Die mens as 'n modaalbepaalde wese 39

3.9.1 Inleidend 39
3.9.2 Die mens as gestruktureerde geskapene 39

3.10 Die mens as 'n individuele en unieke wese . 41
3.11 Die mens as 'n tydse wese 41
3.12 Die mens as 'n genetiese wese 42
3.13 Die mens as 'n eenheidswese 43
3.14 Samevatting 43

*

HOOFSTUK 4

4. ENKELE SAMELEWINGSVERBANDE WAT BELANG HET BY GESLAGSOPVOEDING

4.1	Inleiding	45
4.2	Primêre opvoeders	47
4.2.1	Algemeen	47
4.2.2	Die Christelike huwelik	47
4.2.2.1	Die huwelik as primêre samelewingsverband	47
4.2.2.2	Die wet van God en die huwelik	47
4.2.2.3	Die struktuur van die Christelike huwelik	48
4.2.2.4	Implikasies van die huwelik as samelewingsverband vir geslagsopvoeding	51
4.2.3	Die gesin en sy taak ten opsigte van geslagsopvoeding	52
4.2.3.1	Oriëntering	52
4.2.3.2	Die Christelike gesin en die wet van God	52
4.2.3.3	Die gesin as primêre samelewingsverband	52
4.2.3.4	Die struktuur van die gesin	53
4.2.3.5	Die opvoedingstaak van die gesin	56
4.2.3.6	Implikasies van die gesin vir geslagsopvoeding	59
4.2.3.7	Gevolgtrekking en perspektief	61
4.3	Ander relevante samelewingsverbande as sekondêre opvoedingsinstansies	64
4.3.1	Oriëntering	64
4.3.2	Die staat en sy opvoedende onderwystaak	65
4.3.2.1	Inleidende opmerkings	65
4.3.2.2	Die wet van God en maatskaplike dienste	67
4.3.2.3	Maatskaplike diensorganisasies as sekondêre samelewingsverbande	67
4.3.2.4	Die struktuur van maatskaplike diens-organisasies	68
4.3.2.5	Gevolgtrekking	68
4.3.3	Mediese diensorganisasies	69
4.3.3.1	Inleidende opmerkings	69

4.3.3.2 Mediese diensorganisasies en die wet van.. God 70
4.3.3.3 Mediese diensorganisasies as sekondêre ... samelewingsverbande 71
4.3.3.4 Die struktuur van mediese diensorganisasies 71
4.3.3.5 Gevolgtrekking 72

4.3.4 Die kerk 72

4.3.4.1 Inleidende opmerkings 72
4.3.4.2 Die kerk en die wet van God 73
4.3.4.3 Die struktuur van die kerk 73
4.3.4.4 Gevolgtrekking 74

4.3.5 Die skool en sy opvoedende onderwystaak .. 75

4.3.5.1 Inleidende opmerkings 75
4.3.5.2 Die wet van God en die skool 75
4.3.5.3 Die skool as sekondêre samelewingsverband. 75
4.3.5.4 Die struktuur van die skool 76
4.3.5.5 Die opvoedende onderwystaak van die skool 77
4.3.5.6 Implikasies van skoolse opvoedende ..... onderwys vir geslagsopvoeding 81
4.3.5.7 Die skool as betrokkene by geslagsopvoeding 82
4.3.5.8 Die skool as gedelegeerde opvoeder 83
4.3.5.9 Die skool se beperkings met betrekking tot geslagsopvoeding 83
4.3.5.10 Die skool as behoeftevervuller van die ... kind 85
4.3.5.11 Die waarde van geslagsopvoeding op skool.. 85

4.4 Samevatting 87

*

HOOFSTUK 5

5. 'n ETIES-SEDELIKE PERSPEKTIEF OP GESLAGSOPVOEDING

5.1 Inleiding 89
5.2 Vraagstukke rondom gesinsvoorligting en .. geslagsopvoeding as eties-sedelike ..... opvoedingsaangeleentheid 89
5.3 Die bestaan van die sedelike 91

5.3.1 Algemeen 91

5.3.2 Voor-wetenskaplike bestaan van die ..... sedelike as een van die aspekte van ..... menswees..... 91
5.3.3 Wetenskaplike kennis van die sedelike 92

5.3.3.1 Algemeen 92
5.3.3.2 Persoonsliefde 95
5.3.3.3 Die sedelike as persoonsbehartiging 96
5.3.3.4 Verdere presisering van die sedelike 96
5.3.3.5 Sedelike norme as maatstawwe vir gesins-.. en geslagsopvoeding 97
5.3.3.6 Die positivering van eties-sedelike norme. 98
5.3.3.7 Etiese beginsels, norme en waardes 99
5.3.3.8 Gesinsvoorligting as eties-sedelike ..... aangeleentheid 100

5.4 Enkele etiese vraagstukke met betrekking.. tot geslagsopvoeding 101

5.4.1 Inleidend 101
5.4.2 Die problematiek rondom die ..... doelstellings van geslagsopvoeding..... 102
5.4.3 Die problematiek rondom geslagsopvoeding.. as eties-sedelike aangeleentheid 102
5.4.4 Die behorensvraag rondom die moontlike ... vereensydiging en oorbeklemtoning van die liggaamlike aspek van seksualiteit 104
5.4.5 Die behorensvraag rondom die opvoedings-.. terrein van die ouer..... 105
5.4.6 Die behorensvraag rondom die klassituasie 106
5.4.7 Die behorensvraag rondom die ..... professionele opvoeder 107
5.4.8 Geslagsopvoeding as eties-sedelike vraagstuk 110

5.5 Samevatting 111

*

HOOFSTUK 6

6. GESLAGSOPVOEDING AS OPVOEDINGSTAAK

6.1 Inleiding 112

6.2 Die plek van geslagsopvoeding in die .... opvoeding..... 113

6.2.1	Geslagsopvoeding as intuïtiewe ervaring...	113
6.2.2	Geslagsopvoeding as gestruktureerde wetenskaplike opvoedingshandeling.....	113
6.3	Die bestaansreg van geslagsopvoeding.....	115
6.4	Die terrein van geslagsopvoeding.....	115
6.4.1	Algemeen	115
6.4.2	Geslagsopvoeding as unieke opvoedings-terrein.....	116
6.4.3	Geslagsopvoeding as opvoedingsinhoud	116
6.4.4	Die aard van geslagsopvoeding.....	117
6.4.5	Die moontlikheid van geslagsopvoeding	118
6.5	Die wet van God en geslagsopvoeding	119
6.6	Die struktuur van geslagsopvoeding	119
6.6.1	Algemeen	119
6.6.2	Die religieuse faset van geslagsopvoeding.	121
6.6.3	Die temporele faset van geslagsopvoeding .	121
6.6.4	Die modale faset van geslagsopvoeding	122
6.6.4.1	Algemeen	122
6.6.4.2	Die pistiese (geloof en vaste vertroue)...	122
6.6.4.3	Die etiese (morele liefde en liefdesorg)..	123
6.6.4.4	Die juridiese (reg en onreg, vergelding)..	124
6.6.4.5	Die estetiese (skone harmonie).....	124
6.6.4.6	Die ekonomiese (waarde afweging, besparing)	125
6.6.4.7	Die linguale (simboliese betekening).....	125
6.6.4.8	Die historiese (kultuurvormende mag).....	126
6.6.4.9	Die logiese (analitiese onderskeiding)....	126
6.6.4.10	Die psigiese (gevoel).....	126
6.6.4.11	Die biotiese, fisiese, kinematiese,..... ruimtelike en getal	127
6.6.5	Die individuele faset van geslagsopvoeding	128
6.7	Gevolgtrekking	128

*

7. ENKELE ASPEKTE VAN GESLAGSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE KIND VANUIT 'N KINDER-ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF

7.1 Inleiding 130
7.2 Geslagsopvoeding ten aansien van ..... ontwikkelingsfaktore 130

7.2.1 Inleiding 130
7.2.2 Die ontwikkeling van die fisies- ..... liggaamlike en biotiese liggaam- ..... struktuur 131

7.2.2.1 Algemeen 131
7.2.2.2 Ontwikkelingsaanvang 131
7.2.2.3 Ontwikkelingsgang 132
7.2.2.4 Seksuele rypwording 132
7.2.2.5 Gesinsverhoudinge 134

7.2.3 Die ontwikkeling van die psigiese liggaamstruktuur 135

7.2.3.1 Inleiding 135
7.2.3.2 Die verband tussen die fisieke en die .... psigiese ontwikkeling van die kind 136
7.2.3.3 Psigiese ontwikkelingstake 137

7.2.4 Die ontwikkeling van die normatiewe ..... aktstruktuur 140

7.2.4.1 Inleiding 140
7.2.4.2 Die kognitiewe ontwikkeling van die kind . 140
7.2.4.3 Die konatiewe ontwikkeling van die kind .. 145

7.3 Eksterne beïnvloedingsfaktore 148

7.3.1 Algemeen 148
7.3.2 Gesinsfaktore 149

7.3.2.1 Inleidende opmerkings 149
7.3.2.2 Die veranderende gesin 149
7.3.2.3 Gesinsgrootte 151
7.3.2.4 Gesinsamestelling 152

7.3.3 Portuurinvloed 158

7.3.3.1 Algemeen 158

7.3.3.2 Portuurinvloed en seksuele ontwikkeling .. 159
7.3.3.3 Portuurinvloed en seksuele gedrag 160

7.3.4 Kulturele faktore 161
7.3.5 Sosio-ekonomiese faktore 161
7.3.6 Godsdienstige en religieuse faktore 163

7.4 Enkele faktore wat lei tot 'n versteurde geslagslewe 164

7.4.1 Inleidende opmerkings 164
7.4.2 Tienerswangerskappe 164

7.4.2.1 Algemeen 164
7.4.2.2 Die voorkoms van tienerswangerskappe 164
7.4.2.3 Oorsake vir tienerswangerskappe 165
7.4.2.4 Implikasies van tienerswangerskappe 167
7.4.2.5 Vaderskap met betrekking tot tienerswangerskappe 170
7.4.2.6 Die voorkoming van tienerswangerskappe ... 170

7.4.3 Homoseksualiteit 172

7.4.3.1 Inleidende opmerkings 172
7.4.3.2 Begripsbepaling 173
7.4.3.3 Die bestaan van homoseksualiteit 173
7.4.3.4 Oorsake van homoseksualiteit 174
7.4.3.5 Stellinginname 174

7.4.4 Permissiwiteit 175

7.4.4.1 Inleidende opmerkings 175
7.4.4.2 Die tiener se seksuele gedrag 176
7.4.4.3 Hofmakery 177

7.4.5 Seksueel oordraagbare en aansteeklike siektes 180
7.4.6 Voorbehoedmiddels 181
7.4.7 Abnormale seksuele gedrag 182

7.4.7.1 Algemeen 182
7.4.7.2 Verkragting 182
7.4.7.3 Kindermolestering en ander soorte seksuele misbruik 183
7.4.7.4 Anorexia nervosa 185
7.4.7.4 Abnormaliteit van 'n mediese aard 185
7.4.7.5 Prostitusie 186
7.4.7.6 Popmusiek 186

7.5 Gevolgtrekking 187
7.6 Samevatting 188

*

HOOFSTUK 8

8. DIE GESLAGSROL

8.1 Inleiding 190
8.2 Die ontstaan en aard van die geslagsrol .. 190
8.3 Die veranderende geslagsrol 191

8.3.1 Algemeen 191
8.3.2 Die tradisionele geslagsrol 192

8.3.2.1 Inleidend 192
8.3.2.2 Status en die geslagsrol 192
8.3.2.3 Diskriminasie en die geslagsrol 193

8.3.3 Die veranderde geslagsrol 194

8.3.3.1 Inleidend..... 194
8.3.3.2 Oorsake vir geslagsrolverandering 194
8.3.3.3 Verset teen geslagsrolverandering 196
8.3.3.4 Implikasies van die veranderde geslagsrol 197

8.4 Die geslagsrol vanuit prinsipiële .....
perspektief 202

8.4.1 Inleidende opmerkings 202
8.4.2 Historiese perspektief 202
8.4.3 Bybelse perspektief op die geslagsrol ... 203
8.4.4 Gevolgtrekking 204

8.5 Samevatting 204

*

HOOFSTUK 9

9. BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

9.1 Inleiding 206
9.2 Bevindings op grond van die navorsing ... 206

9.2.1 Inleidend..... 206
9.2.2 Seksualiteit as ontisiteit 207

9.2.2.1	Algemeen	207
9.2.2.2	Die soewereiniteit en almag van God en sy wet vir geslagtelikheid	208
9.2.2.3	Die temporele faset van geslagtelikheid	208
9.2.2.4	Die modale faset van geslagtelikheid	208
9.2.2.5	Die individuele faset van geslagtelikheid	209
9.2.2.6	Samevattend	209
9.2.3	Die samelewingsverbande se belang by geslagsopvoeding	210
9.2.3.1	Inleidend	210
9.2.3.2	Samewerking tussen gesin en skool met betrekking tot geslagsopvoeding	210
9.2.3.3	Die beginsel van soewereiniteit in eie kring, die samelewingsverbande en geslagsopvoeding	214
9.2.3.4	Die temporele faset van geslagsopvoeding en die samelewingsverbande	215
9.2.3.5	Die modale faset van geslagsopvoeding en die samelewingsverbande	215
9.2.3.6	Die individuele faset van geslagsopvoeding en die samelewingsverbande	215
9.2.4	Geslagsopvoeding as eties-sedelike aangeleentheid	216
9.2.5	Geslagtelikheid as opvoedings- aangeleentheid	217
9.2.6	Geslagsopvoeding as ontwikkelings- aangeleentheid	218
9.2.7	Geslagsopvoeding ten aansien van die veranderende geslagsrol	220
9.3	Gevolgtrekking	221
9.4	Aanbevelings	223
9.5	Slotperspektief	226

*

BIBLIOGRAFIE 227

---oOo---

1. INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, AKTUALITEIT, METODE EN DOEL VAN DIE NAVORSING

1.1 Inleiding

Geslagsopvoeding en gesinsvoorligting is twee terme wat maar betreklik onlangs deel van die terminologie van die opvoedkunde geword het. Dit wil nie sê dat opvoeders onverskillig gestaan het teenoor geslagtelikheid en die gesinslewe nie, maar om verskeie redes is hierdie sake onwillekeurig, maar soms ook doelbewus, uit die opvoedingsituasie geweer.

Ten spyte van hierdie oënskynlike ontkenning van 'n belangrike opvoedingsaangeleentheid, is dit bekend dat 'n kind se persoonlikheidsontwikkeling nie outomaties geskied nie (Van Niekerk, 1984:144). Die Christen glo dat die mens gebore word met die vermoë om te leer om tussen reg en verkeerd en tussen goed en kwaad te onderskei. Daarmee word daar nie beweer dat die mens se handelinge spontaan op grond van hierdie vermoë gerig word nie (Smith, 1988:23). Deur verskeie handelinge, onder andere deur opvoeding, kom die mens eers tot kennis van wat goed en reg is. Sodoende word die opvoedingshandeling 'n noodsaaklikheid (Botha & Van Rensburg, 1985:68). Geskied dit nie, of ontoereikend, kan die gevolge nie uitbly nie en sal dit merkbaar word deur opvallende gedrag van een of ander aard van die kind op die gebied van die gevoels-, die verstands- en die normatiewe lewe (Van Niekerk, 1984:145). Laasgenoemde openbaar hom dikwels in die kind se seksuele gedrag en verhoudingslewe.

Wanneer geslagtelikheid van nader beskou word, blyk dit dat dit een van die terreine is waarby die mens intens betrokke is, maar wat deur 'n waas van onsekerheid en skewe persepsies omhul word. Hierdie toestand kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Ontoereikende kommunikasie en veral gebrek aan vrymoedigheid tussen opvoeders en kinders om persoonlike sake te bespreek, kan as oorsake uitgesonder word (Smith, 1988:23). 'n Ander kommerwekkende verskynsel waarna Smith (1988:23) verwys, is die toenemende vlaag van permissiwiteit in die eietydse samelewing. Oor die geslagslewe en die behoefte aan opvoeding in diè verband bestaan daar bepaalde vraagstukke en probleemareas.

1.2 Probleemstelling

Die mens se geslags- en gesinslewe is twee aspekte wat

toenemend in die brandpunt van die eietydse problematiek staan. Hierdie problematiek kan vir die doel van hierdie studie vanuit twee hoeke benader word, naamlik deur te kyk na die problematiek op sigself en deur daarna te kyk as opvoedingsaangeleentheid. Anders gestel, deur na hierdie twee sake as opvoedingsaangeleenthede te kyk, word die sluier noodwendig oor die problematiek betreffende die geslags- en gesinslewe gelig. Daarvoor is 'n eerlike en realistiese benadering nodig, sonder om aan die piëteit wat geslagtelikheid omhul, afbreuk te doen. Welke van hierdie sake eerste gestel moet word, is moeilik om te sê; opvoedingsbehoefte en eietydse problematiek moet as lewensrealiteite beskou word wat nie sonder meer in aparte kompartemente geplaas kan word nie. 'n Realistiese benadering maak voorsiening vir onderlinge betrokkenheid tussen hierdie twee aangeleenthede (Adeymo, 1985:53).

Die Christelik oortuigde navorser besef dat die kind in sy totaliteit by opvoeding betrokke is. Intellektuele opvoeding mag daarom nie in isolasie gesien word nie (Schutte, 1984:63). Tog wil dit voorkom of daar 'n eensydige beklemtoning van leer ter wille van kennis plaasvind ten koste van opvoedende leer, 'n feit wat veral in die praktiese gesinsvoorligtingsituasie in die klaskamer merkbaar geword het.

Die ontwikkelende kind leef vandag in 'n snel veranderende samelewing wat nuwe eise aan sy persoonlikheidsontwikkeling stel. Sy verhoudingslewe raak moeiliker (Steyn & Breedt, 1978:276) en dit stel nuwe eise aan sy norm- en waardesisteem (Mentz, 1983:24-25; Steyn & Breedt, 1978:102). Vir die ouer word dit ook al moeiliker om sy kind te begryp en te begelei. Die gesin ontkom ook nie aan die geweldige veranderinge van die moderne tyd nie. Rolverskuiwing vind plaas wat weer lei tot onsekerheid ten opsigte van die geslagte se onderskeie rolle en take (Van der Merwe, 1979:2). Die huwelik word as instelling betwyfel en toenemende huweliksverbrokkeling is 'n vraagstuk wat skynbaar dui op die mens se onvermoë om hom by die veranderinge aan te pas (Dominian, 1982:13). Die hele problematiek van die huweliks- en gesinslewe het te make met die verhouding tussen die twee geslagte. Volgens Van der Merwe (1979:2) is dit 'n verhouding wat by geboorte begin en kulmineer in die geslagsverhouding in die huwelik. Dit lyk egter of opvoeders huiwerig is en terugdeins om in die opvoeding aan hierdie sake aandag te gee (Thielicke, 1979:69).

Uit 'n fundamenteel-opvoedkundige oogpunt kan die navorsingsprobleem soos volg uiteengesit word:

* Geslagsopvoeding deur ouers vind ongestruktureerd, toevallig, indien ooit, plaas en berus op intuïtiewe aanvoeling en 'n "probeer en tref"-wyse.

* Ouers voel dikwels onbekwaam en onseker oor hulle taak as geslagsopvoeders, waardeur geslagsopvoeding onnodig uit- en afgestel word.

* Kompetensieterreine van ouerhuis en skool ten aansien van geslagsopvoeding is nog nie bevredigend deur middel van prinsipieel-besinnende metodes geïdentifiseer en ontleed nie.

* Professionele opvoeders beskik nie oor 'n mandaat om hulle taak ten aansien van die kind se geslagsopvoeding na behore uit te voer nie. Die gebruik om bepaalde onderwerpe in die geslagsopvoedingsprogram tot bepaalde opvoeders te beperk, skep praktiese probleme en veroorsaak vrees en onsekerheid onder professionele opvoeders.

* Die bestaande praktyk bring die beginsel van soewereiniteit in eie kring in gedrang - 'n saak waaroor daar prisipieel besin moet word.

* Die ouer as primêre opvoeder se rol word ten aansien van die kind se geslagsopvoeding verabsoluteer, wat beteken dat die beginsel aangaande universaliteit in eie kring nie tot sy reg kom nie. Raakvlakke tussen skool en ouerhuis en moontlike samewerkingsmoontlikhede moet ondersoek word.

* Verskeie faktore, byvoorbeeld die kind se versnelde ontwikkeling, verskillende samelewingsfaktore en -probleme, regverdig navorsing ten opsigte van geslagsopvoeding as opvoedingsopgawe.

Die navorsingsprobleem kan kortliks soos volg saamgevat word:

Geslagsopvoeding is tradisioneel as die eksklusiewe opvoedingstaak van die ouer beskou. Gesinsvoorligting as formele program is nog betreklik nuut in die Transvaalse Onderwysdepartement en bestaan slegs sedert 1983. Gesinsvoorligting, met geslagsopvoeding as komponent daarvan is, sover vasgestel kon word, nog nie volledig omskrywe nie, omdat prinsipiële fasette soos soewereiniteit en

universaliteit in eie kring nog nie in al hulle konsekwensies vir geslagsopvoeding deurdink is nie. Op grond van hierdie leemte ontstaan die vraag: Hoe behoort geslagsopvoeding, fundamenteel-opvoedkundig, benader te word en plaas te vind?

1.3 Aktualiteit van die navorsing

Die term "gesinsvoorligting" is in plaas van seks- of geslagsopvoeding gekies weens die moontlike negatiewe konnotasie wat die woord "seks" en selfs "geslag" het. Gesinsvoorligting word derhalwe deur die Transvaalse Onderwysdepartement as sy aandeel aan geslagsopvoeding beskou (vgl. Van der Merwe, 1979:4). Die term "gesinsvoorligting" leen hom egter ook tot 'n verkeerde begrip van die term, naamlik dat dit slegs met gesinsake te doen sou hê. Begrippe is volgens Strauss (1973:134) egter geen voorstellinge nie, maar die resultaat van 'n oordeel (1973:137). Die keuse van 'n geskikte term is nie maklik nie, aangesien die verhouding tussen begrip en woord altyd 'n moeilike aangeleentheid is (Strauss, 1973:143). Die betekenis van 'n woord is afhanklik van die kennisfasette aangaande die woord wat in 'n sekere sin situatief of simbolies gevorm word. Strauss (1973:148) wys verder daarop dat 'n begrip geensins die inhoud van 'n woord is nie, maar dat die inhoud van 'n woord altyd geleë is in die subjektief-simbolies vermeende betekenis daarvan. 'n Komplekse situasie kan ook nie altyd effektief benoem word nie (Strauss, 1973:148) sodat die keuse vir 'n geskikte term verdere ondersoek regverdig.

In 1983 is daar op verkennende wyse in Transvaal begin om gesinsvoorligting, met geslagsopvoeding as komponent daarvan, aan ouers en skole bekend te stel. Opvoeders het hulle behoefte aan kennis en leiding in dié verband te kenne gegee. Die belangrikste fasette van geslagsopvoeding waarvoor daar 'n behoefte aan navorsingsresultate bestaan, is die volgende:

* Riglyne en beginsels waarvolgens geslagsopvoeding aangepak moet word om te voldoen aan die behoeftes van 'n heterogene samelewing wat onder meer, taal, kultuur en godsdiens betref.

* Die mate van ouerbetrokkenheid ten opsigte van geslagsopvoeding en besondere gesinsprobleme wat 'n moontlike invloed daarop het, byvoorbeeld enkelouerskap.

* Die taak en aandeel van die skool.

* Besondere behoeftes van die kind in die lig van die onderskeie ontwikkelingsfases waardeur hy gaan; dit wil sê, die aard en hoeveelheid inligting wat die kind moet ontvang. Die wanneer, die wat en die hoeveel van geslagsopvoeding is dus 'n belangrike beginsel.

Daar is kennis geneem van ander reeds bestaande programme, buite- sowel as binnelands, maar daar is in die lig van bogenoemde vraagstukke tog 'n behoefte aan 'n eie handelingswyse wat aan die behoeftes van die Transvaalse Onderwysdepartement kan voldoen.

Geslagtelikheid is 'n produk van God se skeppingsplan. Geslagtelikheid gee aan die mens as geskape wese 'n besondere identiteit, wat beteken dat hy getipeer en geken kan word. Om geslagtelikheid te bestudeer sonder om dit vanuit Bybelse perspektief te doen, lei tot sekularisering daarvan, waardeur die ware betekenis en funksie daarvan ontken word. Om geslagtelikheid as wyse van menswees te ervaar, is dit noodsaaklik dat die kind die geleentheid kry om vanuit 'n Bybels gefundeerde werklikheidsbeskouing hierdie sake in oënskou te neem (Strauss, 1983:81). Vanuit Bybelse perspektief kan die kenmerke van die gesin, waarvan die intieme liefdesverbondenheid die opvallendste is, na waarde geskat word en kan die doel en funksie van menslike verbondenheid begryp word (Strauss, 1983:77).

Om bloot die stelling te maak dat gesinsvoorligting of geslagsopvoeding op Bybelse grondslag geplaas moet word, of dat gesins- en geslagsopvoeding op tradisionele Suid-Afrikaanse morele en Christelike beginsels gebaseer moet word, is nie genoeg nie (Meyer, 1977:488). Die inhoud en betekenis van hierdie beginsels is nie aan elkeen bekend nie en terme rakende gesins- en geslagsopvoeding kan maklik lukraak gebruik word, sonder om te besef wat die implikasie daarvan op die opvoeding mag wees.

Om te beweer dat geeneen van die oorsese programme aan die vereistes wat daaraan gestel is, voldoen het nie, is ook nie bevredigend nie, aangesien vele van die eietydse probleme, soos tienerswangerskappe, skynbaar 'n merkbare afname getoon het na die instelling van omvattende programme (Schenk, 1987:16). Des te meer is dit noodsaaklik dat die Bybelse perspektief uitgelig en verwoord word, sodat die inhoud en betekenis daarvan ten opsigte van die mens se seksualiteit en meer nog, die mens se seksualiteit in die opvoedingsituasie, duidelik kan blyk. Deur 'n blik te kry op eietydse

problematiek en in die besonder die problematiek van die mens as geslagtelike wese, kan die weg gebaan word tot 'n herwaardering van hierdie skeppingsfeit. Deur probleemgebiede aan die hand van Bybelse norme te identifiseer, sal dit moontlik word om die eietydse problematiek oor seksualiteit in perspektief te plaas. Dit bring mee dat die afname in tienerswangerskappe, waarna hierbo verwys is, nie geïnterpreteer sal word as 'n probleem wat verdwyn nie, aangesien dit nie noodwendig beteken dat dit gepaard gaan met 'n kuiser seksuele gedragswyse nie (Anon., 1985:25). Insig in die tiener se uitkyk op seksuele gedrag kan bydra tot 'n realistiese benaderingswyse in geslagsopvoeding. Vernuwing en aanpassing, maar ook besinning is nodig, aangesien daar alreeds nie meer in die behoeftes van die hoogs gedifferensieerde gemeenskap van die laat twintigste eeu voorsien kan word nie (Van Schalkwyk, 1984:29).

1.4 Navorsingsdoelstellings

1.4.1 *Algemene doel van die navorsing*

'n Prinsipiële uiteensetting van geslagsopvoeding as opvoedingsaangeleentheid, die fundamenteel-opvoedkundige presisering van die uitgangspunt waarvolgens geslagsopvoeding moet plaasvind, die ondersoek na die kompetensieterrein van die opvoeder en die faktore wat die kind se geslagtelike ontwikkeling kan beïnvloed word beoog, sodat riglyne neergelê kan word vir die verantwoordbare en verantwoordelike implementering van geslagsopvoeding as opvoedende onderwystaak.

1.4.2 *Besondere doelstellings*

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik, word die volgende ten doel gestel:

* Die *terreine* waar geslagsopvoeding plaasvind, moet geïdentifiseer word, sodat ouers, professionele opvoeders en ander betrokkenes by die opvoeding van die kind se taak en verantwoordelikheid duidelik omlyn kan word.

* Die besondere aard van geslagsopvoeding sal fundamenteel-opvoedkundig verantwoord moet word. Deur die prinsipiële aard van geslagtelikheid vas te stel, kan riglyne neergelê word vir die implementering daarvan

as skoolse aangeleentheid.

* Die fundamenteel-opvoedkundige presisering van geslagsopvoeding noodsaak omvattende kennis van die kind as ontwikkelende geslagtelike wese. 'n Ondersoek na verskeie aspekte rakende die kind se ontwikkeling moet derhalwe uitgevoer word. Hierdie ondersoek sluit ook enkele abnormale verskynsels rakende geslagtelikheid in, sowel as verskeie ander sake wat verband hou met die kind se geslagtelikheid.

1.5 Metodologiese verantwoording

1.5.1 *Stellinginname*

'n Besondere faset van die werklikheid, naamlik menslike geslagtelikheid en vrae daaroor met betrekking tot die opvoeding, word in hierdie studie ondersoek. Die navorsingsprobleem word vanuit Christelik-reformatoriese voorveronderstellinge ondersoek.

1.5.2 *Wetenskapsteoretiese afbakening*

Volgens Stone (1974:10) het die voorveronderstellinge van die wetenskaplike altyd implikasies betreffende die metode wat hy nodig ag. Om 'n orde in die werkwyse te bepaal, is dit nodig dat daar na die skeppingsorde self gekyk word om daarin vas te stel hoe die grond- of onveranderlike synstrukture daar uitsien. Vir die doel van hierdie ondersoek is dit derhalwe nodig dat die bestaan en voorkoms van geslagtelikheid binne die skeppingsorde deurgrond word. Volgens Du Toit (1990:8) is die primêre bedoeling met die begronding van enige saak om eerstens daarmee 'n *legitimering* van daardie saak aan te gee. In die geval van hierdie ondersoek gaan dit derhalwe om die kind en sy seksualiteit. Anders gestel, daar moet aangetoon word dat dit 'n saak is wat *erkenning* verdien en aanspraak maak op *instemming* met wat die wesenlike inhoud daarvan is. 'n Verdere bedoeling wat daarin opgesluit is, is dat dit nie alleen om die erkenning van, en instemming met, daardie saak gaan nie, maar veral die *motivering* tot deelname aan die bevordering daarvan (Du Toit, 1990:8).

Daar is reeds vasgestel dat die opvoeder se religieuse grondmotief bepalend is vir die opvoeding (Van der Walt, 1983:12). Of dit nou die opvoedeling of die opvoeder geld, geslagtelikheid sal sal eers begryp kan word wanneer dit as geskape werklikheid deurgrond word. Geslagtelikheid is geen

toevallige verskynsel nie, maar spruit voort uit God se ordenings- en skeppingswerk. Dit is gevolglik nodig dat daar in meer besonderhede na die ordening van die skepping van God gekyk sal word om sodoende die plek van geslagtelikheid daarin te kan begryp. Hierdie deel van die ondersoek sal prinsipieel-besinnend benader word.

Waar dit gaan om die kind as die afhanklike met 'n behoefte aan geslagsopvoeding, is dit noodsaaklik dat daar kennis geneem sal word van die verskillende moontlikhede wat daar vir hom in die opvoeding beskikbaar gestel word. Die aandag word gevolglik ook op die opvoeder gevestig wat geslagtelikheid as opvoedingsaangeleentheid sal moet hanteer. 'n Ondersoek in hierdie verband sal die moontlikhede, beperkinge en tekortkominge rakende die opvoeder, asook besondere vraagstukke waarmee hy te doen kry, belig. Hierdie deel van die studie sal prinsipieel en struktuur-analities van aard wees.

Geslagtelikheid as bestaanswerklikheid is 'n opvoedingsaan-geleentheid, aangesien die kind uit hoofde van sy kindwees opvoeding en begeleiding nodig het en gevolglik ook behoefte het aan geslagsopvoeding. Waar die kind self 'n geslagtelike wese is, is dit nodig dat sy geslagtelike ontwikkeling deurgrond word. Ander aspekte van sy ontwikkeling, waaronder sy kognitiewe, sy psigiese en sy wilsontwikkeling, sal ook ondersoek word in die mate waarin dit met sy geslagtelikheid verband hou. Daar kan verwag word dat die kind se geslagtelike ontwikkeling deur verskeie faktore beïnvloed kan word, wat meebring dat die faktore wat moontlik kan lei tot 'n versteurde geslagslewe, ook ondersoek sal word. Benewens 'n uitgebreide literatuurstudie, sal daar in hierdie deel van die studie ook gebruik gemaak word van die struktuur-empiriese metode. Volgens Venter (1983:166) is die gebruik van empiriese gegewens noodsaaklik vir 'n prinsipieel-teoretiese metode in die verstaan van die opvoedingswerk-likheid. Deur gebruik te maak van die struktuur-empiriese metode word die opvoedkundige in staat gestel om perspektief te vind. 'n Verdere bydrae van die struktuur-empiriese metode lê in die moontlikheid dat die opvoeding vanuit drie kante waargeneem kan word, naamlik die ontiese, die antropologiese en die verloopswyse van opvoeding. Hierdie drieledige perspektief is ook noodsaaklik in die soeke na norme hoe geslagsopvoeding behoort plaas te vind.

1.6 Afbakening van die navorsingsterrein

1.6.1 *Navorsingsterrein*

Die onderhawige studie vind op verskeie terreine van die opvoedkunde plaas, maar hoofsaaklik vanweë sy probleemstelling op die terrein van die Fundamentele Opvoedkunde, aangesien die lewensbeskoulike, die antropologiese, skoolfilosofiese en samelewingsteoretiese vraagstukke ten grondslag van die ondersoek lê met vrae soos: Wie is die mens? Wat is geslagtelikheid? Wat is 'n skool? en Wat is die doelstelling van geslagsopvoeding? Die navorsing lê ook op die terrein van die Voorligting as wetenskap.

1.6.2 *Begripsomskrywing*

Weens die sensitiwiteit wat daar aan geslagtelikheid kleef, is dit noodsaaklik dat daar noukeurig tussen verskillende terme onderskei word. In die algemene omgangstaal het sekere woordgebruike gepopulariseer geraak, waardeur die presiese betekenis verlore geraak het, of waardeur die betekenis sodanig verander het dat dit tot dubbelsinnigheid aanleiding kan gee. Die terme *geslagtelikheid* en *seksualiteit* word byvoorbeeld afwisselend in die literatuur sonder verskil in betekenis gebruik.

* Gesinsvoorligting

Gesinsvoorligting is 'n oorkoepelende begrip waarvan geslagsopvoeding 'n onlosmaaklike integrale deel vorm. Die term word gebruik om moontlike verkeerde konnotasies wat by ander terme mag voorkom, te vermy. Gesinsvoorligting het 'n waardebepalende karakter, omdat die mens vanuit Christelike perspektief altyd as 'n bestemmingswese beskou word en die term gesinsvoorligting probeer om die mens se geslagtelikheid binne die raamwerk van sy bestemming te plaas. Gesinsvoorligting poog om die mens as geslagtelike wese sy geslagsbestemming in die gesin te laat bereik. 'n Moontlike tekortkoming in die term ontstaan as daar aanvaar word dat die mens slegs binne die raamwerk van die gesin sy bestemming as geslagtelike wese kan bereik. Uit die Skrif kom die insig dat nie alle mense 'n huwelik aangaan nie en dat hulle nie noodwendig daarom 'n minder vervulde of sinvolle lewe lei nie. Gesinsvoorligting is as term gekies by gebrek aan 'n beter term of suiwerder omskrywing.

* Geslag

Hiermee word die gesamentlike kenmerke wat bepaal of 'n mens of dier manlik of vroulik is, verstaan (Schoonees & Swanepoel, 1970: 205).

* Geslagsdaad

Dit is die handeling van geslagsomgang te hê (Schoonees & Swanepoel, 1970: 205).

* Geslagslewe

Die mens se geslagslewe omsluit alle aspekte van die mens se seksualiteit en daar word derhalwe nie met Schoonees en Swanepoel (1970:277) saamgestem dat dit op die gedeelte van 'n individu se lewe dui wat in verband staan met die bevrediging van sy geslagsdrif nie.

* Geslagtelikheid

Dit dui op die toestand of hoedanigheid van seksueel te wees, dus om 'n geslagtelike funksie te besit; seksualiteit (Schoonees & Swanepoel, 1970:278).

* Geslagsopvoeding

Die term het te doen met die volgende:

i) 'n opvoedingshandeling met 'n spesifieke doel en
ii) leerinhoud van 'n besondere aard.

Die opvoedingshandeling het uit die aard van sy wese 'n sterk behoorlikheidsbeklemtoning, sodat geslagsopvoeding dui op die begeleiding van die kind tot verantwoordelike volwassenheid. Geslagsopvoeding moet in harmonie wees met die algemene opvoedingsdoel alvorens dit opvoeding genoem kan word. In hierdie opsig verskil geslagsopvoeding van geslagsvoorligting, aangesien laasgenoemde nie noodwendig die opvoedende sy van geslagsopvoeding beklemtoon nie.

* Onderwys

Daar word met Postma (1987:8) saamgestem dat onderwys 'n omvattende begrip is wat die volgende inhou:

+ Onderwys vorm meesal 'n onderdeel en faset van opvoeding.

+ Onderwys het te doen met die oordra van kennis en/of vaardighede.
+ Die skool gee meer aandag aan onderwys as kennisontsluiting, omdat die skool se doelfunksie die ontsluiting van die logies-analitiese modaliteit van die mens behels (Vgl. par. 4.3.5.5.3).

* Opvoedende onderwys

Daar word aangesluit by Postma (1987: 8) se uiteensetting van opvoedende onderwys, waar hy aantoon dat opvoeding, onder andere, deur onderwys gedra word omdat die aanleer van basiese kennis en vaardighede 'n voorvereiste vir opvoeding is. Verder toon Postma aan dat leer eers kan plaasvind wanneer die kennisinhoude wat deur onderwys verwerf is, ook die karakterinhoude het wat deur opvoeding ingeskerp is. In hierdie navorsing word geslagsopvoeding as opvoedende onderwys beklemtoon, waardeur veral die behoorlikheidseis van geslagtelikheid benadruk word.

* Seks

As selfstandige naamwoord is die term 'n aanduiding van 'n bepaalde geslag, naamlik man of vrou. Ook dui die term op 'n sekulêre betekenis wat die bewustheid van geslags-aangeleenthede beklemtoon. As werkwoord dui die term op die bepaling van geslag, byvoorbeeld kuikens (Schoonees & Swanepoel, 1970: 950).

Volgens Drever (1956: 263) dui die term op 'n fundamentele onderskeiding in 'n spesie wat verband hou met voortplanting. In die psigoanalise is die betekenis van die term uitgebrei na *seksueel* om daarmee 'n omvattende betekenis daaraan te gee. In die algemene omgangstaal word die term *seks* hoofsaaklik as werkwoord gebruik as aanduiding van die geslagsdaad. Dit is verkeerd, aangesien die grondvorm dui op die onderskeid tussen die twee geslagte. In sy grondvorm het die term *seks* 'n kenfunksie (vgl. Hebreeus *jadå).*

* Seksopvoeding

Seksopvoeding is 'n direkte vertaling van "*sex education*" en word hoofsaaklik so in oorsese literatuur gebruik. Wanneer die term "*sex education*" gebruik word, word daar in werklikheid na geslagsopvoeding verwys. Die term seksopvoeding het weens foutiewe omgangstaal so afgewater geraak dat dit slegs te doen het met inligting oor die

geslagsdaad. Die term het daardeur vir die opvoedkundige onaanvaarbaar geraak.

* Seksualiteit

Die term het te doen met geslagtelikheid, die geslagslewe en ook die uitbeelding van die geslagslewe (Schoonees & Swanepoel, 1970: 950). Seksualiteit en geslagtelikheid is in der waarheid sinoniem. Daar moet tussen die etimologiese en sekulêre betekenis van die woord onderskei word, waar laasgenoemde aan die geslagsdaad en die geslagsdrif verbind word en eersgenoemde op die andersheid of verskil tussen die twee geslagte dui. Die term stam uit Oudhoogduits slahan nàh, wat 'aard na', beteken (De Vries, 1979: 78). Seksualiteit moet dus nie verwar word met geslagsdrif of geslagsdaad of enige geslagsaktiwiteit nie.

* Verantwoordelikheid

Die begrip dui op 'n persoon se aanspreeklikheid, wat inhou dat hy voor gewigtige pligte gestel word waarvan rekenskap gegee moet word. In hierdie studie gaan dit om verantwoordelike geslagtelikheid wat inhou dat die mens se geslagtelikheid 'n appèl op sy verantwoordelikheid maak. Vir die opvoeding is die implikasie dat geslagtelikheid as verantwoordelikheid aan die kind geleer moet word. Die implikasie is dat die kind geslagtelikheid moet leer ken as keusevryheid en besluitnemingsaangeleentheid, op só 'n wyse dat dit die toets van rekenskapgewing kan deurstaan. Hierdeur verkry geslagsopvoeding 'n sterk eties-sedelike konnotasie.

1.7 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling van hierdie navorsingsverslag is op grond van die bespreking in paragraaf 1.3 gedoen. Die eerste hoofstuk dien as oriënterende inleiding waarin die probleemstelling, doelstellings en terrein van die ondersoek uiteengesit word.

In hoofstuk 2 word die teosentriese grondbeginsel, "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.", gevestig deur 'n blik op die geskape werklikheid te verkry. In hierdie hoofstuk blyk dat God-Drieënig die Algenoegsame, Selfgenoegsame, Absolute Skepper en Onderhouer van die ganse kosmiese realiteit is. Alles is onderworpe aan God se soewereiniteit

(Schoeman, 1971:3). Vanuit hierdie stellingname word die ontologiese grondslag van die mens se gerelasioneerdheid en die implikasies daarvan vir geslagsopvoeding ondersoek.

Hoofstuk 3 word aan 'n antropologiese ondersoek gewy. 'n Reformatoriese mensbeeld wat as grondslag vir geslags-opvoeding sal dien, word omskryf.

Hoofstuk 4 word toegespits op die lewensterreine en -verbande waarin die mens as verhoudingswese rigting aan sy lewe moet gee. Schoeman (1971:37) toon aan dat God se skepping 'n kosmos is wat gekenmerk word deur 'n besondere eenheid, asook 'n duidelike en opmerklike struktuur. Die onderskeie samelewingsverbande sal gevolglik volgens hulle onderskeie strukture ondersoek en getoets word aan die beginsel van relatiewe en verantwoordbare selfstandigheid binne perke van eie bevoegdheid. Vanweë die onderlinge samehang tussen die onderskeie samelewingsverbande, sal die beginsel van universaliteit in eie kring tesame met die vervlegtingsbeginsel ondersoek word.

In hoofstuk 5 word daar na geslagsopvoeding vanuit eties-sedelike perspektief gekyk. Verskeie behorensvrae word aan die orde gestel en die vraag hoe die belang van die kind deur geslagsopvoeding behartig kan word, word ondersoek.

Hoofstuk 6 handel oor geslagsopvoeding as skoolse opvoedingstaak. Om hierdie taak op verantwoordbare wyse te kan uitvoer, is dit eers nodig om die plek van geslagsopvoeding in die breë opvoeding te ondersoek. Die aard en inhoud van geslagsopvoeding moet vasgestel word en daar moet prinsipieel oor geslagsopvoeding besin word deur die begrip as struktuur te ondersoek.

Aangesien geslagsopvoeding moet dien om die belang van die kind te behartig, is dit nodig dat die opvoeder oor deeglike kennis van die ontwikkelende kind sal beskik. Daar is verskeie faktore waardeur die kind se ontwikkeling beïnvloed kan word. In hoofstuk 7 word hierdie faktore ondersoek. Eers word verskeie interne ontwikkelingsfaktore nagegaan, waarna daar by enkele eksterne beïnvloedingsfaktore stilgestaan sal word. Vervolgens sal enkele aspekte van abnormale seksualiteit ondersoek word.

Die veranderende geslagsrol is 'n produk van die eietydse, veranderende samelewing. Vanweë die ingrypende invloed wat die geslagsrol op die mens se interpersoonlike

verhoudingslewe het en die moontlike implikasies wat dit op die kind se seksuele identiteitsverwerwing het, word die geslagsrol in 'n aparte hoofstuk onder die loep geneem. Daar sal gepoog word om die geslagsrol vanuit Skrifmatige perspektief te begryp.

Ten slotte sal die navorsing in hoofstuk 9 saamgevat word, in die sin dat die gevolgtrekkings en moontlike aanbevelings uiteengesit word.

1.8 Samevatting

In hierdie aanvangshoofstuk is daar gepoog om verskeie probleemareas ten opsigte van die kind se geslagsopvoeding te formuleer. Ten einde hierdie probleme te kan oplos, is dit noodsaaklik dat hierdie probleemareas sistematies ondersoek word. Daar sal vervolgens in die volgende hoofstuk besin word oor verskeie fasette van die kind se menswees, waardeur 'n ondersoek na die geskape werklikheid in die eerste plek aan die beurt kom.

2. DIE ONTOLOGIESE GRONDSLAE VAN GESLAGSOPVOEDING

2.1 Inleiding

Geslagsopvoeding as opvoedingsaangeleentheid plaas die opvoedingsoeklig op besondere fasette van die kind se menswees, onder andere op sy geslagtelikheid en sy verhoudingslewe of gerelasioneerdheid.

Om geslagsopvoeding as opvoedingshandeling te begryp, is dit allereers nodig om die plek en betekenis daarvan in die werklikheid te ondersoek. So 'n ondersoek noodsaak 'n blik op die ganse geskape werklikheid en die vraag na die wese daarvan. Die beeld wat in die proses verkry word, moet getrou wees aan die ontiese status (geskapenheid) daarvan. So 'n sigbaarstelling van die werklikheid is net moontlik vanuit 'n Skrifmatige perspektief. Geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting word gevolglik in hierdie ondersoek vanuit Christelik-reformatoriese perspektief beskou en gefundeer.

2.2 Die ontologiese grondslag van die mens se gerelasioneerdheid en die implikasie daarvan vir geslagsopvoeding

2.2.1 Oriëntering

Om die mens se gerelasioneerdheid in al sy kompleksiteit te begryp, is dit nodig om 'n teoretiese werklikheidsmodel daar te stel wat gefundeer is op en belig word vanuit 'n Skrifmatige perspektief. In so 'n teoretiese model word verskillende beginsels met betrekking tot die saak wat ondersoek word, nagevors, wat in hierdie geval beginsels rakende die mens se geslagtelikheid en gerelasioneerdheid behels. Daar moet gesoek word na antwoorde op vrae rakende die soewereiniteit en universaliteit in eie kring met betrekking tot die mens se geslagtelikheid en gerelasioneerdheid, die funderings- en bestemmingsfunksies daarvan, die onderskeie strukture en die onderlinge verbande wat daarmee verband hou.
Die besinning oor geslagsopvoeding as opvoedingstaak stel die ondersoeker voor verskeie vrae:

* Die vraag na die geskape werklikheid waarin geslagsopvoeding funksioneer. Hier word, onder andere, gevra na die Skepper van hemel en aarde; die drie-enige God van die Bybel (Stone, 1974:15).

* Die vraag na die mens in die werklikheid. Hier word gevra na die mens se onderskeidende kenmerke as geskapene. Die vraag ontstaan verder hoe die mens se bestaanswyses voltrek word, naamlik die rigting van sy hartsgesteldheid wat òf apostaties (weg van die ware God) òf anastaties (na God toe) gerig kan wees. Vanuit Skrifmatige perspektief sal daar in die navorsing by die mens as gebroke sondaar stilgestaan word en by die implikasies wat die sonde, veral ten opsigte van sy geslagtelikheid, het. Verskeie negatiewe aspekte van geslagtelikheid sal ondersoek moet word - veral sover dit die kind in opvoeding raak.

* Die vraag na die mens as gerelasioneerde wese wat vergestalting in verskeie menslike verhoudingstrukture vind. Daardeur word die aandag op die noodsaaklikheid van 'n teoretiese samelewingsmodel gevestig waarin verskillende samelewingsverbande beskryf en uitgelê word en waarin hulle onderlinge vervlegting ondersoek word.

Om geslagsopvoeding as opvoedingshandeling te fundeer, is die volgende metode gebruik:

i) Literatuur met betrekking tot die geskape werklikheid en met 'n filosofiese strekking is bestudeer. Die klem in die ondersoek val op die anastatiese gerigtheid van die opvoedkundige fundering van gesinsvoorligting met die klem meer spesifiek op geslagsopvoeding. Daar is veral gelet op die oorsprong, wese en bestemming en die gerigtheid daarvan.

ii) Die literatuurstudie is verder gerig op geslags-opvoeding as kontemporêre opvoedingsaangeleentheid, waardeur die tipies eietydse problematiek aan die orde gestel en ondersoek word. In hierdie deel van die ondersoek word daar ook van die struktuur-empiriese metode gebruik gemaak. Deur hierdie ondersoek word daar gepoog om 'n noukeurige presisering van die kind se behoefte aan geslagsopvoeding te verkry. Teen hierdie agtergrond, naamlik met 'n fundamenteel-opvoedkundige, struktuur-empiriese kyk op geslagsopvoeding, kan daar met groter noukeurigheid riglyne neergelê word vir die implementering en uitvoering van 'n geslagsopvoedings-program as komponent van gesinsvoorligting.

iii) Ten slotte word enkele aktuele sake wat in die

literatuurstudie voorkom, krities ondersoek om daardeur tot 'n beter begrip van die opvoedingswerklikheid te kom.

2.2.2 Ontologiese voorveronderstellinge

2.2.2.1 Inleidende opmerkings

'n Beskrywing van die werklikheid is die vraag na die bestaan (syn) en die synswyse daarvan. Die term *ontologie* omvat hierdie twee begrippe. Die term *ontologie* is saamgestel uit twee Griekse woorde, naamlik *to ontos* wat verwys na **is** of **wees**, en *logos* wat dui op **woord, rede** of **spraak** (Van der Walt,Dekker en Van der Walt, 1983:35). Ontologie word deur Taljaard (1976:30) beskryf as 'n filosofiese rekenskap van die werklikheid. Ontologie vorm 'n belangrike onderdeel van die Christelike wysbegeerte en spits hom toe op vier terreine wat deur Taljaard (1976:28) soos volg onderskei word:

* 'n ontologie oor God,
* 'n ontologie oor God se wet vir die skepping,
* 'n ontologie oor God se skepping wat aan sy wet onderworpe is, en
* 'n ontologie oor die verband tussen die eerste drie terreine.

Die ontologie oor God vorm volgens Taljaard (1976:28) die basis vir die ander drie terreine, aangesien die mens se kennis aangaande God bepalend is vir sy kennis omtrent alle ander sake. Tereg onderskryf Taljaard (1976:44) God se soewereiniteit oor die hele skepping wat elke vorm van menslike aktiwiteit insluit. Dit beteken dat geslagsopvoeding en gesinsvoorligting eweneens deur God se soewereiniteit omsluit word. Verder voeg Taljaard by dat God die absolute regeerder is van die skepping; dus ook van die mens.

Die mens vorm as geskape wese deel van die geskape werklikheid. Vanuit die perspektief van die almag van God se wet vir die skepping (Taljaard, 1976: 45) moet daar oor geslagsopvoeding as menslike aktiwiteit besin word. In die proses val die aandag op die mens self en op verskeie verskillende samelewingsverbande wat relevant vir geslagsopvoeding is.

2.2.2.2 'n Ontologie oor God

'n Bybelse perspektief openbaar God as God, Gees en Woord (Taljaard, 1976:36). Uit Johannes 16:13-15 spreek die heilige Drie-eenheid van God duidelik:

> *"Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."*

Die eenheid tussen God die Vader, die Seun en die Heilige Gees is van so 'n besondere en unieke aard dat niks in die ganse skepping daarmee vergelyk kan word nie. Dit is trouens die beeld en gelykenis waarna die mens geskape is (Taljaard, 1976:37).

'n Korrekte begrip van God vereis 'n duidelike onderskeiding tussen God self, sy skepping en alles wat aan sy wet (wil) onderworpe is. God is soewerein en almagtig en ook Skepper en Wetgewer. God self is nie aan sy wet onderworpe nie, want Hy staan daarbuite as die Skepper daarvan. In die Woord word Hy soos volg geopenbaar:

Genesis 1:1 :

> *"In die begin het God die hemel en die aarde geskep."*

Die bestaan van God wat in Genesis geopenbaar is, word verder in 1 Johannes 1 : 1-2 bevestig:

> *"Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is."*

Uit bogenoemde Skrifgedeeltes spreek die bestaan van God die Vader en die Seun duidelik. Die bestaan van die Heilige Gees word duidelik in Johannes 20 : 22 aangetoon:

> *"Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: 'Ontvang die Heilige Gees!'"*

en verder in Handelinge 2 : 4:

> *"Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen."*

Waar menslike eienskappe of skeppingshoedanighede nie aan God self toegeskryf kan word nie, omdat Hy God is en nie mens nie, openbaar Hy Homself in terme van menslike taal wat vir menslike begrip bevatlik is. Daardeur word daar nie geïmpliseer dat God vermens kan word nie. Verskeie eienskappe behoort uitsluitlik aan God self, soos sy soewereiniteit, sy almag, sy onverganklikheid, sy alomteenwoordigheid en sy alwetendheid (Taljaard, 1976:40). Hierdie begrippe kan aan geen ander skepsel of wet toegeskryf word nie.

God kan wel in sommige menslike terme begryp word, soos in genade, liefde en waarheid. Op grond van God se liefde en genade is die mens se verlossing deur Jesus Christus moontlik gemaak. Postma (1987:80) verduidelik dat die erkenning van God se soewereine almag impliseer dat Hy wetmaker en -gewer is. God is nie alleen die Skepper en Onderhouer van die skepping nie; Hy regeer daaroor deur middel van sy wet. Die wet kan as die gekonkretiseerde wil van God beskou word (Taljaard, 1976:40), wat beteken dat alles wat geskape is aan God se wet onderworpe is. Die implikasies hiervan vir die mens as persoon, vir samelewingsverbande en vir menslike aktiwiteite is naamlik dat elkeen op sy beurt onderworpe is aan God se wil deur middel van die wet. Oorheersing van die een oor die ander kan op grond van God se soewereiniteit nie geduld word nie; alleen God is absoluut soewerein en geen mens of aktiwiteit kan in die plek daarvan gestel word nie.

Vir geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting en vir die opvoeder daarby betrokke, is die implikasie dat geslagsopvoeding as menslike aktiwiteit geen ander aktiwiteit mag oorheers nie en dat die mens om wie dit in geslags- en gesinsvoorligting gaan, hom ook nie tot absolute soewerein mag verhef nie. Hierdie gedagte sal verder in 'n ontologie oor die mens nagegaan word (vgl. par. 2.3.3). Dieselfde beginsel geld ook vir die verskillende samelewingsverbande. Een samelewingsverband, byvoorbeeld die skool, mag nie oor 'n ander samelewingsverband, soos die ouerhuis, heers nie. Ook

mag een samelewingsdiens nie 'n ander een oorheers nie; maatskaplike dienste mag byvoorbeeld nie oor mediese dienste heers nie. Schoeman (1979:106) wys daarop dat individuele dinge, mense of samelewingsverbande slegs bevoeg is om binne die kader van hulle eie bevoegdheid met gesag oor hulle eie sake te kan spreek, maar dat hierdie gesag steeds gesag bly wat onder die wet van God gestel is. As een instansie ondergeskik sou wees aan 'n ander een, is die implikasie daarvan dat die verantwoordelikheid van 'n bepaalde instansie teenoor God verdring word deur verantwoordelikheid teenoor die oorheersende instansie. Daardeur sou God se soewereiniteit geskend word (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:240).

Om saam te vat kan geponeer word dat God Hom aan die mens openbaar as die Skepper en Onderhouer van die ganse werklikheid. God regeer oor die skepping deur sy wet. God is soewerein en almagtig. Geslagsopvoeding het, onder meer, die taak om te vra na God se wil vir die mens as geslagtelike wese en na die wette wat gevolglik vir die mens se geslagtelikheid geld.

2.2.2.3 'n Ontologie oor God se wet vir die geskapene

God se soewereiniteit oor die skepping en die mens se aktiwiteite word deur sy wet geproklameer. Die wet is die middel waardeur God as Absolute Heerser oor die skepping en die mens in die skepping, heers (Taljaard, 1976:44). Op sigself besit die wet geen selfstandigheid nie; dis God se konkrete wil vir die kreatuur (Stone, 1974:16). Die wet is tegelyk ook die grens tussen God en die kosmos (Spier, 1950:40).

Vanuit Skrifmatige perspektief is God die enigste Soewerein, die enigste selfgenoegsame Wetgewer, wat meebring dat die res van die geskape werklikheid wetsonderdaan is (Schoeman, 1979:38). Nie alleen is die wet die uitdrukking van God se heerskappy nie, dit openbaar ook sy wil. Om God se wil te verstaan, moet sy wet dus geken word (Taljaard, 1976:45). God se wet dien as die gebiedsafbakening vir die geskapene, aangesien die wet van God daargestel is as die "onoorbrugbare grens tussen die tydelike en die Ewige, die immanente en die Transendente (Schoeman, 1979:44).

Deur sy wet het God orde vir sy skepping gegee (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:241). Alhoewel die Goddelike wetsorde vir die mens 'n verborgenheid is, moet hy tog

probeer om die wetsorde binne menslike vermoë vanuit die Godsopenbaring te begryp. Vir geslagsopvoeding beteken dit dat die opvoeder as wetsonderdaan ondersoek moet instel na die wette wat geld vir geslagsopvoeding as menslike aktiwiteit en na die wette wat geld vir die mens as geslagtelike wese. Tereg sê Schoeman (1979:45) dat vastigheid, orde en koers vanuit die wetsorde moontlik is. Die koers in geslagsopvoeding sal derhalwe gesoek word in die samevatting van die wet wat uitgedruk word in die sentrale liefdesgebod van liefde tot God en tot die naaste (Schoeman, 1979:46).

Wanneer daar na die Goddelike wetsorde vir die skepping verwys word, word die aandag op die skepping as gestruktureerde werklikheid geplaas. Deur die wet word die bestaan van 'n struktuur moontlik gemaak. Vir die doel van hierdie studie sal daar na die strukture (bouplanne) wat vir geslagsopvoeding ter sake is, gekyk moet word. Daar moet veral gelet word op die struktuurnorme en voorwaardes wat vir die betrokke strukture geld. God se wet geld vir al die strukture wat verband hou met geslagsopvoeding, soos die mens, verskeie samelewingsverbande, waaronder die huwelik, die gesin, die skool, die kerk en ook verskeie diens-strukture. Elkeen van hierdie strukture vertoon bepaalde strukturele kenmerke of struktuurwette. Die strukture vertoon ook fasette of dimensies, naamlik 'n religieuse faset, 'n tydse of temporele faset, 'n modale faset en 'n individuele faset (Dooyeweerd 1, 1969:100-104).

2.2.2.4 Soewereiniteit in eie kring

Elke struktuur in die werklikheid word geken aan sy eie aard wat uniek is vir daardie struktuur. So kan een struktuur nie vir 'n ander een aangesien word nie; 'n skool kan byvoorbeeld nie 'n huisgesin wees nie. Schoeman (1979:3) verwys na die tiperende individualiteit waarin strukture hulle aan die waarnemer openbaar. Die tipiese eie struktuur van die geskapene bring mee dat hierdie strukture nie herleibaar is tot ander strukture nie (Spier, 1950:53). Die ontiese wet van God vir die struktuur beperk 'n struktuur gevolglik tot homself. Vir geslagsopvoeding moet die tiperende individualiteit van die struktuur wat na die wetmatige opbou of wetmatige samestelling daarvan verwys, nagegaan word. Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983:241) maak die stelling dat die struktuurwet van elke samelewingsverband die bevoegdheidsterrein van die betrokke verband bepaal, waaruit die beginsel van soewereiniteit in eie kring, afgelei word.

Die rigting of koers waarin 'n bepaalde menslike aktiwiteit of samelewingsverband gestalte gee aan die struktuurwette, sal bepaal word deur die mens se antwoord op die wil van God, of anders gestel, deur die mens se religieuse hartsgesteldheid wat deur Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983:241) die mens se antwoord op die "sentraal religieuse liefdeswet van God" genoem word. Op grond van die mens se positivering of konkretisering van die liefdeswet sal die rigting òf anastaties (op God gerig) òf apostaties (weg van God af, op 'n afgod gerig) wees.

Vir geslagsopvoeding is die implikasie hiervan dat dit as menslike aktiwiteit self onderworpe is aan bepaalde struktuurwette, so ook al die ander strukture wat relevant vir geslagsopvoeding is. Weens die afgebakende bevoegdheidsterrein van elke afsonderlike struktuur sal die een die ander nie mag oorheers nie, aangesien die soewereiniteit van God daardeur in die gedrang gebring sou word. Al sou verskeie samelewingsverbande hulle met geslagsopvoeding as menslike aktiwiteit besig hou, sal hulle dit tog streng volgens hulle eie struktuurnorme moet doen. Daardeur word die ordelike verloop van geslagsopvoeding verseker.

Waar dit in geslagsopvoeding om besondere aktiwiteite gaan, naamlik geslags- en verhoudingsopvoeding en waar dit vir die mens moontlik is om tegelykertyd deel te wees van verskeie samelewingsverbande, volg dit dat daar onderlinge raakpunte tussen strukture moet bestaan. Die beginsel van kontak en vervlegting tussen strukture sal vervolgens bespreek word.

2.2.2.5 Universaliteit in eie kring

Stone (1974:68) beskryf die kosmos as 'n vervlegtingsamehang van 'n onoorsigtelike verskeidenheid strukture. Strukture kan verder "opgebreek" word in kleiner vervlegtingsgehele. Vervlegting kan met die term enkapsis aangedui word. Enkapsis vertoon twee kante. Aan die een kant behou die verbandstruktuur sy eie bevoegdheid en individualiteit en aan die ander kant behou dit universele afhanklikheid van die eie bevoegdheid. 'n Bepaalde struktuur, soos byvoorbeeld die huisgesin, kan net as gesin optree en nie ook byvoorbeeld "skool" wil wees nie. Dit beteken dat die optrede van die gesin getrou moet wees aan sy eie strukturele aard as gesin. Die teenkant waarna daar sopas verwys is, dui egter op die gesin se afhanklikheid van ander verbandstrukture, aangesien die gesin nie in isolasie kan bestaan nie, maar in samehang

met ander strukture moet optree. Anti-normatiewe optrede ontstaan waar een samelewingsverband of struktuur op die terrein van 'n ander probeer optree en die gemeenskaplike grense nie eerbiedig word nie. Met universalitit in eie kring bedoel Spier (1950:106) dat die hele tydelike werklikheid "in haar volle samenhang zich uitdrukt binnen de grenzen van iedere wetskring". Elke funksie is daarvolgens 'n weerspieëling van die ganse kosmos, maar elke spieëlbeeld is tog anders.

Die beginsel van universaliteit in eie kring het te doen met die enkapsis tussen onderskeie strukture. Duvenage (1983:177) beskryf hierdie beginsel as die innerlike vervlegtheid van die samelewingsverbande in hulle onderlinge betrokkenheid by die koninkryk van God. Strukture kan volgens Stone (1974:23) slegs in hulle interindividuele vervlegtinge met ander strukture realiseer. Een persoon is byvoorbeeld tegelykertyd lid van 'n veelheid gemeenskapstrukture, waarvan elke struktuur 'n tipies eie karakter vertoon. Elke individuele struktuur het daarvolgens sy eie eksklusiewe stukkie terrein waarvoor hy verantwoordelik is, maar wat tewens verwant is aan al die ander terreine van ander strukture. Per slot van sake is al die strukture gerig op die uiteindelike verwesenliking van die mens as bestemmingswese, naamlik sy bestemming vir die koninkryk van God.

Die onderlinge vervlegting van verband- of samelewing-strukture toon benewens onderlinge verwantskap, ook 'n onderlinge afhanklikheid. Die skool kan nie in isolasie van die gesin bestaan nie; tewens, hulle het mekaar nodig sonder prysgawe van eie karakter en struktuur. Onderlinge samewerking tussen verskillende verbandstrukture is noodsaaklik om die welsyn van die mense wat betrokke is, te bevorder. Onderlinge samewerking kan ten opsigte van geslagsopvoeding duidelik geïllustreer word deur die samewerking tussen die ouerhuis, die kerk, die skool en mediese, maatskaplike en juridiese dienste wat nodig is in die geval van die hantering van 'n leerling wat byvoorbeeld seksueel gemolesteer is. Balans tussen soewereiniteit en universaliteit in eie kring is noodsaaklik vir korrekte en sinvolle opvoedingshandeling.

2.2.2.6 Verskeidenheid en samehang in die werklikheid

Geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting is een van die vele fasette van opvoeding. Perspektief op die

omvattendheid van die opvoeding kan slegs sinvol wees as die werklikheid self as skepping van God in sy wye verskeidenheid begryp word. Daarvoor is dit nodig dat God se bouplan vir die werklikheid bekyk word. 'n Blik op die werklikheid vertoon verskillende fasette, te wete die religieuse, die tydse, die modale en die individuele fasette. Wanneer daar in die besonder na die "aarde" in sy oorspronklike, omvattende betekenis verwys word, sluit dit alle vorme van gemeenskapslewe in, aangesien dit deel was van God se skeppingsplan (Taljaard, 1976:70). Wat betref geslagsopvoeding word die genoemde vier fasette ten opsigte van die mens as verhoudingswese en gevolglik as gemeenskapsbetrokkene, bekyk. Vir die doel van geslagsopvoeding is dit verder nodig om tussen verskillende soorte samelewingsverbande te onderskei. Kalsbeek (1970:200) maak 'n onderskeid tussen duursame en sosiale verhoudings en onderskei op grond daarvan tussen verskillende samelewingsverbande. Drie soorte samelewingsverbande word deur Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983:242) soos volg onderskei:

i) *Primêre verbande*

Primêre verbande, ook natuurlike gemeenskappe genoem (Stone, 1974:65), is deur God self ingestel, soos die huwelik, gesin, staat en kerk.

ii) *Sekondêre verbande*

Hier word op verbande gedui wat deur die mens ingestel is met die oog op 'n bepaalde doel, soos onder andere, die skool, mediese dienste, maatskaplike dienste en owerheidsdienste.

iii) *Losse verbande*

Hierdie verbande word gekenmerk deur die afwesigheid van 'n gesagsverhouding soos wat dit in 'n portuurgroep of vriendekring aangetref word.

Die onderskeiding tussen samelewingsverbande soos hier uiteengesit, stem ooreen met die onderskeiding tussen institutêre en nie-institutêre gemeenskappe waar mense by eersgenoemde verplig word om daaraan te behoort, soos in die geval van primêre samelewingsverbande, terwyl hulle by laasgenoemde uit eie vrye wil kan toetree of uittree, soos by sekondêre en losse samelewingsverbande. Die mens kan byvoorbeeld nie ophou om lid van 'n gesin te wees nie, maar

hy kan na goeddunke 'n vriendekring verlaat. Geslagsopvoeding in 'n institutêre gemeenskap sal moet voldoen aan die wette wat vir daardie struktuur waarvan die kind sonder keuse lid is geld, terwyl die kind in 'n nie-institutêre gemeenskap geslagsopvoeding onder leiding van die gesagstruktuur van die besondere verbandstruktuur sal ontvang (Vgl. Stone, 1974:65).

2.2.2.7 Die religieuse faset van die werklikheid

Die Bybels-religieuse grondgedagte is deur Dooyeweerd (1, 1969:100-104) saamgevat, naamlik dat God die Skepper is van die totale werklikheid wat Hy in sy soewereiniteit volgens sy heilige skeppingswil in stand hou en deur sy voorsienige raad bestuur. Hierdie stelling word deur die Christen-opvoedkundige aanvaar op grond van sy waaragtige geloof in die openbaring van God, waarvan Jesus Christus die middelpunt is (Kalsbeek, 1970:65).

Omdat God se soewereiniteit oor die ganse skepping geproklameer is, beteken dit dat dit ook vir alle vorme van gemeenskapslewe geld (Taljaard, 1976:191), aangesien gemeenskapslewe deel vorm van die geskape werklikheid. God se wette, wat ook betrekking het op die gemeenskapslewe, moet deur die mens gepositiveer word. Positivering kan op twee maniere plaasvind, afhangende van die mens se religie of hartsrigting. Daarmee word gedui op die mens se gehoorsaamheid of nie-gehoorsaamheid aan God (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:243). Omdat die mens altyd individu in gemeenskap is, volg dit dat die positivering van 'n wet vir byvoorbeeld 'n spesifieke samelewingsverband, die antwoord is op God se roeping deur die mense wat aan daardie samelewingsverband behoort. Dit wil voorkom of die humanisme, wat so eie is aan die twintigste eeu en ander verskynsels soos die individualisme, kommunisme, liberalisme en ook die sogenaamde "New Age Movement" almal as apostatiese antwoorde van die mens gereken kan word. Daar kan ook verwag word dat hierdie verskynsels hulle invloed op die mens as geslagtelike wese laat geld, soos uit die volgende voorbeeld blyk. 'n Apostatiese beskouing deur die staat ten opsigte van bevolkingsgroei kan uitloop op onaanvaarbare stappe om geboortebeperking te verseker. Die dalende geboortesyfer onder verskeie bevolkingsgroepe kan moontlik as 'n apostatiese antwoord op God se opdrag om die aarde te vul, vertolk word. Geslagtelikheid moet vanuit die anastatiese religieuse rigting ondersoek word om vas te stel wat God se wil ten opsigte van geslagtelikheid is.

Vanuit die anastatiese religieuse rigting sal daar in die fundering van geslagsopvoeding besin moet word oor die struktuurwette wat vir elke faset van die werklikheid wat bekend staan as geslagsopvoeding, geld. Die wil van God vir byvoorbeeld 'n betrokke samelewingsverband, kan ook deur middel van geslagsopvoeding uitgevoer word.

Deur die erkenning van die soewereiniteit van God en die inagneming van die beginsels van soewereiniteit en individualiteit in eie kring, sal daar voorkom word dat enige aspek van die kosmos verabsoluteer word.

2.2.2.8 Die individuele faset van die werklikheid

Die werklikheid word gekenmerk deur sy eie, besondere en individuele strukture en identiteit. Elke struktuur word op grond van sy besondere funksie getipeer en gekwalifiseer. Stone (1974:61) verwys na 'n struktuur se leidende funksie wat sowel 'n interne as 'n eksterne aard vertoon. So kan die plant as 'n biotiese struktuur beskryf word, die dier as 'n psigiese en die gesin as 'n morele liefdesgemeenskap. Vir elke struktuur geld 'n bepaalde wetskring as bestemmingsfunksie wat gegrond is in die skeppingswil van God (Postma, 1987:53). Die skool word byvoorbeeld deur 'n bepaalde wet as skool onderskei, terwyl 'n bepaalde wet van die huisgesin slegs 'n huisgesin maak. Die een kan nie die ander wees nie.

Vir elke struktuur geld 'n besondere wet wat bepalend is vir die tipiese eienskappe van daardie struktuur. Op grond van die uniekheid van byvoorbeeld verskillende samelewingsverbande moet daar aanvaar word dat elkeen met relatiewe gesag binne die bevoegdheid van sy eie terrein kan optree, maar só dat die beginsel van universaliteit in eie kring gerespekteer word.

Strukture se eiesoortigheid blyk verder waar een struktuur onderskei kan word van 'n ander een en waar daar selfs verdere individuele verskille bestaan tussen strukture, soos weerspieël in byvoorbeeld samelewingsverbande van dieselfde identiteit. Geen twee gesinne is byvoorbeeld dieselfde nie en skole openbaar elkeen sy eie individualiteit, soos blyk uit skooldrag en elke skool se tipiese etos.

Vir die fundering van geslagsopvoeding beteken die voorgaande uiteensetting dat elke verbandstruktuur uniek is en bevoeg is om binne sy eie terrein op te tree. Een samelewingsverband, soos byvoorbeeld die skool, is anders as die huisgesin en kan

gevolglik nooit soos die huisgesin wil wees nie. Op grond van die beginsel van universaliteit in eie kring sal daar onderlinge betrokkenheid en vervlegting tussen verbandstrukture bestaan.

2.2.2.9 Die modale faset van die werklikheid

Strukture verskil ook van mekaar wat betref hulle identiteit en bestaanswyses. Stone (1974:18) definieer die kosmiese modaliteite van die werklikheid as "daardie onherleibare transendentale modale aspekte van die empiriese werklikheid wat ten grondslag lê aan die menslike ervaring". Die wyse waarop strukture van mekaar verskil, berus op hulle funksionering in al die verskillende modaliteite. Die geskape werklikheid vertoon 'n aantal modaliteite wat elkeen oor 'n eie sinkern, ook genoem wetskern, beskik wat daardie wetskring kwalifiseer. Hierdie modaliteite is volledig nagegaan en beskryf deur Dooyeweerd, (1969: 100 e.v.), Spier (1950:69-100), Strauss (1978:12-26) en Taljaard (1976: 98-108). Modale verskille word gevind in strukture se funderings-en bestemmingsfunksies. Elke struktuurwet het volgens Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983:244) 'n bo-modale karakter: al die beskrewe modaliteite word deur die besondere struktuur van die verbandstruktuur omspan. Geslagsopvoeding moet binne die raamwerk van al die modaliteite nagegaan word. Vir geslagsopvoeding is dit ook noodsaaklik dat die verskillende samelewingsverbande volgens die onderskeie modaliteite ondersoek word. Elke samelewingsverband beskik oor 'n bepaalde modaliteit wat 'n eie prominente karakter (bestemming) daaraan verleen. Dit staan bekend as die leidende modaliteit. Dit is op grond van hierdie spesifieke modaliteit of groepering van modaliteite dat menslike aktiwiteite, waaronder geslagsopvoeding, van mekaar verskil en elkeen aan sy eie besondere struktuur geken kan word. Hierdie aspek word deur Van der Walt (1983:245) as die bestemmingsfunksie beskryf.

Daar moet onthou word dat strukture, menslike aktiwiteite of samelewingsverbande nie selfgenoegsaam kan wees nie en gevolglik nie op sigself en onafhanklik van mekaar kan bestaan nie (Schoeman, 1979:106). Hierdie stelling kan deur die skool geïllustreer word. Volgens Taljaard (1976:244) beskik die skool oor al die eienskappe om 'n onafhanklike, selfstandige samelewingsverband te kan wees. Die ontiese wet wat bepalend vir die skool is, lê in sy onderriggewende taak. Die bestemmingsfunksie van die skool is daarom geleë in die ontsluiting van die logies-analitiese funksie van die mens.

Die besonderheid, of andersheid, van die skool lê in sy tipies *onderwysende* en *onderriggewende* taak.

Benewens die bestemmingsfunksie word daar by alle kultuurdinge ook 'n tweede funksie waargeneem, naamlik die funderingsfunksie, wat deur Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983:245) in die geval van die skool, staat, kerk en huwelik as die historiese funksie van die kultuurvormende mag beskryf word. Alle menslike bestaanswyses en -aktiwiteite word daardeur omvat. Die gesin word egter deur hierdie skrywers uitgesonder omdat dit bioties gefundeer is. Die andersheid van verbande is volgens Schoeman (1979:111) in die funderingsfunksie geleë. Postma (1987:87) definieer die funderingsfunksie van 'n samelewingsverband as die modaliteitsfunksie wat die bepaalde samelewingsverband ten grondslag lê. Daarmee word die fondament waardeur sy ontstaan en bestaan moontlik word en waarsonder hy tot niet sal gaan, bedoel.

Die fundering van geslagsopvoeding kan slegs sinvol plaasvind as die modale faset daarvan in ag geneem word. Kennisname van die modale struktuurmoment van samelewingsverbande maak weer insig moontlik wat betref die uniekheid en bevoegdheidsterreine van die onderskeie, relevante samelewingsverbande vir geslagsopvoeding.

2.2.2.10 Die temporele faset van die werklikheid

Die skepping is in alle opsigte tyds georden; die tyd reik so ver as wat die skepping reik (vgl. Kalsbeek, 1970:152). Sonder tyd kan die skepping nie bestaan nie; ook nie die opvoeding nie (Steyn, 1976:76). Die bestaan van tyd word deur God in sy Bybelse woord gegee.

Genesis 1:1:

"In die begin het God die hemel en die aarde geskep."

Temporaliteit verskil van ewigheid. God se ewigheid, in teenstelling met die aarde se temporaliteit, word in bostaande vers bevestig (Taljaard, 1976:14). Alle geskape dinge is aan tyd onderworpe, terwyl God self ewig is (Spier, 1950:57).

Temporaliteit het te doen met die begin, die duur en die einde van alle geskape dinge. Tyd is dinamies van aard. Dit bring mee dat die mens voortdurend deur verandering en

vernuwing op God se roeping moet antwoord. Die mens moet in toekomsgerigtheid sy bestemming bereik, aangesien die mens se bestemming in die ewigheid geleë is. Hierdeur kry die mens 'n unieke posisie, aangesien die mens hierdeur van al die ander geskapenes verskil (Spier, 1950:241). Geslagsopvoeding het 'n temporele aard. Die mens gee gestalte aan geslagsopvoeding op grond van sy besondere behoeftes en belange. Dieselfde reël geld vir samelewingsverbande wat kan bly voortbestaan ten spyte van die wisseling van hulle lede en hulle is daarom onafhanklik van die lede wat verantwoordelik was vir die aktualisering daarvan (Spier, 1950:178). 'n Voorbeeld hiervan is 'n politieke party wat kan voortbestaan ten spyte van lede wat afsterwe of lidmaatskap opskort. Die party self kan egter ook deur ontbinding of vervanging deur 'n ander party ophou om voort te bestaan.

In geslagsopvoeding is daar ook spesifieke temporele aspekte, soos die temporaliteit van die opvoeding self en dié van samelewingsverbande wat relevant is vir geslagsopvoeding. Hier word die huwelik byvoorbeeld aan die orde gestel wat betref sy ontstaan, sy voortgang en sy einde (vgl. par. 4.2.2). Wat betref geslagsopvoeding het die kind se geslagtelike ontwikkeling ook 'n tydse verloop. Daar moet gesorg word dat die kind se geslagsopvoeding tydig, nie te vroeg of te laat nie, plaasvind.

Die erkenning van die temporele faset van die werklikheid hou in dat daar 'n begin, 'n bepaalde tydsduur en 'n einde vir die funksionering van geslagsopvoeding is. Daar moet gevolglik rekening gehou word met verskillende tydsfaktore, soos tydsberekening en eise van die tyd.

2.2.2.11 Genetisiteit

Benewens die reeds genoemde fasette van die werklikheid onderskei Taljaard (1976:216-221) 'n verdere faset as 'n basiese kenmerk van die geskape werklikheid. Van die begin van die skepping af het daar 'n proses van ontplooiing en ontvouing begin wat onder die leiding van die Heilige Gees vir die ontwikkeling in die skepping verantwoordelik is. Hierdie voortdurende ontwikkeling sal voortgaan tot die laaste dag aanbreek.

Genetisiteit moet nie met temporaliteit verwar word nie, aangesien dit 'n besondere eie karakter vertoon. Taljaard (1976:217) verwys daarna met die term *geskiedenis.* Binne die

raamwerk van die voortgang van die geskiedenis moet die mens antwoord op sy mandaat om as man of vrou oor die skepping te heers. Op die wyse het gemeenskapslewe ontstaan wat met verloop van tyd (die temporele faset) verder ontwikkel, gegroei, agteruitgegaan, vervalle geraak het, of wat die geval ook mag wees. So ontstaan daar 'n ontplooiing en ontwikkeling in die vorm van 'n eie geskiedenis vir elke faset van die werklikheid. Hierdie ontplooiing vind plaas teen die agtergrond van die temporele faset van die werklikheid. Ter illustrasie kan die gesin genoem word. Gesinslewe openbaar 'n tipies eie geskiedenis, terwyl elke afsonderlike gesin se gesinsgeskiedenis sal verskil van 'n ander gesin s'n.

Vir geslagsopvoeding is die erkenning van die genetisiteits-kenmerk van die werklikheid belangrik, aangesien dit insig in die wese van die huwelik en gesinslewe moontlik maak en die wette vir hierdie samelewingsverbande daardeur duideliker word (vgl. Taljaard, 1976:221).

2.3 Samevatting

Uit die voorgaande bespreking kom die volgende belangrike fasette na vore:

* Die Heilige Skrif dien as grondslag vir besinning oor geslagsopvoeding as ontisiteit.

* God Drie-enig van die Heilige Skrif is die Skepper van die kosmos. (Vgl. par. 2.2.2.2).

* God is almagtig sodat die ganse skepping onderdanig moet wees aan Hom. (Vgl. par. 2.2.2.2)

* God se wet maak die ordelike bestaan van die ganse skepping moontlik; dus ook van die ouerhuis, skool, kerk en die verskillende samelewingsdienste. (Vgl. par. 2.2.2.3).

* Die beginsel van soewereiniteit in eie kring geld vir geslagsopvoeding, wat beteken dat geslagsopvoeding nie die bevoegdheidsterrein van 'n ander opvoedings-instansie mag oortree nie. (Vgl. par. 2.2.2.4).

* Geen opvoedingsinstansie bestaan in isolasie nie, maar deel bepaalde raakpunte met ander, waardeur die beginsel van universaliteit in eie kring erken word. (Vgl. par.

2.2.2.5).

* Geslagsopvoeding is as opvoedingshandeling religieus gebind en gerig, verskil van ander opvoedingshandelinge en is gebonde aan tyd. Geslagsopvoeding word gekenmerk deur 'n eie struktuur of bouplan met 'n eie funderings- en bestemmingfunksie. (Vgl. par. 2.2.2.6).

In Hoofstuk 3 word 'n reformatoriese mensbeeld as grondslag vir geslagsopvoeding beskryf, sodat die mens se geslagtelikheid en gerelasioneerdheid binne die struktuur van sy menswees begryp kan word.

3. 'n REFORMATORIESE MENSBEELD AS GRONDSLAG VIR GESLAGSOPVOEDING

3.1 Inleiding

Die kennisobjek in geslagsopvoeding is die mens self as geskape wese. Geslagsopvoeding vra onder andere na die bestemming van die mens as geslagtelike wese. Vanuit Skrifmatige perspektief moet gepoog word om 'n bepaalde mensbeeld daar te stel wat as grondslag vir geslagsopvoeding kan dien. So 'n mensbeeld gaan uit van die veronderstelling dat die mens beeld van God is, met 'n tipiese eie struktuur vir sy tydelike bestaan op aarde (Spier, 1950:237). Hierdie beskouing het met verskillende aspekte van menswees te doen en 'n presisering daarvan moet aan die hand van 'n ontologie oor die mens gedoen word.

'n Ontologie oor die mens behels ook 'n ontologie van die geskape werklikheid, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit is. Verskillende aspekte van menswees sal hierna ondersoek word, waaronder die volgende:

* die oorsprong van die mens,
* die mens as geskape werklikheid,
* die mens as religieuse wese,
* die mens as verhoudingswese,
* die mens as modaalbepaalde wese,
* die mens as individuele en unieke wese,
* die mens as tydse wese,
* die mens as geneties/geslagtelike wese en
* die mens as eenheidswese.

3.2 Die mens as ontisiteit

Die oeroue vraag na wat die mens is, het in die twintigste eeu in 'n nood- of angskreet ontaard. Die mens se voortbestaan op aarde word in gevaar gestel deur sy eie tegnologiese vooruitgang. Die sin van sy bestaan raak verdof in die newel van sy geestelike ellende (Taljaard, 1976:150; Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:93). Die mens se bestaan is ontwrig en sy menswees van inhoud gestroop. Persoonlike karakter raak verlore en sy individualiteit verdwyn in 'n tegnokratiese gelykmakingsproses, waardeur die mens sonder uitsig die toekoms tegemoet moet gaan (Schoeman, 1979:132).

Die vraag is wat die mens van alle ander lewensvorme (Schoeman, 1979:130) onderskei. Daarmee saam word die vraag na die opvoeding as suiwer menslike handeling gevra (Strauss, 1978:310; Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:94). Die aard van die opvoeding word bepaal deur die mensbeskouing wat deur die opvoeder gehuldig word. Dit is daarom noodsaaklik dat geslagsopvoeding in 'n Skriftuurlike mensbeskouing gefundeer sal wees, in teenstelling tot ander benaderingswyses wat in talle ander kulture gevolg word. Met die oog op die fundering van geslagsopvoeding word die vraag gevra na wie en wat die man of vrou as mens is.

Die Christenopvoeder glo dat God soewerein is en die Skepper is van alle dinge. Geen ware kennis is moontlik sonder kennis van die ware God nie, aangesien die vraag na die mens as geskapene onmiddellik die aandag op die Skepper vestig (vgl. Stone, 1974:15). 'n Waarheidsgetroue mensbeeld is gevolglik slegs moontlik indien dit Skrifmatig gefundeer word, dit wil sê, in die Skrifgeworde Woord van God, die Bybel.

3.3 Die mens as geskape wese

Die Christenopvoeder bely dat God se soewereiniteit en almag sigbaar is in die skepping waarvan die mens die kroon vorm. Net soos alle ander skepsels is die mens aan God se wet onderworpe. Die Skrif openbaar dat die mens van die res van die skepping onderskei kan word deurdat hy na die beeld en gelykenis van God geskape is. So besonders is sy posisie dat hy die enigste geskapene is wat kennis dra van die wet waarvan hy 'n onderdaan is (Taljaard, 1976:22). Die besondersheid van die mens as geskape wese blyk verder deurdat hy so gestruktureer is dat sy religiositeit 'n samehang met sy gelykenis aan God vorm. Hierdeur word die mens geroepene en word alle mense as geroepenes voor God gelykwaardig (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:98). Roeping veronderstel die mens se gehoorsame antwoord deur bevel te voer oor alles wat geskape is. Dis 'n taak wat die mens werkend deur sy arbeid vervul as liefdesdiens tot eer van God (Taljaard, 1976:18; Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:99).

Al die werklikheidsaspekte wat onderskei is (vgl. par. 2.2.2.9), is ook in die mens verteenwoordig. Die hart vorm die kern van die mens se menswees. Uit die "hart" word die mens se lewe volgens sy hartsgegrepenheid gerig (vgl. Schoeman, 1979:138; Taljaard, 1976:147). Die mens se hart of

ek vorm volgens Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983:100) die sentrale verwysingspunt vir al sy tydelike sinfunksies. Alhoewel die hart die setel is van die misterie van menswees, beskou Kalsbeek (1979:288) die menslike *ek* as 'n raaisel. Kennis van die hart bied die sleutel tot ware kennis van die mens. Die implikasie vir geslagsopvoeding is dat die opvoeder rekening moet hou met die ware God tot wie se eer die opvoedingshandeling moet plaasvind. Verder sal die opvoeder vanuit sy eie hartsgesteldheid rekening moet hou met die kind wie se hartsgesteldheid op doelbewuste wyse ontsluit moet word, sodat dit deur omhoogleiding aan sy ware Oorsprong teruggebind kan word (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:102-103).

Benewens die oorsprong (Godgeskape) en die wese (hartsgesteldheid) van die mens, word die mens as werklikheid ook geopenbaar as 'n bestemmingswese wat soos 'n koning oor die aarde moet heers. Hierdie heerskappy moet in vryheid geskied, maar die vryheid veronderstel 'n normatiewe gebondenheid aan God se verordeninge (Spier, 1950:247). Hierdeur word die mens in 'n besondere verhouding tot die soewereine God geplaas, deur Taljaard (1976:153) beskryf as 'n gehoorsaamheidsverhouding aan sy wet.

Die sentrale *ek* waarna Kalsbeek (1970:285) verwys, vind sy uitdrukkingsveld in die mens se liggaam. Die mens is egter 'n geslagtelike wese, 'n aspek wat deur sy liggaam vergestalt word. In geslagsopvoeding word die aandag op die mens as geslagtelike wese gevestig. Met liggaam word die mens se totale liggaamlike bestaan as enkaptiese struktuurgeheel veronderstel (Kalsbeek, 1970:279). Die mens se geslagtelikheid word vergestalt deur die liggaam waarin die "hart" die sentrum vir die mens se lewe vorm.

3.4 Die mens as religieuse wese

Met die term religie word daar op 'n binding gedui. Daarmee word die mens se binding aan sy Oorsprong (of gewaande oorsprong) bedoel. Met religie word die rigting van God se verbond en sy geskape werklikheid aangetoon, waardeur die mens òf in gehoorsaamheid òf in ongehoorsaamheid teenoor die wet staan wat vir hom geld (Taljaard, 1976:153). Die wet waarvan daar hier sprake is, is die religieuse wet van liefde. Religie word deur Taljaard (1976:147) beskryf as die mens se verhouding tot die grootste van alle gebooie, naamlik die liefdesgebod. Deur die sondeval is die rigting van die mens se religiositeit verander en wend hy hom in die rigting

van satan en sy afval. Waar die mens aanvanklik na die beeld en gelykenis van God geskape is en daardeur kind van God geword het, is die verhouding versteur; die mens se hart is deur 'n afvallige religie beset en kan alleen deur die soenverdienste van Jesus Christus herstel word (Taljaard, 1976:156), sodat die mens deur sy verlossing weer in staat gestel kan word om sy beeltenis van God te vergestalt. Die mens se religiositeit vind sy beslag in die verhouding tussen God en die mens as vader en kind.

Religie, as die sentrale dryfkrag van die mens se lewe wat die hele lewe omspan (Spier, 1950:16), moet onderskei word van geloof wat die uitingsmiddel vir die mens se religie vorm. Geloof is daarom 'n bestaanswyse van die mens waarmee hy na geborgenheid, vastigheid en sekerheid soek. Al die ander menslike funksies staan onder leiding van die geloofsfunksie, wat op sy beurt in die religie veranker is.

In die fundering van geslagsopvoeding moet die opvoeder kennis neem van die mens as religieuse wese wat weens sy afvalligheid vervreemd van God geraak het, maar wat deur Jesus Christus sy band met God kan herstel. Die mens se afvalligheid word in alle aspekte van sy menswees gemanifesteer, dus ook op die gebied van sy geslagtelikheid en sy verhoudingslewe. Die Christenopvoeder sal egter vanuit Skrifperspektief soek na God se wet vir hierdie aspekte van menswees. 'n Verdere implikasie van die mens se religiositeit is dat geslagsopvoeding nie op 'n neutrale wyse kan plaasvind nie, maar op grond van die mens se hartsgegrepenheid in anastatiese of apostatiese rigting gerig word. Waar geslagsopvoeding in die besonder op die kind se menswees gerig is, volg dit dat hierdie soort opvoeding in wese hartsopvoeding is. Geslagsopvoeding op skool behoort 'n ononderbroke voortsetting van die Christelike gees en rigting van die opvoeding in die ouerhuis te wees, sodat die religieuse gees van skool en huis 'n eenheid vorm (Schoeman, 1979:178). 'n Probleem ontstaan egter waar die religieuse rigting in die huis van dié van die skool verskil, aangesien dit tot ware "hartsverskeuring" by die kind kan lei.

3.5 Die mens as gebroke wese

Die sondeval het meegebring dat die religieuse band tussen God en die skepping verbreek is en dat die mens 'n apostatiese koers ingeslaan het (Spier, 1950:118; Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:112). Sy beeld van en gelykenis met God is verwoes (Taljaard, 1976:159). Die

liefdesgebod is tot 'n sekulêre banaliteit gereduseer. Die gevolg van die mens se sondeval is die dood wat skeiding bring tussen die mens en sy milieu en uiteindelik met God self (Taljaard, 161-162). Die mens draai hom teen God se wet en mis daardeur sy ewigheidsbestemming. As kroon van die skepping betrek die mens die hele skepping saam met hom in die sondeval. Die gevolg van die sondeval is dat menslike handelinge en verhoudings verskeur is (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:111).

Die opvoeding ervaar ook die implikasies van die sondeval. Die mens se verhoudings- en geslagslewe is met sonde bevlek die Skrifvereiste van liefde en kuisheid word verwerp. Die opvoeder moet met geslagsopvoeding gevolglik die korrekte norme rakende die mens se geslags- en verhoudingslewe onderrig, sodat die kind hom in gehoorsaameid onder die wet kan stel.

3.6 Die mens as koninkrykwese

Ten spyte van die sondeval het God Hom nie aan die mens onttrek nie, maar begenadig hom deur sy Woord wat vergestalt is in die Seun, Jesus Christus. Deur God se genade word die band tussen God en sy skepping herstel, waardeur die mens se kindskap van God weer tot God teruggerig word, wat beteken dat die hart van die mens na God teruggelei word. Die implikasie vir geslagsopvoeding is dat dit 'n instrument is waardeur die kind die moontlikheid van verlossing en herskepping kan leer.

3.7 Die mens as verantwoordelike wese

God regeer oor sy skepping deur sy wet en die mens moet in gehoorsaamheid gehoor daaraan gee (Taljaard, 1976:21), want in wetsgehoorsaming lê die mens se roeping. Die implikasie vir gesinsvoorligting in die breë en geslagsopvoeding in die besonder is dat die opvoeder in antwoord op God se roepstem die opvoedeling tot roepingsvervulling moet bring. Namate die mens gehoor gee aan sy roeping, bereik hy beskawings-mondigheid. Daarmee word verantwoordelikheid vir eie gedrag bedoel (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:126). Die bestemming van geslagsopvoeding lê gevolglik in die kind se bereiking van beskawingsverantwoordelikheid uit vrye keuse.

3.8 Die mens as verhoudingswese

3.8.1 Algemeen

Dat die mens as 'n verhoudingswese geskape is en dat hy in verskillende verhoudinge staan, word reeds in die skeppingsverhaal geopenbaar; die mens staan in verhouding tot God en tot sy naaste. Die eerste verhouding waarin die mens geken word, is in sy verhouding tot God, daarna in die huweliksverhouding as man en vrou. Verder staan die mens in verhouding tot die wêreld en tot homself. Menswees beteken fundamenteel om as iemand-in-verhouding te lewe.

3.8.2 Die mens se verhouding tot God

Die mens se verhouding tot God kan as die mees fundamentele "wortelverhouding" beskou word, waaruit alle ander verhoudinge voortspruit (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:141). In sy verhouding met God vind die mens die diepste betekenis van sy bestaan. Die mens se verhouding met God word deur die sentrale liefdesgebod (Schoeman, 1979:145) bepaal.

Deur die sondeval is die mens egter van God vervreem en het hy sy beeltenis van God verloor. Die soenverdienste van Jesus Christus het egter die mens se kindskap van God herstel (Taljaard, 1976:165-166). God se genade vir sy skepping duur voort vir die ganse bestaan van die aarde. Onder hierdie genade moet die mens sy taak om te heers en te onderwerp, uitvoer. Dit sluit die opdrag om te vermenigvuldig in. Gesinstigting en -bou is aspekte van geslagsopvoeding wat in die lig van die mens se Goddelike opdrag bejeën moet word. Die mens se antwoord op sy opdragte behoort in diens en tot eer van sy Skepper te wees.

3.8.3 Die mens in verhouding tot sy medemens

Taljaard (1976:187) fundeer menslike verhoudinge op 'n drieërlei verhouding, naamlik die verbond tussen God en die mens as vader tot kind; die kind-tot-kindverhouding en die verhouding op grond van die onderlinge verbande tussen eersgenoemde twee soorte verhoudinge. Volgens Dekker (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:143) kom die betekenis van menswees eers tot sy reg in medemenslike verhoudinge op grond van naasteliefde en naastediens.

Vir geslagsopvoeding beteken die mens se verhoudingsaspek dat die kind as verhoudingswese opgevoed moet word tot volwassene waar God in sy soewereiniteit die eerste aanspraak op sy lewe het en waar hy in sy verhouding tot ander openbaring gee aan medemenslikheid deur onderlinge liefde, betrokkenheid en verantwoordelikheid. Geslagsopvoeding vorm die komponent waarin die mens se medemenslikheid onder die loep geneem word. Gesinsvoorligting as oorkoepelende opvoedings-aangeleentheid het die taak om al die verskillende opvoedingsverhoudinge, waaronder die ken-, gesags- en vertrouensverhouding, te laat realiseer.

3.8.4 Die mens in verhouding tot homself

Die mens word van alle ander geskapenes onderskei deur sy gelykenis met en beeltenis van God (Taljaard, 1976:151). Op grond daarvan onderskei Dekker (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:145) die unieke ek-ek-verhouding. Die liefdesgebod van God word vergestalt in die mens se verhouding tot homself deur die gebod om homself lief te hê soos sy naaste.

Deur gesinsvoorligting moet die kind tot ware selfkennis gelei word sodat hy daardeur tot selfaanvaarding kan kom. Die kind moet leer dat ook hy 'n opdrag gekry het om oor die skepping te heers. Dit moet hy na die beste van sy vermoë doen. Geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting, moet gevolglik daartoe meehelp dat die kind se volle gawes en talente ontplooi word, sodat hy homself ten volle diensbaar kan stel.

3.8.5 Die mens in verhouding tot die wêreld

Die mens is deur God opgedra om die wêreld te bewerk en te bewaar. Die wyse waarop hy aan hierdie opdrag gehoor gee, getuig van sy gehoorsaamheid aldan nie. In die uitvoering van die opdrag word die mens se bestemming op aarde geopenbaar (Taljaard, 1976:152). Die ganse aarde word aan die mens onderwerp, maar self staan hy onderworpe aan die soewereine God. Sy taak word as medewerker van God uitgevoer (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:147). Deur wetsgehoorsaamheid in sy verhouding tot die wêreld, moet die mens deur sy arbeidsaamheid die gebrokenheid van die aarde probeer oorwin. Hiervoor moet die mens sy wil anastaties rig.

Deur geslagsopvoeding moet die kind in 'n anastatiese rigting ten opsigte van sy wêreld gerig word, sodat die kind ook waarlik medewerker van God kan word in sy skepping van kultuur (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:148).

Deur geslagsopvoeding word daar gepoog om die oerverhouding tussen God en sy verbondskind aan te spreek met die oog op die skep van geloofsvertroue en om medemenslikheid en 'n leefwyse van kultuurbewaring en -skepping te bevorder.

3.9 Die mens as 'n modaalbepaalde wese

3.9.1 Inleidend

Een van die mens se onderskeidende kenmerke is dat al die modaliteite of synswyses van die werklikheid in hom voorkom. Strauss (1978:305) beskryf die mens gevolglik as 'n totaalstruktuur (vgl. ook Schoeman, 1979:148). Die mens is die kroon van die skepping en het deel aan al die onderskeie werklikheidsaspekte. 'n Reformatoriese blik op die mens toon dat, in teenstelling tot die dualistiese mensbeeld van siel en liggaam, daar in der waarheid 'n samehang en vervlegting van bepaalde liggaamstrukture vergestalt word in die mens se liggaam, wat die struktuur vir sy tydelike bestaan op aarde vorm (Schoeman, 1979:147; Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:157). Aangesien die mens 'n totaalstruktuur is, kan sy onderskeie liggaamstrukture onderskei word, maar nie geskei word nie. Struktuurvervlegting en die onherleibaarheid van liggaamsfunksies word moontlik gemaak deur die beginsels van soewereiniteit en universaliteit in eie kring. Die mens se bestaan kan volgens die verskillende modaliteitsfunksies getipeer word.

3.9.2 Die mens as gestruktureerde geskapene

Strauss (1978:306) benadruk die enkapties-vervlegte aard van die liggaamstrukture wat deur Dooyeweerd (Strauss, 1978:306) soos volg geformuleer is:

i) *Die fisies-chemiese substruktuur van die mens*

Met die fisies-chemiese substruktuur word daar op die onderskeie boustowwe van die liggaam gedui. Op sigself vorm hierdie boustowwe geen liggaamstruktuur nie, maar dit is slegs kenbaar in 'n bepaalde vormgebondenheid (Schoeman, 1979:150; Strauss, 1978:306).

ii) *Die bioties gekwalifiseerde substruktuur van die mens*

Hierdie struktuur word kenbaar in die verskillende lewensverrigtinge wat in die selle plaasvind. Die mens se biotiese struktuur vertoon egter 'n eie tipiese aard, deurdat dit onder leiding van die hoër strukture staan (Strauss, 1978:307).

iii) *Die psigies gekwalifiseerde struktuur van die mens*

Die psigiese struktuur van die mens word geken aan die funksies van die sentrale senustelsel wat hoofsaaklik op die sintuiglike toegespits is en wat die instinkmatige en die gevoelprosesse insluit (Strauss, 1978:307). Hierdie prosesse staan buite die wil van die mens, maar nie buite sy bewussyn nie (Schoeman, 1979:151).

iv) *Die aktstruktuur*

Die mens moet sy Godgegewe taak op bewuste wyse uitvoer (Taljaard, 1976:178). Die mens se aktstruktuur onderskei hom van enige ander geskape wese deurdat die tipiese karakterisering van menswees bepaal word deur die aktstruktuur. Die aktstruktuur omvat die mens se normatiewe handelinge (Schoeman, 1979:151). Menslike gedrag word gerig deur die mens se religieuse grondmotief. Tereg verklaar Taljaard (1976:179) dat die mens se aktstruktuur die terrein vorm vir sy geestelike ekspressie in die vorm van ken, wil en verbeel. Die aktstruktuur sal daarom 'n hoogs individuele aard openbaar (Strauss, 1978:308; Spier, 1950:246). Die mens se biotiese behoeftes is anders gekwalifiseer as die dier s'n, omdat dit normgebonde is. Die menslike aktstruktuur verteenwoordig die nege "hoogste" modaliteite en staan onder beheer van die geloofsfunksie.

Opvoeding het ten doel om die kind se aktstruktuur te ontsluit en is volgens Strauss (1978:311) ten diepste 'n totale, religieus bepaalde proses van ontwikkeling en opvoeding tot omvattende ontslotenheid en beskawingsmondigheid in alle lewensuitinge. Vir geslagsopvoeding beteken die blote bestaan van die aktstruktuur dat die kind se ontplooiing so moet geskied dat hy nie alleen alle aspekte van, onder andere, geslagtelikheid leer ken nie, maar dat hy geleer moet word om hom normatief daarteenoor te rig. Deur sy wilslewe kan die mens sy omstandighede en gedrag, ook sy seksuele gedrag, normatief rig.

3.10 Die mens as 'n individuele en unieke wese

Alhoewel die ganse mensdom deur "eenbloedigheid" (Taljaard, 1976:170) aan mekaar verbind is, is elke mens ook 'n unieke, eenmalige wese met 'n eie "hart" en verhouding tot God. God ken elke mens op sy naam. Individualiteit en universaliteit is deel van die mens as totaliteit. Individualiteit dui op die mens se identiteit (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:173), maar aangesien die mens as 'n verhoudingswese geskape is, is hy ook deel van 'n gemeenskap of bepaalde samelewingsverband. Laasgenoemde dui op die mens se universaliteit. Alle mense is universeel mens, maar elke mens is 'n eie, unieke individu.

In die lig van die mens se individualiteit sal gesinsvoorligting, met geslagsopvoeding as verbesondering daarvan, in ag neem dat geen twee kinders dieselfde is nie. Elke kind beskik oor sy eie, besondere persoonlikheid, maar alle kinders het behoefte aan "hartstoerusting". Daarby sal die gesinsvoorligter onthou dat die kind, anders as al die ander geskapenes, tot toerekenbaarheid en verantwoordelikheid gelei moet word, sodat elkeen sy besondere bestemming op aarde kan bereik. Onderdanigheid aan die wet geld vir elkeen (universeel), maar moet deur elkeen (individueel) gepositiveer word (vgl. Taljaard, 1976:174 en 183).

3.11 Die mens as 'n tydse wese

Menswees behoort tot die dimensie van tyds-aardse gebondenheid. In hierdie dimensie bestaan die mens in sy tipies menslike gestalte waardeur hy 'n onlosmaaklike eenheidswese is; 'n geskapene met 'n eie self (Schoeman, 1979: 147).

Temporaliteit het te doen met die begin, duur en einde van dinge. Die mens se temporaliteit is uniek in die sin dat dit van dié van ander skepsels onderskei word. As bestemmingswese transendeer die mens die grense van tyd, maar binne sy aardse bestaan is hy onderhewig aan 'n begin, duur en afsluiting in die tyd.

Die tydsheid van die mens word deur geslagsopvoeding erken deurdat daar rekening gehou word met die volgorde van gebeure rakende die kind se ontwikkeling. Die betekenis van die geslagsdaad kan slegs met inagneming van die temporele faset na waarde geag word. Die wet van God is duidelik rakende seksuele gedrag ten opsigte van die temporele. Die

geslagsdaad hoort byvoorbeeld tuis in die huwelik, na huweliksluiting en nie daarvoor nie.

3.12 Die mens as 'n genetiese wese

Met genetisiteit word die voortgang van die menslike geslag bedoel. Dit word geopenbaar in God se opdrag om te vermenigvuldig. Die genetiese proses vind op tipies seksuele wyse plaas (Taljaard, 1976:18). Menslike genetisiteit moet nie verwar word met die dierlike instinktiewe drif tot voortplanting nie, aangesien die mens se genetisiteit onderworpe is aan sy religiositeit. Sy geslagslewe word vanuit die hart gerig en word tereg deur Taljaard (1976:122) beskou as 'n vreugdegawe waaroor die mens kragtens sy skeppingsopdrag, moet heers en regeer.

Die mens se genetisiteit is deur God met die skepping van Adam bevestig. Deur Adam is die ganse mensheid deur een bloed van geslag tot geslag aan mekaar verbind. God se opdrag aan die mens om te vermenigvuldig maak die mens se genetisiteit moontlik (Taljaard, 1976:172). Menslike genetisiteit word gekonkretiseer deur sy geslagtelikheid. Alhoewel geslagtelikheid genetisiteit impliseer, moet dit tog as 'n besondere eienskap van menswees beskou word. Van der Walt (1987:ii) erken dat geslagtelikheid, net soos menswees, ten diepste 'n misterie is. Geslagtelikheid van die mens word geken as manlikheid of vroulikheid (Van der Walt, 1987:ii). Die mens gee inhoud aan geslagtelikheid deur middel van sy geslagsrol. Die geslagsrol is 'n aspek van geslagtelikheid wat in die eietydse samelewing sterk in die brandpunt staan. Verdere besinning oor die aangeleentheid is nodig ter wille van verantwoordbare geslagsopvoeding. Die geslagsrol sal gevolglik in hoofstuk 8 van hierdie studie verder ondersoek word.

Geslagsopvoeding neem God se opdrag in ag dat die mens ook sy geslagslewe in gehoorsaamheid aan sy wil moet onderwerp, dat hy dit moet beheers en daaroor moet heers. Binne hierdie raamwerk val sake soos gesinsreëling, die gebruik van geboortebeperkingsmiddels en aborsie, waardeur daar ook aandag aan die mens se gebrokenheid gegee word. Deur geslagsopvoeding moet die kind met die Skriftuurlike norme van manlikheid en vroulikheid vertroud gemaak word.

3.13 Die mens as 'n eenheidswese

'n Skrifmatige perspektief op menswees toon die mens deurgaans as 'n wese in totaliteit. Daar word afwysend gestaan teenoor die dualistiese siening van die mens as liggaam plus siel. Volgens Dekker (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:182) ken die Heilige Skrif net één mens, naamlik die totale mens wat in sy totaliteit van God afhanklik is. As totaliteitstruktuur is die mens in die liggaam 'n vervlegting van karakter, temperament, moontlikheid en tempo; beskryfbaar as 'n religieuse persoonlikheid (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:181). Menslike handeling word deur die mens se "hart" gerig. Elke handeling word deur die mens in sy totaliteit uitgevoer en deur die koers van sy hart bepaal (Taljaard, 1976:177). Slegs die mens, as unieke wese, het deel aan al die verskillende werklikheidsaspekte.

Die implikasie van die mens se eenheidstruktuur is dat hy as 'n eenheidswese by sy geslagtelikheid betrokke is. Dit omspan al die fasette van sy menswees en raak hom in sy totaliteit.

3.14. Samevatting

'n Blik op die geskape werklikheid het aangetoon dat die mens 'n uniek geskape wese is, wie se lewe en handelinge religieus vanuit sy hart gerig word. Menslike lewe en gevolglik ook menslike geslagtelikheid, is daarvolgens òf apostaties òf anastaties gerig.

Die mens is 'n geskapene wat deel het aan al die kenbare bestaanswyses en dit ook "beman" (Strauss, 1978:305). Sy mensheid, en daarom ook sy geslagtelikheid, word getipeer deur verskillende kenmerke wat elkeen onderskeibaar en onherleibaar is, maar nie skeibaar is nie.

Voorts is die mens die enigste geskapene wat onder leiding van sy aktstruktuur sy handelinge rig. Aan die mens is opdrag gegee om in beheer te staan oor alles wat geskape is. Self staan die mens egter onder die gesag van God se wet. God se soewereiniteit en almag omsluit ook die mens.

Die mens het 'n verdere opdrag van God ontvang, naamlik om te vermenigvuldig en die aarde vol te maak. Hierdie vermenigvuldiging moet saam met die ander opdragte uitgevoer word. Gesinsvoorligting in die algemeen en geslagsopvoeding in die

besonder neem kennis van God se opdrag aan die mens en het 'n taak om aan hierdie opdrag op anastatiese wyse gehoor te gee.

Die anastatiese mensbeskouing wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is, word as grondslag vir die beskrywing van enkele samelewingsverbande aanvaar. In Hoofstuk 4 sal die samelewingsverbande wat belang het by geslagsopvoeding ondersoek word, sodat geslagsopvoeding fundamenteel-opvoedkundig vanuit elke betrokke samelewingsverband gepresiseer kan word.

4. ENKELE SAMELEWINGSVERBANDE WAT BELANG HET BY GESLAGSOPVOEDING

4.1 Inleiding

Geslagsopvoeding is die kern van gesinsvoorligting, aangesien dit te doen het met die mens as beide seksuele en verhoudingswese. Daar moet onthou word dat seksualiteit op 'n bepaalde aspek van menswees dui, maar dat dit verband hou met alle aspekte van menswees (vgl. paragraaf 2.3.12). Daar bestaan volgens Heslinga (1978:42) 'n besondere verband tussen die mens se seksualiteit en sy verhoudingslewe en opvoeding behels in die verband meer as blote voorligting. Weens verskeie faktore, waaronder die snelle veranderinge in die mens se waardestelsel en die emosionele beladenheid van geslagsopvoeding, bestaan daar groot onsekerheid onder opvoeders oor die wat en die hoe van geslagsopvoeding (Heslinga *et al,* 1978:37). Om sinvolle geslagsopvoeding moontlik te maak, moet daar besin word oor die aandeel en bydrae wat deur verskillende opvoeders en instansies daartoe gemaak kan word. Die komplekse aard van geslagsopvoeding bring mee dat verskeie samelewingsverbande 'n rol daarin te vervul het. Vyf samelewingsverbande sal vervolgens nagegaan word met die oog op elkeen se betrokkenheid by die kind se geslagsopvoeding en die moontlike aandeel wat elkeen daarin kan hê. Die volgende samelewingsverbande word onder die loep geneem:

* die huwelik,
* die gesin,
* die skool,
* die kerk, en
* die staat, soos verteenwoordig deur maatskaplike en mediese dienste.

Weens die unieke posisie van die ouerhuis as primêre opvoedingsinstansie (Strauss, 1978:276) moet dit as die eerste en primêre opvoedingsruimte ondersoek word. Die ouerhuis in die tradisionele Suid-Afrikaanse kultuur bestaan uit 'n vader, 'n moeder en kinders en die ouers staan deur huweliksbande in 'n besondere verhouding tot mekaar. Die mens se seksuele verhouding word volgens Christelike norme tot die huwelik beperk (Heslinga *et al,* 1978:42, Taljaard, 1976:89). Die ouerhuis moet gevolglik ook ten opsigte van die ouers se huweliksverhouding ondersoek word.

Geslagsopvoeding het met vele fasette van die kind se ontwikkeling te doen. Waar geslagsopvoeding in 'n groot mate 'n skoolse opvoedingsaangeleentheid geword het, moet daar veral op die skool as samelewingsverband gefokus word. Die skool tree nie bloot "*in loco parentis*" op nie (vgl. Louw, 1987:39), aangesien dit 'n eie, unieke samelewingverband is. Die ouer bly egter steeds die primêre opvoeder. Die kind se totale ontwikkeling, waaronder sy fisieke, kognitiewe, emosionele, religieuse en ander fasette van ontwikkeling, het besondere opvoedingsinsette nodig. Die betrokkenheid van ander samelewingsverbande, soos die kerk en die staat, moet gevolglik ook nagegaan word.

Samelewingsverbande kan op grond van hulle enkaptiese vervlegtheid nooit van mekaar geskei word nie, alhoewel hulle wel van mekaar onderskei kan word (Postma, 1987:90). Die onderskeie samelewingsverbande moet gevolglik op grond van elkeen se moontlike betrokkenheid by geslagsopvoeding ondersoek word.

Geslagsopvoeding het veral met die kind se verhoudingslewe te doen. Die verhouding tussen die kind en God vorm die fokus van die kerk se bemoeienis met die kind. Die kerk moet in die eerste instansie sorg dat die kind se geloofslewe ontsluit word en dat hy aan die Woord van God gebind word, sodat die kind gehoor kan gee aan God se sentrale of kernopdrag om lief te hê en die mens se beeltenis van God dus daardeur bevestig kan word (Dooyeweerd, 1953:60). Die kerk sien toe dat die ouer sy doopbelofte nakom sodat die kind aan God gebind kan word (vgl. Doopformulier, 1976:112 en Postma, 1987:90).

Die staat is 'n struktuur wat as instelling van God 'n behoudende en bewarende funksie in die samelewing het (Van der Walt, 1983: 266). Die staat moet ook toesien dat wet en orde gehandhaaf word. Daarvoor maak die staat gebruik van verskillende liggame, soos juridiese, mediese en maatskaplike dienste. Die staat is inderwaarheid met die breë gemeenskap gemoeid deur die voorsiening van verskeie dienste op verskeie terreine, waarvan enkeles vir die doel van hierdie studie in meer besonderhede ondersoek sal word. Die beskerming en versorging van die kind se lewe word deur hierdie dienste verseker. Die voorsiening van doeltreffende onderwys vorm 'n belangrike taak van die staat. Die staat sorg daarvoor dat die onderwys op ordelike wyse kan plaasvind. Die betekenis van die staat lê daarin dat hy as vennoot van die ander opvoeders meewerk en toesien dat kinders onderrig en daardeur

opgevoed word.

Die staat/owerheid se taak om orde te verseker het die totstandkoming van sekere strukture tot gevolg. Verskeie maatskaplike en juridiese dienste word gelewer om die kind te beskerm en sy welsyn te verseker. Sommige misdade van seksuele aard wat teen kinders gepleeg word, kan deur die funksionering van hierdie strukture met die oog op terapeutiese en selfs geregtelike optrede, aan die lig gebring word.

In die besinning oor die opvoeders wat betrokke is by geslagsopvoeding word daar tussen twee kategorieë opvoeders onderskei, naamlik primêre en sekondêre opvoeders.

4.2 Primêre opvoeders

4.2.1 Algemeen

God het dit so beskik dat elke kind uit 'n vader en moeder gebore word. Tussen vader en moeder moet daar volgens Christelike oortuiging 'n hegte en innige band van liefde bestaan wat deur die ouers se huweliksluiting vasgelê is. Die harmoniese huwelik vorm die grondslag vir 'n ewewigtige gesin (Postma, 1987:91). Sinvolle geslagsopvoeding is slegs moontlik in 'n gesin waar 'n harmoniese huwelik die grondslag vir gesonde gesinslewe vorm. Aangesien die huwelik die voorwaarde is vir 'n gelukkige gesinslewe en waar die huwelik en die gesin die fondamente vorm waarop die samelewing rus (Kalsbeek, 1970:216), is dit toepaslik dat daar ten aanvang by die huwelik as samelewingsverband stilgestaan word.

4.2.2 *Die Christelike huwelik*

4.2.2.1 Die huwelik as primêre samelewingsverband

Spier (1950:193) beskou die huwelik nie as 'n verband nie, maar as 'n gemeenskap. Die huwelik is egter deur God self ingestel en kan daarom as 'n primêre samelewingsverband beskou word. Kalsbeek (1970:218) merk tereg op dat die huwelik sy bestaan aan God se kosmiese wetsorde te danke het.

4.2.2.2 Die wet van God en die huwelik

God is die skepper van die ganse werklikheid en daarom ook van die huwelik (Taljaard, 1976:92). Die mens beskik weer oor die vermoë om God se wet vir die huwelik te ontdek en te

positiveer (Postma, 1987:92). Die mens moet in gehoorsaamheid aan God die huwelik in stand hou. Die huwelik word paslik deur Strauss (1978:267e.v.) beskryf as 'n tweeeenheidsgemeenskap van liefde wat bedoel is vir die lewensduur van die eggenote. Van der Walt (1987:116) beskou die huwelik as 'n waardige instelling van God wat eerbiedig moet word. Die norm vir die huwelik is die liefde (Spier, 1950:195).

4.2.2.3 Die struktuur van die Christelike huwelik

Kalsbeek (1970:214) beskryf die huwelik as 'n morele liefdesgemeenskap vir die duur van die lewe tussen man en vrou op die grondslag van 'n relatief duursame organiese seksuele verbondenheid. Die huwelik, as deel van God se geskape werklikheid, word gekenmerk deur die vier struktuurmomente van die werklikheid, naamlik die religieuse, die temporele, die modale en die individuele fasette.

i) Die religieuse faset van die huwelik

Die mens as huweliksbetrokkene kan òf op God gerig, òf afgodies gerig wees, afhangende van sy "hartsgesteldheid". 'n Anastaties gerigte huwelik word geken aan die onderlinge liefde en trou van die huwelikspaar, wat mettertyd oorgaan in hulle aanvaarding van ouerskap as 'n Godopgelegde taak.

ii) Die temporele faset van die huwelik

Die huwelik is onderworpe aan tyd en Spier (1950:185-186) merk tereg op dat die huwelik aan die teenwoordige wêreld behoort en vir hierdie lewe bedoel is. Die voortbestaan van die huwelik is in die volgende bedeling nie moontlik nie. Die huwelik gaan die gesin vooraf, maar hou nie op om te bestaan met die geboorte van kinders nie (Strauss, 1978:267). Die Christen glo dat die huwelik as instelling van God nie sal verdwyn nie, maar vir die duur van die aarde se bestaan, sal voortbestaan, al word die bestaan daarvan vir die toekoms bevraagteken (Satir, 1981:299). Die beëindiging van 'n bepaalde huwelik beteken nie die einde van die huwelik as 'n samelewingsverband nie. Die temporaliteit van die huwelik hang saam met die mens se temporaliteit, want die huwelik is 'n onontbindbare gemeenskap wat duur solank die huweliksgenote lewe (Van der Walt, 1987:116).

iii) **Die modale faset van die huwelik**

Die Christelike huwelik openbaar al vyftien modaliteite of bestaanswyses van die werklikheid, wat vervolgens volgens elkeen se sinkern aangestip sal word.

* *Die pistiese faset*

Die Christen glo dat die huwelik 'n blywende binding behels wat in wedersydse liefde en vertroue tussen twee mense gevestig word. Die Bybel verwys na die binding as 'n "verbond" (Adams, 1983:24). 'n Verbond is God se wyse om sy trou en onlosmaaklike liefde teenoor die mens te verklaar. Mense se gebondenheid aan mekaar word in geloof gefundeer en vir die Christen in vertroue op God.

* *Die etiese faset*

Die huwelik se bestemming lê in die etiese modaliteit, wat beteken dat die huwelik altyd wedersydse liefde en trou as doelstelling het. Hierdie eienskappe word weerspieël in die huweliksgenote se wedersydse kameraadskap (Adams, 1983:24). Aangesien die kameraadskap op 'n verbond gevestig is, word voortdurende trou en vertroue daardeur geïmpliseer.

* *Die juridiese faset*

God se wet gebied dat die mens oor alle aspekte van die skepping moet heers en regeer. Dit geld ook vir die huwelik waarin die handhawing van orde en die nakoming van reëls moet plaasvind. Die huwelik word gekenmerk deur 'n besondere gesagsverhouding van die man oor die vrou, maar só dat beide man en vrou volkome gelykwaardig is (Kalsbeek, 1970:218).

* *Die estetiese faset*

Die harmoniese verhouding tussen die huweliksmaats is essensieel en 'n voorwaarde vir die Christelike huwelik. Adams (1983:24) beskryf hierdie verhouding as "a covenant of companionship".

* *Die ekonomiese faset*

Die man en vrou het beide 'n plig om in mekaar se behoeftes te voorsien. Albei huweliksmaats neem ekonomiese besluite en dit behels ekonomiese optredes (Vgl. Viviers, 1987:162).

* *Die sosiale faset*

God het die huwelik ingestel omdat Hy bevind het dat dit nie goed is dat die mens alleen lewe nie (Adams, 1980:8). Die doel van die huwelik is, onder andere, dat huweliksmaats mekaar se behoefte aan kameraadskap vervul (Adams, 1983:24).

* *Die linguale faset*

Die huweliksliefde van die huwelikspaar word vergestalt in hulle kommunikasie met mekaar. Deur die huweliksmaats se kommunikasie, veral deur hulle linguale kommunikasie, word die diep intieme verbondenheid van die huweliksverhouding ontwikkel en onderhou (Adams, 1983:42). Die linguale faset is egter nie tot die gesproke of geskrewe woord beperk nie, maar word ook deur ander wyses van kommunikasie, soos lyf- of liggaamstaal, vergestalt.

* *Die historiese faset*

Elke nuwe huweliksluiting is die vorming van 'n nuwe samelewingsverband. Die historiese modaliteit is die funderingsfunksie van die huwelik (Postma, 1987:95).

* *Die logiese faset*

God se opdrag aan die mens vereis dat hy op bewuste wyse die wet van God positiveer. Die mens moet dus op verstandige wyse die huwelik in stand hou en God daardeur eer. Dit bring mee dat die mens denkend sal besin oor die huwelik as instelling van God en hoe hy op die beste wyse, volgens God se wil, hierdie instelling kan vergestalt (vgl. Janse van Rensburg, 1987:123).

* *Die psigiese faset*

Die huweliksmaats moet hulle emosies kan beheer en ter wille van mekaar se welsyn daaroor heers. Die implikasie is dat die mens aktief betrokke is by sy gevoelslewe, maar dat sy gevoelslewe uit die hart gerig moet word. Die huwelik word nie op 'n bestaande emosie gebaseer nie, maar op die wedersydse belofte dat die huweliksmaats mekaar sal liefhê en vir die duur van hulle lewe liefde sal betoon (Adams, 1983:30).

* *Die biotiese faset*

Huwelikseenwording hou die moontlikheid in dat daar kinders gebore mag word. Die Christelike huwelikspaar aanvaar hulle opdrag om kinders voort te bring en om hulle ouerlike roeping in gehoorsaamheid aan God te vervul. Hulle sal uit wedersydse liefde mekaar se liggame heilig en as tempel van God ag en só die kuisheid van die huwelik positiveer.

* *Die fisiese faset*

Huwelikslewe veronderstel wedersydse versorging deur tuisteskepping en voorsiening in die daaglikse behoefte van voedsel en kleding.

* *Die kinematiese en ruimtelike aspekte*

Die voorsiening van 'n doelmatige lewensruimte (ruimtelike funksie) is die taak van die huwelikspaar, sodat die lewensfunksies van energie en beweging kan plaasvind (kinematiese funksie).

* *Die getalsfaset*

Die huwelik veronderstel die eenwording van twee persone, maar sonder prysgawe of opsegging van hulle eie onderskeie individualiteite. Elkeen se onderskeie andersheid word steeds gehandhaaf (Janse van Rensburg, 1987:122).

4.2.2.4 Implikasie van die huwelik as samelewingsverband vir geslagsopvoeding

Die huwelik is 'n besondere twee-eenheid wat deur Taljaard (1976:197) as 'n "one-fleshedness" beskou word. Die huwelik is ter wille van die mens, maar tot eer van God ingestel, sodat die mens sy roeping op aarde kan vervul (Taljaard, 1976:217).

Geslagtelikheid is 'n kenmerk van menswees. Die huwelik word gekenmerk deur 'n besondere positivering van geslagtelikheid deur die intieme seksuele verhouding tussen die huweliksmaats. Die wet van God geld ook vir die mens as geslagtelike wese. Taljaard (1976:91) wys op Adam se seksuele bewustheid en behoeftes, maar daardie behoeftes kon slegs binne die huwelik vervul word. Geslagtelike eenwording word deur die genoemde skrywer as 'n besondere seën van God beskou wat dien tot verheerliking van en diens tot God.

Vir geslagsopvoeding is dit belangrik om te onthou dat die mens se geslagslewe as sodanig nie sondig is nie, maar dat die sonde volgens Kalsbeek (1970:217) steeds voor die deur lê en wag; trouens, hy beweer dat die mens se geslagtelikheid 'n belangrike invalspunt vir die sonde is.

Deur geslagsopvoeding moet God se wet vir die huwelik deur voorlewing en voorsegging by die kinders tuisgebring word. Aangesien die mens weens sy sondige natuur in 'n gebroke wêreld lewe, sal daar in geslagsopvoeding ook kennis geneem word van die gevolge van die sonde vir die huwelik soos dit in huweliksverbrokkeling en egskeiding manifesteer.

4.2.3 Die gesin en sy taak ten opsigte van geslagsopvoeding

4.2.3.1 Oriëntering

Die Christelike gesin spruit voort uit die Christelike huwelik, sodat baie van die beginsels wat vir die Christelike huwelik geld, ook op die Christelike gesin van toepassing is. Opvoeding in die gesin openbaar 'n eiesoortige aard op grond van die unieke oorsprong, struktuur en bestemming van die gesin. Dit is gevolglik nodig om ondersoek in te stel na die oorsprong, wese, aard en struktuur van die gesin en wat die geslagsopvoedingstaak in die gesin behels.

4.2.3.2 Die Christelike gesin en die wet van God

God het nie alleen aan die mens opdrag gegee om die aarde te onderwerp en daaroor te heers nie, maar ook om te vermeerder en die aarde te vul. Gesinstigting en ouerskap is daarvolgens opdrag van God. Die implikasie van die opdrag is dat die verwekking van 'n kind die mens voor 'n besondere verantwoordelikheid plaas. In gehoorsaamheid aan God se wet moet die ouer aanvaar dat sy kind deur God op sy weg geplaas is, waardeur ouerskap in der waarheid 'n liefdesplig uit dankbaarheid vir die weldade van God word (Preller, 1978:682; De Bruyn, 1985:17). Gehoorsaamheid aan God se wet word deur Preller (1978:682) as 'n tweeledige handeling beskou, naamlik as taakvervulling en taakverantwoording. Ten opsigte van geslagsopvoeding sal die ouer se taak en verantwoordelikheid in hierdie verband beklemtoon moet word.

4.2.3.3 Die gesin as primêre samelewingsverband

Die huisgesin kan as eerste, en gevolglik die oudste en basiese, plek waar kinders opgevoed word, beskou word (Eloff,

1985:40). Die gesin is, net soos die huwelik, 'n primêre samelewingsverband. Spier (1950:186) beskou dit as die kiemsel van die samelewing en hy beskryf dit as 'n konstante, individuele liefdesgemeenskap wat sy grondslag vind in die natuurlike bloedbande tussen die ouers en kinders. Moller (1987:104) verwys na die huisgesin as die eerste en oorspronklike instelling van die opvoeding waar daar 'n onlosmaaklike opvoedingsverband tussen ouers en kinders bestaan (vgl. ook Pretorius, 1987:19).

4.2.3.4 Die struktuur van die gesin

Die vier struktuurmomente van die werklikheid word, net soos deur die huwelik, ook deur die gesin geopenbaar. Die Christen glo dat die gesin deur God self as primêre samelewingsverband ingestel is en dat die gesin religieus in 'n apostatiese of anastatiese rigting gerig kan wees (Postma, 1987:98).

Die temporele faset word in die gesin se tydsgebondenheid geopenbaar. Die gesinsverband behoort volgens Spier (1950:35) aan die teenwoordige wêreld en die gesin kan nie buite die orde van die tydelike dinge uitgehef word nie. Gesinslewe openbaar verder deur groei en ontwikkeling 'n tydsdinamiek. Ouers kry kinders wat deur al die ontwikkelingsfases heen op liefdevolle wyse deur die ouer versorg moet word totdat hulle beskawingsmondigheid bereik.

Die gesin openbaar al vyftien modaliteite in sy bestaanswyse. Die funderingsfunksie van die gesin lê in die biotiese wetskring op grond van die gesin se onderlinge bloedverwantskap. Die leidende/bestemmingsfunksie is volgens die Skrif geleë in die etiese wetskring. Hierdeur word die gesin as 'n onvergelykbare liefdesgemeenskap gekwalifiseer (Spier, 1950:186). Gesinslede moet mekaar liefhê omdat die interne bestemming van die gesin in die liefde geleë is, maar ekstern is die gesin se bestemming om diensbaar te wees aan die staat en ander samelewingsverbande, sodat die kinders tot volwaardige burgerskap gelei kan word (Spier, 1950:187). In gesinsvoorligting, met geslagsopvoeding as komponent daarvan, word klem gelê op die struktuur van die gesin as skeppingsdaad van God. 'n Blik op die gesinstruktuur open die weg vir die hantering van die problematiek daaromtrent. Die Christenopvoeder bely dat die struktuurnorm van die gesin nie deur die sonde aangetas is nie (Spier, 1950:187; vgl. ook Satir, 1981:299).

Die verskillende bestaanswyse van die gesin sal vervolgens volgens die onderskeie wetskringe omskryf word.

* *Die pistiese wetskring*

Die ouers se verbondsbelofte bind hulle tot 'n anastatiese opvoeding waar die kind tot God gelei word om sy soewereiniteit te erken en Hom in alles te dien en tot sy eer te lewe (Doopsformulier, 1976:112).

* *Die etiese wetskring*

Die morele liefde soos deur liefdesorg vergestalt, vorm die bestemmingsfunksie van die gesin. Die gesin word gegrond en verbind deur bloedbande wat op liefde gebaseer is.

* *Die juridiese wetskring*

Die ouers se gesag is deur God aan hulle opgedra. Ouers moet gevolglik hulle gesag op liefdevolle en regverdige wyse uitoefen, sodat die kind in gehoorsaamheid hom sal onderwerp aan die orde en reëls van die gesin. Vir Kalsbeek (1970:210) bly die gesags- en ondergeskiktheidsverhouding 'n noodsaaklikheid in die gesinsgemeenskap.

* *Die estetiese wetskring*

'n Harmonieuse gesinslewe is die grondslag vir 'n gelukkige samelewing. Harmonie is slegs moontlik waar onderlinge verhoudinge gesond is en waar die liefde daadwerklik beoefen word.

* *Die ekonomiese wetskring*

In die gesin moet die kind leer om tussen verskillende waardes te onderskei en hoe om tyd en energie op die beste wyse aan te wend. Alhoewel die gesin nie op winsbejag ingestel is nie, is finansiële onafhanklikheid 'n basiese behoefte vir 'n gesonde gesinslewe. Kinders moet van jongs af leer om waardes teen mekaar op te weeg deur, onder andere, te leer om oordeelkundig met geld te werk en om respek vir waardevolle goed te hê (Postma, 1987:102).

* *Die sosiale wetskring*

Die gesin is die plek waar die kind sy eerste omgang met mense maak en waar hy leer om respek en bedagsaamheid teenoor

ander te betoon. In die gesin leer die kind samewerking en onderlinge betrokkenheid.

* *Die linguale wetskring*

Die kind leer sy eerste woordjies aan moedersknie totdat hy hom ten volle en toereikend in taal kan uitdruk. In hierdie modaliteit lê die ganse simbolewêreld van gebare en lyftaal opgesluit wat kommunikasie tussen gesinslede moontlik maak.

* *Die historiese wetskring*

Die mens is geroepe om kultuur te skep. Die mens se beskawingspeil is meetbaar aan die hand van sy kultuurgoedere. Elke gesin openbaar sy eie besondere styl en gewoontes. Deur ouerlike opvoeding word die kind gelei om sy eie talente en gawes te ontdek en te ontplooi.

* *Die logiese wetskring*

Die gesin bied die ruimte waar gesinslede op ongedwonge wyse gedagtes kan wissel. Die ouer se taak is om die kind te lei om reg te dink en te begryp, sodat hy in toenemende verantwoordelikheid verstandige keuses kan maak. Vir geslagsopvoeding is dit belangrik dat die kind sal leer om korrekte keuses aangaande sy geslagslewe te maak.

* *Die psigiese wetskring*

Hierdie wetskring is gerig op die besondere saamhorigheidsgevoel tussen gesinslede. Die mens beskik oor 'n gevoelslewe met vele fasette, maar hy moet sy gevoelslewe vanuit sy hartsgerigtheid onderwerp en daaroor heers. Die kind moet leer om sy emosies in toom te hou en dit word moontlik gemaak deur die ouers se liefdevolle en beheerste voorlewing.

* *Die biotiese wetskring*

Kinders word deur ouers voortgebring, aangesien die mens se genetisiteit 'n wesenseienskap van hom is. Die lewe self word egter deur God geskep en die ouer moet sy kind leer om die wonder van die lewe met respek te bejeën. Deur geslagsopvoeding kan die wonder van bevrugting en voortplanting aan die kind geleer word.

* *Die fisiese, kinematiese, ruimtelike en getalswetskringe*

Bogenoemde groep wetskringe word as die mens se fisies-chemiese struktuur gereken. Op hierdie terrein kom die uniekheid van die gesin tot uiting in die eenheid van man en vrou binne die bestek van 'n woning as besondere versorgingsruimte (Moller, 1987:104). Die ouers is volgens Moller (1987:104) die beliggaming van die liefde wat bind, versorg en beskerm deur die voorsiening van lewensnoodsaaklikhede aan elke gesinslid, sodat elkeen ten volle kan ontplooi. Die ruimtelike aspek word kenbaar wanneer heimwee ervaar word wanneer 'n gesinslid byvoorbeeld weg van die huis is.

Die gesin se struktuur openbaar 'n unieke samestelling wat kenmerkend en onderskeidend van aard is. Geen ander samelewingsverband kan die gesin en sy unieke funksies vervang nie. Elke gesin as eenheid openbaar 'n unieke karakter, aangesien elke gesin van ander gesinne verskil wat sy styl en bestaanswyse betref.

4.2.3.5 Die opvoedingstaak van die gesin

Omdat die mens opdrag van God ontvang het om kinders voort te bring, kan daar verwag word dat hy ook die nodige toerusting en vermoëns sal ontvang om sy opdrag te kan uitvoer (Sumrall, 1981:18). Die ouerhuis se opvoedingstaak vind op unieke wyse plaas op grond van die eiesoortige oorsprong, struktuur en bestemming van die gesin (Postma, 1987:99). Ouerlike geslagsopvoeding sal op unieke wyse in elke gesin plaasvind en om hierdie taak reg te begryp, is dit nodig om die ouer se opvoedingstaak as opvoedingshandeling te ontleed.

* *Die religieuse faset van ouerlike geslagsopvoeding*

Die Christenouer glo dat sy kind 'n ewigheidsbestemming het en dat hy daardeur van alle ander geskapenes onderskei kan word (Spier, 1950:241). Die verbondsouer besef dat hy 'n roeping het om sy kind deur opvoeding tot sy bestemming te begelei.

Die opvoeding as handeling vind sy uitgangspunt in die ouer se diepste religieuse bestaansentrum (vgl. Spier, 1950:245). Vanuit dié religieuse sentrum moet die kind gerig word om sy koningskap in normatiewe gebondenheid aan God se ordeninge te beheers. Hierdie beheersing sluit in dat die kind gelei word tot beheersing van sy liggaam en dus ook van sy seksualiteit.

Vanuit sy besondere omvattende verantwoordelikheid moet die ouer toesien dat alle ander bemoeienis wat met die kind gemaak word, dieselfde gees en rigting as die ouerhuis sal openbaar (Schoeman, 1979:112).

* *Die temporele faset van ouerlike geslagsopvoeding*

Schoeman (1979:5) wys daarop dat ouerlike opvoeding deur tyd omsluit word. Die opvoedingshandeling word deur tydsomstandighede beïnvloed. Die veranderende samelewing met sy verskuiwende waardes druk sy stempel af op opvoedingshandelinge en -style. Toenemende permissiwiteit word ook in die opvoedingsituasie aangetref (Baker, Stanton & Morrison, 1988:265). By geslagsopvoeding moet daar rekening gehou word met die kind se ontwikkelingsfase, veral wat betref liggaamlike ontwikkeling tydens puberteit en adolessensie. Skandhan (1988:152) se bevindings is dat menstruasie by dogters gemiddeld met vier maande per dekade vervroeg. Vroegtydige opvoedingshandeling is noodsaaklik om die ontwikkelende kind vir geslagsontwikkeling voor te berei. Postma (1987:100) wys daarop dat die opvoeder self ook met verloop van tyd beïnvloed word.

* *Die modale faset van ouerlike geslagsopvoeding*

Die ouerhuis is in die biotiese funksie gefundeer en sy bestemming in die etiese modaliteit (vgl. par. 4.2.3.3). Ouerlike opvoeding vind plaas op grond van die natuurlike bloedbande tussen ouers en kinders, waardeur hulle almal saam 'n unieke liefdesgemeenskap word. Terwyl die interne bestemmingsfunksie liefde is, is die eksterne bestemming in die diensbaarheid aan die medemens geleë (Spier, 1950:187).

Die modale tipering van ouerlike opvoeding is volledig deur Postma (1987:101-103) nagegaan en enkele aspekte daarvan word vervolgens uitgelig. Wat betref die *pistiese modaliteit* moet ouers hulle verbondskinders tot eer van God opvoed deur hulle in liefde tot God te rig en te lei. In die geborge ruimte van die gesin leer die kind die huwelik en die onderskeie geslagsrolle ken wat deur die ouers voorgeleef word en wat sin en betekenis kry deur die ouers se onderlinge vertroue en vaste vertroue op God.

Die *etiese modaliteit* is kenbaar in die opvoedingshandelinge wat gegrond word op die onderlinge liefde tussen die ouers en kinders.

Die *juridiese modaliteit* dui op die handhawing van ouerlike gesag in die gesin. Volgens Spier (1950:188) vind die gesin se funderings- en bestemmingsfunksies uitdrukking in die gesagstruktuur van die gesin.

Die *estetiese modaliteit* vind sy beslag in 'n harmonieuse gesinslewe. Alle gesinslede moet poog om deur harmonieuse saamlewe die skone en mooie van gesinslewe te vergestalt.

Die mens is in wese 'n waardebepalende wese (Taljaard, 1976:174). Wat betref die *ekonomiese modaliteit* bied die huisgesin die ruimte waar kinders leer om waardes teen mekaar op te weeg en waar hulle spaarsaamheid en respek vir hul eie en ander se besittings aanleer.

Die *sosiale modaliteit* word kenbaar in die gesin as 'n besondere liefdesgemeenskap waar alle gesinslede onderlinge betrokkenheid ervaar.

Die *linguale aspek* word vergestalt deur die onderlinge kommunikasie deur middel van woorde, gebare en ander sinvolle tekens. Normale seksuele ontwikkeling is afhanklik van die kind se vermoë om toereikend op verbale en nie-verbale wyse te kommunikeer (Wood, 1985:544). Die eerste terminologie wat verband hou met die kind se geslagslewe word in die huisgesin aangeleer en die ouer moet sorg dat die kind op beskaafde wyse met die korrekte terminologie vertroud raak.

Die uniekheid van menswees word deur die *historiese modaliteit* kenbaar in die gesin. Elke gesinslid is met besondere gawes en talente toegerus waardeur kultuur ook 'n gesinskultuur kan word. Die ouer moet poog om die kind se gawes optimaal te laat ontwikkel sonder oorbevraging of ooreising.

Die selfstandige neem van besluite is een van die universele ontwikkelingstake van kinders (Burns, 1988:42). Suksesvolle morele keuses stel 'n hoë vlak van morele denke as voorwaarde (Jordaan, 1988:10) en daarvoor moet die mens met sy verstand kan dink, ontleed en onderskei. Hierdie denkaspekte hoort tuis onder die logiese modaliteit. Die kind se logiese vermoëns moet onder leiding van die ouer ontsluit word. Die *psigiese modaliteit* word vergestalt in die mens se emosionele lewe. Die mens moet sy emosies onderwerp en daaroor heers. In die ouerlike kring leer die kind geborgenheid en aanvaarding ken as teenvoeter vir moontlike latere belewing van jaloesie en verwerping wanneer hy dit buite die veilige

gesinskring waag (vgl. Roscoe, Cavanaugh & Kennedy, 1988:35).

Die ander modaliteite word verteenwoordig in die *biotiese,* die *fisiese,* die *kinematiese,* die *ruimtelike* en die *getalsaspekte.* Wat betref die ouerhuis, hou hierdie modaliteite in dat die ouer deur die voorsiening van gunstige woongeriewe en behoorlike versorging deur voedsel en kleding moet poog om al die nodige middele beskikbaar te stel wat noodsaaklik is vir die kind se gesonde ontwikkeling. Deur betaamlike kleredrag te gebruik leer die kind om sy seksualiteit te heilig en te respekteer.

* *Die individuele faset van ouerlike geslagsopvoeding*

Die opvoeding in die ouerhuis kan weens die unieke aard daarvan deur geen ander opvoeding vervang word nie. Die unieke aard van ouerlike opvoeding het besondere implikasies vir geslagsopvoeding wanneer die vraag gestel word wie die kind se geslagsopvoeding moet behartig. Schoeman (1978:109) skryf dat God sy skepsele as afsonderlike individualiteite geskape het, waardeur elke afsonderlike samelewingsverband 'n kenmerkende, karaktereie samestelling en geaardheid vertoon. Volgens hierdie stelling is die struktuur van 'n samelewingsverband bepalend vir die besondere gesagstruktuur wat daarin bestaan.

Dit is op grond van die ouer se gesag en uit respek daarvoor dat geslagsopvoeding as 'n opvoedingshandeling beskou word wat slegs deur die ouer uitgevoer behoort te word (Le Roux, 1977:19).

4.2.3.6 Implikasies van die gesin vir geslagsopvoeding

Dit blyk uit die voorgaande paragrawe dat die ouerhuis op grond van sy unieke struktuur 'n besondere opvoedingstaak het. Die ouer dra uit hoofde van sy ouerskap die volle verantwoordelikheid vir die kind se opvoeding, dus ook vir sy geslagsopvoeding. Enkele aspekte rakende die ouer se opvoedingsverantwoordelikheid wat verband hou met geslags-opvoeding, word vervolgens belig.

* *Die ouer as unieke opvoeder*

Die mens kry opdrag van God om te vermenigvuldig en die aarde te vul. Daar kan aanvaar word dat waar God 'n opdrag gee, hy eweneens die toerusting en bekwaamhede beskikbaar sal stel om die opdrag te kan uitvoer. Die ouer kan sy gelags-

opvoedingstaak in hierdie wete met vertroue aanvaar (Sumrall, 1981:181).

* *Die ouerhuis as unieke opvoedingsruimte*

Die ouerhuis as tuiste van die gesin word deur Van Wyk (1982:11) as die belangrikste opvoedingsinrigting in 'n kind se lewe beskou. Dit is die eerste en oorspronklike instelling van die opvoeding waar daar 'n onlosmaaklike opvoedingsverband tussen ouers en kinders bestaan (Moller, 1987:104). Die huisgesin word getipeer deur sy intimiteit en privaatheid, waardeur dit die ideale ruimte vir geslagsopvoeding word, aangesien die mens se seksualiteit uiteraard 'n private aangeleentheid is (De Bruyn, 1973:4). Volgens Pretorius (1987:19) is daar geen enkele ander milieu waar die kind 'n beter waarborg het dat hy sy moontlikhede kan verwerklik nie (vgl. ook Strauss, 1983:77).

Die gesin word gekenmerk deur informaliteit en 'n ongedwonge atmosfeer. Op grond van hierdie informaliteit is daar feitlik geen beperking op die tyd, plek of situasie waar die ouer met sy kind in gesprek kan tree nie. Ook in die Skrif word die ouer aangesê om met sy kind in gesprek te tree ongeag die plek of tydstip van die onderrig (vgl. Deuteronomium 6:4-7). Tog is dit waar dat die gespreksopdrag, en in die besonder waar dit geslagtelikheid geld, vir die ouer problematies kan wees. Van Wyk (1983:15) noem hierdie vermoë 'n vaardigheid wat ingeoefen moet word.

'n Gesprek oor geslagtelikheid sal 'n intieme karakter vertoon en sulke gesprekke sal op grond van die vertroulikheid daarvan kan bydra tot groter vertroue en begrip tussen ouer en kind. Die liefdesband in die gesin kan gevolglik versterk word (Gilmore & Critchley, 1980:33). Notar (1986:13) het in sy navorsing bevind dat moeders en dogters juis op die gebied van seksualiteit 'n hoë mate van konflik in hulle verhouding met mekaar ervaar. Dit blyk uit hierdie navorsing dat seksuele opvoeding slegs in 'n klimaat van gesinsgeborgenheid tot sy reg kan kom en waar geslagsopvoeding op ontoereikende wyse plaasvind, dit tot verhoogde konflik in die gesin kan lei.

* *Die ouer as verteenwoordiger van norme en waardes*

Geslagsopvoeding vind plaas vanuit die mens se hartsgerigtheid. Die ouers se norm- en waardestelsel sal gevolglik die inhoud en hantering van geslagsopvoeding

beïnvloed (Baker *et al,* 1988:265). Hierdie navorsers het vasgestel dat die ouers se norm- en waardestelsel 'n beduidende invloed op die adolessent se gedrag en besluite het. Ketterman (1984:55) bevestig die waardes van die ouerhuis vir sover dit die vorming van die kind se morele ontwikkeling raak. Die ouer as aktiewe betrokkene by die kind se opvoeding speel 'n besondere rol in die kind se gewetensvorming (Jedlicka, 1984:66).

* *Die behoefte van die ouer met betrekking tot geslagsopvoeding*

Ouerskap behels veel meer as blote taakvervulling; dit is ook die vervulling van 'n diep gevoelde behoefte aan menswees. Ouerskap gee sin en betekenis aan menslike bestaan. Die mens ervaar 'n natuurlike behoefte aan ouerskap; hy streef daarna, dis 'n ideaal wat hy wil bereik (De Witt, 1986:22).

Die ouer vir wie ouerskap 'n saak van erns is, sal poog om hom optimaal van sy taak te kwyt. Die mens se gebrokenheid laat hom egter sy tekortkominge en beperkings realiseer, veral op die gebied van geslagsopvoeding (Le Roux, 1977:19).

Die kennisontploffing van die twintigste eeu het ook sy merk op die gebied van seksualiteit gemaak. Daar is vandag veel meer bekend oor fertiliteit en genetika as enkele dekades gelede. Die bevolkingsgroei in sommige wêrelddele het gesinsbeplanning en kontraseptiewe tegnieke alledaags gemaak, ook wat die terminologie daarvan betref. Die ouer voel dikwels onbekwaam en onseker om hierdie aangeleenthede in die opvoedingsituasie te hanteer (Riddle, 1984:9).

Ander faktore, waaronder gesinsfaktore soos huweliksverbrokkeling, enkelouerskap, afwesige vaders, ekonomiese faktore, noodsaak besondere hulpverlening aan die ouer. Verwarrende ideologieë wat deur middel van moderne kommunikasietegnieke gepropageer word, dra verder by tot toenemende onsekerheid ten opsigte van die geldende norme en waardes (Venter & Olivier, 1983:65). Hulpverlening aan die ouer blyk noodsaaklik te wees, sonder om hom van sy taak te onthef, aangesien die opvoeding dan volgens Schutte (1984:566) skeef sal loop.

4.2.3.7 Gevolgtrekking en perspektief

Ouerskap is in der waarheid 'n liefdesplig uit dankbaarheid vir die weldade van God (Preller, 1978:82). Waar dit

geslagsopvoeding aangaan, bring dit mee dat ouerskap 'n tweeledige handeling behels, naamlik taakvervulling en taakverantwoording.

* *Die ouer as taakvervuller*

Seksualiteit is 'n tipiese manifestasie van menswees (Taljaard, 1976:172). Die beeld wat die mens voorhou en waardeur hy sy beeltenis van God moet vergestalt, is dié van man of vrou. Die mens moet sy identiteit as man of vrou, dit wil sê as geslagtelike wese, volgens God se wil vergestalt. Geslagtelikheid dien nie net as onderskeidende kenmerk van die mens nie, dis ook 'n kwalitatiewe eienskap waarmee bedoel word dat die kwaliteit van menswees sigbaar word in die vergestalting en uitlewing van sy geslagtelikheid (Kech, 1984:23). Dit is hierdie "kwaliteit" van geslagtelikheid wat deur opvoeding gevorm moet word. Ware man en vrou wees, is slegs moontlik deur ware man- en vrouwording. Hierin lê daar 'n besondere opvoedingstaak vir die ouer (Ketterman, 1984:27).

Aangesien die mens se geslagtelikheid 'n aspek is wat te doen het mèt die mees basiese aspek van menswees, kan daar aanvaar word dat die verantwoordelikheid daarvoor tuishoort in die eerste primêre opvoedingsituasie, naamlik die ouerhuis. Om dié rede kan daar met Le Roux (1977:19) saamgestem word dat geslagsopvoeding 'n taak is wat deur die ouer behartig behoort te word.

* *Die ouer en taakverantwoording*

Ten spyte van die belangrikheid van geslagsopvoeding, wil dit tog voorkom of ouers afwysend staan teenoor hierdie taak (Ketterman, 1984:11). Verskeie redes word daarvoor aangevoer, waaronder die volgende genoem kan word:

\# *Uitstel*

Ouers wag dikwels tot hulle kinders geslagsryp is alvorens hulle oor hulle geslagtelike ontwikkeling ingelig word. Uitstel van geslagsopvoeding word deur Le Roux (1977:19) toegeskryf aan ouers se vrees om hulle kinders bewus te maak van seksualiteit omdat hulle vrees dat vroeë kennis 'n bedreiging vir hulle kinders se seksuele onskuld inhou. Volgens Katz (1986:82) word geslagsvoorligting uitgestel as gevolg van die ouers se gebrek aan selfvertroue en kennis in dié verband.

Teenkanting

Teenkanting bestaan dikwels as gevolg van die opvatting dat seksualiteit 'n taboe-onderwerp is waaroor daar nie gepraat word nie. Katz (1986:82) beweer dat seksuele skaamheid die gevolg is van gekondisioneerde gedrag waar onkunde die oorsaak is vir ongegronde skuldgevoelens en latere vrese ten opsigte van seksualiteit. Hierdie negatiewe gevoelens lei tot algemene weersin wat teenkanting tot geslagsopvoeding tot gevolg het.

Selfs onder wetenskaplikes in die pedagogiek was teenkanting ten opsigte van geslagsopvoeding nie ongewoon nie, veral onder opvoedkundiges aan die begin van die twintigste eeu (vgl. Bavinck, 1916:162). Daarenteë beweer Bisschoff (1977:109) dat die mens se seksuele drange alleen nie genoeg is om sy seksuele gedrag te rig nie en moet daar noodwendig met geslagsopvoeding tydens die vroeë kinderjare begin word.

Onvermoë

Die mens het 'n natuurlike gevoel van skaamte betreffende sy seksualiteit (Thielicke, 1981:76). Ouers vrees soms dat hulle eie geslagslewe blootgestel sal word wanneer hulle oor geslagtelikheid sou praat en hierdie vrees kan die ouer inhibeer. Vanweë die groot misterie waarna Thielicke (1981:74) verwys, die "mysterium tremendum et fascinosum", voel die ouer noodgedwonge klein en nietig en nouliks in staat om objektiewe inligting daaromtrent te gee (Thielicke, 1981:73). Die ouer voel verder onseker oor sy eie bevoegdheid, omdat daar 'n algemene opvatting heers dat onderwys besondere kennis en kundigheid vereis waaroor die ouer nie altyd beskik nie (Kruger, 1987:4).

Onnodigheid

Ouers was tradisioneel dikwels van mening dat kinders vanself groot word en geen spesifieke behoefte aan geslagsopvoeding het nie (Bavinck, 1916:138).

Vooruitgang en veranderde omstandighede

Die twintigste eeu word gekenmerk deur vooruitgang en verandering. Nuwe kennis oor, onder andere, die mens se fertiliteit en genetika het gelei tot 'n groter vermoë om geslagtelikheid te beheer en te kontroleer. Moderne geboortebeperkingsmiddele het gelei tot veranderde seksuele

gebruike en beskouings (Esterhuyse, 1980:48). Dikwels beskik die ouer nie oor die kennis om sy kind toereikend voor te lig nie. As gevolg van die snelle wysiging van die meer tydsgebonde norme, die gebrek aan perspektief betreffende maatstawwe wat vir seksualiteit geld, gepaard met die groot emosionele beladenheid van die onderwerp, twyfel baie ouers oor die wenslikheid en geskiktheid van geslagsopvoeding en kan geslagskommunikasie nie sonder remming plaasvind nie (Heslinga, 1978:37).

Vanweë bostaande faktore is dit duidelik dat die ouer wel sy taak rakende sy kind se geslagsopvoeding moet uitvoer, maar dikwels nie by magte is om dit toereikend te doen nie. Daar moet vervolgens na bykomende moontlikhede gesoek word om die ouer in sy taak by te staan.

4.3 Ander relevante samelewingsverbande as sekondêre opvoedingsinstansies

4.3.1 Oriëntering

Vanweë die ouer se behoefte aan leiding en ondersteuning en vanweë die komplekse aard van geslagsopvoeding is dit nodig dat hulp vanuit ander samelewingsverbande verleen word. Onder die groep sekondêre opvoedingsinstansies kan daar vir die doel van geslagsopvoeding die volgende samelewingsverbande genoem word: die kerk, die staat by wyse van maatskaplike en mediese dienste (vgl. par. 4.1) en die skool. Van Schalkwyk (1986:211) beskou hierdie samelewingsverbande as onderlinge medewerkers op grond van elkeen se opvoedkundig gekwalifiseerde vervlegting met opvoedende onderwys.

Opvoeding, met geslagsopvoeding as komponent daarvan, bly egter die primêre verantwoordelikheid van die ouer as natuurlike opvoeder van die kind (Van Schalkwyk, 1983:40). Alle sekondêre opvoeders ressorteer gevolglik binne die verantwoordelikheid van die primêre opvoeders. Die kompetensieterreine van ander samelewingsverbande moet dus krities beskou word. Die gevare van terreinoorskryding en verabsolutering van die eie bevoegdheidsterrein kan die ouer se soewereiniteit in eie kring in die gedrang bring, wat prinsipiëel beskou sou impliseer dat God se soewereiniteit aangetas word.

* *Terreinoorskryding*

Met terreinoorskryding word die onregmatige betreding van 'n

ander samelewingsverband se bevoegdheidsterrein bedoel. Schutte (1984:566) wys op die belangrikheid van terrein- en taakafbakening en waarsku teen die vernietigende gevolge van die oortreding van mekaar se bevoegdheidsterreine. Die vervlegtingsmoment tussen verskillende samelewingsverbande kan egter as 'n soort vennootskap beskou word in die lig van hulle gemeenskaplike doelstellings.

* *Verabsolutering van die eie bevoegdheidsterrein*

Onder verabsolutering word bedoel dat iets buite verhouding tot sy waarde of betekenis gewaardeer word (Helberg, 1987:18). In die eietydse samelewing gebeur dit dikwels dat die kennisaspek van die opvoeding oorbeklemtoon word, sonder dat ander belangrike opvoedingsaspekte behoorlik in ag geneem word, byvoorbeeld deur die verabsolutering van die invloed van die tegnologiese media (Mentz, 1983:21). 'n Kind wat byvoorbeeld ten volle aangaande kontrasepsie ingelig word, sonder dat die etiese en morele aspekte van kontrasepsie aandag kry, kan stellig nog geen verantwoordelike besluit in die verband neem nie.

Daar moet ook in gedagte gehou word dat dit in die opvoeding altyd om die kind in totaliteit gaan en dat elke opvoedingshandeling hierdie beginsel moet eerbiedig (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:262). Die gevaar bestaan dat verskillende samelewingsverbande hulle eie doelstellings deur middel van die opvoeding wil verwesenlik en hulle daardeur skuldig maak aan terreinoorskryding en verabsolutering van hulle eie bevoegdheidsterrein, waardeur die opvoeding dan die werktuig van die bedryf word (Van Schalkwyk, 1986:211).

4.3.2 Die staat en sy opvoedende onderwystaak

4.3.2.1 Inleidende opmerkings

Benewens die staat se funksie om as instelling van God die reg met mag te handhaaf, het die staat ook 'n behoudende en bewarende mag (Van der Walt, 1983: 265-266). Die staat is gemoeid met die breë gemeenskap op grond van sy omvattende funksies (vgl. par. 4.1) Die gemeenskap kan beskryf word as 'n versameling individue wat deur gemeenskaplike en verskillende belange saamgesnoer word tot 'n eenheid in hulle verskeidenheid (Van Schalkwyk, 1986:18). Elke gemeenskap het bepaalde groepsnorme wat as belangrike behorenseise beskou word wat bindend is vir elke lid van die gemeenskap ter wille van die welvaart en behoud van die groep (Gresse, 1971:19).

Norme en behorenseise ten opsigte van die mens se geslagslewe ressorteer hieronder.

Vir die doel van hierdie studie word onder gemeenskap daardie liggame bedoel wat omsien na die welsyn van die mens. Hieronder word die dissiplines gereken wat met die sosiale aspekte van menswees te doen het. Selfs die term "sosiaal" moet versigtig bejeën word weens die moontlike verwarrende betekenis daarvan asof dit alle vorme van kommunikasie insluit (Stone, 1981:81). Dit is opvallend dat daar veral op die gebied van maatskaplike werk 'n veelheid van literatuur ontstaan wat met geslagsopvoeding te doen het, sodat die vraag ontstaan op wie se terrein geslagsopvoeding eintlik tuishoort.

Vanuit die sosiologie as wetenskap word die menslike samelewing bestudeer (Wallace & Wallace, 1985:10). Van Dijk (s.a.:9) wys daarop dat elke wetenskap deur sy eie probleemstelling beheer word en dat dit die ondersoekterrein van die besondere wetenskap bepaal. Vir geslagsopvoeding is dit belangrik om daarop te let dat die sosiologie hom veral bemoei met die mens as verhoudingswese. Die mens se verhoudinge toon in die eietydse samelewing 'n haas onoorsigtelike verskeidenheid van aard en intensiteit, sodat daar aanvaar kan word dat die sosiologie 'n besondere belangstelling in die mens se verhoudingsproblematiek sal toon (Van Dijk, s.a.:10).

Maatskaplike werk word as 'n professie beoefen met die doel om hulp te verleen aan mense in maatskaplike nood. Ferreira (1989:9) vat die maatskaplike werker se taak soos volg saam: "Maatskaplike werk is wetenskaplike kennis op 'n professionele wyse aangewend ten einde die individu, die groep en/of die gemeenskap se maatskaplike funksioneringsprobleme te help voorkom en waar van toepassing te help herstel". Professionele maatskaplike werkers word as proefbeamptes deur die betrokke minister aangestel om verskeie funksies uit te voer soos beskryf in die Kinderwet van die Republiek van Suid-Afrika (1960:48). Gesinsproblematiek, veral huweliksverbrokkeling en kindermishandeling, geniet intensiewe aandag. Gesinsproblematiek is egter nie die uitsluitlike arbeidsveld van die maatskaplike werker nie; Pienaar (1984:119) pleit byvoorbeeld vir groter helderheid en begrip onder opvoedkundiges vir gesinsproblematiek, sodat beter beheer en hulpverlening bewerkstellig kan word.

Maatskaplike werkers het 'n meervoudige funksie, naamlik hulpverlening en voorkomende werk. Laasgenoemde aspek van die werk het 'n sterk opvoedende strekking. Voorkomende werk word gedoen met die doel om bestaande strukture van die huwelik en gesinslewe in stand te hou met die oog op die skep van 'n gelukkige samelewing. 'n Groot deel van die maatskaplike werker se taak sal gevolglik toegespits wees op opvoeding en heropvoeding. Waar die samelewing in kompleksiteit toeneem, word besondere eise aan die kind se mensvorming gestel. Hierdie eise is veral merkbaar op die gebied van geslagsopvoeding (Venter & Olivier, 1983:47).

Om te beweer dat geslagsopvoeding hoofsaaklik die terrein van die maatskaplike werker is, sou 'n miskenning van die taak en terrein van die opvoeder wees. Geslagsopvoeding sou daardeur verskraal word tot 'n bloot maatskaplike aangeleentheid waar die klem op die mens as sosiale wese val wie se interaksies en verhoudingslewe onder die soeklig geplaas word. Geslagsopvoeding en menslike seksualiteit is egter meer as net 'n sosiale aangeleentheid; dit omvat die hele mens.

4.3.2.2 Die wet van God en maatskaplike dienste

God het die mens as 'n verhoudingswese geskape wat interpersoonlike relasies stig. Die mens se gebrokenheid het ook sy verhoudingslewe geraak. Maatskaplike dienste is gevolglik gerig op die mens as 'n gebroke wese en sy mens-tot-mens-leefwyse, wat as maatskaplike funksionering beskryf word (Ferreira, 1989:2). Deur die lewering van maatskaplike dienste word daar meegewerk aan die versoening tussen God en die mens.

4.3.2.3 Maatskaplike diensorganisasies as sekondêre samelewingsverbande

Maatskaplike diensorganisasies wat verantwoordelik is vir die lewering van maatskaplike dienste word deur die mens self tot stand gebring in teenstelling met die primêre samelewingsverbande wat deur God self verordineer is (Postma, 1987:105). Die mens as gebroke wese misluk dikwels in sy interpersoonlike verhoudings en is dan aangewese op hulp van sy medemens. Maatskaplike werk word gedoen met die doel om die primêre samelewingsverbande van huwelik en gesin in stand te hou (vgl. paragraaf 4.3.2.2).

4.3.2.4 Die struktuur van maatskaplike diensorganisasies

Maatskaplike diensorganisasies openbaar al vier die struktuurmomente van die werklikheid. Die religieuse faset van maatskaplike diensorganisasies is sigbaar in die organisering van die dienste. Maatskaplike diensorganisasies word op grond van die religieuse grondmotief georganiseer en bedryf deur dit byvoorbeeld direk onder kerklike of sekulêre beheer te plaas. Die Christelike maatskaplike werker het die geloofsoortuiging en vooruitsig van versoening tussen God en mens (Ferreira, 1989:2).

Maatskaplike diensorganisasies is tydsgebonde. Die hulpverlenende funksie kan van korter of langer duur wees en word onderneem met die oog op suksesvolle afsluiting en oorbodigwording. Sekere eise van die tyd plaas die primêre samelewingsverbande onder groot druk, wat maatskaplike hulpverlening noodsaak, soos byvoorbeeld die verskaffing van versorgingsdienste aan kinders van werkende moeders.

Maatskaplike diensorganisasies toon 'n eie unieke aard op grond van die besondere bestemmingsfunksie wat in die sosiale geleë is. Maatskaplike diensorganisasies wat verantwoordelik is vir die lewering van maatskaplike dienste het ook 'n unieke struktuur met 'n unieke kompetensieterrein. Maatskaplike werkers, as funksionarisse van maatskaplike diensorganisasies ontvang besondere bevoegdhede wat deur geen ander samelewingsverband oorgeneem kan word nie (Kinderwet van S.A., 1960:48).

Maatskaplike diensorganisasies het 'n eie, unieke benadering. Maatskaplike werk is volgens Lombaard (1980:17) 'n diens wat "inkom en uitgaan", en wat op 'n diens van hulp om "self te help" dui. Waar toereikende maatskaplike funksionering ten doel gestel word, gaan dit in der waarheid om rolle, 'n rolnetwerk en rolverwagting (Ferreira, 1989:19). Volgens laasgenoemde skrywer kry die rolle betekenis omdat dit wedersydse en wederkerige rolle tussen mense behels.

Aangesien maatskaplike diensorganisasies met die mens se maatskaplike funksionering te doen het waarby die mens in sy totaliteit betrokke is, funksioneer maatskaplike diens-organisasies in al vyftien modaliteite.

4.3.2.5 Gevolgtrekking

Maatskaplike diensorganisasies lewer op professionele vlak

hulp aan 'n medemens in nood op hulle bepaalde kompetensie-terrein. Maatskaplike diensorganisasies het deur hulle maatskaplike dienste met die mens se groei en ontwikkeling te doen, aangesien hierdie funksies in die tydelike lewe nooit tot voltooiing kom nie (Ferreira, 1989:19). Maatskaplike dienslewering is met die opvoeding vervleg vanweë die gemeenskaplike betrokkenheid by die ontwikkelende kind. Maatskaplike werkers word met besondere magte beklee ingevolge die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983, waardeur hulle, waar nodig, in die persoonlike lewe van hulpbehoewende kinders kan ingryp. Hierdeur kan maatskaplike werkers volwaardige vennote in die opvoeding van die kind wees op voorwaarde dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring eerbiedig word. Die implikasie van maatskaplike werkers as funksionarisse van maatskaplike diensorganisasies, se betrokkenheid by die opvoeding is dat hulle ook 'n bydraende rol in die kind se geslagsopvoeding kan vervul. Die toenemend komplekse samelewing stel steeds groter eise aan die opvoeding wat veral betreffende geslagsopvoeding merkbaar word (vgl. paragraaf 4.3.2.1). Toenemende samewerking tussen maatskaplike dienste en die onderwysprofessie blyk noodsaaklik te wees, veral met die oog op ouerbegeleiding en hulpverlening.

4.3.3. Mediese diensorganisasies

4.3.3.1 Inleidende opmerkings

Onder hierdie samelewingsverband ressorteer alle mediese instansies wat deur 'n verskeidenheid kundiges behartig word. Fisiese siekte sal 'n kind se opvoeding benadeel. Doeltreffende gesondheidsonderrig kan voorkomend vir siektes wees (Van Schalkwyk, 1986:231). Die huidige problematiek in die mediese wêreld betreffende geslagsiektes noodsaak samewerking tussen mediese dienste en opvoeders om deur die beskikbaarstelling van mediese kennis belangrike voorkomings-dienste te lewer. VIGS byvoorbeeld, word beskryf as die "universeel dodelikste" siekte (Hancock, 1986:21) en word deur die mediese wetenskap as 'n haas onoplosbare probleem beskou. 'n Beroep op die opvoedingsprofessie om by wyse van opvoedingsprogramme hierdie siekte die hoof te probeer bied, toon die interafhanklikheid van verskillende samelewings-verbande aan wat met die versorging van die mens te doen het (Robertson, 1987:85; Searle, 1987:341).

Wat geslagsopvoeding betref, word die aandag hoofsaaklik op genees- en verpleegkundiges as funksionarisse van die

onderskeie mediese instansies gevestig. Hierdie persone hou hulle hoofsaaklik besig met die mens se liggaamsfunksies. Hieronder ressorteer sake soos liggaamlike ontwikkeling, voortplanting en algemene gesondheid. Noukeurige kontrolering van 'n kind se liggaamlike ontwikkeling en die voorsiening van toereikende mediese versorging is onontbeerlik vir goeie algemene ontwikkeling. Goeie gesondheidsorg verhoog die mens se lewensgehalte en dit is noodsaaklik vir sosio-ekonomiese ontwikkeling (Searle, 1987:341).

Daar het in die afgelope jare geweldige vooruitgang op mediese gebied plaasgevind. Mediese vooruitgang was soms so snel dat die mens nie altyd die vooruitgang kon verwerk nie. Surrogaat moederskap en in vitro-bevrugting is aangeleenthede waaroor daar op etiese en juridiese gebied heelwat onsekerheid bestaan (Barker, 1980:132). In die lig van die veranderinge het die besef ontstaan dat wetgewing, wanneer nodig, gewysig moet word om te voorsien in die besondere behoeftes rakende sake soos vaderskap, erfopvolging en dergelike (Steyn & Breedt, 1978:291). Die toename in genetiese kennis het tot die verklaring en oplossing van talle probleme gelei. Ook vir geslagsopvoeding het die mediese vooruitgang groot betekenis, aangesien die leerinhoude met betrekking tot die mens se geslagtelikheid meer uitgebreid raak.

Puberteit word dikwels deur beide opvoeders en kinders as 'n uiters moeilike tyd beleef weens die groot liggaamlike veranderinge wat daar in die kind se lewe intree en die daarmee gepaardgaande seksuele rypwording wat vir die kind 'n totaal nuwe ervaring is waaraan hy nog gewoond moet raak (Llewellyn-Jones, 1981,43; Petropulos, 1986:3). In 'n klimaat waar die aandag op wetenskaplike presisie val en waar daar van die kind verwag word om leergierig te wees, kan daar verwag word dat opvoeders mag voel dat hulle tekort skiet aan kennis en dat slegs diegene met 'n gespesialiseerde geneeskundige agtergrond bevoeg is om doeltreffende geslagsopvoeding te voorsien.

4.3.3.2 Mediese diensorganisasies en die wet van God

Die Christen glo dat die mens as eenheid deur God geskape is, na sy beeld en gelykenis, geformeer uit die aarde en met besondere seksuele en genetiese eienskappe as gawes van God (Taljaard, 1986:18). Die mens moet oor die aarde heers en dit beheers, tot eer van God; dit geld ook vir sy eie liggaam. Deur gehoorsaamheid aan God se wet moet die liggaam

soos 'n tempel van God, gerespekteer en geheilig word. As gebroke mens sal hy trag om die lewe te bewaar deur siektes te bestry en gesondheid te bevorder.

4.3.3.3 Mediese diensorganisasies as sekondêre samelewingsverbande

Mediese dienste, soos uitgevoer deur funksionarisse uit verskeie mediese dissiplines, dui op hulpverlening van hoofsaaklik biologiese aard aan mense deur mense. Weens die omvangrykheid van mediese dienslewering wat betref die aard van die hulpverlening en die veelvuldige verskillende mediese dissiplines wat daar as gevolg van die vooruitgang op mediese gebied ontstaan het, is dit alreeds moontlik om na mediese dienste as "'n" samelewingsverband te verwys. Mediese dienste het ontstaan as gevolg van die mens se gebrokenheid waardeur hy die prooi van siekte en dood geword het. Mediese dienste behels verskeie funksies, byvoorbeeld geneeskundige, behandelende, versorgende, terapeutiese en voorligtingsdienste. Laasgenoemde vorm die vervlegtingsmoment met geslagsopvoeding.

4.3.3.4 Die struktuur van mediese diensorganisasies

Mediese diensorganisasies word deur verskeie professionele dissiplines verteenwoordig, elkeen met sy eie spesialiserings- en kompetensiegebied. Mediese diensorganisasies openbaar al die struktuurmomente van die werklikheid.

Die religieuse faset van mediese diensorganisasies kan anastaties of apostaties gerig word. Mediese ingrepe soos aborsies, asook die duur van mediese behandeling, word deur die geneeskundige se hartsgerigtheid gerig. Die Christen sal uit eerbied vir menslike lewe alles in sy vermoë doen om lewe in gehoorsaamheid aan die sesde gebod te beskerm.

Mediese diensorganisasies is tydsgebonde. Behandelings begin en word afgesluit.

Mediese dienste openbaar al vyftien modale aspekte van die werklikheid. Die fundering is in die historiese geleë en die bestemmingsfunksie in die biotiese. Die individuele faset word geopenbaar deur die mediese diensorganisasies se unieke aard en werkwyse en vanweë die feit dat dit deur geen ander diensorganisasies gelewer kan word nie.

4.3.3.5 Gevolgtrekking

Mediese dienste het belang by die kind se liggaamlike ontwikkeling en algemene gesondheidstoestand en beoog die voorkoming van siektes wat die kind se welsyn kan benadeel. In hierdie opsig is vennootskap tussen mediese dienste en opvoeders noodsaaklik.

Ter wille van ordelike samewerking tussen verskillende samelewingsverbande is die handhawing van die beginsel van soewereiniteit in eie kring noodsaaklik. Hierdie beginsel is veral van belang vir geslagsopvoeding waar die opvoeder op die kennis van die geneeskunde staatmaak om die kind die noodsaaklike geslagskennis te kan meedeel. Vanuit opvoedingsperspektief kan die vraag egter gestel word of 'n kind se biologiese vrae inderdaad op biologiese antwoorde gerig is en of daar in der waarheid nie meer mee bedoel word nie, wat impliseer dat die kind behoefte het aan meer omvattende antwoorde in teenstelling met die kliniese soort antwoorde wat kinders dikwels kry (Ketterman, 1984:64). Die praktyk "to tell it like it is" (Petropulos, 1986:4) voorsien nie altyd in die kind se opvoedingsbehoeftes nie. Aanvullende opvoedingshandelinge is dikwels nodig om te verseker dat daar inderdaad van ware geslags*opvoeding* sprake is. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die opvoeder vanweë sy normgerigte opvoedingshandelinge vir die hantering van die mediese aspekte van geslagsopvoeding verantwoordelik behoort te wees. Samewerking met mediese dienste moet egter bevorder word, veral waar dit om die spesifieke geneeskundige behandeling van 'n leerling gaan wat byvoorbeeld aan 'n seksueel oordraagbare siekte ly, of in die geval van tienerswangerskap of enige geval waar mediese hulp nodig is.

4.3.4 Die kerk

4.3.4.1 Inleidende opmerkings

Die mens is in sy diepste wese 'n religieuse wese (Van der Walt, 1983:3). Die Christen glo dat die mens 'n wese is met 'n verganklike liggaam en 'n onsterflike siel (Taljaard, 1976:170). Opvoeding is in wese hartsvorming wat aan die opvoeder toevertrou word (Van der Walt, 1983:14). Hartsvorming beteken dat die mens toegerus word met 'n lewens- en wêreldbeskouing wat normatief van aard is (Van der Walt, 1983:14). Laasgenoemde skrywer wys daarop dat die mens se hartstoerusting saamgestel word uit, onder andere, 'n visie oor God, kennis van die Skrif, Skriflig en Skrifperspektiewe

(Van der Walt, 1983:12).

Vir die Christenopvoeder beklee die kerk 'n besondere plek. Die kerk is instrument van God om die mens omtrent God te onderrig. Uit die Skrif ontvang die mens die riglyne vir sy daaglikse lewe. Vanuit hierdie perspektief leer die kind die religieus-etiese norme rondom seksualiteit en leer hy seksualiteit as skeppingsdaad van God ken. Slegs deur die Woord van God kan die kind die weg na ware liefde leer ken.

Die Skrif leer dat daar ten spyte van die groot gevare rondom seksualiteit tog 'n bevrydende boodskap oor seksualiteit bestaan. Skrifbeginsels bied antwoorde op vrae oor seksuele gedrag. Daar is duidelike riglyne oor ongeoorloofde vorme van seksuele gedrag en onsedelikheid (Van der Merwe, 1986:15). Ander vraagstukke soos homoseksualiteit, sodomie, naaktheid, prostitusie, vrye geslagsomgang, losbandigheid en alle vorme van seksuele onbeheerstheid word in die Skrif behandel (Van der Merwe, 1986:20, 35). Seksualiteit as skepping van God kan slegs binne die raamwerk van die Heilige Skrif waardeer en begryp word. Vir die geslagsopvoeder is die kerk 'n kragtige bondgenoot, aangesien sy arbeidsfeer so wyd is dat dit verskillende terreine van opvoeding soos die huisgesin en die skool kan insluit (Schutte, 1983:66).

4.3.4.2 Die kerk en die wet van God

Die Christen bely dat die kerk deur God self ingestel is. Deur die kerk word Woord en sakrament verkondig en bedien (Taljaard, 1976:239). Deur Woordverkondiging openbaar God Homself en Sy wet. God se liefde vir die mens word beliggaam in die kerk as bruid van Christus.

4.3.4.3 Die struktuur van die kerk

Die kerk word deur Van der Westhuizen (1985:117) beskryf as 'n institutêre samelewingsverband wat tewens 'n Goddelike instelling is. Die kerk se besonderheid lê daarin dat dit beide 'n geloofs- en verbondsgemeenskap is en dat dit die enigste van al die samelewingsverbande is wat "die liggaam" van Christus is. Hierin is die *uniekheid* van die kerk geleë.

Die kerk het deel aan al vyftien modale aspekte van die werklikheid. Die pistiese modaliteit van die kerk word in sy funksionering vergestalt in sy besondere taak as verkondiger van die Woord (Taljaard, 1976:239). Die kerk se deelname en betrokkenheid by die opvoeding word duidelik deur sy sigbare

verskyning op aarde. Landwehr (1929:7) het dit dekades gelede alreeds verduidelik deur daarop te wys dat die kerk sigbaar is in die gelowiges in wie se woorde en wandel die Skriftuurlike norme geopenbaar word.

4.3.4.4 Gevolgtrekking

Die kerk het net soos die staat, die gesin en die skool 'n toerustende taak (Van der Westhuizen, 1985:117). Verder dra die kerk by tot die kind se weerbaarmaking teen vreemde invloede (Jacobs, 1987:35). Tog is daar verskeie aspekte rakende die kerk wat moontlike gevare vir die opvoeding mag inhou en waarvan die opvoeder kennis moet neem. Dit kom voor waar Skrifgesag soms onderwerp word aan partikuliere kerklike leringe. Nie alleen oortree die kerk daardeur sy eie kompetensieterrein nie, maar God se absolute soewereiniteit word ook daardeur in die gedrang gebring. Die kerk is egter ook die prooi van die sonde en die daarmee gepaardgaande verwarring, leuens en dwaalleer. Verwarring kan by kinders geskep word deur kontrasterende leerinhoude aan hulle voor te hou, soos byvoorbeeld die leer oor die selibaat in die Rooms-katolieke kerk. Ook wat betref die geslagsrol is daar geen kerklike eensgesindheid nie. Daar bestaan byvoorbeeld ernstige kommer oor die Gereformeerde kerke in Nederland se volgehoue afwykende Skrifbeskouing van homoseksualisme (Helberg, 1988:3). Wat betref die verskillende kerklike ampte en die geslag van die amptenaar, is die laaste woord nog nie gespreek nie. Die soeklig word toenemend op die mens as seksuele wese geplaas en duidelike Skrifperspektief is noodsaaklik om die problematiek in hierdie verband op te los. Vir die geslagsopvoeder is dit moeilik om te midde van uiteenlopende opvattings steeds 'n duidelik omlynde Skriftuurlike perspektief met betrekking tot seksualiteit te gee.

In 'n apostatiese opvoedingsklimaat bestaan die moontlikheid dat daar hoegenaamd geen kerklike invloed op die opvoedingsterrein bestaan nie en dat die positiewe riglyne van die Skrif geen bestaansreg gegee word nie. Kerkloosheid en -losheid neem onrusbarend toe, veral in groot metropolitaanse gebiede. Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika se spreekbuis, *Die Kerkblad* (Anon,1986:36), meld dat die wêreldbevolking van 'erkende ateïste' op ongeveer 197 miljoen staan en dat die getal jaarliks met sowat 8,5 miljoen groei (1986:36).

4.3.5 Die skool en sy opvoedende onderwystaak

4.3.5.1 Inleidende opmerkings

Gesinsvoorligting, met geslagsopvoeding as komponent daarvan, is tans 'n skoolse aktiwiteit. Waar geslagsopvoeding primêr die taak van die ouer is (vgl. paragraaf 4.2.2.4) en nou gedeeltelik deur die skool uitgevoer word, is dit noodsaaklik om die skool as opvoedingstruktuur en samelewingsverband te ondersoek. Die vraag mag ontstaan of die skool bevoeg is om geslagsopvoeding te hanteer en of die verantwoordelikheid daarvoor aan die skool oorgedra kan word. Volgens Kriegler (1987:60) moet die tradisionele opvatting dat die ouer uitsluitlik verantwoordelik is vir die kind se geslagsopvoeding, herwaardeer word. Die skoolopvoeder se kompetensieterrein en juridiese posisie is van die aspekte wat nadere besinning vereis.

4.3.5.2 Die wet van God en die skool

Schoeman (1979:112) toon aan dat die skool ook 'n instelling van God is en dat alle skole onder alle omstandighede dieselfde strukturele eienskappe vertoon, sodat dit aanspraak kan maak op eie soewereiniteit en bevoegdheid. Verder voeg hy by dat die mens in sy kultuuropdrag tot skoolvorming oorgaan om die kind se moontlikhede tot ontsluiting te bring.

4.3.5.3 Die skool as sekondêre samelewingsverband

Die skool word deur die mens gestig en is daarom geen primêre samelewingsverband nie. Die skool is daar om kultuuroordrag moontlik te maak waardeur dit 'n eie kompetensieterrein verkry (vgl. Du Toit, 1986:247). Op grond van die skool se eie bevoegdheidsterrein verklaar Schoeman (1979:112) dat die skool nie 'n verlengstuk van die huis is nie. Geslags-opvoeding op skool kan daarom ook nie 'n blote voortsetting van die geslagsopvoeding tuis wees nie, maar sal vanuit die skool se eie kompetensieterrein toegepas word. Louw (1987:39-40) daarenteë beskou die skool, en meer besonder die skoolopvoeder, wel as die verlengstuk van die huis. Hy grond sy stelling op die volvoering van die onderrig wat in die gesin begin het en, in die plek van die ouer, deur die skool onderneem word. Tog moet daar met Schoeman saamgestem word dat die skool 'n sekondêre samelewingsverband is. Van Wyk (1987:40) meen ook so deur te sê dat die skoolopvoeder oor sowel gedelegeerde as oorspronklike gesag beskik. Die Christen glo egter dat die mens steeds rekenskap aan God

verskuldig is, omdat alle gesag verleende gesag is.

4.3.5.4 Die struktuur van die skool

Al vier die struktuurmomente van die werklikheid word deur die skool openbaar.

Die **religieuse faset** van die skool word deur Davis (1986:37) raakgesien. Hy voer aan dat dit vir geen skool moontlik is om die gees en rigting van sy grondmotief te verberg nie. Skole kan religieus op God of op 'n afgod gerig wees. Taljaard (1976:248) wys daarop dat die skool se gees en rigting met dié van die ouerhuis moet ooreenstem, maar dat daar altyd 'n verband sal wees tussen die karakter van die samelewing waaruit die skool voorkom en die skool self (1976:247). Waar skool en ouerhuis religieus nie in dieselfde rigting beweeg nie, raak die kind verward en kan hy ontspoor (Spoelstra, 1980:116). Skool en ouerhuis behoort vanuit hulle onderskeie bevoegdheidsterreine in dieselfde religieuse rigting te beweeg in welke geval dit nie nodig is dat die skool hom van die kind se religieuse vorming hoef te weerhou nie. Schutte (1984:566) glo dat die ouers verwag dat die skool nie hulle kind se religieuse en geloofsvorming sal behartig nie. Geslagsopvoeding is egter gerig op die kind se hartsvorming en kan nie van die religieuse aspek geskei word nie. Daar kan nie sonder meer met Schutte saamgestem word nie, want dit sou meebring dat die skool hom totaal van opvoeding sou moes weerhou en dus by implikasie ook van geslagsopvoeding.

Die skool is **tydsgebonde.** Omdat die skool volgens Taljaard (1976:243) 'n relatiewe kort bestaan het, bestaan dit gevolglik nog nie as 'n vry en unieke gemeenskap nie en word die skool totaal deur die staat omsluit. Die skool word deur tyd georden in tydseenhede van periodes, kwartale, ens. Die skool moet ook rekening hou met die eise van die tyd wat veral merkbaar word in geslagsopvoeding, waar die uitbreek van gevaarlike siektes soos VIGS vra om nuwe strategieë. Die vraag ontstaan na wat die skool se missie in die huidige tydsgewrig moet wees. Die oplossing vir tipies eietydse probleme, soos seksuele losbandigheid en kindermolestering, word toenemend in die skool as samelewingsverband gesoek (Robertson, 1987:85).

Skoolstigting vind plaas sodat die mens sy kultuurtaak kan uitvoer (Schoeman, 1979:112). Skoolstigting kan daarom as kultuurvorming beskou word. Die skool se funderingsfunksie

lê gevolglik in die historiese modaliteit. Die skool het 'n besondere onderrigtaak deur die stig van leersituasies waar kognitiewe, affektiewe en psigo-motoriese vaardighede aan die leerlinge oorgedra word (vgl. Du Toit, 1986:247). Daardeur is die skool se bestemming geleë in die ontsluiting van die logies-analitiese funksie (vgl. Van der Walt & Dekker, 1983:96).

Die skool is 'n samelewingsverband wat van alle ander samelewingsverbande onderskei kan word op grond van sy eie besondere bevoegdheidsterrein waarop hy sy besondere taak uitvoer (vgl. Van Wyk, 1987:40; 1988:6). Die onderwyser is gevolglik met besondere hoedanighede beklee om sy taak te kan uitvoer. Die onderwysreg verleen erkenning aan die amp van die onderwyser en verleen aan hom die ruimte wat nodig is om sy professionele werk doeltreffend te kan verrig. Erkenning van die onderwyser se professionaliteit berus op die hoekstene van professionele opleiding, taakvervulling en gedrag (Van Wyk, 1988:6). Teen hierdie agtergrond van die skool as verantwoordelike en professionele samelewingsverband kan daar verwag word dat geslagsopvoeding insgelyks op professionele en verantwoordelike wyse sal plaasvind.

4.3.5.5 Die opvoedende onderwystaak van die skool

i) Inleidend

Met opvoedende onderwys word daar bedoel dat die kind na sy volle aard en wese ontsluit moet word. Alhoewel die kind 'n totaliteitswese is, beskik hy oor 'n verskeidenheid moontlikhede en vermoëns wat elkeen ontsluit moet word (Van Schalkwyk, 1983:32). Van der Walt (1983:262) bedoel met opvoedende onderwys onder andere ook die ontsluiting van die etiese of behoorlikheidsaspek van die werklikheid en die kind. Die kind moet derhalwe op so 'n wyse onderrig word dat hy in verantwoordelikheid op sy roeping kan antwoord. Onderrig moet op so 'n wyse plaasvind dat die kind gelei word tot beskawingsmondigheid (Venter, 1988:31). As voorwaarde daarvoor wys Van der Walt (1983:262) op die skool se dubbele funksie, naamlik die ontsluiting van veral die kind se logiese en etiese funksies. Hierdie twee aspekte is veral van belang vir geslagsopvoeding, waar die kennisaspek met die etiese aspek saamhang.

Die skool se eiesoortige karakter word in sy onderriggewende taak openbaar (Van Schalkwyk, 1983:31; Van der Walt, 1983:261). Die onderrig is gerig op die onderrigontvangende

as 'n totaliteitswese. Skoolonderwys is derhalwe nie slegs uitsluitlik gerig op ontsluiting van kognitiewe vermoëns nie, maar omsluit die kind se opvoedingsbehoeftes in breë perspektief. Skoolopvoeding is veronderstel om in ware vennootskap by die ouerlike opvoeding aan te sluit, met die bereiking van een gemeenskaplike doelstelling as oogmerk (Schutte, 1984:565; Louw, 1987:39).

Die skool se opvoedende onderwystaak kan beskryf word aan die hand van die vier struktuurmomente van die werklikheid.

ii) Die religieuse faset van skoolse opvoedende onderwys

Kragtens die doopbelofte moet ouers sorg dat hulle kinders se opvoeding tuis en op skool volgens Christelike maatstawwe en waardes plaasvind. Kennisoordrag op skool is ook die verwesenliking van waardes wat òf anastaties, òf apostaties gefundeer kan wees (Du Toit, 1986:247).

Die totstandkoming van die skool vind plaas deur die mens se besluit daartoe. Hierdie stigting word gerig deur die stigter se eie religieuse gerigtheid en verteenwoordig die stigter se hartsgerigtheid. Daaruit kan afgelei word dat die skool as 'n eenheid religieus bepaal word (Taljaard, 1976:245).

iii) Die temporele faset van skoolse opvoedende onderwys

Die opvoedende onderwys van die skool word deur tyd omsluit en bepaal (Postma, 1987:108). Vir geslagsopvoeding is dit belangrik dat die opvoedingshandeling saamhang met, onder andere, die leerling se liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling. Probleme kan ontstaan waar hierdie twee aspekte van ontwikkeling nie met mekaar gesinkroniseer is nie, soos wanneer die menarge byvoorbeeld op 'n baie vroeë stadium plaasvind wanneer die kind die gebeure nie behoorlik kan verwerk nie. Opvoedende onderwys word deur logiese volgorde gekenmerk (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:61). Skoolse opvoedende onderwys het 'n duidelike begin en afsluiting.

Die temporele faset dui ook op benutting van tyd. Geleenthede moet gebruik word en mag nie verlore raak nie. Die Skrif wys die opvoeder daarop dat opvoeding moet plaasvind tydens elke moontlike bruikbare geleentheid. Geslagsopvoeding as skoolse taak moet in die skoolprogram geakkommodeer word. Die vraag ontstaan hoe geslagsopvoeding in 'n reeds

oorbelaaide skoolrooster tot sy reg kan kom.

iv) Die modale faset van skoolse opvoedende onderwys

Skoolse opvoedende onderwys word gekenmerk deur sy funderings- (historiese) en bestemmingsfunksie (logies-analitiese). Geslagsopvoeding vind sy bestemming in die normatiewe aktstruktuur, maar in die besonder in die etiese funksie (liefde). Skoolse opvoedende onderwys funksioneer binne al vyftien modaliteite of wetskringe van die werklikheid.

* *Die pistiese wetskring*

Kennisoordrag op skool is menslike handeling wat tot eer van God verrig moet word en in sy diens moet staan. Kennis dien om vertroue te skep in God self. Deur die verkryging van kennis leer die kind die waarheid ken. Die skool dien as instrument om geldige kennis in die vorm van leerinhoude aan die leerlinge oor te dra.

* *Die etiese wetskring*

Skoolse opvoeding gaan nie net om kennis aangaande die volle werklikheid nie, maar ook om diensbaarheid aan die waarheid deur wetsgehoorsaamheid aan God deur die betoning van onderlinge liefde.

* *Die juridiese wetskring*

Die onderwyser beskik oor spesiale gesag, sowel gedelegeerde as oorspronklike gesag, om sy opvoedingshandeling te kan verrig (Van Wyk, 1987:40). Gesag word uitgeoefen deur die skep en handhawing van orde en die neerlê van reëls om die gladde voortgang van die onderwys te laat vlot. Evaluering van leerlinge moet van regverdigheid en eerlikheid getuig.

* *Die estetiese wetskring*

Die verhouding tussen opvoeders en leerlinge en tussen leerlinge onderling moet, net soos in die huisgesin, van skone harmonie getuig.

* *Die ekonomiese wetskring*

Skoolse onderwys bied die geleentheid om waardes van verskillende aard te leer ken en op te weeg. Mills

(1987:371) toon aan dat dit vir skole onmoontlik is om nie op een of ander wyse 'n bepaalde waardestelsel te vergestalt nie; tewens, die skool se waardebepalende funksie is volgens Mills so sterk dat dit dikwels die enigste bron is waar kinders waardes leer ken. Die skool moet in sy eie handelswyse die beginsels van waarde-afweging ten opsigte van geld en tyd uitleef. Vir geslagsopvoeding is die implikasie dat die mens se geslagtelikheid na waarde geag moet word en nie in 'n blote verbruiksartikel moet verval nie (vgl. Esterhuyse, 1980:32 e.v.).

* *Die sosiale wetskring*

Al die betrokkenes by skoolse opvoeding moet 'n hegte onderlinge band vorm met die oog op doeltreffende onderrig. Omdat die skool 'n sekondêre samelewingsverband is, val die klem hier op die onderlinge saamlewe van belanghebbendes.

* *Die linguale wetskring*

Skoolse opvoedende onderwys maak gebruik van 'n wye verskeidenheid simbole en betekenisse deur woord en media om die kind se logies-analitiese vermoëns te ontsluit. Wat geslagsopvoeding betref, is dit belangrik dat die kind die leerinhoude begryp en geen wanvoorstellings daaromtrent maak deur verkeerde terminologie of voorstellings nie.

* *Die historiese wetskring*

Die skool se funderingsfunksie lê in die historiese modaliteit. Deur skoolstigting en instandhouding gee die mens gehoor aan sy kultuuropdrag. Deur skoolse opvoedende onderwys word kultuur geskep en aan die leerlinge oorgedra.

* *Die logiese wetskring*

Die skool se bestemming is in die logies-analitiese funksie geleë. Die ontsluiting van die kind se kognitiewe vermoëns moet tot eer van God geskied. Optimale geletterdheid is 'n belangrike voorwaarde vir beskawingsvolwassenheid. Ten opsigte van geslagsopvoeding is dit belangrik dat die kind met geslagskennis toegerus word sodat hy met insig en begrip oor sy seksuele lewe kan heers.

* *Die psigiese wetskring*

Die empatiese betrokkenheid van opvoeders by leerlinge is

onontbeerlik vir geslaagde skoolse opvoedende onderwys. As deel van sy skeppingsopdrag moet die mens onderwerp en heers (Taljaard, 1976:183) ook oor sy gevoelslewe. Beheerste optrede deur opvoeders skep geborgenheid by leerlinge. Negatiewe gevoelens van haat en nyd moet bestry word en lojaliteit onder al die betrokkenes is bevorderlik vir geslaagde leerhandelinge.

* *Die oorblywende funksies word verteenwoordig in die biotiese, fisiese, kinematiese, ruimtelike en getals-wetskringe*

Elkeen van bogenoemde wetskringe word in skoolse onderwys verteenwoordig. Geslaagde skoolopvoeding vind byvoorbeeld plaas wanneer geskikte opvoedingsgeriewe en 'n opvoedings-ruimte voorsien word.

Skoolse opvoedende onderwys wil deur kognitiewe ontsluiting as opvoedingshandeling die middel wees om die kind die hoogste moontlike beskawingsvlak te laat bereik. Beskawing dui op ontwikkeling en verfyning (Odendal et al, 1983:83) en het betrekking op die mens in sy totaliteit. Skoolse onderrig is gerig op die kind in sy totaliteit en omsluit al die fasette van sy menswees (Schutte, 1983:63). Opvoedende onderwys moet só wees dat geen een van die kind se menslike funksies, ook nie sy geslagsfunksie, verabsoluteer word nie.

v) Die individuele faset van skoolse opvoedende onderwys

Die skool openbaar 'n eie unieke struktuur waardeur dit van alle ander samelewingsverbande onderskei kan word. Op grond van die beginsel van *soewereiniteit in eie kring* beskik die skool oor bepaalde bevoegdhede wat nie oordraagbaar is of deur ander samelewingsverbande oorgeneem kan word nie. Vanweë sy opvoedende funksie is die skool 'n middel tot opvoeding waardeur beskawingsvolwassenheid moontlik gemaak word. Deur die skool se unieke wyse van kennisoordrag word waardes verwesenlik. Waardes se besondere belang lê daarin dat dit 'n dissiplinerende, rigtinggewende invloed op die individu en die samelewing se lewenswyse het (Du Toit, 1986:247). In hierdie opsig verrig die skool as samelewings-verband 'n unieke funksie.

4.3.5.6. Implikasies van skoolse opvoedende onderwys vir geslagsopvoeding

Die skool is 'n unieke samelewingsverband wat deur die mens

voortgebring is en in eie reg bestaan. Die skoolopvoeder beklee 'n besondere amp deur sy professionele toerusting en taak wat hy op 'n professionele wyse deur professionele gedrag moet vergestalt (Van Wyk, 1988:6). Geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting vind gevolglik op 'n eie, unieke wyse in die skool plaas wat betref leerinhoude en leeraanbieding. Die klem val deurgaans op die opvoedende aspek van die onderrig, aangesien dit maklik kan gebeur dat daar 'n klemverskuiwing ten gunste van ander nie-opvoedkundige doelstellings kan plaasvind (Bredenkamp, 1988a). Ook Stone (1988:23) spreek hom sterk uit ten opsigte van die skool se opvoedingstaak in 'n tyd waar die skool se missie opnuut onder die soeklig geplaas en bevraagteken word. Hierdie bevraagtekening vind veral ten opsigte van geslags-opvoeding plaas, wat vreemd mag voorkom, aangesien vele eietydse probleme met die mens se seksuele lewe verband hou.

4.3.5.7. Die skool as betrokkene by geslagsopvoeding

In 'n hoogs ontwikkelde samelewing is dit noodsaaklik dat die skool tred hou met ontwikkeling en verandering sonder om sy opvoedende funksie in te boet. Geslagsopvoeding het om verskeie redes 'n noodsaaklike skoolse opvoedingshandeling geword. Dit beteken nie dat die skool die ouer se taak oorneem of as plaasvervangende ouer wil optree nie (De Beer, 1987:63).

Sosio-ekonomiese, gesins- en ander faktore asook veranderinge en waardeverskuiwings het veroorsaak dat geslagsopvoeding nie meer uitsluitlik in die ouerhuis kan plaasvind nie. Ook is die huisgesin beperk wat vermoëns betref (Eloff, 1985:40). Tog is dit belangrik dat die ouer altyd die verantwoordelikheid vir die opvoeding, dus ook geslagsopvoeding, moet dra (Niemann, 1986:57). Volgens De Beer (1987:63) behoort onderwerpe soos geslagsiektes in die openheid van die huisgesin bespreek behoort te word en ontstaan die vraag of sulke kontensieuse onderwerpe hoegenaamd in die klaskamer tuishoort. Verder moet daar in ag geneem word dat die gemeenskap, wat dikwels as konserwatief en selftevrede voorkom, alle vorme van geslagsopvoeding op skool verwerp deur aan te voer dat dit slegs in die ouerhuis tuishoort (Pretorius, 1987:60). Hierdie stelling strook egter nie met die behoeftes van die gemeenskap nie, aangesien die skool telkens as werktuig ingespan word om aan haas elke denkbare probleem in die samelewing aandag te gee.

4.3.5.8. Die skool as gedelegeerde opvoeder

Die doopbelofte hou die moontlikheid in dat die ouer sekere aspekte van die opvoeding deur ander mag laat behartig (Doopsformulier, 1976:607). Die voorwaarde is egter dat dit in dieselfde gees en rigting as ouerlike opvoeding sal geskied, maar veral so dat dit binne die kader van die doopsbelofte val.

4.3.5.9. Die skool se beperkings met betrekking tot geslagsopvoeding

Die skool het sy eie unieke kompetensieterrein waarbinne geslagsopvoeding plaasvind. Weens die gebrokenheid in die skepping en die gevolglike onvolmaaktheid en tekortkominge van alle menslike handelinge, volg dit dat die skool ook noodwendig aan tekortkominge mank sal gaan. Waar skoolse opvoeding hoofsaaklik 'n onderwysende aard vertoon, volg dit dat die skool eintlik op geslagsonderwys, dit wil sê, op die onderrig van die kennisaspek van geslagtelikheid, sal fokus en laasgenoemde moet dan tot die opvoeding van die kinders aangewend word. Wat skoolse geslagsopvoeding betref, word die volgende faktore uitgelig:

* *Die liefdesfaktor*

Die besondere en eksklusiewe liefdesband tussen huisgenote is enig in sy soort en word gegrond op bande van bloed en trou (Eloff, 1985:39). (Vgl. par. 4.2.3.4.) Die skool kan nie op dieselfde liefdesband aanspraak maak nie. Geslagsopvoeding op skool moet noodgedwonge op 'n meer onpersoonlike basis plaasvind.

* *Die formaliteitsfaktor*

Die skoolsituasie is gewoonlik klassikaal en formeel van aard. Daardeur gaan daar 'n groot mate van individualiteit en persoonlike interaksie tussen opvoeder en leerling verlore (Brophy & Good, 1974:3). Laasgenoemde skrywers wys daarop dat kinders se gedrag in klasverband heel anders daar uitsien as daarbuite. Verder beweer hierdie skrywers dat die hantering van 'n klas die opvoeder onder spanning en druk plaas. As daarby gevoeg word dat opvoeders hulle moeilik kan losmaak van hulle eie gevoelens van skaamte (Van der Merwe, 1979:32), is dit te begrype dat geslagsopvoeding maklik in 'n onnatuurlike, gespanne situasie kan ontaard. Dit word gesê ten spyte van kinders se oënskynlike groter vrymoedigheid om

met vreemdes oor sensitiewe sake te praat (Van der Merwe, 1979:22).

* *Die ontwikkelingsfaktor*

Kinders se ontwikkeling toon groot individuele verskille wat veral by die bereiking van puberteit merkbaar word (Petropulos, 1986:7). As gevolg van die verskillende stadia van ontwikkeling sal puberteit deur elke kind volgens sy eie ontwikkelingstand ervaar en belewe word. Van der Merwe (1979:22) waarsku teen die kind se onvermoë om sekere aspekte van geslagsopvoeding te hanteer voordat die geskikte ontwikkelingstand bereik is. Die geslagsopvoedingsprogram moet gevolglik rekening hou met kinders se ontwikkelingsverskille.

* *Die leerinhoudsfaktor*

Kinders verskil wat betref hulle verstandelike en emosionele vermoëns (Dumont, 1980:31). Waar die een kind 'n sekere aspek van geslagsopvoeding klaarblyklik bloot vir kennisname aanvaar, is dit moontlik dat dieselfde inhoud 'n hewige skok of verleentheid by 'n ander teweeg kan bring (Van der Merwe, 1979:22).

Die kind se voorkennis moet in ag geneem word (Van der Stoep, 1978:219). Dit is moeilik om die kind se voorkennis van geslagtelikheid in die skoolsituasie vas te stel, hoofsaaklik weens die persoonlike en sensitiewe aard van die leerinhoud.

* *Die struktuurfaktor*

Skoolonderrig moet voldoen aan bepaalde didaktiese vereistes (Van der Stoep, 1978:54). Skoollesse word gebind aan 'n skoolrooster wat op sy beurt moet voldoen aan talle voorskrifte en riglyne (Van der Stoep & Louw, 1978:115). Leerinhoude kan nie op toevallige en spontane wyse oorgedra word nie. Geslagsopvoeding is egter so persoonlik van aard dat dit nouliks in formele lesse gestruktureer kan word.

* *Die lewens- en wêreldbeskouingsfaktor*

Die skool sal in breë trekke die lewens- en wêreldbeskouing van die gemeenskap vertolk. Daar word verwag dat die skool die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge sal eerbiedig (Van Wyk, 1981:114). Tog het die skool 'n dwingende invloed wat hom veral op kulturele gebied laat geld

(Garbers, 1972:13). Botsende lewens- en wêreldbeskouings tussen die skool en die gesin is nie uitgesluit nie; veral op die terrein van seksuele vryheid bestaan daar in die eietydse samelewing uiteenlopende opvattings.

* *Die verhoudingsfaktor*

Opvoeders se professionele optrede word deur 'n professionele kode gerig (Van Wyk, 1981:70). Daar kan egter nie van elke opvoeder verwag word om uit hoofde van sy professionele verbintenis geskik te wees om as geslaagde geslagsopvoeder te funksioneer nie (Van der Merwe, 1979:22). Probleme kan ontstaan weens die geslag, ouderdom, huwelikstaat, opleiding of selfs die mate van emosionele rypheid van die opvoeder (Bongers, 1980:65).

4.3.5.10. Die skool as behoeftevervuller van die kind

'n Studie deur Poole (1984:449) het aangetoon dat kinders die tradisionele skool goed aanvaar, maar dat hulle behoefte aan dissipline groter differensiasie met betrekking tot hulle ontwikkelingsfase noodsaak. Leerlinge openbaar 'n groot behoefte aan orde en dissipline, maar sonder dwang of onbuigbaarheid (Poole, 1984:450). Kinders openbaar ook 'n behoefte aan interaksie en kommunikasie met hulle onderwysers. Opvallend is hulle begeerte om soos volwassenes behandel te word en hulle hunkering om eie verantwoordelikheid te aanvaar. Alles dui daarop dat kinders op 'n vroeë ouderdom 'n hunkering na volwasse status het (Poole, 1984:457). Hierdie behoefte kan deur die geslagsopvoeder aangegryp word, aangesien dit in geslagsopvoeding juis in 'n groot mate om verantwoordelike besluitneming gaan.

4.3.5.11. Die waarde van geslagsopvoeding op skool

Opvoeders vra hulleself gedurig af of hulle werklik in staat is om hulle doelwitte te bereik. Veral ten opsigte van geslagsopvoeding heers daar onsekerheid, aangesien daar soms gevrees word dat geslagsopvoeding juis 'n aweregse invloed op die kind kan hê (Le Roux, 1977:19). Navorsing het egter aangetoon dat geslagsopvoeding jongmense se seksuele gedrag nie ten gunste van losbandigheid beïnvloed nie, trouens, seksuele gedrag is op sigself maar in 'n geringe mate deur geslagsopvoeding beïnvloed (Klein *et al*, 1984:805). Beter kennis en insig oor seksualiteit word deur bogenoemde skrywers gerapporteer (Klein *et al*, 1984:807), maar die

eties-morele aspekte van geslagtelikheid is in hierdie navorsing nie beklemtoon nie. Dit laat die vraag na die waarde van geslagsopvoeding ontstaan.

Uit navorsing deur Farrow en Schroeder (1984:817) blyk dat jeugdiges met 'n kriminele rekord te midde van hulle seksuele aktiwiteite en selfs totaal onaanvaarbare sosiale gedrag geen kennis van geboortereëling of geslagsiektes gehad het nie. Dikwels was hulle bloot die produkte van prostitusie, seksuele aanrandings en dergelike negatiewe verskynsels. By dié kinders was daar 'n totale afwesigheid aan 'n norm- of waardestelsel. Bongers (1980:66) staan skepties teenoor geslagsopvoeding. Hy meld dat daar in Sjina geen skoolse geslagsopvoeding bestaan nie en dat daar minder simptome van onverantwoordelike geslagtelike optredes in Sjina is as in enige ander land. Hy is verder van mening dat daar nog geen afdoende bewys is dat geslagsopvoeding in oorsese lande suksesvol was nie. Dryfoos (1985:13) meld dat gesaghebbende voorligting wat deur skole aangebied kan word, die antwoord bied op die talle seksuele vraagstukke waarmee die eietydse samelewing te kampe het. Die bewering is gemaak na aanleiding van die talle persone wat seksueel aktief is sonder dat hulle oor basiese kennis van geboortereëling beskik. Geslagskennis as sodanig bied volgens Howard (1985:271) geen oplossing vir die problem van seksuele aktiwiteit onder jeugdiges nie. Roche (1986:109) wys op die teenstrydigheid in jong mense se opvatting oor sogenaamde fatsoenlike seksuele gedrag en hulle werklike seksuele gedrag. Dit lei tot die gevplgtrekking dat hulle persepsie van fatsoenlikheid in 'n groot mate 'n ideaal is wat nie in die werklikheid kan bestaan nie. Wanneer hierdie inligting afgeweeg word teen Jorgensen en Sonstegard (1984:46) se bevinding dat vroulike adolessente se seksuele gedrag deur hulle normatiewe oortuigings gerig word, is dit duidelik dat geslagsopvoeding hom moet toespits op die normerende begeleiding van die kind.

Dat die skool hier 'n besondere funksie kan vervul, word duidelik uit Du Toit (1986:247) se standpunt dat die skool hom besig hou met noodsaaklike geselekteerde kennisoordrag. Volgens hom is die leerervaring 'n waarderende ervaring en hy kom tot die slotsom dat kennisoordrag dus ook die verwesenliking van waardes inhou. Dit is in die vorming van norme en waardes waar die waarde van geslagsopvoeding op skool lê. Jordaan (1988:9) is egter bevrees dat "gehoorsaamheidsafrigting", wat tipies vir skoolse onderwys is, die ontwikkeling van die kind se vermoë om morele

besluite te kan neem, belemmer. Die kind moet volgens Jordaan (1988:10) geleer word om morele keuses te kan doen wanneer hy in die eietydse verbruikersklimaat voor 'n probleem te staan kom wat met die omgewingsdruk bots. Geslagsopvoeding op skool moet gevolglik as normerende begeleiding plaasvind.

Geslagsopvoeding kan van besondere waarde wees in die etiesmorele ontwikkeling van die kind. Deur toereikende geslagsopvoeding kan onaanvaarbare seksuele gedrag onder jeugdiges voorkom word. Geslagsopvoeding kan ook 'n besondere rol speel in die kind se geslagsrolidentifikasie. Die eietydse samelewing beleef 'n ernstige geslagsrolverwarring wat 'n moontlike negatiewe invloed op die kind se persepsie van geslagtelikheid mag hê. Hierdie aangeleentheid sal in 'n afsonderlike hoofstuk (vgl. hfst.8) ondersoek word.

4.4. Samevatting

Die ondersoek na 'n aantal samelewingsverbande wat met die kind se geslagsopvoeding gemoeid kan wees, het die volgende aan die lig gebring:

God regeer oor die skepping deur sy wet, waardeur ordelike bestaan moontlik gemaak word. Alle samelewingsverbande moet op geordende wyse hulle taak op aarde uitvoer.

Geslagsopvoeding is kompleks van aard en daarom kan verskeie samelewingsverbande vanuit hulle onderskeie kompetensieterreine 'n nuttige bydrae lewer. Op grond van die beginsel van **universaliteit in eie kring** is daar gemeenskaplike raakpunte of vervlegting tussen samelewingsverbande, soos blyk uit elkeen se onderskeie noodsaaklike betrokkenheid by geslagsopvoeding.

Elke samelewingsverband word getipeer deur 'n eie bouplan of struktuur. Die een kan nie die ander wees nie. Samelewingsverbande word religieus gebind en gerig en is aan tyd gebonde. Die verskillende struktuurmomente van die onderskeie samelewingsverbande is uitgelig wat betref hulle religieuse, temporele, modale en individuele fasette.

Die huwelik is die terrein waarvandaan gesinslewe gerig word. Geslagsopvoeding gee besondere aandag aan die huwelik wat betref sy oorsprong (fundering), sy struktuur en bestemming (vgl. par. 4.2.2.3).

Vir geslaagde geslagsopvoeding is samewerking tussen die onderskeie samelewingsverbande noodsaaklik, veral tussen ouerhuis en skool. Elke samelewingsverband het egter sy eie kompetensieterrein wat nie deur ander verbande oortree mag word nie.

In die volgende hoofstuk word die aandag na die etiese-sedelike grondslae van geslagsopvoeding verskuif en word daar enkele behorensvrae rondom geslagsopvoeding ondersoek.

5. 'n ETIES-SEDELIKE PERSPEKTIEF OP GESLAGSOPVOEDING

5.1 Inleiding

Geslagsopvoeding as eties-sedelike handeling is in die eerste plek 'n vraag na die bestaan van die eties-sedelike as sodanig en tweedens na waar die eties-sedelike aangetref word. Met duidelikheid oor die betekenis van die eties-sedelike kan die opvoedingshandeling vanuit eties-sedelike perspektief ondersoek word, waarna daar gepoog kan word om enkele riglyne ten opsigte van geslagsopvoeding in engere sin en gesinsvoorligting in breë sin neer te lê. Beide die terme eties en sedelik word verderaan gebruik sonder 'n bepaalde voorkeur vir die een of die ander. Die terme word gebruik soos wat hulle in die literatuur deur die outeurs self gebruik is.

5.2 Vraagstukke rondom gesinsvoorligting en geslagsopvoeding as eties-sedelike opvoedingsaangeleentheid

Die implementering van gesinsvoorligting het ernstige vraagstukke na vore gebring betreffende die sedelike aspek van hierdie opvoedingsaangeleentheid. Die vraag of gesinsvoorligting, en meer in die besonder geslagsopvoeding, eties verantwoordbaar is, moet dringend beantwoord word. Daar is, onder andere, aangevoer dat gesinsvoorligting in sy geheel as onwenslik beskou moet word en daarom nie op skool behoort plaas te vind nie (vgl. C.O.V., 1989:3). Ander huldig die mening dat gesinsvoorligting oor sensitiewe, persoonlike sake handel, of dit insluit, en daarom nie sonder bepaalde voorbehoude aangebied mag word nie. Hierdie voorbehoude het betrekking op die persoon van die opvoeder, asook op bepaalde leerinhoude (vgl. sillabus vir Gesinsvoorligting, TOD 1989). Daarvolgens word sekere leerinhoude gereserveer vir gesinsvoorligters wat met spesiale toestemming van die ouers oor bepaalde "sensitiewe" onderwerpe met leerlinge mag praat. Deur die etikettering van sommige leerinhoude as "sensitief" bestaan die gevaar dat ander leerinhoude wat nie as sodanig geklassifiseer is nie, deur ander, "minder spesiale" persone gehanteer moet word. Daar moet onthou word dat deur so 'n kunsmatige etikettering van "meer" en "minder", of "nie-sensitief" of "wel-sensitief" die gevaar geskep word dat seksualiteit as leerinhoud versnipper kan word, waardeur sommige dele van die leerinhoud in 'n kleed van geheimhouding gehul kan word. Sulke optrede dui op versluiering en nie op die verantwoordbare ontsluiting van die leerling nie en kan daarom nie as opvoedkundig

verantwoordbaar beskou word nie. Gebrek aan wetenskaplike besinning, samelewings- en ander faktore het byvoorbeeld meegebring dat daar dikwels aanvaar word dat sekere terme of temas as nie geskik vir die opvoedingsituasie beskou word nie weens 'n moontlike onwelvoeglike konnotasie. Die fisieke ontwikkeling van die dogter is byvoorbeeld aanvaarbaar as leerinhoud, terwyl dieselfde nie van die seun se ontwikkeling gesê kan word nie. "Menarge" is aanvaarbaar, maar "spermarge" is taboe. Die skaarsheid aan literatuur oor die seun se fisieke ontwikkeling bevestig hierdie stelling. Dat so 'n houding verwarring skep, behoef geen verdere betoog nie. Die implikasie van so 'n verwarring is dat die opvoeder nie weet wat eties verantwoordbaar is en wat nie. Vrees vir terreinoorskryding en ongeoorloofde opvoedingshandelinge op grond van vermeende onbehoorlikheid, bring mee dat sulke leerinhoude veiligheidshalwe vermy word. Vrees by ouers dat geslagsopvoeding verband mag hou met seksuele prikkeling en losbandigheid, het 'n ewe kenmerkende verlammende effek op die opvoedingshandeling. Die antwoord op hierdie vraagstuk moet gesoek word in 'n besinning oor die eties-sedelike aspek van geslagsopvoeding as opvoedingshandeling.

As uitgangspunt by 'n besinning oor die eties-sedelike as sodanig, hou die Christenopvoeder altyd in gedagte dat sy missie geleë is in die heerlikheid van God. Die heerlikheid van God, so skryf Buys (1975:1), openbaar hom altyd in die gedaante van skoonheid. In dieselfde konteks kan die eties-sedelike as behoorlike gevoeg word, want die heerlikheid van God kan immers nie in die eties-sedelike onbehoorlike gesoek word nie. Die Skrif is duidelik hieroor: "Of julle eet, of drink of enigiets doen, doen alles tot eer van God (1Kor. 10:31). Met die heerlikheid van God word God se roem en eer bedoel. God se lig wat uit sy Wese straal, kan slegs met die volmaak behoorlike in verband gebring word. Die vraag na geslagsopvoeding in die lig van die sedelike-behoorlike sal dus in sy oorsprong verband hou met God se eis vir opvoeding, dit wil sê, hoe God wil hê dat gesinsvoorligting daar moet uitsien en uitgevoer word.

'n Eties-sedelike beskouing van geslagsopvoeding sal gevolglik, onder andere, rekening hou met die eindresultaat van die opvoeding. Die vraag wat in hierdie verband gevra word, is of die opvoeding bygedra het tot die vorming van die kind as eties-sedelike wese. 'n Ondersoek na geslagsopvoeding wat betref die eties-sedelike aspek daarvan, hou gevolglik in dat die opvoeder daardeur seker wil maak dat die kind nie alleen deur die opvoedingshandeling toegerus sal

word om 'n eties/ sedelike, verantwoordelike individu te word nie, maar ook dat die kind beskerm sal word teen dit wat die bereiking van die eindresultaat, in hierdie geval sedelike volwassenheid, **naas ander vorme van modale volwassenheid**, kan belemmer. Die leerling moet deur middel van toereikende geslagsopvoeding beskerm word teen pornografie, seksuele uitbuiting en dergelike (Buys, 1975:10).

Die etiek van die onderwys word deur Van der Walt (1979:1) met 'n bepaalde gedragskode in verband gebring. Professionele etiek is volgens hom (Van der Walt, 1979:2) onder andere gerig op die bereiking van sekere ideale en die uitvoering van sekere praktyke. Die etiek hou hom veral besig met die opvoeder se etiese ideale. Daarvolgens kan daar verwag word dat geslagsopvoeding hom, onder andere, sal besig hou met dit wat as die sedelik/etiese ideaal vir die huwelik, die gesinslewe, seksualiteit, die verhoudingslewe en so meer behoort te geld, sodat die kind na daardie ideaal, dit wil sê die sedelike norm, gelei kan word met die doel om dit uiteindelik te bereik.

5.3 Die bestaan van die sedelike

5.3.1 Algemeen

Die verwarring rondom die etiek van geslagsopvoeding as opvoedingshandeling kan waarskynlik toegeskryf word aan die verskillende wyses waarop die sedelike opgeneem of verstaan word. Hierdie aspek word deur Stoker (1967:231) aan die hand van 'n voor-wetenskaplike en 'n wetenskaplike bestaan verduidelik. Vir geslagsopvoeding is daar twee sake wat die aandag verdien, naamlik die kind as verteenwoordiger van, onder meer, die sedelike, maar wat op opvoeding aangewese is wat betref die sedelike. Die sedelike is naamlik nie 'n konstante nie en kan dus verander. Tweedens is daar geslagsopvoeding as, onder meer, 'n sedelike aangeleentheid. Ten opsigte van die eerste aangeleentheid geld die vraag hoe die kind se sedelike opvoeding, naas ander vorme van ontsluiting daar moet uitsien en ten opsigte van die tweede aangeleentheid gaan dit om die opvoeder en hoe sy opvoedingshandeling behoort plaas te vind.

5.3.2 Voor-wetenskaplike bestaan van die sedelike as een van die aspekte van menswees

Om die sedelike te begryp, moet 'n mens volgens Stoker (1967:231) van die veronderstelling uitgaan dat die sedelike

werklik bestaan. Reeds op voor-wetenskaplike vlak word die sedelike geken as "'n intuïtiewe, emosioneel-kognitiewe kenne, 'n keure, 'n kenne met die gemoed" (Stoker, 1967:233). Op voor-wetenskaplike vlak word daar ook aanvaar dat die sedelike verband hou met die verskille in lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings (vgl. ook Valenkamp, 1989:5). Sodanige voor-wetenskaplike kennis word verkry deur self gevormde kennis van die sedelike norme, naas ander norme, wat as maatstaf dien vir wat (i.c. sedelik) goed of sleg is. Die sedelike kan dus soos alle ander modale norme in sy kern as 'n religieuse aangeleentheid beskou word.

5.3.3 Wetenskaplike kennis van die sedelike

5.3.3.1 Algemeen

Daar word met Stoker (1967:273) saamgestem dat die sedelike alleen in die lig van God se Woord reg gesien en verstaan kan word. God se Woord openbaar die sedelike in sy verhouding tot God. Die absolute grond van die sedelike laat 'n mens die sedelike sien in sy verhouding tot God as liefde, as die absolute, algenoegsame, alwyse, algoeie, almagtige en soewereine Skepper, Wetgewer, Instandhouder, Regeerder, Beheerder en Voleinder van alle dinge (Valenkamp, 1989:9). Die sedelike as sodanig staan in 'n **religieuse** verhouding tot God, sonder om self godsdiens te wees (Stoker, 1967:274). Naasteliefde, of soos Stoker dit stel "**persoonsliefde**", is veranker in die totalitêre liefde van die mens tot God as antwoord op God se liefde vir die mens. Totalitêre liefde tot God begrond en bekragtig persoonsliefde (vgl. ook par. 5.3.3.3 in hierdie verband).

Die sedelike in die mens se bestaan, soos al sy ander uitinge en gedrag, kan nie losgemaak word van die sondeval en verlossing nie. Wanneer die sedelike teen die agtergrond van die sondeval ondersoek word, getuig dit van die mens se opstand teen God en tegelykertyd van God se vergiffenis en genade. Die sedelike het in die lig van God se liefde te doen met die mens se bekering, berou en heiligmaking, maar ook met die mens se ongeloof en verharding van die hart. Ook op die terrein van die sedelike aspekte van gesins- en geslagsopvoeding sal die stryd tussen lig en duisternis gevoer moet word (vgl. Stoker, 1967:277). Vanuit sy religieuse perspektief glo die Christenopvoeder dat hy as mens geroepe is om teen die sedelik slegte te stry en dat die finale oorwinning slegs deur God self behaal kan word.

Volgens Stoker (1967:236) is die Bybelse norme vir die sedelike iets wat die mens behóórt te verwerklik. Stoker onderskei tussen die sedelike op sigself en die sedelike behore. Laasgenoemde word verder onderskei as algemene norme of sedewette en behorenseise. Sedelike norme vorm 'n inherente deel van die wetsorde wat God vir die kosmos gestel het. Met sedelike behorenseise bedoel Stoker (1967:236) die aansprake in sake wat gedoen behoort te word. Die opvoeder sal hom, wat betref geslagsopvoeding, gevolglik afvra wat hy ten opsigte daarvan op sedelike terrein behoort te doen.

Dat die mens as, onder meer, sedelike wese bestaan, kan antropologies begryp word uit God se skeppingswil en die sedelike behorenseis ten opsigte van die mens kan op sy beurt weer vanuit God se bestieringswil begryp word. Die volgende vraag aan die opvoeder omskryf die sedelike opgaaf van die opvoeder duideliker: Wat kan die opvoeder doen om die kind as, onder meer, sedelike wese op te voed sodat ook die sedelike in die kind kan aktualiseer? Om die vraag te kan beantwoord, is dit nodig dat die opvoeder kennis van die sedelike behorenseise sal hê, wat òf reg òf foutief kan wees. Stoker (1967:237) wys in hierdie verband op die innige verband tussen alle behorenseise, dus ook die sedelike, aan die een kant en menslike moontlikheid van keuse, toerekenbaarheid, verantwoordelikheid en vryheid aan die ander kant.

In sy vraag na die sedelike behorenseis gaan Du Plessis (1965:16) verder deur nie net te vra "Wat behoort ek te doen?" nie, maar deur die vraag om te swaai na: "Behoort ek..?" In plaas van te vra wat die opvoeder ten opsigte van geslagsopvoeding in sedelike opsig behoort te doen, kan daar in hierdie konteks dus gevra word of die opvoeder inderdaad gesinsvoorligting tot sedelike ontsluiting behoort te onderrig. Hierdie vraag word by die werklike implementering van gesinsvoorligting ervaar waar daar onsekerheid bestaan het oor die wenslikheid van die implementering daarvan as skoolvak. Du Plessis (1965:188) tref 'n duidelike onderskeid tussen die etiese en die a-etiese. Hy wil weet wat die etiese is, maar ook wat dit nie is nie. Daarna kan daar eers gevra word na die wette of norme vir die etiese en die beginsel daaragter. Deur te verwys na die beginsel van die etiese, dui Du Plessis op die oorspronklike aard, wese of sinkern van die etiese, wat inhou dat hy wil weet waar die etiese begin en waar dit eindig.

In sy verduideliking van die etiese vra Stoker (1967:243) ook waar die sedelike aangetref word. In hierdie opsig wil

Stoker hom nie net beperk tot die norme aangaande wat die mens in sedelike opsig behoort te doen nie, maar wil hy die spesifiek sedelike self soek. Die antwoord moet toon waar die sedelike wél en waar dit nié te vinde is nie.
Aangesien God Goddelik goed is, wil dit nie sê dat Hy ook sedelik goed is nie. Die sedelike as sodanig word nie by God self gevind nie. Die sedelike kan slegs in sy ongenoegsaamheid en onderworpenheid aan die wetsorde van God gevind word. Ook by die stof, plant en dier word die sedelike nie aangetref nie, omdat geen een van hulle toerekenbaar is of onder enige behorenseis staan nie (Stoker, 1967:246). Hieruit kom Stoker tot die gevolgtrekking dat die sedelike slegs by die mens aangetref kan word, maar dan wel op 'n besondere wyse, naamlik by die mens as 'n verhoudings-wese. Daar moet egter onthou word dat die mens in verskillende verhoudinge staan wat nie almal noodwendig met die sedelike te doen het nie. Die sedelike word volgens Stoker se sienswyse nie in die mens se verhouding tot stof, plant en dier aangetref nie. Die mens staan wel in 'n sedelike verhouding tot die natuur. Ook in godsdiens word die sedelike as sodanig nie aange-tref nie; die mens se religieuse ingesteldheid is 'n totale gerigtheid wat nie met die sedelike as iets anders verwar moet word nie. In die mens se kulturele verhoudings word die sedelike volgens Stoker (1967:248) ook nie aangetref nie, alhoewel hy daarop wys dat die sedelike vervlegbaar is met kulturele handelinge of aktes. Slegs een moontlikheid bly oor, naamlik die verhouding van mens tot mens. Stoker presiseer die bestaan van die sedelike in die mens as persoon in sy verhouding tot die mens as persoon. Die sedelike as sodanig is daarvolgens gegee in die intra- en interpersoonlike verhouding tussen mense wat sy beslag vind in persoonsliefde. Met hierdie persoonsliefde word die liefde tot die menslike persoon in al sy betrekkinge bedoel.

Du Plessis (1965:193) gaan van die veronderstelling uit dat die etiese nie iets substansieels of selfstandigs is nie, maar dat dit in der waarheid 'n bestaans- of/en handelingswyse van iets in die aardse skepping is. Vanuit hierdie gesigspunt beteken dit dat geslagsopvoeding die norme van, onder meer, die etiese in sy bestaanswyse moet kan deurstaan soos dit in die handelingswyse van die opvoeder

Die kern van die etiese word deur ander denkers op ander, verskillende wyses ingesien. Vir Dooyeweerd (1969:48) lê die kern van die etiese in liefde en tydelike betrekkinge. Vollenhoven (1953:14) sien dit in trou in huwelik en vriendskap. Valenkamp (1989:9) sluit by die reformatoriese

denke aan deur die kern van die sedelike in die liefde te plaas, omdat die menslike hart die integrale religieuse wortel van die hele menslike bestaan is. Vir Taljaard (1976:169) is dit juis die menslike hart as religieuse sentrum waar God se liefdeswet gehoorsaam moet word. Vir hom behoort die mens se totale aktstruktuur in harmonie met die religieuse liefdeswet te wees. Die antwoord op wat die etiese is, is vir Du Plessis (1965:200) egter nie so eenvoudig nie en hy verskil van die genoemde skrywers, aangesien hierdie skrywers vir hom oënskynlik 'n etiese norm as 'n etiese beginsel beskou. Verder wys Du Plessis daarop dat die behore 'n universele begrip is wat op verskillende wyses in verskillende sfere van die werklikheid aangetref word. Die behore is gevolglik nie die beginsel van die etiese nie (Du Plessis, 1965:200). Weens die moontlike verwarring tussen die terme norme en beginsels, het hierdie begrippe verdere presisering in 'n volgende paragraaf nodig (vgl. par. 5.3.3.7).

5.3.3.2 Persoonsliefde

Daar word met Stoker se beskouing van persoonsliefde akkoord gegaan, omdat hy die persoon in sy geheel bedoel as beeld van God. Persoonsliefde kry hierdeur 'n veel dieper dimensie as blote seksuele geneigdheid of erotiek. Waar die fout begaan word om geslagsopvoeding as 'n voortspruiting van die erotiek te beskou, word die mens van sy ware menswees as beeld van God beroof. Daarmee wil daar nie te kenne gegee word dat die erotiek geen bestaansreg het nie, maar 'n verkeerde persepsie van die erotiek ontneem geslagsopvoeding van sy eties-sedelike betekenis en funksie.

Stoker (1967:227) toon aan dat ware persoonsliefde geen mens uitsluit nie, ook nie die eie persoon nie. God se allesomvattende wet lui dat die mens sy naaste net so lief moet hê soos homself. 'n Bybelse perspektief openbaar dat die tweede tafel van die Wet van God te doen het met die sedelike, dit wil sê, die mens se verhouding tot sy naaste (en homself). Samevattend kan daar gesê word dat die etiek die mens se persoonsliefde behandel. In sy beskrywing van die sedelike wys Stoker (1967:249) daarop dat die sedelike as sodanig nie met persoonsliefde verwar moet word nie. Die sedelike sny egter na twee kante toe, naamlik die sedelik goeie en die sedelik verkeerde. Ook die sedelik slegte mens is 'n sedelike wese. Die mens kan gevolglik nie a-eties wees nie (vgl. Du Plessis, 1965:188).

In aansluiting by bogenoemde denkers se beskouings verduidelik Valenkamp (1989:11) dat liefde die inhoud van die sedelike vorm. Liefde gaan volgens hom nie om 'n tipiese liefdeshandeling nie, maar om die liefdesgerigtheid van die hart. Dit is in die lig hiervan dat die etiek hom ten taak stel om ondersoek in te stel na hoe die mens sy roeping, naamlik die uitlewe van die liefdesgebod, in sy ganse lewe realiseer. Die liefde verwys die mens na sy medemens en is daarom persoonsgerig (Valenkamp, 1989:14).

5.3.3.3 Die sedelike as persoonsbehartiging

Stoker se beskouing van die sedelike as persoonsbehartiging gaan in sy kern om meer as net menslike verhoudings. Die sedelike word in die kern van menswees gevind, naamlik in sy "hart" wat vergestalt word in die mens se interpersoonlike verhoudings (Stoker, 1967:250). Die sedelike gaan om die verhouding van "hart tot hart", of in Stoker se woorde: "in die behartiging van persoon van persoon". Die behartiging as sodanig kan goed of sleg wees.

5.3.3.4 Verdere presisering van die sedelike

Die ontdekking van die sedelike moet aan die hand van bepaalde maatstawwe of norme na vore kom. As grondslag moet daar by 'n "beginsel" begin word. Onder beginsel verstaan Duvenage (s.a.:2) die uitgangspunt van waaruit iemand redeneer en wat hy as grondslag of fondament aanvaar - die waarheid wat hy nie kan bewys nie, maar wat hy tog aanvaar. Duvenage omskryf 'n beginsel as die formulering van 'n grondliggende waarheid, terwyl Stoker (1969:33) 'n beginsel omskryf as **fundamentele** (oorspronklike) en **leidende** (of rigtinggewende) **bepalings** wat vir 'n **bepaalde gebied** geld. In hierdie studie gaan dit om die beginsel van die sedelike wat deur Stoker (1969:35) ook as iets oorspronkliks beskou word en nie tot iets anders herleibaar is nie. Die beginsel van die sedelike bepaal, rig en lei die sedelike motiewe, intensies, handelings en gedrag van die mens en word in persoonsliefde gefundeer.

Die beginsel van die etiese dui die oorspronklike aard, wese of sinkern van die etiese aan. Volgens Du Plessis, (1965:188) is die etiese beginsel onherleibaar en konstant. Etiese norme daarenteë word bepaal in terme van wat as sedelik "goed" of "sleg" kwalifiseer. In hierdie opsig verskil Du Plessis (1965:200) van ander skrywers wat die etiese beginsel as etiese norm beskou. Verder wys Du Plessis

daarop dat die sedelike behore 'n universele begrip is wat op verskillende wyses in die werklikheid aangetref word. Die sedelike behore is gevolglik nie die beginsel van die etiese nie. Die sedelike behorensvraag is ten opsigte van geslagsopvoeding nog nie afdoende beantwoord nie. Seksueel oordraagbare siektes byvoorbeeld, sou 'n dekade gelede as "onbehoorlike leerinhoud" beskou kon word. Dieselfde geld vir kontrasepsie as leerinhoud, wat enkele jare gelede hoegenaamd nie aanvaarbaar was nie. Die beginsel van sedelike goeie gedrag op sigself word egter nie deur hierdie veranderinge geraak nie. Wat wel verander, is die vraag wat daar omtrent sedelike goeie gedrag deur middel van die opvoeding gedoen behoort te word. Die beginsel vir die sedelike staan vas as onveranderlike konstante, naamlik wetsgehoorsaamheid aan God (vgl. Du Plessis, 1965:211), maar die bereiking daarvan vra om aanpasbare, wysigbare sedelike behorenseise.

5.3.3.5 Sedelike norme as maatstawwe vir gesins- en geslagsopvoeding

Die behoefte aan geskikte sedelike norme of maatstawwe vir gesins-en geslagsopvoeding kan beter begryp word uit 'n noukeurige presisering van die term "norm".

Ter verduideliking van die term "norm" moet daar volgens Duvenage (s.a.:1) onderskei word tussen **norm** en **roeping**. Norm verskil van roeping in die sin dat norme die uitdrukking van die wil van God in 'n besondere situasie verteenwoordig, waarna 'n mens se roepingsbesef eers ter sprake kom. Die implikasie vir gesins- en geslagsopvoeding is dat daar gevra word na God se wil vir menslike seksualiteit en verhoudings. Wat die opvoedingsituasie betref, sal die antwoord op die vraag voltrek word in die mens as geroepene wat, gelei deur sy roepingsbesef, opvoedend handel.

Van verdere belang is dat Duvenage (s.a.: 1) norme eerstens as rigsnoere beskou waarvolgens 'n mens behoort te handel en tweedens as maatstawwe waarvolgens 'n mens dinge beoordeel. Gesins- en geslagsopvoeding moet derhalwe as opvoedings-handeling vanuit sedelike perspektief beskou word, wat inhou dat die besondere handelingswyse wat geskik is vir geslagsopvoeding ondersoek behoort te word, terwyl die vakgebied ook wat betref sy leerinhoud aan 'n sedelike beoordeling onderwerp moet word. Op grond van hierdie uiteensetting kan geslagsopvoeding alleen hierdie toetse deurstaan indien geslagsopvoeding die uitdrukking van God se

wil vir die mens se seksualiteit verteenwoordig. Die teendeel is reeds bewys wanneer Bybelse maatstawwe op apostaties gerigte gesinsvoorligtingprogramme gewerp word.

Die behoefte aan geskikte sedelike norme vir geslagsopvoeding kan beter begryp word uit Du Plessis (1965:189) se normonderskeiding tussen i) **eenmalige, partikuliere, situatiewe norme** en ii) **algemene norme.**
Duvenage (s.a.:4) voeg hierby ook nog **kwaliteits- en identiteitsnorme.** Ten opsigte van die verskillende norme onderskei Du Plessis verder tussen eties-goeie en eties-kwade norme.

Volgens Du Plessis (1965:217) is die etiese synswyse iets tipies mensliks (vgl. ook Taljaard, 1976:175). Die mens kan ook nie sy etiese hoedanigheid verloor as hy geen eties bepaalde daad verrig nie. Hy stel, onder meer, dat die mens se bedorwenheid nog geen vernietiging van die mens beteken nie. As sondaarmens bly hy steeds skepsel van God en bly hy sy etiese aard gehandhaaf.

Etiese norme bestaan in 'n wye verskeidenheid (Du Plessis, 1965:189). Bepaalde etiese norme sal gevolglik vir bepaalde samelewingsverbande geld, wat ook inhou dat bepaalde etiese norme vir bepaalde vakgebiede sal geld. Gesins- en geslagsopvoeding sal gevolglik oor hulle eie partikuliere norme beskik. Daar moet in ag geneem word dat etiese norme wel van mekaar kan verskil, maar dat dit nie beteken dat hulle teenstrydig ten opsigte van mekaar is nie.

5.3.3.6 Die positivering van eties-sedelike norme

Norme kry eers waarlik hulle betekenis as hulle begin funksioneer. Funksionering vind plaas in die lig van die doel wat gestel is (Duvenage, s.a.:10). Vir die doel van hierdie ondersoek gaan dit om die doel van geslagsopvoeding. Die identiteitsnorm as sinkern van die sedelike bepaal, onder andere, dat die doel van die sedelike persoonsbehartiging moet wees, en verder bepaal die kwaliteitsnorm daarvan dat die doel sedelik goeie handele moet wees. Die doel van 'n Bybelsgerigte geslagsopvoedingsprogram sal noodwendig van enige ander program verskil. Dit sal blyk uit die keuse van leerinhoud en aanbiedings- en hanteringswyses.

Die positivering van eties-sedelike norme vir gesins- en geslagsopvoeding vra ook om presisering van die middele wat gebruik kan word om die doel te bereik. Die gebruik van

leermiddele en -apparaat, maar veral die keuring van geskikte opvoeders wat geslagsopvoeding sal behartig, sal versigtig moet geskied aangesien, volgens Duvenage (s.a.:11), die doel nie die middele heilig nie.

5.3.3.7 Etiese beginsels, norme en waardes

Die terme ***beginsels, norme*** **en** ***waardes*** word dikwels met mekaar verwar. Nadere ondersoek toon dat daar 'n klem- en betekenisverskuiwing plaasgevind het van beginsels na waardes toe. Die implikasie is dat die etiese beginsel as sodanig nie meer die geldende maatstaf is nie, maar die blote waarde wat daar aan iets geheg word (vgl. Stoker, 1967:267). Beginsels het in der waarheid te doen met die "begin" van die mens se doen en late, vanwaar en waarvolgens die mens se aktlewe of handelinge gerig word. Duvenage (s.a.: 2) verstaan onder beginsels die uitgangspunt van waaruit iemand redeneer en wat hy aanvaar as die grondslag of fondament, die waarheid wat hy nie kan bewys nie, maar wat hy tog aanvaar. Vanuit hierdie beskouing definieer Duvenage 'n beginsel as die formulering van 'n grondliggende waarheid.

Uitgesprokenheid en duidelike omlyning van beginsels het egter vervaag ten gunste van die sogenaamde "waardekultus", waarvolgens die mens se beginsels as waardes beskou word. Die eietydse lewe word volgens Stoker (1967:267) volgens 'n waardekultus ingerig. Elke mens het gevolglik sy eie pakkie persoonlike, waaronder sedelike waardes, wat sy besondere seksuele waardes insluit. Waardes is eintlik ongepresiseer en veelsinnig. Stoker (1967:268) wys daarop dat waardes nie selfstandig kan bestaan nie, maar net dien as 'n bepaaldheid van waardedraers. Dit sou verkeerd wees om waardes te verselfstandig of te verabsoluteer. Waardes is in der waarheid 'n kwalifikasie waaraan 'n waardedraer deel kry. In dieselfde konteks vat Stoker waardes saam as "eindsels" in teenstelling tot "**beginsels**". Waardes kan ook nie as rigsnoere dien nie. Die huidige waardekultus begaan die fout om waardes te verselfstandig. Die gevaar bestaan dat die sedelike in loutere waardes kan opgaan. Hierdeur kan die sedelike verval in 'n valse waarde, of 'n blote gebruiksvorm. Hierdie feit word duidelik uit Mills (1987:374) se opvatting dat kennis van tradisionele waardes en begrip van hoe die waardes gevorm is, van groter waarde geag word as die bespreking of ondersoek van sedelik morele sake.

5.3.3.8 Geslagsopvoeding as eties-sedelike aangeleentheid

Geslagsopvoeding as opvoedingsaangeleentheid kan wat betref die etiese sy daarvan begryp word vanuit Du Plessis (1965:189) se vraag na die verskeidenheid etiese norme in hul verband met die etiese beginsel. Elke samelewingsverband en vakgebied openbaar sy besondere etiese norme wat eenmalig of algemeen geldend kan wees. Die vraag na die eties goeie van geslagsopvoeding as opvoedingshandeling kan eweneens vanuit Du Plessis se beskouing beantwoord word. Daarvolgens word etiese norme op grond van die mens se sondige natuur dikwels foutief geformuleer en geïnterpreteer, sodat spanning en steurnis op die terrein van die etiese lewe ontstaan. Ten opsigte van geslagsopvoeding is sulke etiese spanning ook opgemerk, veral met betrekking tot sekere leerinhoude en werkwyses. Van die etiese vrae oor geslagsopvoeding is byvoorbeeld, of dit eties korrek is om geslagsopvoeding in die skoolsituasie te hanteer, of leerlinggroepe volgens geslag geskei behoort te word, of sekere aspekte van seksualiteit met kinders bespreek behoort te word aldan nie en die kwessie oor die onderskeiding tussen sogenaamde sensitiewe en nie-sensitiewe leerinhoude. Daar word ook gevra na die etiese regverdiging van geslagsopvoeding in die lig van die kind se ontwikkeling wat betref sy kognitiewe, fisieke, emosionele en wilslewe. 'n Bevredigende antwoord op hierdie vrae kan verkry word wanneer Stoker (vgl. par. 5.3.3.3) se beskouing van die etiese ondersoek word. Vir Stoker is die persoonsliefde die kern van die etiese. Deur eerlik te vra na wie se belange daar in geslagsopvoeding omgesien word, kan daar 'n antwoord op die etiese vraag gevind word. Anders gestel, wanneer daar bevestigend geantwoord kan word op die vraag of die belange van die kind as persoon deur middel van geslagsopvoeding behartig word, kan gesins- en geslagsopvoeding eties geregverdig word en gevolglik as "eties-goed" beskou word.

Samevattend kan daar gesê word dat die vraag na die eties goeie of eties slegte slegs beantwoord kan word in die mate waarin die persoon van die kind behartig word. Die grondbeginsel wat hier ter sprake is, is God se beskikking vir die mens as onder andere, etiese wese. Wat betref die behorensvraag rondom geslagsopvoeding geld dit nie slegs wat die opvoeder ter behartiging van die kind se persoon behoort te doen nie, maar ook: Behoort die opvoeder hieroor of daaroor te praat, sus of so op te tree, dit of dat te doen? Die geldende maatstaf behoort te wees dat die kind as persoon se belange behartig behoort te word.

Wat betref die etiese sy van geslagsopvoeding kan daar 'n dubbele taak onderskei word. Eerstens moet etiese norme vir geslagsopvoeding gepositiveer word, wat beteken dat etiese maatstawwe en riglyne vir menslike seksualiteit geïdentifiseer en neergelê word. Vir die Christenopvoeder sal die positivering van norme vanuit Christelike beginsels plaasvind.

Die tweede taak van geslagsopvoeding lê gevolglik in die handhawing en bewaring van die Christelik-gefundeerde etiese norme. Daardeur word alle vorme van 'n apostaties gerigte seksualiteit teëgegaan en word daar in gehoorsaamheid aanvaar dat die mens as seksuele wese onder gesag van die Skrif staan. Geslagsopvoeding bied die opvoeder die ideale opvoedingsterrein waar die etiese norme vir seksualiteit gepositiveer kan word sodat die besondere opvoedingspraktyk aan die opvoeder die ruimte kan bied waar hy op sy roeping kan antwoord.

Geslagsopvoeding vanuit reformatoriese perspektief kan nie anders as om die reformatories Skrifgefundeerde beskouing van seksualiteit te handhaaf nie. Daar word saamgestem met Valenkamp (1990:22) se beskouing oor seksualiteit, naamlik dat seksualiteit 'n verborgenheid is, maar tog 'n menslike instrument vorm waardeur die liefde gerealiseer kan word. Daardeur word seksualiteit 'n ken- en ontmoetingsinstrument; "Want liefde doet het vermoeden van een geheimenis in de ander en mijzelf opkomen". Hierdeur kan die grondslag vir 'n Skrifgefundeerde geslagsopvoeding gelê word, ook wat die etiese aspek daarvan betref.

5.4 Enkele etiese vraagstukke met betrekking tot geslagsopvoeding

5.4.1 Inleidend

Die implementering van geslagsopvoeding in die onderwyspraktyk is 'n aangeleentheid wat, ten spyte van groot omsigtigheid en versigtigheid, tog tot verwarring en selfs vrees by ouers en ander betrokkenes by die opvoeding kan lei. Verwarring kan ontstaan op grond van foutiewe persepsies, byvoorbeeld die verwarring rondom die term **geslagsopvoeding**, wat dikwels sinoniem met die term **geslagsvoorligting** gebruik word, waardeur foutiewe persepsies haas onvermydelik word (vgl. die gebruik van die term **geslagsvoorligting** in C.O.V., 1989:1). Dit is ook bekend dat dit bloot menslik is om die

onbekende met argwaan te bejeën, soos blyk uit die spreekwoord "onbekend maak onbemind". Daar word in die praktyk van geslagsopvoeding verskeie vrae gevra oor die wenslikheid, noodsaaklikheid, uitvoerbaarheid en veral oor die behoorlikheidsaspek van geslagsopvoeding.

Daar kan verwag word dat daar verskillende standpunte oor die invoering van gesinsvoorligting en meer spesifiek, geslagsopvoeding, sal bestaan wat sal wissel tussen verskillende grade van goed- of afkeuring. Goedkeuring is waargeneem in die vorm van ouers se blyke van dankbaarheid wat hulle uitgespreek het en hulle skriftelike toestemming om hulle kinders die programme te laat bywoon. Afkeuring of teenstand is waargeneem deur enkele ouers se weiering tot toestemming tot bywoning en selfs oproepe en versoeke dat die program in sy geheel gestaak word (vgl. C.O.V.-brief van September 1989).

Sommige van die moontlike kwelvrae rondom geslagsopvoeding sal vervolgens vanuit Christelik sedelik-etiese perspektief ondersoek word. Sommige vrae het betrekking op geslagsopvoeding as sedelik-etiese vraagstuk, terwyl ander vrae rondom geslagsopvoeding in die onderwyssituasie sentreer.

5.4.2 Die problematiek rondom die doelstellings van geslagsopvoeding

Daar word soms gevrees dat geslagsopvoeding die instrument kan word om apostaties gerigte doelstellings van verskeie bewegings, soos byvoorbeeld die sogenaamde "New Age Movement", (C.O.V., 1989:13), te bevorder. Daar word gevrees dat sulke doelstellings kan meehelp om Nasionalisme, die Christelike geloof en die tradisionele gesin te vernietig. Wanneer die Bybelse riglyne egter eerbiedig word, sal die doelstellings van geslagsopvoeding gefundeer word in God se wil vir die mens as seksuele wese, wat die eties goeie veronderstel. Daar sal gevolglik deur geslagsopvoeding daarna gestreef word om die kind voor te berei en toe te rus om sy bestemming op aarde as seksuele wese te bereik. Die kind moet leer wat menslike seksualiteit behoort te wees.

5.4.3 Die problematiek rondom geslagsopvoeding as sedelike aangeleentheid

Die beswaar is geopper dat die geslagsopvoedingsprogram wel Christelik "geklee" word, maar dat Bybelse norme nie in die

temabehandeling duidelik voorgeskryf word nie (C.O.V. 1989:3). Die indruk kan geskep word dat die norme wat aan die kind voorgehou en oorgedra word, afhanklik is en bepaal word deur die norme van die aanbieder. So 'n handelingswyse bied die moontlikheid dat die Skriftuurlike norm sekondêr geplaas sou kon word. Die stelling is ook gemaak dat daar aan humanistiese omstandigheidsetiek toegegee kan word (C.O.V., 1989:17), wat inhou dat die kind oogluikend aan sedebederwende invloede blootgestel kan word. Daar word onder meer gevrees dat dubbele etiese standaarde die kind sal verwar, wat uiteindelik kan lei tot "skisofreniese pragmatisme" (C.O.V., 1989:17). Stellings wat in dié verband gemaak word, berus slegs op vrees en is nog nooit in die geval van 'n Bybels gefundeerde program deur navorsings-resultate bewys nie.

Die Christelike opvoeder sal vanuit sy hartsgegrepenheid na die Bybelse norm vra, wat beteken dat hy sal vra na God se wil vir die mens as geslagtelike wese. In hierdie verband bring Calvyn 'n bevrydende en verhelderende beskouing van seksualiteit. Die Christelike opvoeder sal aansluit by Calvyn se Bybelse beskouing dat die mens se liggaamlike en geestelike bestaan 'n onskeibare eenheid vorm. God beskou die man en vrou as 'n eenheid in die totaliteit van hulle wese (Bieler, 1989:52).

Calvyn beskou die huwelik as die natuurlike staat vir die man en die vrou. Die huwelik bied die ruimte waarin die normale voltooiing van die menslike natuur sy volmaakte verwesenliking kan vind (Bieler, 1989:53). Die voltrekking van die eenheid tussen man en vrou is God se werk en daarom is huweliksluiting in sy wese 'n religieuse daad, omdat dit in die geloof en volgens die raad van God voltrek word (Bieler, 1989:54). Weens die mens se sondeval is God se orde verbreek. Nie alleen word afstand tussen God en die mens geskep nie, maar ook tussen mense onderling. Daarom ontkom die huwelik ook nie aan hierdie vervreemding nie. So erg is die wanorde dat dit uitkring na die hele maatskappy as 'n algehele seksuele verwarring. Vleeslike begeertes, egbreuk en prostitusie is volgens Calvyn die simptome van die verbreekte sosiale orde. Seksuele wanorde is volgens Calvyn nie maar net 'n oortreding op sedelik-etiese vlak nie, dit is in der waarheid 'n belediging van die eer van God deur die verkragting van sy wil en die vernietiging van sy skeppingsorde. Herstel van die oorspronklike seksuele huweliksorde is slegs deur Christus se soenverdienste moontlik.

Die Christenopvoeder sal op grond van sy religieuse grondmotief die huwelik in sy herstelde vorm beskou en hierdie herstelde beeld deur sy opvoedingshandeling aan die kind deurgee, sodat die kind sy seksualiteit as verloste mens kan beleef.

5.4.4 Die behorensvraag rondom die moontlike vereensydiging en oorbeklemtoning van die liggaamlike aspek van seksualiteit

'n Oorbeklemtoning van die fisieke aspek van seksualiteit hou in dat die ware betekenis van seksualiteit en God se doel daarmee, misgetas word. Wanneer só 'n oorbeklemtoning in geslagsopvoeding sou plaasvind, kan die behoorlikheidsaspek van geslagsopvoeding in die gedrang kom. Die bewering is gemaak dat "seksuele gedrag 'n baie klein onderafdeling van totale menslike gedrag uitmaak" (C.O.V., 1989:6) en dat die kiem vir abnormale seksuele gedrag sy oorsprong in fisieke oorbeklemtoning van seksualiteit vind. Uit 'n reformatoriese mensbeskouing blyk egter dat die mens as geskape wese 'n geïntegreerde eenheidswese is (vgl. par. 3.3.13). Die verskillende aspekte van sy menswees is onderskeibaar, maar nie skeibaar nie. Daarvolgens is seksualiteit nie van 'n mindere orde of onbelangrik nie. Die Skrif sê immers duidelik in 1 Timoteus 4:4 dat alles wat God gemaak het, goed is en sê voorts:

"Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, want dit word deur die woord van God en deur die gebed geheilig".

Die implikasie van hierdie teksgedeelte is dat die mens se seksualiteit met dieselfde dankbaarheid en eerbied bejeën behoort te word. Seksualiteit word deur God self geheilig. Seksuele eksperimentering en moontlike ontheiliging sal in die lig van die Bybelse waarheid gevolglik nie 'n gevolg kan wees van Bybels-gefundeerde geslagsopvoeding nie. Die vrees dat geslagsopvoeding tot seksuele eksperimentering sal lei, is trouens nog nooit aangetoon nie.

Die vrees oor die moontlike erotiese invloed van geslags-opvoeding word ook soms in hierdie verband uitgespreek. Die ontydige prikkeling van erotiese gevoelens by kinders word afgekeur en die verantwoordelike hantering van geslagsopvoeding kan juis meehelp om hierdie euwel te bekamp en selfs te voorkom.

5.4.5 Die behorensvraag rondom die opvoedingsterrein van die ouer

Die Christenouer aanvaar sy ouerskap as opdrag van God. As eerste opvoeder van die kind word die ouer as die primêre opvoeder beskou (vgl. par. 4.2.2.2). Daar is diegene wat glo dat geslagsopvoeding op grond van die ouer se doopbelofte die uitsluitlike verantwoordelikheid van die ouer is (C.O.V. 1989:4). Die ouer, so word aanvaar, moet die geleentheid gegun word om te besluit "wanneer die mees geskikte stadium is en wat die beste metode van oordrag vir elke afsonderlike kind gaan wees" (C.O.V. 1989:4). Volgens die genoemde publikasie hoort geslagsopvoeding tuis op die ouer se terrein en mag die ouer nie daarvan ontneem word nie. Daar bestaan 'n oënskynlike vrees dat die ouer uit sy opvoedingstaak verdring kan word (C.O.V. 1989:18).

Vanuit die Skrif word duidelike riglyne gegee, beide wat die opvoedingsverhouding, sowel as die leerinhoudelike betref. Die kind is nie die eksklusiewe eiendom van die ouer nie, kinders behoort aan God. Hulle is verbondskinders wat onder die sorg van hulle ouers, wat God self vir hulle beskik het, geplaas is. Van die ouer word verwag dat hy, kragtens God se verbond, aan God beloof om sy kind volgens die wil van God en na die ouer se vermoë, *te onderrig en te laat onderrig* (Doopsformulier, 1976:607). Daardeur word onderwys 'n saak van Belydenis. Die ouer beloof nie om self die volle implementering en uitvoering van die opvoeding op hom te neem nie, maar om betrokke te wees en verantwoordelikheid te aanvaar vir die soort opvoeding wat die kind ontvang. Op hulle beurt moet die kerkrade weer toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied .

Met die doopbelofte word daar nie bedoel dat die ouer "besit" moet neem van die opvoeding nie, maar hy moet sorg dat kinders die regte skoolonderrig ontvang. Wanneer daar verder gevra word na wat die regte skoolonderrig beteken, gee die Skrif self die antwoord, naamlik dat God se liefdesgebod onderrig en gehoorsaam moet word (vgl. Deut. 6:1 e.v.). Daar kan nie aan die ouer se unieke roeping en opdrag getwyfel word nie. Wanneer die ouer desgevolge hoë eise aan skoolonderwys stel, is dit aanvaarbaar. In geslagsopvoeding gaan dit egter nie hoofsaaklik om die "wie" met betrekking tot die opvoeder nie, maar om die "wat". Die vraag kan gevolglik omgeswaai word van die ***Wie behoort geslagsopvoeding te onderrig?*** na ***Hoe behoort geslagsopvoeding onderrig te***

word? Dit is vanselfsprekend dat die skool nie 'n ander leer mag onderrig as wat die ouer van die skool verlang nie (vgl. Schutte, 1984:566).

5.4.6 Die behorensvraag rondom die klassituasie

In die klassituasie word kinders uit verskillende milieus, met verskillende vlakke van ontwikkeling en met groot individuele veskille saamgevoeg. Klasse bestaan gewoonlik uit kinders van beide geslagte. Die vraag kan gevolglik gevra word of seuns en dogters in die klassituasie vir geslagsopvoeding geskei behoort te word en of die opvoeder van dieselfde geslag as die leerlinge behoort te wees. Daar word gevra of dit eties aanvaarbaar is dat 'n vrou byvoorbeeld geslagsopvoeding aan seuns gee, of 'n man aan dogters. Om die vraag te beantwoord moet daar in gedagte gehou word dat geslagsopvoeding die behartiging van die persoon van die kind voor oë het (vgl. par. 5.3.3.8) Persoonsbehartiging beteken dat die liefdesbeginsel eerbiedig moet word (Stoker, 5.3.3.3). Die implikasie is dat die opvoeder uit gehoorsaamheid aan die liefdesbeginsel sal sorg dat die kind nie in verleentheid gestel sal word nie, of dat die verskillende geslagte nie hulle agting vir mekaar sal verloor nie en dat die privaatheid en lewensruimte van die kind nie op brutale wyse betree word nie. Wanneer sulke verskynsels wel plaasvind, is daar lank reeds nie meer sprake van handhawing van agting vir die ander, of behartiging van die belange van die ander, nie.

Wat die verskille tussen kinders betref, kan die vraag gestel word of dit eties aanvaarbaar is om kinders met sulke wyd uiteenlopende verskille bymekaar in een leersituasie te plaas. Daar word gevrees dat kinders wie se puberteit byvoorbeeld reeds ver gevorder het, 'n verleentheid vir stadig ontwikkelende kinders kan veroorsaak. Die gevolg van hierdie vrees is dat geslagsopvoeding uitgestel word totdat die kind 'n bepaalde ontwikkelingsmylpaal bereik het. Ouers en ander opvoeders is dikwels onseker oor die tydstip waarop 'n kind oor die geslagsdaad ingelig behoort te word en hierdie inligting word gevolglik ook onnodig lank uitgestel (vgl. par. 4.2.3.7).

Daar word met Garbers (1972:14) saamgestem dat die hele opvoeding gerig is op die oorskryding van die grens na volwassenheid waarvoor die kind voorberei word en waaruit uiteindelik die suksesvolheid van die opvoeding blyk. Garbers (1972:14) wys daarop dat dit wenslik is dat die grens

tot die volwasse geslagslewe nie voortydig oorskry word nie. Hy verduidelik egter dat die kind "getrek" en "gestoot" word na volwassenheid. Enersyds word selfstandigheid en verantwoordelikheid deur die opvoeders verwag en andersyds word die kind na volwasenheid gestoot deur sy onontkombare fisieke ryping. Binne hierdie samespel van getrek en gestoot te word ontstaan daar allerlei sinchroniseringsprobleme. Die oorbrugging van hierdie dissinchronisasie is gevolglik 'n besondere opvoedingsopgawe. Tog hoef hierdie oënskynlike struikelblok nie 'n onoplosbare probleem te wees nie, want belangriker nog is die opvoeder se aandeel aan die kind se ontwikkeling in die skepping van geborgenheid. Die kind het behoefte aan normkonsekwentheid en 'n normatiewe verwysingsraamwerk (Garbers, 1972:17). Geborgenheid word geskep wanneer die kind 'n duidelik gekristalliseerde en uitdagende lewensweg voor hom sien.

Ten spyte van ontwikkelingsverskille in 'n bepaalde ontwikkelingsfase, sal die professionele opvoeder in gedagte hou dat die kind nie bloot aan sy ontwikkeling oorgelewer is nie, maar dat hy self 'n aktiewe aandeel daaraan het. Die opbou van die kind se verwysingsraamwerk voltrek hom oor die kind se hele lewe en kan deur verskeie faktore beïnvloed word. Stelselmatig groei daar egter plan en rigting. Elke kind sal sy eie omgewing en ervarings interpreteer en by sy verwysingsraamwerk insluit. Hierdie proses hou in dat elke kind op sy eie individuele wyse sy eie verwysingsraamwerk vorm.

Die professionele opvoeder sal in gedagte hou dat geslags-opvoeding deel vorm van die kind se gewetensvorming. Die vorming van die gewete beteken dat die kind verantwoordelike optrede moet leer. Hy moet leer wat God in sy wet van hom eis, ook ten opsigte van die seksuele (Steyn, 81:90). In die klassituasie leer die kind nie alleen **wat** reg is nie, maar meer nog, hoe om reg te **handel** (Steyn, 81:89).

5.4.7 Die behorensvraag rondom die professionele opvoeder

Die vraag word soms gestel wie die persone is wat geslagsopvoeding behoort te onderrig. Verskeie moontlikhede kan onderskei word, naamlik:

* Een professionele opvoeder aan wie 'n spesiale mandaat verleen word en wat leerlinge periodiek besoek.

* 'n Kundige, maar nie noodwendig 'n professionele

opvoeder nie, byvoorbeeld 'n geneesheer, verpleegkundige, maatskaplike werker of regskundige.

* Onderwysers wat op grond van bepaalde kriteria geselekteer word.

* 'n Voog- of klasonderwyser.

* 'n Bepaalde vakonderwyser, byvoorbeeld Godsdiens-, Huishoudkunde-, Biologie-, of Liggaamsopvoeding-onderwysers.

Opvoeding is handeling tussen mense (Van der Walt & Dekker, 1982-83:117); dit wil sê, 'n handeling tussen persoon en persoon. Wanneer die beginsel van persoonsbehartiging in ag geneem word, geld die behartiging van die persoon twee partye, naamlik die persoon van die kind en die persoon van die opvoeder. As daar nie sprake is van die behartiging van albei persone nie, kan daar nie van persoonsbehartiging gepraat word nie. Die vraag kan gestel word wie die opvoeder as persoon is. Onderwysers is nie plaasvervangende ouers nie. Dit beteken dat hulle nie "**in loco parentis**" (in die plek van die ouer) staan nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:161). Die indruk kan egter geskep word dat ouers van hulle taak "beroof" kan word (vgl. par. 5.4.5). Die ontwikkelende samelewing openbaar 'n natuurlike behoefte aan mense wat spesiaal opgelei, toegerus en geroep is om kennis aan kinders oor te dra. Onderwysers se professionele bevoegdheid stel hulle in staat om op professionele wyse onderwys te gee. Van der Walt en Dekker (1982-83:129) toon egter aan dat die onderwysende taak van die onderwyser nie los van die ouers se opvoedingstaak gemaak kan word nie, maar in die gees en waarheid van die ouerhuis behoort plaas te vind. Die professionele onderwyser is deur God self tot hierdie besondere beroep geroep en word gevolglik deur God self met opvoedingsgesag toegerus. Daardeur word die onderwyser 'n opvoeder in sy eie reg, deskundig opgelei, met 'n eie verantwoordelikheid teenoor Hom wat hom geroep het en met 'n eie gesagsposisie. Die implikasie van hierdie uiteensetting is vir geslagsopvoeding dat die onderwyser uit hoofde van sy amp: geroepene, deskundige en gesaghebbende is. Die sedelik-etiese vraag na die onderwyser as geslagsopvoeder hou in dat geroepenheid, deskundigheid en gesag in sy amp verteenwoordig behoort te word. Daarsonder sal hy nie toegerus of bevoeg wees om sy taak behoorlik te kan uitvoer nie.

Die opvoeder en die kind bevind hulle in 'n besondere verhouding wat a-simmetries van aard is, dit wil sê, daar bestaan 'n bepaalde ongelykheid in die opvoedingsverhouding wat uiteindelik deur die opvoedingshandeling opgehef word (Garbers, 1972:15). Uit die werk van Landman en Kilian (1973:5) is bekend dat die onderwyser 'n besondere volwassene is omdat hy die betekenis van vertroue, begrip en gesag in menslike verhoudings ken en aan die kind kan verduidelik. Deur die inoefening van hierdie verhoudings en die verstaanbaarmaking daarvan aan die kind, word die beste geleentheid geskep om behoorlikheidseise in te oefen. Tereg sê Landman en Kilian (1973:6) dat die onderwyser die kind deur deelname aan vertroue, begrip en gesag nader aan behoorlike volwassenheid lei.

'n Ware opvoedingsverhouding is nie toevallig nie, maar vertoon kontinuïteit. Die opvoedingsverhouding word gestig op grond van die betrokkenes se "saam op weg wees", wat nieteenstaande die "tydse" aard daarvan, tog 'n blywende karakter vertoon. Vertroue en intimiteit word nie lukraak geskep nie, maar kom geleidelik tot stand (Landman & Kilian, 1973:22). Op grond van die sterk behorenseis kan daar aanvaar word dat sulke verhoudings met versigtigheid en eerbied hanteer sal word. Verhoudings word gestig en groei. Opvoedende bemoeienis word ook gekenmerk deur 'n periodieke verlating van die opvoedende omgang en ontmoeting. Die implikasie daarvan is dat die opvoedeling na 'n periode van verlating met vrymoedigheid na die opvoeder kan terugkeer. Tyd is derhalwe 'n voorwaarde vir periodieke verlating. Die binding tussen opvoeder en kind word dan geleidelik en in 'n toenemende mate losgemaak totdat die kind sy eie vryheid in verantwoordelikheid kan aanvaar (Landman & Kilian, 1973:24).

Opvoeders wat vir geslagsopvoeding verantwoordelik is, behoort:

* roepingsbewus te wees,
* deskundig te wees, en
* in staat te wees om 'n sinvolle opvoedingsverhouding met die kind te stig.

Die toevallige, eenmalige of kortstondige bemoeienis van 'n opvoeder met die kind in die geval van geslagsopvoeding, word gevolglik afgekeur. 'n Praktyk waar geslagsopvoeding deur besoekende opvoeders waargeneem word, is in stryd met sinvolle verhoudingstigting. Die argument kan geopper word dat geslagsopvoeding juis deur 'n nie-kontinue opvoeder moet

plaasvind op grond van die groter impak wat dit op die kind het en dat die kind die nie-terugkerende opvoeder beter kan vertrou as die opvoeder wat aan die kind bekend is. Wanneer die kind 'n gebrek aan vertroue, begrip of gesag ervaar, kan daar nie sprake wees dat die belange van die kind in so 'n gebrekkige opvoedingsverhouding behartig kan word nie. Slegs in die aansyn van 'n gevestigde opvoedingsverhouding kan die kind dit in vertroue met die opvoeder waag. Die gevolgtrekking kan derhalwe gemaak word dat geslagsopvoeding slegs behoort plaas te vind waar daar 'n gevestigde opvoedingsverhouding bestaan. Die implikasie van hierdie stelling is dat die roepingsvervulde, deskundige opvoeder nie op grond van vermeende etiese voorveronderstellinge tot die hantering van bepaalde leerinhoude beperk moet word nie.
'n Praktyk waar leerinhoud van 'n besondere sensitiewe aard sonder die vestiging van 'n sinvolle opvoedingsverhouding, deur 'n opvoeder hanteer word, word daarom afgekeur.

5.4.8 Geslagsopvoeding as eties-sedelike vraagstuk

Daar word met Steyn (1981:89) saamgestem dat die religieuse gerigtheid van die mens sy opvattings van die sedelike bepaal. Die volwasse gelowige Christen aanvaar die wet van die Here as die norm vir sy lewe. Daarteenoor het 'n persoon met 'n ander geloof of religieuse gerigtheid waarskynlik ander norme en waardes. Die nie-christen aanvaar die norme wat die gemeenskap daargestel het as sy norme. Die implikasie is dat die doel van die sedelike opvoeding van verbondskinders anders sal wees as dié van ander kinders. Bybels-gefundeerde geslagsopvoeding sal derhalwe anders wees as sekulêre geslagsopvoeding. In 'n komplekse samelewing, soos dié in Suid-Afrika, bestaan daar uiteenlopende sienswyses en groot verskille ten opsigte van die religieuse instelling van opvoeders. Daar kan verwag word dat daar ouers sal wees wat 'n nie-Bybels gefundeerde program vir hulle kinders sal verkies. Die Christenopvoeder sal vanweë sy hartsgesteldheid vashou aan die Bybelse leer oor die mens se seksualiteit, ongeag onderwys- of landsbeleid. Daarbenewens moet die ouer toesien dat sy kind in die regte leer onderrig word. Die etiese vraagstuk oor geslagsopvoeding sentreer gevolglik nie in die leerinhoudelike of die didaktiese komponent van geslagsopvoeding nie, maar in die religieuse instelling van die opvoeder.

Schoeman (1980:30) vat die probleem bondig saam deur te vra wat vir die Christen aktueel is, waarop hy antwoord dat dit nie daarom gaan of die Woord van God moet **meespreek** nie, maar

hoe dit moet geskied. Vir die Christenopvoeder bly die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing die beginpunte wat rigtingbepalend vir sy opvoedingshandeling moet wees. God se Woord en Wet geld immers vir alle lewensterreine en wetensgebiede en dus ook vir geslagsopvoeding. In plaas daarvan dat daar deur sommige individue gepleit word om geslagsopvoeding af te skaf (C.O.V. 1989:20), moet daar eerder gevra word hoe geslagsopvoeding volgens Bybelse norme moet geskied.

5.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is verskeie vraagstukke rondom die "behoorlike" van geslagsopvoeding ondersoek. Aangesien geslagsopvoeding 'n uiters sensitiewe opvoedings-aangeleentheid is, is dit noodsaaklik dat daar sekerheid bestaan oor wat behoorlik is en wat nie. Daar is aangetoon dat geslagsopvoeding nie slegs eties/sedelik verantwoordbaar moet wees nie, maar dat die kind ook as 'n eties/sedelike wese opgevoed moet word.

Die bestaan van die sedelike is vervolgens nagegaan. Die sedelike is as tipiese menslike bestaanswyse aangetoon. Die inhoud van die sedelike is omskryf as persoonsliefde op welke grond geslagsopvoeding gevolglik moet plaasvind. Daar is verder aangetoon dat die sedelike as persoonsbehartiging na vore kom, wat die eis stel dat die persoon van die kind deur geslagsopvoeding behartig moet word.

Vervolgens is sedelike norme as maatstawwe vir geslagsopvoeding onder die loep geneem. Die verskil tussen etiese beginsels, norme en waardes is aangetoon, sodat seksuele waardes gepresiseer kan word.

Ten slotte is enkele vraagstukke met betrekking tot die implementering van geslagsopvoeding in die onderwyspraktyk nagegaan. Daar is tot die slotsom gekom dat geslagsopvoeding altyd vanuit die "hart" gerig word en dat die Christenopvoeder die Bybelse norme vir seksualiteit moet eerbiedig en aan die kind moet oordra.

In Hoofstuk 6 sal die fokus op geslagsopvoeding as opvoedingstaak val, om daardeur riglyne te kan neerlê vir verantwoordelike en verantwoordbare geslagsopvoeding.

6. GESLAGSOPVOEDING AS OPVOEDINGSTAAK

6.1 Inleiding

Gesinsvoorligting, en meer in die besonder geslagsopvoeding, is om verskeie redes tot die skoolkurrikulum toegevoeg. Die praktiese implementering van geslagsopvoeding, as skoolse handeling, het nadere besinning nodig. Daar kan onder andere gevra word waarom gesins- en geslagsopvoeding tot die skoolkurrikulum toegevoeg is, wat die vraag verder laat uitkring na die plek van gesins- en veral geslagsopvoeding in die breë, en in die skoolopvoeding in die besonder. Daar kan verder besin word oor die bestaansreg van gesins- en geslagsopvoeding. As daar inderdaad so 'n bestaansreg aangetoon kan word, kan daar ondersoek ingestel word na die terrein van gesins- en geslagsopvoeding. Rekenskap is nodig oor wat hierdie aspek van die opvoeding behels.

Tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang vereis gespesialiseerde onderwys wat toenemend deur die skool behartig word. Ouers is dikwels nie in staat om sekere aspekte van veral die onderwysende of kennisaspekte van hulle kinders se opvoeding te behartig nie (Postma, 1987:107). Ook ten opsigte van die mens se geslagtelikheid voel die ouers dikwels onbekwaam of swak toegerus om daaroor met hulle kinders te praat. Verskeie faktore, soos die toenemende voorkoms van seksueel oordraagbare siektes, dra by tot die ouer se gevoel van onbekwaamheid weens die gebrek aan kennis daaromtrent. Die huidige tydsgewrig word volgens Oberholzer (1988:24) gekenmerk deur 'n gees van sogenaamde verdraagsaamheid wat 'n onverskilligheid ten opsigte van religieuse en wêreldbeskoulike bindinge regverdig en die waarheidsgehalte van verskillende opvattinge ignoreer. Hierdie verskynsel word ook in die huisgesin aangetref, sodat die moontlike gevolge van liberalisme, permissiwisme en uiteindelik selfs nihilisme ook daar aangetref kan word. Dit is vanselfsprekend dat geslagsopvoeding op grond van die genoemde faktore nie tot sy reg sal kan kom nie. Kinders het egter behoefte aan opvoeding, wat inhou dat hulle begelei moet word tot die sinvolle toetrede tot die wêreld van volwassenes waarin hulle selfstandige en verantwoordelike beslissings kan neem (Oberholzer, 1988:27).

Die mens se seksualiteit is van so 'n sensitiewe en private aard dat die oopstelling daarvan aan ander opvoeders as die ouers nie ongekwalifiseerd kan plaasvind nie. Tog het die

samelewingseise, soos die bestryding van seksueel oordraagbare siektes, geslagsopvoeding buite gesinsverband genoodsaak, maar dan volgens die voorwaarde van Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983:99) op só 'n wyse dat die skoolopvoeding by die oueropvoeding aansluit.

Gesinsvoorligting, met geslagsopvoeding as komponent daarvan, sal vervolgens as opvoedingstaak aan die hand van die voormelde vrae en aan die hand van die religieuse, die temporele, die modale en die individuele struktuurmomente, ondersoek word.

6.2 Die plek van geslagsopvoeding in die opvoeding

6.2.1 Geslagsopvoeding as intuïtiewe ervaring

Geslagsopvoeding, as komponent van gesinsvoorligting, vind vanaf geboorte plaas. Die jong baba het vanaf sy eerste lewensdae te doen met sy ouers as verteenwoordigers van manlikheid en vroulikheid. Sodoende leer die jong kind geslagtelikheid ken in sy tipiese strukture van manlikheid en vroulikheid. Net soos die mens se naïewe ervaring aan hom 'n geïntegreerde beskouing van die geheel van die werklikheid verskaf, verwerf die kind 'n naïewe beskouing van geslagtelikheid en die gesinslewe met sy verskillende verhoudinge (Van der Walt, 1980:24). Hierdie konkrete beskouing word gevorm sonder insig in verbande en samehange. Geslagskennis is toevalllig en intuïtief binne die intieme gesinsfeer. Die kind word daardeur in die geleentheid gestel om die basiese Christelike waardes van naasteliefde, eerlikheid, opregtheid, nederigheid, diensvaardigheid en selfbeheersing te leer (Louw, 1989:85).

Op voorwetenskaplike wyse vorm die kind sy eerste verwysingsraamwerk aangaande seksualiteit, waarvolgens hy later tusssen reg en verkeerd kan onderskei. Geslagskennis word gevorm deur "huislike" opvoeding en die ouers se voorlewing van manlikheid en vroulikheid. Die waarde van hierdie soort opvoeding lê opgesluit in die gesin se struktuur as liefdesgemeenskap (vgl. Spier, 1950:186 en par. 4.2.3.3).

6.2.2 Geslagsopvoeding as gestruktureerde wetenskaplik gefundeerde opvoedingshandeling

Kennis van 'n saak bestaan uit verskillende fasette. In die vorige paragraaf is daar gewys op geslagskennis as intuïtiewe

kennis, of ook konkrete kennis wat hoofsaaklik op ervaring gebaseer is. Van belang is dat alle kennis deur menslike aktiwiteit tot stand kom (Fowler, 1987:30). Verder onderskei hierdie skrywer (1987:21) tussen religieuse kennis as kennis van God deur sy openbaring en analitiese kennis as "deurdinkte" kennis. Die professionele opvoeder wil nie by intuïtiewe opvoeding vassteek nie, maar wil eerder die "drumpel na die logies-analitiese bewussynsvlak" oorsteek (Van der Walt, 1980:25) as voortbouing op die naïewe ervaring deur middel van 'n sistematiese wetenskaplike prosedure.

Die professionele opvoeder verwonder hom aan die kind wat aan hom geopenbaar word as 'n, onder andere, kennende, willende, belewende, sosiale, sedelike, religieuse mens in liggaamlikheid, binne 'n bepaalde histories geworde kultuurmilieu (Bisschoff, 1977:108). In die kind se menswees is ook die seksuele opgesluit en vanuit sy kindwees vra die kind om die sin van die seksuele.

Vanuit wetenskaplike perspektief word seksualiteit beskou ten opsigte van die ryke betekenis wat daarin opgesluit lê en wat deur verskillende lewensfasette tot openbaring kom, byvoorbeeld deur naamgewing, beroep en lewenstyl. Seksualiteit gaan om veel meer as blote geslagtelikheid; dit omspan die mens se wêreld van "liefde in tydelike betrekkinge"; dit gaan om begrippe soos "betroubaarheid" en "trou" (Van der Walt, 1980:39). Louw (1989:47) beskou seksualiteit as iets "sakramenteel", 'n simboliese vooruitgryping op die harmonie van die Godsorde; die sjalom van God se versoeningsorde. Hierdie begrippe kan as sedelik-etiese aangeleenthede in die opvoeding opgeneem word. (Vgl. hfst. 5 in hierdie verband.) Seksualiteit in sy ryke verskeidenheid kan nie van die ander aspekte van menswees geskei word nie en in geslagsopvoeding moet daar derhalwe daarmee rekening gehou word dat die mens as seksuele wese 'n lewende totaliteit is (Bisschoff, 1977:109).

Geslagsopvoeding wil as wetenskaplik gefundeerde opvoedings-handeling nie in isolasie van die naïewe, intuïtiewe gesinsopvoeding staan nie, maar wil daarby aansluit en daarop voortbou; trouens, waar daar moontlike leemtes op die terrein van die gesinsopvoeding bestaan, wil geslagsopvoeding as wetenskaplik verantwoorde opvoedingshandeling daardie leemtes identifiseer met die oog op gepaste hulpverlening.

6.3 Die bestaansreg van geslagsopvoeding

Deur gebruik te maak van die term "reg" in "bestaansreg", kan die indruk geskep word dat geslagsopvoeding dalk geen bestaansreg het nie, of dat slegs sekere opvoeders hulle met die taak mag besig hou. Om hierdie kwelvraag bevredigend te kan beantwoord, moet daar rekenskap gegee word van wat daar inderdaad met geslagsopvoeding bedoel word. Daar word aangesluit by Van der Walt (1980:61) se beskouing en uiteensetting van verskillende aspekte van skoolvoorligting-kunde. Daarvolgens kan geslagsopvoeding en ook gesins-voorligting, waarvan dit 'n komponent is, as "**persoons-voorligtingkunde**" beskou word, omdat dit agogies gefokus is, wat volgens Van der Walt (1980:61) mense wil "lei en voorlig om as beskawingsmondiges volkome toegerus te wees vir hulle Godgegewe taak en roeping". Beskawingsmondigheid in hierdie verband beteken dat die opvoedeling se normatiewe aktstruktuur deur middel van opvoeding ontsluit word (Van der Walt, 1980:46). Hierdie ontsluitingshandeling verleen aan geslagsopvoeding sy opvoedende funksie, waardeur sy bestaan as opvoedingshandeling geregverdig kan word.

6.4 Die terrein van geslagsopvoeding

6.4.1 Algemeen

In wese gaan dit in geslagsopvoeding om **opvoeding**. 'n Ordeningsblik toon dat die opvoedingsterrein die volgende impliseer (vgl. Van der Walt, 1980:36):

* opvoeding is **handeling** wat slegs deur die mens uitgevoer kan word,
* opvoeding vind plaas in 'n **opvoedingsituasie** wat gekenmerk word deur die aanwesigheid van 'n

  - opvoedingsbehoeftige persoon,
  - opvoedingsbevoegde persoon en
  - interaksie tussen hierdie twee persone.

Die interaksie word gekenmerk deurdat dit

- op een of ander wyse die belange van die opvoedings-behoeftige behartig (persoonsbehartiging word volledig in hoofstuk 5 ondersoek), en
- onder gesag plaasvind soos bepaal deur die samelewingsverband waarbinne die opvoeding plaasvind.

Die opvoedingshandeling omsluit die leiding, begeleiding, vorming, beïnvloeding en onderrig van die opvoedingsbehoeftige in die lig van sy bestemming, met die oog op die verantwoordelike aanvaarding van die lewenstaak. Van der Walt (1980:37) verduidelik verder dat opvoeding plaasvind aan die hand van normatiewe gesigspunte wat anastaties of apostaties gerig kan wees. Opvoeding is doelgerig en -bepaald. Die anastaties gerigte opvoedingsdoel word treffend geformuleer deur Louw (1989:63) wat sê dat die kind met raadgewing en begrip gelei moet word tot die maak van selfstandige keuses, en so vanuit die versoeningswerk van Christus opgebou word dat die kind sal groei tot geloofsvolwassenheid en insig in God se wil.

6.4.2 Geslagsopvoeding as unieke opvoedingsterrein

In die vorige paragraaf is die breë opvoedende aspek van geslagsopvoeding aan die orde gestel, maar die vraag wat gestel kan word, is wat geslagsopvoeding in die lig van sy opvoedende waarde, so besonder maak.

Daar word deur sommige wetenskaplikes aanvaar dat gesinsvoorligting, as oorkoepelende vak, nie as aparte vak hoef te bestaan nie, maar geïntegreer kan word met Biologie, Voorligting, Godsdiensonderrig, Huishoudkunde, of ander sosiale vakke (Bongers & De Klerk, 1980:65). Hierdie stelling het veral betrekking op geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting. Deur gesinsvoorligting by 'n ander vak te inkorporeer, moet daar aanvaar word dat dit dan in der waarheid daardie vak word. Gesinsvoorligting word dan self Biologie, Godsdiensonderrig, ens. Alhoewel gesinsvoorligting raakpunte met ander vakke toon, openbaar dit tog 'n eie unieke aard waarvan die eie soewereiniteit nie sonder meer prysgegee kan word nie.

Gesinsvoorligting as unieke opvoedingsopgawe word in sy besondere inhoud, aard en doel vergestalt.

6.4.3 Geslagsopvoeding as opvoedingsinhoud

Geslagsopvoeding het te doen met die mens se seksualiteit, wat op sigself 'n komplekse aangeleentheid is. Hekma (1985:366) beskou seks as "een plastisch, sociaal fenomeen; zij is een bepaalde specificatie van sociale omgangsvormen met het liggaam". Volgens Louw (1989:123) het seksualiteit 'n eie selfstandigheid. Weens die verskuiwing van morele waardes is seksualiteit nie meer in die huwelik gefundeer

nie, maar is die huwelik in seksualiteit gefundeer. Die eietydse plesiermoraal bring mee dat die fundamentele betekenis van seksualiteit in rekreasie gesoek word, terwyl prokreasie 'n mindere plek moet inneem (Louw, 1989:124).

Volgens Bongers (1980:62) is geslagtelikheid 'n natuurlike en positiewe element van die lewe en deel van die persoonlikheid, interpersoonlike verhoudings en sosiale strukture.

Gesinsvoorligting, en gevolglik ook geslagsopvoeding, gaan nie net om die mens as 'n geslagtelike wese nie, maar om die mens as geslagtelike wese in verskillende verhoudings as persoon tot persoon. Die uniekheid van geslagsopvoeding word juis bevestig deurdat die kind as seksuele wese in verskillende verhoudings opgevoed moet word.

Die mens as geslagtelike wese vind sy ontstaan in die gesin as kind van ouers, dit wil sê, 'n vader en 'n moeder. Die gesin word deur Louw (1989:78) omskryf as 'n wisselwerkende netwerk van verhoudings en rolfunksies, waardeur 'n wederkerige interaksie ontstaan wat daartoe bydra dat gesinslede die mees fundamentele ervaring van behoort, samesyn, toewyding en menswaardigheid ervaar. Die gesin as struktuur is gevolglik die terrein waar die kind georiënteer word ten opsigte van:

i) sy eie geslagtelikheid,
ii) sy onderlinge verhoudings en interaksies, en
iii) sy geslagsrol.

Geslagsopvoeding gaan om die liefde in tydelike betrekkinge, wat deur betroubaarheid en trou gekwalifiseer word. Omdat hierdie aspekte die hoekstene van geslagsopvoeding, en in breër sin ook van gesinsvoorligting vorm, is dit nodig dat daar by die etiek verneem word wat hierdie aspekte behels (vgl. Van der Walt, 1980:39). Om hierdie rede is daar in hoofstuk 5 van hierdie navorsing in meer besonderhede na geslagsopvoeding vanuit eties-sedelike perspektief gekyk.

6.4.4 Die aard van geslagsopvoeding

Die opvoedingsterrein word volgens Van der Walt (1980:36) "gestempel" deur die een of ander vorm van behartiging van die belange van die opvoedingsbehoeftige. Vanuit eties-sedelike perspektief blyk dit dat geslagsopvoeding as persoonsbehartiging beskou kan word en wel persoons-

behartiging onder gesag van die Heilige Skrif (vgl. par. 5.3.3.3). Tereg sê Jeffreys (1962:134) dat "we have to remind ourselves that the ground of all morality is respect of person for person". Deur geslagsopvoeding word daar ondersoek ingestel na die ware bedoeling van persoonsliefde, naamlik die persoonsliefde wat uit die hart opkom (Stoker, 1967:272) en wat veranker is in die totalitêre liefde van die mens tot God, want daarna is ware naasteliefde pas moontlik (Stoker, 1967:274).

Geslagsopvoeding is met ander skoolvakke vervleg. 'n Innige verbondenheid met godsdiensonderrig word waargeneem en bestaan op grond van die onderlinge liefde tussen gelowiges as broeders en susters in Christus. Geslagsopvoeding staan as persoonsbehartiging in 'n religieuse verhouding tot God, maar is nie godsdiens as sodanig nie. Hiervolgens kan die stelling gemaak word dat geslagsopvoeding sonder religieuse verankering geen ware geslagsopvoeding kan wees nie (vgl. ook Fowler, 1987:19).

Geslagsopvoeding se besondere aard spreek derhalwe uit die Heilige Skrif self, soos vergestalt in persoonsbehartiging as sedelik-etiese aangeleentheid uitgedruk in geslagtelikheid as leerinhoud. Vanuit hierdie perspektief kan geslagsopvoeding as 'n Godgegewe roeping van die opvoeder beskou word, wat met al die ander roepingstake van die mens vervleg is. Die besondersheid van die roeping is geleë in die rol wat geslagsopvoeding speel ten aansien van die verwesenliking van die bestemming van die mens, soos gegrond in die raad van God (vgl. Stoker, 1967:275). Geslagsopvoeding vervul derhalwe in 'n besondere opvoedingsbehoefte, naamlik die bestemmings-behoefte.

6.4.5 Die moontlikheid van geslagsopvoeding

Alhoewel die mens 'n gebroke wese is, is hy as skepsel van God nooit deur God verander nie; dit geld ook sy seksualiteit. Die mens het gevolglik steeds die inherente moontlikhede wat hy kragtens God se skeppingsdaad ontvang het (Taljaard, 1976:159). Na die sondeval het die mens God en sy naaste begin haat. 'n Verandering in die mens is slegs moontlik deur die genade van God in die soenverdienste van Jesus Christus (Taljaard, 1976:160). Die versteurde orde en verhoudings kan daardeur weer herstel word. Tereg sê Taljaard (1976:166): "To become a child of God by the grace of God is to be redirected towards God". Geslagsopvoeding kan instrumenteel wees tot hierdie herstel, deur God se wil

met die mens as geslagtelike wese by die kind tuis te bring. Die moontlikheid van geslagsopvoeding kom tot uiting in Taljaard (1976:275) se uitspraak dat die mens as beeld van God geskape is, wat inhou dat hy op grond van die totale menslike beeld van God aan verskillende roepingsfasette gehoor moet gee. Een van hierdie fasette is die persoonsliefde as beeldfaset van die liefde van God binne die Triniteit en God se liefde vir die mens.

Deur geslagsopvoeding leer die kind dat die liggaam besitting en tempel van God is. Daarin lê die antwoord teen die sonde. Deurdat die kind leer dat hy aan God behoort, leer hy ook dat God sy eiendom bewaar en beskerm. Deur God se bewaring bly die kind behoue (Wijnbeek, 1990).

6.5. Die wet van God en geslagsopvoeding

Vanuit Skrifmatige perspektief is opvoeding 'n opdrag van God. Saam met sy ouerskap ontvang die mens die toerusting om sy opvoedingsopdrag te kan uitvoer. Die uitvoering van opvoeding as menslike handeling word deur die mens se aktstruktuur gerig op grond van sy hartsgegrepenheid (Taljaard, 1976:181). Geslagsopvoeding is as menslike handeling onderworpe aan die wet van God en bied aan die mens 'n terrein waar hy God se wet kan positiveer. Sedelikheid en kuisheid begin volgens Wijnbeek (1986) by kennis van God. Kennis van God impliseer ook kennis van sy wet waardeur Hy gedien moet word.

6.6 Die struktuur van geslagsopvoeding

6.6.1 Algemeen

Geslagsopvoeding openbaar, net soos enige ander menslike handeling, vier struktuurmomente. Geslagsopvoeding, as uiterlike handeling, het sy oorsprong in die religieuse selfheid van die mens en kan òf apostaties, òf anastaties gerig wees. As menslike handeling spruit geslagsopvoeding voort uit die mens se opvoedingstaak wat hy as skeppingsopdrag van God ontvang het.

Geslagsopvoeding is ook tydsgebonde. In gevalle waar geslagsopvoeding 'n skoolse aangeleentheid is, volg dit dat dit gekoppel sal wees aan die skool se tydsgebondenheid wat te make het met sake soos skoolstigting, skoolfunksionering en selfs skoolsluiting. As onderwysaangeleentheid in die skoolkurrikulum moet daar besluit word op watter stadium die

onderrig van die vak behoort te begin en hoe lank dit moet duur. Verder moet daar rekening gehou word met interne skoolse faktore soos roosterbeplanning en jaarbeplanning. Dit is belangrik dat geslagsopvoeding op die regte tydstip die leerinhoud aan die kind bied, wat inhou dat die kind se ontwikkelingsfase in gedagte gehou moet word. Eksterne faktore, waaronder samelewingsfaktore, moet verder in ag geneem word. Die skielike voorkoms van die gevreesde siekte VIGS, het die spoedige optrede van die onderwys genoop om die verdere uitbreiding daarvan te probeer stuit.

Geslagsopvoeding is 'n menslike handeling wat op verskillende terreine, waaronder die terrein van die skool, kan plaasvind. Sy funderingsfunksie is in so 'n geval gevolglik, net soos die skool, in die historiese modaliteit geleë. Waar die skool se bestemming geleë is in die logies-analitiese funksie op grond van sy onderwys en onderrig ten opsigte van kognitiewe, affektiewe en psigo-motoriese vaardighede, verskil geslagsopvoeding daarvan deurdat die bestemmings-funksie, benewens die logies-analitiese funksie, ook geleë is in die etiese funksie (vgl. par. 4.3.5.5). Geslagsopvoeding is naamlik toegespits op die ontsluiting van die kind se volledige aktstruktuur met betrekking tot sy gesins- en verhoudingslewe. Die gesin se bestemmingsfunksie is in die etiese modaliteit geleë (vgl. par. 4.2.3.3), aangesien die uitoefening van onderlinge liefde die primêre taak van die gesin is (vgl. Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:254). Geslagsopvoeding poog om die kind vir verantwoordelike gesinstigting en gesinslewe toe te rus, waar God se wet ten opsigte van die heiligheid van die huwelik gehoorsaam word.

Geslagsopvoeding verskil van alle ander skoolvakke op grond van sy unieke struktuurwet. Geslagsopvoeding se taak en doelstellings verskil dus van alle ander skoolvakke (vgl. par. 6.4.3 en par. 6.4.4). Waar geslagsopvoeding aanvanklik in die huisgesin self begin, kan dit die knoop- of ontmoetingspunt tussen skool en ouerhuis vorm deur gereelde onderlinge samewerking ten opsigte van bepaalde onderwerpe of fasette daarvan. Dit sluit aktiwiteite soos gespesialiseerde ouerbegeleiding in, waar die skool die ouer bystaan en voorlig ten opsigte van die kind se geslagtelike ontwikkeling en geslagslewe. Alhoewel geslagsopvoeding implisiet in bykans elke skoolvak funksioneer, want elke skoolvak word immers deur 'n opvoeder hanteer wat self 'n seksuele wese is, bied geslagsopvoeding die formele, gestruktureerde leerinhoude wat die kind nodig het vir 'n gesonde geslags- en

gesinslewe. Al die modaliteite van menswees word in geslagsopvoeding vergestalt, aangesien dit betrekking het op die innigste persoonwees van die kind en die kind in sy totaliteit daarby betrokke is.

6.6.2 Die religieuse faset van geslagsopvoeding

Postma (1987:107) wys daarop dat alle opvoedende onderwys wat deur die skool behartig word, in ooreenstemming met die Christelike gees en rigting van die ouerhuis behoort te geskied. Die moontlikheid bestaan egter dat ouerhuise of/en skole apostaties gerig kan wees. Die Christenopvoeder sal egter in gehoorsaamheid aan sy roeping trag om die kind terug te bind aan die Oorsprong van alle dinge, naamlik die Skepper van alles, die drie-enige God van die Heilige Skrif.

Kragtens die bevel van God is aan die mens opgedra om beheer oor die geskape werklikheid, wat homself as persoon insluit, uit te oefen, wat inhou dat die mens beheer moet uitoefen oor die handelinge wat uit sy hart spruit. Die mens moet homself kan beheer, ook ten opsigte van sy geslagtelikheid, sodat God se soewereiniteit ook in die mens se seksuele gedrag sigbaar word (Taljaard, 1976:90 e.v).

6.6.3 Die temporele faset van geslagsopvoeding

Geslagsopvoeding word deur tyd omsluit. Hierdie stelling beteken dat geslagsopvoeding 'n handeling met 'n begin en 'n einde is (vgl. Schoeman, 1979:5). Geslagsopvoeding begin by geboorte en vind aanvanklik in die ouerhuis as primêre opvoedingsituasie plaas. As skoolse aangeleentheid moet daar rekening gehou word met die kind se verskillende ontwikkelingsfases sodat die leerinhoude daarvolgens aangepas kan word. Die doel wat nagestreef word, is die harmonieuse ontplooiing van die kind se fisieke, emosionele en morele ontwikkeling asook sy denke word ten doel gestel (vgl. Strauss, 1978:309). Geslagsopvoeding as skoolse handeling behoort by die ouerlike opvoeding aan te sluit en begin gevolglik met die aanvang van die kind se skoolloopbaan en eindig met die afsluiting daarvan (vgl. Postma, 1987:108). Kronologie en logiese volgorde is kenmerke van opvoedende onderwys en is aspekte van die temporele faset. Daar is dikwels onsekerheid oor die tydstip waarop geslagsopvoeding behoort plaas te vind, asook oor die opvoedingstempo.

Dinamiek in geslagsopvoeding hou in dat daar rekening gehou word met die besondere behoeftes en eise van die tyd. Die

toename in seksuele losbandigheid en die voorkoms van seksueel oordraagbare siektes beklemtoon die noodsaaklikheid van tydige optrede wat betref die opvoedingshandeling.

6.6.4 Die modale faset van geslagsopvoeding

6.6.4.1 Algemeen

Geslagsopvoeding as komponent van die skoolvak gesinsvoorligting, sal uiteraard van ouerlike geslagsopvoeding verskil vanweë die skool se besondere struktuur, wat verskil van die ouerhuis se struktuur. Geslagsopvoeding het 'n meer omvattende bestemmingsfunksie as die ander skoolonderrig, deurdat die bestemmingsfunksie daarvan, benewens die logies-analitiese modaliteit, ook in die etiese modaliteit geleë is. 'n Innige samehang met Bybelonderrig bestaan op grond van die gemeenskaplike logies-analitiese modaliteit. Waar geslagsopvoeding die mens se oorsprong aksentueer, val die aksent in Bybelonderrig benewens die mens se oorsprong, ook op sy bestemming. Hierdie aksentverskil is egter nie absoluut nie. Bybelonderrig het egter 'n besondere bestemmingsfunksie, naamlik die pistiese, waardeur dit sy eie individualiteit verkry. Geslagsopvoeding word vervolgens ten opsigte van elke wetskring en sinkern ondersoek.

6.6.4.2 *Die pistiese* (geloof en vaste vertroue)

Seksualiteit is 'n gawe van God (Taljaard, 1976:92) en die ontsluiting van die kind se logies-analitiese vermoëns moet so geskied dat die leerling sal vra na God se doel met seksualiteit, sodat die kind sy seksualiteit in diens van God sal gebruik en dat God se soewereiniteit oor die mens se lewe in sy seksualiteit sigbaar word. Deur geslagsopvoeding moet God se opdrag aan die mens, veral ten opsigte van die huwelik en gesinstigting en -uitbreiding, vanuit Skrifperspektief voorgehou word. Dit sal aan die leerling die korrekte hartsgesteldheid besorg ten opsigte van huweliksluiting en gesinstigting. Ook sal die leerlinge leer dat selfbeheersing met betrekking tot die seksuele sy van menswees, deel is van God se opdrag aan die mens. In geloofsgehoorsaamheid sal die kind uit liefde God se wet vir seksualiteit eerbiedig.

Die pistiese het ook te doen met vertroue. Die huwelik en huweliksliefde is afhanklik van wedersydse vertroue. Vertroue skep sekerheid en sekuriteit. Dit is opvallend dat 'n apostatiese vertolking van seksualiteit, soos dit in die eietydse verbruikers- en genotsklimaat so duidelik na vore

kom, juis vervreemding, wantroue, agterdog en onsekerheid skep. Waar seksualiteit losgemaak word van sy ware liefdesbetekenis en die persoon van die seksmaat nie ten volle in ag geneem word nie, word dit van sy ware betekenis gestroop (Thielicke, 1979:201).

6.6.4.3 *Die etiese* (morele liefde en liefdesorg)

God eis dat die mens Hom as soewereine God bo alles moet liefhê. Die mens moet ook die liefdesopdrag in sy aardse verhoudings uitleef. Dit geld vir huweliks- en ander interpersoonlike verhoudings. Die monogame huwelik en kuise liefdesverhouding word op logies-analitiese wyse aan die kind voorgehou as God se wil vir die mens as verhoudingswese.

Met betrekking tot die mens se liefdesverhoudings, maak Thielicke (1979:26) onderskeid tussen verskillende gestaltes van die liefde, naamlik **eros** en **agape**. Thielicke verwys na Nygren (Thielicke, 1979:27) se omskrywing van *eros* as "the longing of the soul upward" en *agape* as "self-giving, self-sacrificing love, love that is directed downward". Hiervolgens lei Thielicke (1979:28) af dat in die geval van **eros**, "the **worth** of the other person is the object; in **agape** the ***authentic being*** ***[Eigentlichkeit]*** of the other person is the object". In hierdie verband verteenwoordig die seksuele eenheid die ontmoetingspunt tussen **eros** en **agape**. Met **eros** word daar spesifiek 'n menslike gevoel of passie bedoel. Kroeze (1979:59) dui aan dat daar van erotiek in die Ou Testament maar selde gewag gemaak word en in die Nuwe Testament glad nie. Die erotiek kan ook wel "**in mooi verband**" vermeld word, maar die Bybel toon aan dat erotiek maklik na onsedelikheid kan oorgaan (Kroeze, 1979:65). Tog moet daar onthou word dat seksuele gevoelens tot God se skepping behoort, want so getuig die Hooglied daaroor (Kroeze, 1979:134).

In sy bespreking van **agape** wys Thielicke (1979:30) daarop dat hierdie term nooit in die Nuwe Testament gebruik word om liefde, norme of waardes aan te dui nie, maar hoofsaaklik om daardeur na die liefde van God vir die mens te verwys (1979:31). God se liefde vir die mens is ver verhewe bo alle vorme van menslike liefde, want God se liefde is onvoorwaardelik. Die mens se waarde is geleë in God se liefde vir hom. Die **eros** en **agape** verenig met mekaar in die seksuele verhouding, omdat nie enige persoon of, soos Thielicke (1979:33) dit stel, "naaste" die mens se seksmaat kan word nie, maar dat die seksmaat aan sekere verhewe

agape vereistes moet voldoen. Samevattend sê hy dat "The person to whom I relate myself erotically must be my 'neighbor' and hence the object of my **agape**". Hieruit kan die etiese verklaar word, want daarsonder word die mens "ontmens".

6.6.4.4 *Die juridiese* (reg en onreg, vergelding)

Die reëls in verband met geslagtelikheid word tydens geslagsopvoeding aan die kind voorgehou. Geen interpersoonlike verhouding kan gedy sonder wedersydse eerbied en ontsag nie. God se wet met betrekking tot die seksuele moet gehoorsaam word. Die gesag van die Skrif moet eerbiedig word, en geslagsopvoeding kan gevolglik op grond van die Bybelse waarheid met gesag onderrig word. Die gesag van geslagsopvoeding word gekwalifiseer deur die analitieslogiese as bestemmingsfunksie. Seksuele vryheid is vryheid binne die grense van die huwelik.

Wat betref die juridiese sy van seksualiteit het daar in die afgelope dekades heelwat verander. Veral wetgewing met betrekking tot vroue het die aandag van wetgewers dwarsoor die wêreld geniet (Kroeze, 1987:185). Benewens huwelikswetgewing gaan dit oor kwessies soos gelyke geleenthede, gelyke betaling vir gelyke werk, beter opleiding vir vroue, aborsie, seksuele uitbuiting en dies meer. Huwelikswetgewing wat onder die soeklig val, sluit, onder meer, die volgende sake in: finansiële gevolge van 'n huwelik, inkomstebelasting en werknemersvoordele. Tereg merk Kroeze (1987:190) op dat daar nie net van die reg verwag moet word om self nie onreg te wees nie, maar ook dat dit ander onreg sal verbied. Ten opsigte van wetgewing oor seksualiteit is hierdie ideaal helaas nog lank nie bereik nie.

6.6.4.5 *Die estetiese* (skone harmonie)

Geslagsopvoeding moet poog om die skoonheid van seksualiteit te benadruk. 'n Harmoniese huwelik sal bydra tot 'n gesonde en gelukkige gesinslewe. Thielicke (1979:20) onderskei tusen twee dimensies van seksualiteit, naamlik seksualiteit as synswyse en seksualiteit as funksie. Tussen hierdie dimensies bestaan daar 'n onderlinge samehang wat volgens Thielicke (1979:22) nog nie duidelik omlyn is nie. Die onderlinge samehang kom tot uiting by die keuse van 'n maat. As dit nie so was nie, sou dit moontlik wees om huweliksmaats na willekeur om te ruil, te vervang of om alle vorme van

promiskuïteit te aanvaar. So 'n handelswyse druis egter teen die mens se estetiese waardes in, sodat die monogame, harmonieuse liefdesverhouding die enigste werklik aanvaarbare liefdesvorm is. Die mens is dus nie slegs 'n seksuele funksiewese nie, maar word in totaliteit by seksualiteit betrek. Waar huweliksmaatseleksie, of selfs seksmaatseleksie na willekeur plaasvind, sonder inagneming van die harmonie-modaliteit, ontstaan daar chaos wat krisis tot gevolg het. Seksualiteit, sonder inagneming van die estetiese, ontaard in disintegrasie en verval van die persoonlikheid (vgl. Thielicke, 1979:24).

6.6.3.6 *Die ekonomiese* (waarde-afweging, besparing)

Deur geslagsopvoeding moet die leerling leer om waardes af te weeg. Dit het te doen met die besteding van energie, geld en tyd. Die eietydse samelewing, met sy beklemtoning van produktiwiteit en produksie, het in 'n verbruikersmaatskappy verander (Esterhuyse, 1980:50). Die gevolge daarvan is merkbaar in die mens se seksuele moraal wat volgens Esterhuyse (1980:56) die klem op seks as verbruiksartikel laat val. Die kind moet leer om vir finansiële onafhanklikheid te beplan. Die fyn balans tussen werktyd en gesinstyd moet benadruk word. Kameraadskap in die huwelik word deur König (1987:138e.v.) as die mees aanvaarbare model vir die huwelik voorgehou op grond van die Skriftuurlike waardes wat daarin verwerklik word.

Die beeld van die onderskeie geslagsrolle is deur kommersialisering van hulle ware betekenis beroof. Botha (1987:24) wys op die "skoonheid, seks en seeppoeier"-sindroom. Die gevaar hiervan word deur Kroeze (1979:35) uitgelig, aangesien die skoonheid van 'n vrou 'n man tot sonde kan verlei, maar dat die skoonheid van die man ook 'n vrou in verleiding kan bring.

6.6.4.7 *Die linguale* (simboliese betekening)

Die gebruik van die korrekte terminologie met betrekking tot die kind se seksuele ontwikkeling word deur geslagsopvoeding ingeskerp. Dit sluit die geskrewe woord en ander onderwysmedia, met inbegrip van tegniese hulpmiddels en alle vorme van kommunikasie, in om die leerhandeling te laat plaasvind. Tydens geslagsopvoeding kan leerlinge met besondere behoeftes en probleme rakende hulle geslagslewe, geïdentifiseer word deur die leerling se gebare- of liggaamstaal.

Bepaalde kulturele gebruike ten opsigte van geslagtelikheid word ook deur die linguale modaliteit verteenwoordig, soos onder andere, die simboliese gebruik van die wit trourok om die bruid se maagdelikheid te bevestig, die gee van verloof- en trouringe, simboliese liefdesgebare soos die gee van rooi rose deur die minnaar aan sy geliefde en die strooi van rys of konfetti om vrugbaarheid te simboliseer.

6.6.4.8 *Die historiese* (kultuurvormende mag)

Geslagsopvoeding is as skoolse aktiwiteit in die historiese funksie gefundeer. Geslagsopvoeding kan ook as katalisator dien om 'n goeie verstandhouding tussen ouers en kinders te skep waar hulle mekaar kan ken en respekteer vir die gawes en talente wat elkeen ontvang het en wat tot kultuurskepping aangewend moet word. Kennis rakende seksualiteit en die verhoudingslewe word tydens geslagsopvoeding gevorm. Met kennis daarvan kan die mens, as seksuele en verhoudingswese, sy kultuuropdrag uitvoer. Kennis rakende die verhoudingslewe kan die kind in staat stel om sy verhoudingslewe sinvol te rig deur die stig en vorming van verskillende verhoudinge, waaronder huweliks- en gesinsverhoudinge 'n besondere plek inneem.

6.6.4.9 *Die logiese* (analitiese onderskeiding)

Dit is met menswees gegee om met die verstand te kan dink en te onderskei. Die bestemmingsfunksie van gesinsvoorligting lê in die logies-analitiese funksie. Tydens geslagsopvoeding leer die kind om sy seksualiteit op analitiese wyse te bedink sodat die kind op grond van sy onderskeidingsvermoë tot korrekte besluitneming kan kom. Huweliksmaatseleksie en seksuele gedrag is van die aangeleenthede waarvoor die kind oor 'n goed gebalanseerde besluitnemingsvermoë moet beskik, maar die vorming daarvan verg opvoeding. Probleme rakende die kind se seksualiteit en verhoudingslewe word analities deur die opvoeder bedink met die oog op begrip en doeltreffende hulpverlening.

6.6.4.10 *Die psigiese* (gevoel)

Geslagsopvoeding beklemtoon die noodsaaklikheid van beheerste gedrag. Kragtens God se skeppingsopdrag moet die mens onderwerp, heers en regeer (vgl. par. 3.3) en dit sluit sy emosies in. Selfbeheersing ten opsigte van seksuele gedrag word op liefdevolle en empatiese wyse benadruk. Veranderende

en nuwe gevoelens wat met puberteit gepaard gaan, moet aan die kind verduidelik word, sodat die kind sy gevoelslewe op verantwoordelike wyse kan beheers (vgl. par. 7.2.3). Verskillende emosies, soos jaloesie, haat en verliefdheid, moet verduidelik word aan die hand van situasies wat die kind ervaar, maar waaraan daar nuwe betekenisse geheg word, soos byvoorbeeld by die sien van 'n aantreklike persoon van die teenoorgestelde geslag. Kinders moet leer om te onderskei tussen verskillende soorte gevoelens wat kan wissel van eenvoudige toegeneëntheid tot gevoelens van liefde.

6.6.4.11 *Die biotiese* (organiese lewe),
fisiese (energiewerking),
kinematiese (beweging),
ruimtelike (kontinue uitgebreidheid), en
getal (onderskeie hoeveelheid).

Hierdie groep funksies, wat bekend staan as die "benede"-psigiese funksies, funksioneer elkeen in geslagsopvoeding. Die mens, as geslagtelike wese, funksioneer in die biotiese deur gesinstigting en -vermeerdering. Tydens geslags-opvoeding leer die kind respek vir die lewe en vir seksuele gedrag, soos vergestalt in heteroseksuele verhoudings. Respek vir die lewe impliseer dat beide voor- en nageboortelike lewe eerbiedig word. Voortplanting en die seksdaad is Goddelike opdrag binne die huwelik (Van der Walt, 1988:117). Die fisieke ontwikkeling van die kind verdien baie aandag, veral met betrekking tot die sekondêre geslagsontwikkeling gedurende die puberteit (vgl. par. 7.2.1) Die getalsfaktor funksioneer in geslagsopvoeding in aspekte soos gesinsbeplanning en gesinsgrootte. Geslagsopvoeding bied aan die kind die ruimte om probleemoplossend te werk te gaan.

Alhoewel geslagsopvoeding in al die onderskeie modaliteite funksioneer, is geslagsopvoeding as opvoedingshandeling altyd 'n handeling in totaliteit, waarby die leerling in sy volle totaliteit betrokke is. Die modale faset van geslags-opvoeding speel 'n belangrike rol in die fundering van hierdie opvoedingsaangeleentheid, aangesien dit tot die kind in al sy kompleksiteit, maar tog as totaliteit, spreek. Deur die funksionering van geslagsopvoeding in die mens se bo-psigiese funksies, val die klem op die bewuste aandeel wat die leerling aan sy seksuele ontwikkeling en sy verhoudingslewe neem. Deur geslagsopvoeding sal die kind voorberei en toegerus word om in volle bewustheid en verantwoordelikheid sy lewensbesluite te kan neem.

6.6.5 Die individuele faset van geslagsopvoeding

Die besondere doel, aard, inhoud en struktuur van geslagsopvoeding onderskei dit van enige ander skoolvak en kan derhalwe nie deur enige ander skoolvak oorgeneem of vervang word nie. Alhoewel daar aanvaar word dat geslagsopvoeding 'n komponent is van gesinsvoorligting, wat op sy beurt tuishoort in die geestesweerbaarheidsprogram (vgl. TOD, Geestesweerbaarheidsprogram, 1987), maak dit tog aanspraak op 'n eie struktuur deurdat daar in die besonder klem gelê word op die kind as geskape, geslagtelike en verhoudingswese. Deur geslagsopvoeding word die kind toegerus om sy lewe in gehoorsaamheid aan God te wy en sal hy leer om sy seksualiteit te kanaliseer deur die strukture wat God daarvoor geskep het, naamlik die huwelik en die gesin.

6.7 Gevolgtrekking

Geslagsopvoeding het 'n besondere funksie in aanvulling en steun tot die ouerlike opvoeding te vervul. Geslagsopvoeding het 'n eie, unieke struktuur en deur sy bestemmingsfunksie kan dit die brug vorm tussen ouerlike en skoolse opvoeding. In hierdie opsig kan geslagsopvoeding dien as ontmoetingspunt tussen skool en ouerhuis. Geslagsopvoeding het sy eie soewereine terrein op grond van sy analities-logiese aspek. Dit verskil egter van ouerlike opvoeding deurdat dit in 'n skoolse opset plaasvind en aan die eise van skoolse opvoeding moet voldoen. Geslagsopvoeding kan ook nooit die ouerlike opvoeding vervang nie, aangesien dit die ouer is wat die doopbelofte ten opsigte van sy kind aflê, waardeur hy die volle verantwoordelikheid van die kind se opvoeding aanvaar en ook die rigting van die opvoeding bepaal. Samewerking tussen ouer en skool is nodig om te verseker dat geslags-opvoeding op skool ooreenstem met die leer ten opsigte waarvan die ouer sy doopbelofte afgelê het.

In die fundering van geslagsopvoeding word die volgende aspekte beklemtoon:

* God is soewerein. Sy soewereiniteit kan deur geen skepsel of skepping verdring word nie. Die implikasie vir geslagsopvoeding is dat geslagsopvoeding op grond van die beginsel van soewereiniteit in eie kring deur geen ander skoolvak oorheers mag word nie, aangesien alle skoolvakke as menslike opvoedingshandelinge onder die wet van God staan, sodat die ordelike bestaan daarvan verseker word.

* Die beginsel van universaliteit in eie kring geld ook vir geslagsopvoeding. Dit beteken dat geslagsopvoeding nie in isolasie kan bestaan nie, maar enkapties ook met ander vakke vervleg is, sonder om daaroor te wil heers.

* Geslagsopvoeding as skoolvak word gekenmerk deur 'n eie struktuur wat 'n religieuse, individuele, modale en tydse aspek vertoon. Geslagsopvoeding het sy eie funderings-en bestemmingsfunksies.

* By die fundering van geslagsopvoeding staan die mens as seksuele verhoudingswese in die brandpunt. Verskeie samelewingsverbande wat te make het met die kind se seksuele en verhoudingslewe kan met geslagsopvoeding as opvoedingstaak gemoeid wees. Die deelname en betrokkenheid van sulke samelewingsverbande vra om fundamentele presisering ten opsigte van hulle rol en taak met betrekking tot geslagsopvoeding. (Aan hierdie aspek sal daar in die volgende hoofstuk noukeurig aandag gegee word.)

* Die heilige huwelik, as eerste samelewingsverband, is die model wat aan die kind voorgehou word. 'n Gelukkige gesins- en verhoudingslewe, waaraan die mens as geslagtelike wese deelneem, vorm die doelstelling van geslagsopvoeding.

* Geslagsopvoeding vorm 'n skakel tussen die ouerhuis en die skool se opvoedende onderwystaak. Dit blyk uit die struktuur wat vir geslagsopvoeding geld. Ouerhuis en skool het verskillende bestemmingsfunksies, maar geslagsopvoeding funksioneer in albei.

Geslagsopvoeding moet in belang van die kind plaasvind. In die volgende hoofstuk sal die soeklig op die kind as ontwikkelende, geslagtelike wese val en sal verskillende faktore wat die kind se geslagtelike ontwikkeling moontlik kan beïnvloed, ondersoek word.

7. ENKELE ASPEKTE VAN GESLAGSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE KIND VANUIT 'N KINDER-ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF

7.1 Inleiding

Geslagtelikheid het in die twintigste eeu besondere prominensie verkry. Ten spyte van die openbaarmaking van die eens verswygde onderwerp, bestaan daar tog terughoudendheid en ongemak ten opsigte van geslagtelikheid sodra die term in 'n opvoedingsituasie gebruik word (Fromme, 1981:185). Om geslagsopvoeding vanuit hierdie versluierde posisie op sinvolle wyse te laat plaasvind, is dit nodig dat die opvoeder hom sal vergewis van die kind se behoeftes in diè verband. In geslagsopvoeding sal daar gevolglik kennis geneem moet word van die kind as ontwikkelende, geslagtelike wese. Ontwikkeling het te doen met al die aspekte van die kind se menswees, waaronder sy fisieke, emosionele, intellektuele, wils- en religieuse ontwikkeling genoem kan word. Die kind se ontwikkeling en by implikasie ook sy geslagtelike ontwikkeling, kan deur verskillende faktore beïnvloed word. In hierdie hoofstuk sal daar op verkennende wyse na die kind se ontwikkeling gekyk word vir sover dit verband hou met sy geslagtelikheid en daar sal ook ondersoek ingestel word na 'n verskeidenheid faktore wat moontlik 'n invloed op die kind se geslagtelike ontwikkeling kan hê.

Om tussen die veelheid faktore waardeur die kind se geslagsopvoeding moontlik beïnvloed kan word te onderskei, word daar vir die doel van hierdie ondersoek tussen twee groepe faktore onderskei, naamlik interne en eksterne faktore wat onderskeidelik ontwikkelings- en beïnvloedingsfaktore genoem sal word. Daar sal ook ondersoek ingestel word na 'n aantal faktore wat moontlik tot 'n versteurde geslagslewe kan lei.

7.2 Geslagsopvoeding ten aansien van ontwikkelingsfaktore

7.2.1 Inleiding

By die sistematisering van hierdie groep faktore word beklemtoon dat die kind as 'n totaalwese beskou moet word, dit wil sê, die kind vorm 'n samehang van verskeie strukture wat onderskeibaar is, maar nie geskei kan word nie (Dekker, 1983:157). Elke struktuur ontwikkel afsonderlik, maar tog in samehang met ander strukture. Deur opvoeding moet die kind se modale struktuur ontsluit word. Volgens Dekker (1983:165)

hou die modaalbepaaldheid van die mens ook vir die opvoeding bepaalde implikasies in. In geslagsopvoeding moet daar gevolglik rekening gehou word met die kind se fisies-liggaamlike, sy biotiese, sy psigiese en sy normatiewe strukture. Die kind se ontwikkeling sal vervolgens aan die hand van hierdie strukture ondersoek word, vir sover dit verband hou met sy geslagtelikheid.

7.2.2 Die ontwikkeling van die fisies-liggaamlike en biotiese liggaamstruktuur

7.2.2.1 Algemeen

Liggaamlike en geslagtelike ontwikkeling is ten nouste met mekaar verweef. Noukeurige waarneming van die kind se fisieke ontwikkelingsmylpale is reeds in die tyd van die Griekse wysgere gedoen (Akinboye, 1984:484) en enige verandering ten opsigte van ontwikkelingsmylpale, veral met betrekking tot geslagtelikheid, word steeds met belangstelling waargeneem (Skandhan, 1988:152). Geslagsryping vind plaas gedurende die ontwikkelingsfases wat as die puberteit en adolessensie bekend staan en daar word aanvaar dat dit vir die kind van ingrypende betekenis is. Waar die kind se fisieke ontwikkeling van geboorte tot by volwassenheid deur 'n geleidelike voortgang gekenmerk word, is die geslagtelike aspek daarvan onderhewig aan skielike veranderinge wat na ander aspekte van die kind se ontwikkeling uitkring, soos die denk-, gevoels- en gedragslewe (Akinboye, 1984: 483). Kinders se geslagtelike ryping toon groot individuele verskille (Gordon, 1975:13) wat nadere toeligting vereis.

7.2.2.2 Ontwikkelingsaanvang

Liggaamlike verandering vind op 'n verwagte wyse plaas en toon 'n bepaalde kronologiese orde. Nie alleen die gebeure as sodanig nie, maar ook die tydstip waarop dit plaasvind kan 'n beduidende invloed op die kind se gemoedsrus hê (Rierdan & Koff, 1985:237). Soms is die ontwikkeling van so 'n plotselinge en drastiese aard dat die kind nie genoeg tyd het om die nuwe liggaam te leer ken en te ervaar nie, wat tot ernstige onsekerheid in die kind kan lei (Akinboye, 1984:484). Akinboye (1984:484) merk tereg op dat die tydstip waarop puberteit 'n aanvang neem deurslaggewend kan wees vir die kind se totale persoonsontwikkeling wat weer die sleutel vorm vir sy latere gedrag.

7.2.2.3 Ontwikkelingsgang

Fisieke ontwikkeling tydens puberteit word gekenmerk deur skielike en vinnige groei (Stone & Church, 1974:252; Gordon, 1975:283; Petropulos, 1986:7). 'n Periode van maksimale groei vind plaas gedurende die jaar voor die aanvang van die puberteit. Daarna plat dit af tot ongeveer 17-jarige ouderdom by dogters en 19 jaar by seuns. 'n Lengtetoename van sowat 25% tydens puberteit is nie vreemd nie en die kind se massa kan selfs verdubbel. 'n Massatoename van 6,5 kg gedurende die groeisprong is nie ongewoon nie. Verder word die puberteit gekenmerk deur asinchronie, dit wil sê, 'n tendens waar groei nie eweredig oor die hele liggaam versprei is nie. Aanvanklik groei die nek en die ledemate en eers heelwat later volg die romp (Stone & Church, 1974:256). Selfbewustheid, verleentheid, gevoelens van lomp te wees en onvolwaardigheid, 'n gevoel van weerloosheid en kwesbaarheid kan maklik as gevolg van die verskynsel ontstaan (Stone & Church, 1974:259). Al hierdie biologiese veranderinge beteken nog geensins dat volle seksuele rypheid bereik is nie. Nadat die kind die vreemdheid ten opsigte van die eie liggaamsbelewing moes verwerk, is daar eers sprake van seksuele rypheid. Liggaamsbelewing, wat so sterk tydens puberteit benadruk word, kan 'n deurslaggewende rol speel in die tiener se lewe, hetsy positief of negatief. Die tiener raak nie slegs deur sy liggaamsbelewing bewus van sy uniekheid as mens nie, sy hele menswees word daardeur beïnvloed (Mkhabela, 1985:48).

7.2.2.4 Seksuele rypwording

Seksuele rypwording word gewoonlik met die term puberteit aangedui. Daarmee word die hormoongebaseerde ontwikkeling bedoel wat lei tot sekondêre geslagseienskappe of die volwasse voorkoms en die vermoë om voort te plant (Kramer, 1978:A08). Dogters en seuns vertoon elk hulle eie besondere ontwikkelingspatrone wat onderskeidelik met menarge en spermarge aangedui word.

* *Menarge*

Met menarge word die aanvang van menstruasie by dogters bedoel. Menstruasie word as die mees ingrypende of dramatiese gebeurlikheid tydens puberteit beskou. Met menarge bereik die dogter die vermoë tot voortplanting. Wat betref die aanvang en betekenis van die menarge bestaan daar merkbare kulturele verskille.

Dit wil voorkom of die menarge 'n tendens toon om te vervroeg. Pestrak (1985:981) meld dat die menarge sedert 1859 met ongeveer 4 maande per dekade vervroeg word (Akinboye, 1984:485; Skandhan, 1988:152). Die vervroegde menarge word waarskynlik toegeskryf aan verbeterde lewensomstandighede, veral met betrekking tot voedingsgewoontes.

Kulturele verskille ten opsigte van die menarge blyk uit 'n studie deur Westney et al (1984:557). Afro-Amerikaanse meisies toon blykbaar die vroegste puberteitsontwikkeling met die menarge op 'n gemiddelde ouderdom van 12,5 jaar. In Afrika, met sy swakker sosio-ekonomiese omstandighede, ondervind Nigeriese meisies die menarge op gemiddeld 13,53-jarige ouderdom, terwyl meisies in Zimbabwe die menarge op ouderdom 14,24 jaar ervaar (Akinboye, 1984:486). Stone (1974:256) se bevinding is dat die menarge onder blanke Europese meisies net onder die ouderdom van 13 jaar val.
Die betekenis van die menarge word ook deur kulturele verskille beïnvloed. Daar is, onder andere, vasgestel dat die kompleksiteit en ontwikkelingsvlak van die gemeenskap 'n belangrike faktor is. Die eietydse Westerse samelewing word deur 'n verlengde adolessensie gekenmerk (Garbers, 1972:12). Opmerklik is die gebruik van die term adolessensie as opvolging van die puberteit. By primitiewe of onderontwikkelde kulture word die menarge dikwels as die bereiking van volwassenheid beskou (Mkhabela, 1985:46). Nie alleen beteken die menarge 'n dramatiese toetrede tot die grootmenswêreld nie, daar is ook ander implikasies aan verbonde, waaronder seksuele aktiwiteit 'n belangrike rol speel. Die vervroegde menarge kan die behoefte aan vervroegde seksuele aktiwiteit laat ontstaan. Zelnick (Westney *et al.*, 1984:558) rapporteer dat daar 'n verband bestaan tussen die ouderdom by menarge en die ouderdom by die eerste geslagsomgang. Verder word daar in Zelnick se studie aangetoon dat blanke meisies se puberteit en geslagsaktiwiteit later begin as swart meisies s'n, maar weens die veranderende omstandighede in die eietydse samelewing kan hierdie stelling nie sonder meer aanvaar word nie, aangesien Zelnick (Westney *et al.*, 1984:558) beweer dat daar nog nie voldoende aandag aan hierdie saak in die literatuur gegee is nie.

* *Spermarge*

Alhoewel daar breedvoerig in die literatuur oor die puberteit geskryf word, wil dit voorkom of die klem op die ontwikkeling van die dogter val, terwyl seuns se ontwikkeling skynbaar nie

soveel aandag geniet nie. Hierdie feit kan moontlik toegeskryf word aan die groter kompleksiteit van die dogter se ontwikkeling. Ter wille van 'n sinvolle geslags-opvoedingsprogram is dit nodig dat die seun se ontwikkeling ook onder die loep geneem word, aangesien dit nie as minder belangrik gereken kan word nie.

In 'n studie deur Gaddis en Brooks-Gunn (1985:61) word daar gemeld dat slegs 'n weinig meer as die helfte van die seuns wat in die ondersoek betrek is, gevoel het dat hulle enigsins voorbereid was vir hulle spermarge. Slegs 'n kwart van die seuns het hoegenaamd enige inligting ontvang. Voorligters het net uit mans bestaan. Hierdeur kan die vraag ontstaan of die kind behoefte het aan voorligting deur 'n persoon van die eie geslag en of 'n persoon van die teenoorgestelde geslag ook in hierdie behoefte kan voldoen. Benewens die formele voorligting het dit geblyk dat die grootste bron van voorligting die portuurgroep skyn te wees.

'n Ander aspek wat die aandag verdien, is die feit dat die seuns wat die spermarge, dit wil sê, die eerste saad-uitstorting, beleef het, nie hierdie aangeleentheid met ander persone bespreek het nie. Die enigste uitsondering is die seuns wat wel formele voorligting ontvang het. Daar is gevolglik nie veel bekend oor die seun se ervaring van die spermarge nie. Gaddis en Brooks-Gunn (1985:68) skryf die seun se swygsaamheid in die verband toe aan die moontlike verband wat daar tussen die spermarge en masturbasie bestaan.

Wat vir die opvoeder van belang is, is dat die spermarge by seuns, in teenstelling tot die menarge by dogters, 'n weinig besproke saak is wat hoofsaaklik beperk is tot portuurpraatjies en waaroor daar min wetenskaplike gegewens bekend is.

7.2.2.5 Gesinsverhoudinge

Uit die bespreking van die kind se seksuele ontwikkeling tot dusver is daar aangetoon dat daar 'n duidelike verskil bestaan tussen die aard en omvang van die voorligting wat seuns en dogters ontvang. Die gebeure van die spermarge en die menarge blyk beleef te word tussen die uiterste grense van meelewing en geheimhouding. Die vraag ontstaan gevolglik wat die rol van die gesin as primêre opvoedingsruimte behoort te wees.

Daar is vasgestel dat daar gedurende die vroeë puberteitsfase 'n beduidende verandering plaasvind in die moeder-seun-verhouding. Die verhouding word dikwels deur 'n gebrek aan begrip en toenemende konflik getipeer (Hill *et al.*, 1985:302). Die moeder se invloed neem geleidelik af, terwyl die seun self 'n toename in selfgelding toon. Daar vind blykbaar 'n soort magsverskuiwing ten gunste van die seun plaas. Die vader, daarenteë, speel 'n geleidelik meer dominante rol, terwyl die moeder verder op die agtergrond raak.

In die geval van dogters word 'n ander beeld geopenbaar. Dit wil voorkom of die fisieke ontwikkelingsperiode van deurslaggewende belang vir gesinsverhoudinge is (Hill *et al.*, 1985:303). Melding word gemaak dat 'n vroeë menarge kan lei tot aanpassingsprobleme en versteurde gesinsverhoudinge wat selfs van blywende of langdurige aard kan wees (Hill *et al.*, 1985:314). Toenemende onafhanklikheid is kenmerkend vir dogters in die post-menarge fase, terwyl die onmiddellike post-menarge gekenmerk word deur spanning tussen moeder en dogter, wat in die geval van 'n vroeë menarge tot veel later kan voortduur (Hill *et al.*, 1985:315).

Die fisieke veranderinge gaan dikwels gepaard met verskillende gevoelens wat in intensiteit kan wissel en wat verreikende gevolge kan hê.

Die kind se emosionele ontwikkeling ten opsigte van sy seksualiteit kom daarom vervolgens onder die soeklig.

7.2.3 Die ontwikkeling van die psigiese liggaamstruktuur

7.2.3.1 Inleiding

Menslike seksualiteit bestaan uit verskeie psigiese aspekte, waaronder gevoelens ten opsigte van die self, die vermoë om te kommunikeer en die persoon se beskouings ten opsigte van sy verhoudings, die huwelik en die geslagsdaad deur Wood (1985:543) uitgesonder word. Volgens Wood (1985:544) bestaan daar 'n gevaar dat die psigiese sy van seksualiteit verontagsaam word, terwyl die biologiese aspekte oorbeklemtoon word.

Daar word dikwels na die puberteitsfase as die storm en drang periode verwys. Die tiener ervaar nie alleen nuwe gevoelens nie, maar kan ook groot emosionele onrus belewe. Onder sy gevoelens kan minderwaardigheid, verwerping, eensaamheid en

moedeloosheid genoem word en groot skommelinge in die intensiteit van hierdie gevoelens kan dikwels ervaar word (Gordon, 1985:336). Wanneer daar in ag geneem word dat die emosionele druk in die huidige tegnokraties georiënteerde samelewing al groter word en dat daar steeds hoër eise aan die individu gestel word, kan daar verwag word dat die tiener dikwels swaarmoedig kan voel. Veranderde gewoontes en gebruike ten opsigte van sy seksualiteit dra verder by tot groter besorgdheid onder tieners (Belsky *et al.*, 1984:212). Enkele sake wat die tiener se emosionele welsyn tydens sy seksuele ontwikkeling kan beïnvloed, word vervolgens uitgelig.

7.2.3.2 Die verband tussen die fisieke en die psigiese ontwikkeling van die kind

Daar is reeds aangetoon dat die kind se fisieke ontwikkeling oor die afgelope honderd jaar 'n kenmerkende versnelling getoon het (vgl. par. 7.2.1.1). Die vraag ontstaan gevolglik of die jong ontwikkelende tiener in staat is om die vroeë veranderinge op emosionele of psigiese vlak te verwerk. In 'n studie deur Susman *et al.* (1985:245) is daar vasgestel dat 'n buitengewoon hoë hormoonvlak op 'n bepaalde ouderdom verband hou met onaanvaarbare emosionele gedragstoestande vir beide seuns en dogters. Die hormoonvlakke hou volgens die navorsingsresultate verband met vervroegde seksuele ryping. Seuns het daarvolgens 'n groter voorkoms van emosionele onstabiliteit as dogters getoon. Hierdie navorsers rapporteer ook dat tieners wat 'n buitengewoon vroeë fisieke ontwikkeling ervaar, oor die algemeen ongelukkiger voorgekom het en meer probleme met hulle skoolwerk ervaar het as laat ontwikkelaars. Tog wil dit voorkom of vroeë rypwording by dogters hulle in aansien by hulle maats laat styg en daar is ook opgemerk dat hierdie groep dogters oor meer selfvertroue beskik as laat ontwikkelaars (Susman *et al.*, 1985:246). Wat die seuns aanbetref, word daar gemeld dat hulle oënskynlik ontspanne voorkom en verhoogde aansien in die portuurgroep geniet, soos dit met vroeg ontwikkelende dogters die geval was, maar ten spyte daarvan tog 'n groot mate van onsekerheid, swartgalligheid en vrees beleef het. Aan die ander kant toon die sogenaamde laat ontwikkelaars ook simptome van spanning, wat beteken dat puberteit, hetsy vroeg of laat, dikwels gepaard gaan met gevoelens van 'n problematiese aard. Hierdie verskynsel dui op die felheid van emosie wat met puberteit gepaard gaan. Benewens die genoemde negatiewe gevoelens word daar ook melding gemaak van 'n groot mate van selfbeheptheid tydens puberteit, wat

volgens Gordon (1974:335) toegeskryf kan word aan die tiener se soeke na 'n eie identiteit.

'n Studie deur Blythe *et al.* (1985:207) toon 'n verband tussen die fisieke veranderinge wat tydens puberteit intree en die kind se selfbeeld. Daar kan verwag word dat dit vir die kind moeilik is om al die liggaamlike veranderinge te verwerk en te aanvaar en dit wil voorkom of vroeë puberteit gepaard gaan met 'n minder gunstige selfbeeld, alhoewel daar nie sonder meer afgelei kan word dat laat ontwikkelaars oor 'n beter selfbeeld beskik nie. Samelewingsnorme speel waarskynlik 'n rol in die vorming van die selfbeeld. Die eietydse samelewing plaas groot klem op die ideaal wat vereis dat 'n meisie buitengewoon slank en skraal moet wees om aanvaarbaar te kan wees (Blythe *et al.*, 1985:221). Volgens hierdie ideaal voldoen die laat ontwikkelaars aan die vereiste van slankheid bloot as gevolg van hulle trae fisieke groei. Volgens hierdie navorsingsresultate is 'n tiener se selfbeeld afhanklik van die samelewing se opvatting oor die slankheidsideaal.

Die vraag ontstaan nou in watter mate hierdie ideaal verband hou met die toenemende voorkoms van anorexia nervosa, ook verslankingsiekte genoem. (Vgl. par. 7.4.7.3 in hierdie verband.)

7.2.3.3 Psigiese ontwikkelingstake

Seksuele rypwording dien as voorloper vir volwassenheid. Volgens Kilian en Viljoen (1974:140) "beweeg" die kind na volwassenheid toe. Om volwassenheid te bereik, kan derhalwe as 'n ontwikkelingstaak vir die kind beskou word. Daar kan tussen 'n verskeidenheid ontwikkelingstake onderskei word wat almal verband hou met die kind se psigiese ontwikkeling (White *et al.*, 1986:152). Onder die belangrikste ontwikkelingstake kan die volgende gereken word: beroepskeuse, huweliksmaatseleksie, verwagtinge ten opsigte van die seksuele en toekomsoriëntasie (Poole & Low, 1985:36). White *et al.*, (1986:152) voeg die vermoë tot intimiteit hieraan toe. Bogenoemde skrywers is dit daaroor eens dat wanneer die kind se ontwikkelingstake problematies verloop, sy emosionele ontwikkeling daaronder sal ly weens die spanning en konflik wat daardeur kan ontstaan (Poole & Low, 1985:44). Daar sal vervolgens gelet word op enkele probleme wat die kind se psigiese ontwikkeling kan beïnvloed en hoe dit sy seksualiteit raak.

* *Die probleem van sinchronisasie*

Die gelyktydige bereiking van liggaamlike en psigiese volwassenheid sou as die ideale toestand beskou kon word. In die werklikheid gebeur dit egter selde. Wanneer daar in ag geneem word dat volwassenheid volkome selfstandigheid van die individu veronderstel, is dit begryplik dat konflik kan ontstaan wanneer volwassenheid nie bereik kan word as gevolg van 'n gebrek aan sinchronisasie tussen die onderskeie aspekte van ontwikkeling nie. Die gebrek aan sinchronisasie word volgens Mkhabela (1985:46) aan kulturele faktore toegeskryf wat veral in die hoogs ontwikkelde Westerse kultuur duidelik waarneembaar is. Die maatskaplike afstand tussen kindskap en volwassenheid veroorsaak dikwels die kunsmatige uitstel van onafhanklikheid en verleng daardeur die toestand van die kind se afhanklikheid (Garbers, 1974:14).

* *Die probleem van antisipasie*

Adolessensie, trouens kindwees in breë perspektief, veronderstel toekomsgerigtheid. Die lewe is vir die kind 'n ontdekkingstog waaraan hy aktief deelneem. In 'n gunstige opvoedingsklimaat sal die kind oor genoeg waagmoed en 'n positiewe selfbeeld beskik om hom in die toekoms te waag (Garbers, 1974:17). Die kind se natuurlike antisipasiebehoefte kan weens 'n gebrek aan geborgenheid kwyn en kan selfs 'n sterk negatiewe wending neem in die vorm van onaanvaarbare gedrag wat hom veral op seksuele gebied voordoen, soos, onder andere, die voorkoms van masturbasie by ongeborge kinders (Petropulos, 1985:42).

* *Die probleem van homeostase*

Met homeostase word ewewig, maar ook verstarring of 'n toestand van onbeweeglikheid bedoel. Wanneer daar 'n wanbalans in die opvoedingsbeweging plaasvind, kan dit veroorsaak dat die kind in onsekerheid verval en dat volwassewording op verlammende wyse vertraag word. Dis veral op die gebied van seksuele gedrag waar die probleem van verlies aan homeostase hom laat geld, byvoorbeeld deur die kind se onvermoë tot selfstandige besluitneming in die proses van verhoudingstigting. Die vermoë tot suksesvolle verhoudingstigting hang volgens White et al (1986:152) af van die kind se bereikte ontwikkelingsvlak.

Onbeweeglikheid (homeostase) dui op volgehoue afhanklikheid op velerlei terreine. Hierdie verskynsel is nagegaan deur Glick en Sung-Ling (1986:111), wat aangetoon het dat die getal jong mense wat finansieel nog afhanklik van hulle ouers bly, 'n merkbare toename toon. Die verskynsel word deur die genoemde navorsers nie uitsluitlik aan verlengde studietydperke of opleiding toegeskryf nie. Wanneer daar bevind word dat tot 37% van die jongmense tussen die ouderdom van 18 en 19 jaar nog geen finansiële selfstandigheid bereik het nie, kan daar aanvaar word dat dit op sy beurt weer aanleiding kan gee tot verdere spanning en onsekerheid, waardeur gesinsverhoudinge vertroebel kan word, maar veral die kind se selfbeeld met betrekking tot sy eie geslagtelikheid benadeel kan word.

* *Die probleem van oueroorheersing*

Ouers se houding het 'n beslissende invloed op die kind se selfstandigwording. Die ouer word veronderstel om sy kind geleidelik met groter selfstandigheid te vertrou. Ouers toon egter soms 'n onvermoë of onwilligheid om hulle kinders los te laat. Dit kan in sommige gevalle toegeskryf word aan 'n te strenge gesagsverhouding en in sommige kulture aan 'n te strenge patriargale magstruktuur in die gesin (Mkhabela, 1985:54). Die gevolg van hierdie faktore is dat die ouer absolute gehoorsaamheid afdwing, waardeur die kind die geleentheid tot eie besluitneming ontneem word. Dis 'n verskynsel wat dikwels in Afrikakulture en ook in nie-christelike kulture voorkom. In Oosterse kulture bestaan die gebruik nog dat die dogter se huwelik deur die ouers gereël word en dat die dogter geen inspraak het in die besluitneming oor die toekomstige bruidegom nie.

Wanneer die kind geen eie selfstandigheid of reg tot besluitneming gegun word nie, word 'n verwronge volwassenheidsbeeld geskep. Dit kan lei tot gevoelens van verwerping en onsekerheid en 'n onvermoë by die kind om sy ontwikkelingstake suksesvol uit te voer. Wanneer die kind dan behoefte aan selfstandigwording het, doen hy dit dikwels op seksuele gebied deur uiterste vorme van permissiwiteit of ander metodes van manipulering (Romeo, 1984:554; Petropulos, 1985:62).

Die kind se emosionele of psigiese ontwikkeling, veral gedurende die puberteits- en adolessente jare, is van groot belang vir die latere geslagsrol- en huweliksaanpassing (Poole & Low, 1985:44). Die kind se gedrag op hierdie

terreine kan as barometer vir sy emosionele welstand beskou word. Die eietydse problematiek betreffende tiener-seksualiteit laat die vraag ontstaan of die tiener se behoeftes in dié verband behoorlik begryp word. 'n Onlangse ondersoek hier te lande vestig die aandag op die tiener se groot behoefte aan gevoelsmatige geborgenheid waarvoor hy kompensasie in sy seksuele gedrag probeer vind (Viljoen, 1987:20). Alhoewel die wetenskaplike suiwerheid van hierdie ondersoek krities bejeën moet word, kan die behoeftes en leemtes wat daardeur blootgelê is, nie sonder meer verontagsaam word nie.

7.2.4 Die ontwikkeling van die normatiewe aktstruktuur

7.2.4.1 Inleiding

Die normatiewe aktstruktuur sluit die nege modale funksies in wat tot die tipies menslike strukture gereken kan word (Dekker, 1983:168). Alle menslike handelinge is aan norme onderworpe. Die ontsluiting van die kind se aktstruktuur kan alleen deur die bemiddeling van menslike tussenkoms plaasvind. Deur opvoeding moet die kind gevolglik gelei word tot verantwoordelike handhawing van en beantwoording aan norme. Dekker (1983:169) toon aan dat die opvoeding gerig is op al drie die grondvorme van die aktlewe, naamlik ken, verbeel en wil.

7.2.4.2 Die kognitiewe ontwikkeling van die kind

* Inleidend

Die kind se kognitiewe ontwikkeling het te doen met die ingewikkelde proses van **leer en weet**, asook **besluitneming en probleemoplossing** (Tagatz, 1976:54). Wat geslagsopvoeding betref, impliseer dit nie alleen die "weetaspek" van seksualiteit nie. Daarmee word die feitelike kennis van seksualiteit bedoel, waaronder sake soos bevrugting en voortplanting ressorteer. Ander aspekte van seksualiteit, soos die ontwikkeling van die vermoë tot verantwoordelike besluitneming en die vestiging van die geslagsrol, hoort ook hier tuis (Larsen & Seidman, 1986:205). Verantwoordelike besluitneming het te doen met sake soos huweliksmaatseleksie en probleemoplossing. Vir die doel van hierdie ondersoek sal dit probleme van 'n seksuele aard geld, byvoorbeeld seksuele aktiwiteit onder tieners en konflikhantering in 'n hetero-seksuele verhouding. Die kind het behoefte aan kennis, tegnieke en vaardighede om sy seksualiteit op

verantwoordelike wyse te beleef (Wood, 1985:544).

* Die aard van kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling bereik sy hoogtepunt aan die einde van adolessensie wanneer die liggaam ook fisieke volwassenheid behoort te bereik. Volgens die denkteorie van Piaget (1972:1-12) bestaan daar vyf ontwikkelingsfases wat wissel van die eerste eenvoudige sensomotoriese fase tot die ingewikkelde denkfase wanneer die vermoë tot formele of abstrakte denke bereik word. Volgens Svoboda (1973:28) is daar selfs sprake van 'n sesde fase waar dit gaan om kognitiewe aanpassing. Die veronderstelling word in hierdie denkskool gemaak dat die nodige neurologiese ontwikkeling reeds met die aanbreek van die puberteit plaasvind. Sonder hierdie neurologiese ontwikkeling is geen verdere kognitiewe ontwikkeling moontlik nie. Die verband tussen interafhanklikheid van die fisieke en kognitiewe ontwikkeling van die kind word deur hierdie teorie beklemtoon (Tagatz, 1976:61). Piaget se onderskeiding tussen verskillende denkfases tydens die kind se ontwikkeling is van betekenis vir geslagsopvoeding, aangesien geslagsfeite vanweë hulle sensitiewe aard slegs oorgedra behoort te word wanneer die kind daarvoor gereed is.

* Geslagskennis as kognitiewe aangeleentheid

Die feit dat man en vrou van mekaar verskil, bly 'n feit wat die mens tot in die diepste van sy wese raak. Nie alleen gaan dit om enkele biologiese verskille nie, maar sy totale menswees is in sy geslagtelikheid ter sprake.'n Skrifmatige perspektief toon dat geslagtelikheid so oud is soos die mens self. Geslagsverskille word deur Macdonald (1976:65) tot 600 000 jaar teruggevoer en sedertdien het weinig of geen verandering ten opsigte van die mens se geslagtelikheid plaasgevind nie. Selfs die afgelope 10 000 jaar se "snelle vooruitgang" het volgens Macdonald nie noemenswaardige veranderinge aan menslike seksualiteit teweeggebring nie. In die lig van hierdie historiese gegewens is dit opvallend dat daar in die afgelope dekades wel 'n duidelike verskuiwing in die rigting van gelykmaking tussen die twee geslagte merkbaar geword het (vgl. par. 8.3.2.1). Geslagsverskille word in die kontemporêre tydsgewrig bevraagteken, wat die vraag na die feite oor en die betekenis van sodanige verskille na vore laat kom.

* Die geslagsfeite

Jong kinders toon van kleins af nuuskierigheid ten opsigte van sowel hulle eie as die ander geslag se seksualiteit. Kinders raak ook op buitengewoon vroeë ouderdom bewus van geslagsfeite (Ketterman, 1984:64). Die kind moet leer wat seksualiteit vir hom beteken, maar tereg sê Pickering (1981:94) dat die boodskap van liefde en begrip wat deur die opvoeder oorgedra word, van veel groter waarde is as die feitelike inligting wat die kind ontvang. Tog moet die kind kennis neem van die geslagsfeite, en die vraag ontstaan onwillekeurig of die opvoeder daarin kan slaag om dit wat die kind moet weet en dit wat hy wil weet, op so 'n manier oor te dra dat hy dit kan begryp en verwerk (Kripke & Kripke, 1980:58).

Geslagsfeite as kognitiewe kennis sal voorts vanuit 'n paar hoeke bekyk word.

\# *Die aard van geslagskennis*

Wanneer geslagskennis as kennis ter sprake kom, gaan dit nie slegs oor die "wat" nie, maar ook oor die "waarom". In die Christelike opvoeding moet daar volgens Fowler (1987:20) balans wees tussen "knowledge of the facts of our world that are discovered and arranged correctly by native human intelligence" en die "knowledge of spiritual and moral issues which can be known only by the Word of God". Verder wys Fowler (1987:20) daarop dat die mens se verhouding met die Woord van God "is critical for our knowing at every level". Fowler (1987:21) onderskei tussen drie soorte kenwyses, naamlik religieuse, konkrete en analitiese kennis wat van mekaar onderskeibaar, maar nie skeibaar is nie. Kennis is egter nie moontlik sonder een of ander ordeningsbeginsel of wet nie. Fowler (1987:28) beklemtoon die religieuse grondmotief. Vir die Christelike opvoeder is die wet vir alle kennis in die Woord van God geleë. Geslagskennis, soos enige ander kennis, is aan die wet van God onderworpe. Die Christelike opvoeder sal gevolglik nagaan wat God se opdrag en bevel vir menslike seksualiteit is.

Alle menslike kennis of "weet" is volgens Fowler (1987:31) 'n menslike handeling: "Every fact is the result of active knowing". Op grond van die ervaring wat die mens opdoen, rig hy sy handelinge volgens bepaalde norme wat uit hierdie ervaring voortvloei. Ten opsigte van geslagsfeite kan die volgende stelling van Fowler (1987:32) as riglyn dien: "Facts

are always the result of human activity in which the norms adopted by the human knower are critical in determining the facts". Vir die Christenopvoeder vorm God se Woord die riglyn vir die mens se kenlewe. Geslagskennis kan gevolglik nooit buite 'n bepaalde normatiewe verwysingsraamwerk opgedoen word nie, want, soos Fowler (1987:48) dit stel, "Cognitive norms are formed by the human knower in response to the lawfulness of the creation under the direction of religious presuppositions".

Sowel die sterk normatiewe aard van geslagskennis, as die sensitiewe en persoonlike aard daarvan, bemoeilik die hantering van geslagsfeite. Die suksesvolle hantering van geslagsfeite hang volgens Ketterman (1984:63) van die opvoeder se eie houdings en opvattings af. Die sensitiewe aard van geslagsfeite kan moontlik ontstellend vir die kind wees, veral waar daar weinig kommunikasie met die kind oor seksuele aangeleenthede plaasvind. Ketterman (1984:65) beskou die handhawing van stilte in dié verband as die enigste werklike onvergeeflike fout wat ouers ten opsigte van geslagsopvoeding kan maak. Kinders kan ontstel word deur emosioneel gelaaide geslagsfeite, soos verkragting of molestering (Pestrak & Martin, 1985:98) en die vraag kan gestel word of 'n kind werklik 'n behoefte daaraan het om die dinge te weet wat hom potensieel kan ontstel. Tog moet daar aanvaar word dat die kind 'n behoefte het aan kennis en vaardighede wat hom in staat sal stel om sy besondere probleme te hanteer. Wanneer Cronje *et al.* (1988:11) na die "real world curriculum" verwys, kan daar aanvaar word dat dit die kind se besondere behoeftes ten opsigte van sy seksuele lewe sal omvat.

 # Toename in geslagskennis

Die opvoeder moet besluit wat en hoeveel die kind moet leer. Die vooruitgang op mediese gebied en die daarmee gepaardgaande ontsluiting van kennis het veroorsaak dat baie van die geslagsfeite wat voorheen deur misterie omhul was, vandag algemeen bekende feite geword het. Dit het veral te doen met genetiese ontdekkings, maar het ook uitgebrei na kontraseptiewe gebruike. Deur die media leer die kind van gevorderde bevrugtingstegnieke, dikwels op 'n stadium wanneer hy die kennis aangaande die basiese voortplantingsfeite nog nie bemeester het nie (MacDonald, 1976:92).

Die weerhouding van geslagskennis

Weens die ouer se senuweeagtigheid rakende geslagsfeite kan dit gebeur dat noodsaaklike inligting nie aan die kind oorgedra word nie. Daar bestaan ook 'n algemene opvatting dat ouers liewer te min as te veel moet sê (Ketterman, 1984:64). Tog het Krieger (1969:7) reeds in 1969 die stelling weerlê dat onkunde sinoniem met onskuld is. Dit gebeur soms dat inligting opsetlik deur ouers van hulle kinders weerhou word, maar dat die kind dit tog op een of ander wyse, of selfs deur die media, te hore kom. 'n Voorbeeld hiervan is die Suid-Afrikaanse drieling wat deur 'n surrogaatmoeder in die wêreld gebring is. Bevrugtingstegnieke is na aanleiding van hierdie gebeurtenis breedvoerig in die media bespreek. Tereg wys Uslander *et al* (1977:12) op die gevaar wat daarin geleë is om 'n kind se begripsvermoë te onderskat.

Huiwering by kinders ten aansien van geslagskennis

Net soos die ouer huiwerig en skaam voel om oor seksualiteit te praat, is dit vir die kind ook moeilik om sy vrae te verwoord. Kinders word soms onbewus ontmoedig om hulle vrae te stel en dit kom dikwels voor dat ouers meld dat hulle kinders nog nooit vrae in verband met seksualiteit gestel het nie (Ketterman, 1984:65). Kay (19878:47) se bevinding is dat sulke oënskynlike swygsame kinders wel 'n behoefte ervaar om vrae te vra. Die kind het inderdaad behoefte aan duidelike en reguit antwoorde op sy vrae, al is dit van 'n sensitiewe aard, soos byvoorbeeld vrae rakende die mens se seksuele drange (Breed, 1986:21).

Die betekenis van geslagskennis ten opsigte van die geslagsrol

Deur die kennis wat kinders opdoen, leer hulle die geslagsverskille ken. Nadat hulle die kennis opgedoen het, volg die taak om betekenis daaraan te gee (Wood, 1985:544). Daardeur leer die kind die betekenis van ware manlikheid en vroulikheid ken, sodat die kind 'n ware geslagsrolidentiteit kan verwerf. Die kwessie van geslagsrolidentiteit het oor die afgelope paar dekades in die brandpunt van verandering gestaan, sodat daar vandag dikwels onsekerheid en verwarring oor die begrippe manlikheid en vroulikheid bestaan. Geslagsrol- en identiteitsverwarring word deur White (1986:152) as die krisis van adolessensie beskou. Aangesien dit 'n omvangryke onderwerp is, sal dit meer volledig in 'n

aparte afdeling bespreek word (vgl. hfst. 8 in hierdie verband).

7.2.4.3 Die konatiewe ontwikkeling van die kind

* Inleidend

Met die konatiewe word daar na die mens se wilslewe verwys. Die wilslewe word ook as die mens se verlangende funksie beskryf (Kuypers, 1953:232). As basis vir die wilslewe verwys Kuypers (1953:232) na die mens se drifte en beskou hy, byvoorbeeld, die "seksuele instink" as die grondslag vir die mens se seksuele begeertes. Vermeulen (1971:52) verklaar die mens se handelinge vanuit sy aktstruktuur. 'n Akt is volgens hom die mens se innerlike werksaamheid waardeur hy intensioneel bedoelend met die werklikheid besig is. Die mens se dade is volgens hierdie stelling die eksterne realisering van sy innerlike bedoeling.

* Die aard van die wilslewe

Die Christen glo dat die mens goed en reg geskape is en dat hy deur opvoeding moet leer om tussen goed en reg te onderskei. Die mens word weens sy sonde deur 'n afvallige grondmotief beheers waardeur hy geneig is om weg van God af te beweeg (Vermeulen, 1971:57). Die sondeval het meegebring dat die mens se vermoë om anastaties gerig op te tree vertroebel is, waardeur dit vir hom moeilik word om dit wat hy weet, dit wat hy wil weet en dit wat hy wil doen met mekaar te versoen. Konflik ontstaan dan tussen hierdie verskillende kragte. Die mens se wilslewe is daarop gerig om wil en daad positief met mekaar te versoen. Dat dit geen maklike opgawe is nie, blyk uit artikel 14 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (Psalmboek, 1976:12). Volgens dié artikel het die mens weens ongehoorsaamheid die vermoë verloor om sy eie wil met God se wil te versoen. Die mens het daarvolgens niks anders as 'n slaaf van die sonde geword nie en alles wat hy wil, lei tot vyandskap teen God (NGB, 1976:13). Tog word daar in dieselfde artikel 'n verlossende boodskap gegee, naamlik dat "**God in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae**" en verder: "**Sonder My kan julle niks doen nie**". Hiermee word die mens van 'n norm voorsien waarvolgens en waaraan hy sy wil kan meet en rig. Die in Christus herbore persoonlikheid word in hierdie artikel geroep om sy ganse aktstruktuur in gehoorsaamheid aan die wet van God te gebruik (Vermeulen, 1971:57).

Met betrekking tot waardes en norme onderskei Kuypers (1953:239) tussen **fatsoen** en **mode**. Met die term fatsoen bedoel hy, onder meer, al die begrippe, opvattings en vorms wat vir elke mens 'n gemeenskaplike waarde het, wat hy aanvaar en waarby hy hom aanpas. Wanneer hierdie gebruike, vorme, en so meer 'n tydelike aard vertoon en alleen deur die golfslag van die tyd bepaal word, word daar van mode gepraat. Wanneer daar egter geen sprake is van fatsoen of mode nie, word die mens aan sy eie insigte oorgelaat. Aldus Kuyper is dit dan die wil wat, op grond van die religieuse grondmotief, as deurslaggewende krag na vore tree.

* Die uitinge van die wil

Om die verskillende kragbane van die mens se wil te begryp, kan daar onderskei word tussen verskillende soorte wilsuitinge, byvoorbeeld koppigheid in teenstelling met deursettingsvermoë (Tagatz, 1976:139).

Die uitinge van die wilslewe gee kleur aan die persoon se karakter. So kan daar onderskei word tussen mense met 'n sterk wilsgerigtheid en dié wat as willoos beskryf kan word. Volgens Kuypers (1953:243) hang wilskrag af van die mate van ontwikkeling wat die wil ondergaan en ook van die sterkte of kwaliteit van die wil. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die menslike wil slegs op menslike wyse tot uiting kan kom. In teenstelling met God is die mens nie soewerein nie (Wijnbeek, 1988:13). Die mens kan nie onbeperk uit verskillende modi van wilsuitinge kies nie. Uit hoofde van sy menswees kan hy byvoorbeeld slegs op een plek op 'n slag wees, al sou hy dit anders wou hê.

Afhangende van die faktore wat die mens se wilsuitinge bepaal, sal die wil hom op verskillende wyses op rasionele of irrasionele vlak laat ken. Vir die opvoeding is dit belangrik om rekening te hou met die verskillende soorte wilsuitinge, aangesien die kind se wil nog nie ten volle ontwikkel is nie. Die kind moet, onder andere, leer dat gesagsuitoefening nie maar net 'n blote daad van wilsafdwinging is nie. Die sukses van die opvoeding kan waargeneem word in die mate waartoe die kind in staat gestel word om sy wil op rasionele wyse te beheers. In hierdie opsig beskryf Kuypers (1953:254) die wil as die redelike selfbepaling van die ek. Ten spyte van die mens se afvallige grondmotief wat as gevolg van sy sondeval ontstaan het, word hy tog geroep om sy ganse aktstruktuur, dus ook sy wil, in gehoorsaamheid aan die wet van God te gebruik (Vermeulen,

1971:57). Deur wilsopvoeding kan die kind leer om tussen verskillende moontlikhede te onderskei en om op bewuste wyse in gehoorsaamheid die regte keuse te maak.

* Wil en sedelike besluitneming

Langeveld (1959:77) wys op die verband tussen wil en rede. Die feit dat die mens in staat is om tussen goed en kwaad te onderskei veronderstel dat hy oor kennis van goed en kwaad moet beskik. Kennis is egter geen aangebore kwaliteit nie, maar word deur ervaring opgedoen (Fowler, 1987:30). Sedelike besluitneming dui op 'n handeling van die mens. Wanneer die mens handelend optree, doen hy dit uit 'n posisie van vryheid, maar wanneer vryheid ter sprake kom, glo die Christen dat vryheid nie sonder verantwoordelikheid bestaan nie. Die mens is vry om te doen wat hy wil, maar hy sal rekenskap moet gee oor dit wat hy gedoen het (Wijnbeek, 1988:14). Ook die mens se vryheid staan ondergeskik aan God se wet (Fowler, 1987:30).

* Geslagsopvoeding vanuit konatiewe perspektief

Adolessensie is 'n tydperk vir selfontdekking, liggaamlike veranderinge en ontwikkeling en word veral gekenmerk as 'n tydperk waartydens die persoon se norme en waardes gedefinieer en vasgelê word (McCreary & Sonnenshein-Schneider, 1988:581). Die sterk etiese karakter van seksualiteit het in die twintigste eeu deurgeloop onder 'n sogenaamde gees van bevryding met 'n oënskynlike verskuiwing na die permissiewe (Llewellyn-Jones, 1985:37). Die mens as geskape wese het egter 'n gewete waarvan hy nie kan loskom nie. Die gewete moet deur opvoeding ontwikkel en gevorm word. Volgens Dekker (1983:103) word die mens se hart as die bron en fontein van al die mens se funksies en vermoëns in die tydelike lewe beskou. Dit is deur opvoeding dat die hart ontsluit word sodat dit gevorm en religieus beïnvloed kan word. Die gewete kan as meetsnoer van die hart beskou word.

Dit is veral op die gebied van sy seksualiteit dat die kind voor gewetensvrae gestel word. Vandag se adolessent word gekonfronteer met 'n wêreld wat belangstel in seks en wat seksueel aktief is (McCreary & Sonnenshein-Schneider, 1986:583). Waar vroeëre geslagte duidelik tussen reg en verkeerd kon onderskei, is dit nie die geval met die eietydse jongmens nie. Roscoe *et al.* (1987:515) wys op die verandering in seksuele uitdrukkingswyse wat oor die afgelope 25 jaar ontstaan het. Daar is 'n oënskynlike groter

openhartigheid ten opsigte van seksualiteit, wat nie beteken dat daar groter sekerheid by die adolessent oor sy seksualiteit bestaan nie. McCreary en Sonnenshein-Schneider (1986:583) voer aan dat die eietydse adolessent gebuk gaan onder meer onder verontrustende skuldgevoelens. Adolessente toon, volgens hulle, 'n groter behoefte aan sekerheid betreffende waardes en norme. Die kind het gevolglik 'n behoefte aan 'n waarde- en normstelsel wat hom gemoedsrus en sekerheid kan bied. Die ouer modelleer deur voorlewing sekere norme en waardes vir die kind, byvoorbeeld selfbeheersing en vertroue. Ook die seksuele verhouding word deur die ouers se eie huweliksverhouding aan die kind voorgeleef (Pickering, 1981:86). Die kind leer daardeur nie net sy eie seksualiteit ken nie, maar ook die verantwoordelike hantering daarvan. Seksuele ontwikkeling en verantwoordelike seksuele gedrag moet volgens McCreary en Sonnenshein-Schneider (1986:582) met mekaar versoen word. Hierdie versoening is 'n aspek wat in 'n groot mate op wilsontwikkeling neerkom (Pickering, 1981:49).

Die belangrikheid van die kind se wilsontwikkeling word deur Feather (1988:244) en Jordaan (1988:10) onderskryf. Voortdurende eksterne kontrole oor 'n kind se gedrag belemmer sy natuurlike neiging tot intrinsieke motivering. Gehoorsaamheidsafrigting is nie bevorderlik vir wilsontwikkeling nie. Volgens die genoemde skrywers moet die kind in staat gestel word om 'n morele keuse te kan doen wanneer hy voor 'n probleem te staan kom wat met die druk van die omgewing bots. Die huidige verbruikersklimaat, veral ten opsigte van seksuele keuses, noodsaak wilsontwikkeling by die kind.

7.3 Eksterne beïnvloedingsfaktore

7.3.1 Algemeen

Een van die opdragte wat God aan die mens gegee het, was om te vermeerder en die aarde te vul. Gesinstigting en gesinsbou is nie net menslike voorreg nie, maar veral Goddelike opdrag (De Bruyn, 1985:5). Geslagsopvoeding word vanweë sy besondere sensitiewe en persoonlike aard tradisioneel beskou as 'n gesinsaangeleentheid, onder meer wat betref opdrag en hantering. Die gesin is immers die ruimte waar die kind in liefde ontvang en gebore behoort te word en waar daar vir die eerste keer kennis geneem word van sy hoedanigheid as geslagtelike wese. Daar sal in hierdie afdeling gekyk word na die gesin as die belangrikste

opvoedingsituasie vir die kind (Grobbelaar & Blignaut, 1983:4), waarna verskeie ander opvoedingsfaktore aan die orde sal kom, naamlik portuurdruk en kulturele en sosio-ekonomiese faktore.

7.3.2 Gesinsfaktore

7.3.2.1 Inleidende opmerkings

Om die wese van die gesin te begryp, is dit nodig dat die oorsprong van die gesin nagegaan word, naamlik die huwelik. 'n Bespreking van die huwelik as samelewingsverband is in par. 4.2.2 gedoen. Van Dijk (s.a.: 77) verwys na die huwelik as 'n intieme seksuele liefdesgemeenskap tussen man en vrou vir die duur van die lewe. De Bruyn (1985:4) plaas die huwelik in Skrifmatige perspektief deur te noem dat dit 'n instelling van God is waardeur hierdie lewenslange verbintenis 'n twee-eenheid word en "wel op so 'n wyse dat in hulle verhouding die verhouding tussen Christus en sy gemeente afgebeeld word". Alhoewel De Bruyn (1985:5) noem dat gesinstigting nie pertinent volgens die Skrif aan die huwelik verbind word nie, kan daar tog geglo word dat dit God se bedoeling was om die gesin binne die raamwerk van die huwelik te laat funksioneer. Vir die Christen is dit 'n vaste en onveranderbare beginsel wat in gehoorsaamheid gerespekteer moet word.

Die samelewing vertoon egter 'n dinamiese veranderende karakter (Grobbelaar & Blignaut, 1983:12). Die gesin as instelling is gevolglik ook onderhewig aan veranderinge wat veral in die twintigste eeu merkbaar geword het en wat verreikende gevolge het (Hart, 76:1). Gesinsdisintegrasie en gesinspatologie is tipiese eietydse verskynsels wat as gevolg van die veranderinge ontstaan het (Steyn & Breedt, 1978:voorwoord). Tog merk Satir (1981:298) op dat daar ten spyte van nuwe denkwyses en 'n veranderende samelewing slegs een algemeen aanvaarde en wenslike norm vir die huwelik geld.

7.3.2.2 Die veranderende gesin

Die tradisionele patriargale gesin, kenmerkend van die vroeë twintigste eeu,is taamlik plotseling deur 'n nuwe soort gesin vervang. Twee wêreldoorloë in die eerste helfte van die eeu het bygedra tot die veranderinge in gesinsomstandighede en -funksies. Afwesige vaders en enkelouergesinne het sedert 1950 'n alledaagse verskynsel geword. Grobbelaar en Blignaut (1983:12-17) wys op duidelike veranderende tendense wat oor

die afgelope drie dekades waarneembaar is. Volgens Hart (1976:1) hou die veranderinge verband met die tipiese soort veranderinge van ons tyd wat die mens noodsaak om buigsaam te wees en 'n positiewe waardering vir verandering te openbaar. Enkele tendense wat verband hou met die kind se geslagtelike ontwikkeling, word vervolgens aangestip.

* *Veranderinge ten aansien van opvoedingshouding en -praktyk*

Tradisionele patriargale beheer in die gesin is vervang of aangevul deur matriargale deelname. Daarmee saam het die streng regulatiewe opvoedingstyl plek gemaak vir 'n vryer opvoedingspraktyk. Die veranderinge hou verband met die veranderende lewensuitkyk en -verwagtings van die samelewing (vgl. Cronje *et al.*, 1988:13). Jordaan (1988:10) wys selfs op die nutteloosheid van die tradisionele outoritêre opvoedingspraktyke waar kinders bloot die waardesisteme van hulle opvoeders oorneem, sonder om hulle daarmee te vereenselwig en sonder dat hulle die vermoë ontwikkel om verantwoordelike eie keuses te kan maak. Daarteenoor staan daar 'n eietydse tipiese verbruikersklimaat waar die kind tot standpuntinname genoop word. Ook Feather (1988:239) spreek hom uit teen tradisionele gehoorsaamheidsafrigting. Groter vryheid in die samelewing sal noodwendig moet lei tot groter eise ten opsigte van seksuele vryhede. Nuwe seksuele gebruike het ontstaan, met die gevolg dat die gesin sy funksie as bolwerk teen ontug in 'n groot mate verloor het (De Bruyn, 1985:6). Konflik kan as gevolg van die veranderde omstandighede tussen ouers en kinders ontstaan (Fromme, 1981:209).

* *Geslagsrolverandering*

Die verwoestende Tweede Wêreldoorlog het ook sy tol in die gesinslewe geëis en die vrou se gesinsverantwoordelikhede het as gevolg van die verlies van sovele vaders in aard en omvang toegeneem. Daarbenewens is die na-oorlogse tyd gekenmerk deur geweldige vooruitgang op wetenskaplike gebied. Een van die implikasies daarvan is die gevorderde geboortereëlingstegnieke, waardeur geboortereëling 'n meer aanvaarde praktyk geword het. Hierdie faktore het meegebring dat die vrou haar eie posisie in heroënskou geneem het, sodat Haddon (1982:1) tereg van 'n seksuele rewolusie kan praat. Dit wil voorkom of daar 'n groot mate van opstand teen die vrou se tradisionele geslagsrol ontstaan het en dat die vrou haar toenemend tot 'n meer androgene rol wil wend (Haddon, 1982:69). Hoe meer die vrou die androgene rol begeer, hoe

sterker raak haar afkeer teenoor haar kinderversorgende rol (Haddon, 1982:73). Wanneer daarby gevoeg word dat seks vir die vrou in die eietydse samelewing ook 'n verbruikersartikel geword het (Esterhuyse, 1980:32), kan daar begryp word dat die eens beskeie, stemmige moederrol vir 'n totaal nuwe vrouebeeld moes plek maak.

7.3.2.3 Gesinsgrootte

Gesinsvorming word deur die Christen in die lig van die verbond van God as Goddelike opdrag beskou (De Bruyn, 1985:20). Die implikasie is dat die Christen nie anders kan as om positief teenoor gesinsvorming te staan nie. Die gesinsgrootte moet sodoende gereël word dat 'n optimale getal kinders deur die ouers verwek word, vir wie hulle in die lig van elke ouer se omstandighede, die beste kan sorg.

Mohan en Baldwin (1985:284) beweer dat kinders in groot gesinne die gevaar loop om nie dieselfde kwaliteit opvoeding te kry as kinders in klein gesinne nie. Daarvolgens is dit moontlik dat kinders gebrek kan ly aan liefdevolle persoonlike aandag wat so belangrik vir doeltreffende geslagsopvoeding is.

In kleiner gesinne, waar daar geen broers of susters is wat as model kan dien nie, is dit moeiliker vir kinders om geslagsverskille te verwerk. Hierdie stelling word egter deur Moran (1985:283) weerlê, aangesien hy beweer dat kinders in die klein gesin nie altyd so sleg daaraan toe is nie, omdat hulle meer aandag en versorging kry as kinders in groot gesinne. Dit bring op sy beurt mee dat geslagsopvoeding beter tot sy reg kan kom, veral omdat geslagsopvoeding van so 'n intieme en persoonlike aard is.

Gesinstigting word in die afgelope dekade om verskeie redes dikwels uitgestel en oënskynlik selfs afgestel. Dit wil voorkom of sosio-ekonomiese omstandighede 'n deurslaggewende rol by gesinstigting speel. Die vrou se toetrede tot die arbeidsmark het daartoe bygedra dat gesinstigting dikwels om beroeps- en ekonomiese redes uitgestel en beperk word. Die implikasie is dat die vrou se vrugbare jare aan beroepsake gewy word, waardeur sy ten minste van finansiële sekuriteit verseker word, in teenstelling met die finansiële verpligtinge wat met kinderopvoeding gepaard gaan en waarvoor sy terugdeins (Moors, 1974:1). Gevolglik vind die kind se opvoeding plaas op 'n tydstip in die moeder se lewe wanneer haar eie jeugdigheid al verby is en sy self voor nuwe

vraagstukke met betrekking tot haar eie seksualiteit, gestel word. Die vraag kan ook gestel word of die verskynsel van die kleiner gesin toegeskryf moet word aan toekomsvrees en of die ouer liewer die kwaliteit van ouerskap wil verhoog.

Wagner (1985:70) se navorsing toon aan dat kinders uit groot gesinne dikwels op 'n vroeë ouderdom in die huwelik tree en kinders verwek. Sulke jong en onervare ouers beskik dikwels nie oor die nodige kennis met betrekking tot kinderopvoeding nie en daar kan begryp word dat daar dan nie behoorlik aan hul kinders se behoefte aan geslagsopvoeding voldoen kan word nie (Shaner *et al.*, 1985:54).

Ook in Suid-Afrika het die veranderde samelewing sy invloed op die gesinsbouproses laat geld. Syfers toon aan dat 'n eertydse kindertal van 3,7 kinders per blanke gesin in 1970 gedaal het tot 3,03 en in 1975 tot 2.34 (Mostert & Lotter, 1986:6). Die huidige blanke bevolkingsgroei toon aan dat daar selfs minder as 2 kinders per gesin gebore word. Dieselfde skrywers (1970:15) kom tot die gevolgtrekking dat 'n afname in die bevolkingsaanwas nie aan die gebruik van kontraseptiewe middels toegeskryf moet word nie, maar dat die redes daarvoor eerder gesoek moet word in egpare se veranderde lewenshouding en -patroon.

Dat die krimpende kindertal onder blanke Suid-Afrikaners kommer wek, word deur De Bruyn (1985:26) onderstreep. Hierdie skrywer het tot die slotsom geraak dat die krimpende kindertal toegeskryf moet word aan 'n negatiewe lewensuitkyk van die ouers, wat inhou dat die gawe van kinders nie langer as geskenk van God bejeën word nie.

7.3.2.4 Gesinsamestelling

Die veranderinge in die eietydse gesinslewe word op verskillende wyses deur verskillende soorte gesinne ervaar. Die normale gesinsamestelling, van beide ouers met kinders, het as gevolg van verskeie faktore etlike veranderinge ondergaan, sodat daar tans op grond van hulle samestelling tussen 'n verskeidenheid soorte gesinne onderskei kan word.

i) Die volledige gesin

Onder 'n volledige gesin word dié soort gesin verstaan wat uit albei die biologiese ouers en hulle kinders bestaan. Die kind het 'n behoefte aan opvoeding deur albei sy ouers. Croughs (1983:181) onderskei tussen 'n koesterende en 'n

vormende deel van opvoeding as Goddelike opdrag. Die koesterende aspek kan slegs in die volledige gesin behoorlik tot sy reg kom.

Seksualiteit word met geboorte meegegee, maar kan alleen deur opvoeding betekenis kry. Volgens Reiss (1986:234) word seksualiteit aangeleer en vorm dit deel van die mens se sosialiseringsontwikkeling. Aangeleerde seksualiteit stel 'n sosiale gemeenskap as voorwaarde en volgens Reiss (1986:240) behoort die gesin as kleinste enkele sosiale orde die beste aan die taak van geslagsopvoeding te kan voldoen. Die volledige gesin, waar beide geslagte deur die ouers verteenwoordig word en wat deur bande van liefde gebind word, kan bydra tot 'n gebalanseerde en volledige geslagsrol-ontwikkeling by die kind. In sodanige gesinne baat die gesin self ook by sy geslagsrolontwikkelingstaak, omdat die gesinseenheid, gesinsbande en gesinsgehegtheid juis afhang van die seksuele binding tussen die ouers. Dis juis binne die koesterende liefde van die volledige gesin waar die noue en intense band tussen man en vrou aan die kind voorgehou word, sodat die kind daaruit kan leer dat ware seksuele geborgenheid binne die raamwerk van die huwelik lê (Breed, 1986:21).

Die waarde van die volledige gesin kan nie genoeg beklemtoon word nie. Eysenck (1983:7) het aangetoon dat die volledige gesin gelukkiger en gesonder is as die nie-volledige of ander soorte gesinne en dat die volledige gesin 'n positiewe lewensuitkyk huldig. So 'n positiewe lewensuitkyk kan slegs heilsaam wees vir die kind se geslagtelike ontwikkeling. Hierdie aspek word bevestig deur Sleet en Dane (1985:919) deurdat hulle aangetoon het dat goed gebalanseerde adolessente huislike geborgenheid in 'n volledige gesin ervaar. Daardeur word die kind toegerus en bekwaam gemaak vir verantwoordelike keusemaking ten opsigte van sy geslagsrol, 'n aspek wat vir die totale lewensterrein geld (Sleet & Dane, 1985:915; Imbrogno & Imbrogno, 1986:92).

Alle volledige gesinne funksioneer egter nie doeltreffend nie. Volledige gesinne is ook onderworpe aan die invloed van die faktore wat verantwoordelik is vir die groot veranderinge in die eietydse samelewing, wat meebring dat 'n ouer sy rol as geslagsopvoeder nie na behore kan vervul nie. Die verskynsel dat die vader byvoorbeeld dikwels die rol van besoekende vreemdeling speel, raak meer algemeen (Boss, 1980:111). Die vader word dikwels as onbetrokke beskou waardeur hy weinig of geen interpersoonlike waarde vir die

gesin het nie (Le Croy *et al.*, 1989:144). Die verskuiwing van die tradisionele vader- en moedertake vind nie pynloos plaas nie. Hierdeur kry spanning en stres 'n houvas op die gesin en dit bring mee dat gesins- en geslagsrolle herdefinieer moet word.

Waar die volledige gesin dikwels slegs volledigheid op papier aandui, is die enkelouergesin geen seldsame verskynsel meer nie. Daar sal vervolgens na enkele aspekte van die enkelouergesin gekyk word.

ii) Die enkelouergesin

Enkelouerskap kan as gevolg van verskeie faktore ontstaan, naamlik deur

* die afsterwe van een van die ouers,
* egskeiding of verlating en
* ongehude moederskap.

Daar kan verwag word dat die enkelouergesin as gevolg van sy onvolledigheid minder doeltreffend sal funksioneer en gevolglik 'n leemte in die kind se geslagsrolontwikkeling sal laat. Die ontbrekende identifikasiemodel kan verskraalde geslagsrolontwikkeling en ontoereikende kommunikasie tot gevolg hê (Rodick *et al.*, 1986:85). Verskeie maatskaplike probleme word aan enkelouerskap toegeskryf, waaronder die verskynsel van homoseksualiteit al dikwels genoem is (Botha, 1986:17).

Daar kan aanvaar word dat die aard van die enkelouerskap verband sal hou met die soort gesinsproblematiek wat deur die gesin ervaar word. 'n Ontbrekende vader sal noodwendig 'n ander soort problematiek skep as in die geval van die ontbrekende moeder, aangesien die moeder gewoonlik meer intiem as die vader by haar kinders betrokke is. Die vader se betrokkenheid het egter 'n besondere en eiesoortige waarde vir die kinders en dra op sy eie manier by tot hulle algemene welsyn (Le Croy, 1989:144). Die oorsaak van enkelouerskap sal ook 'n invloed uitoefen. Die afsterwe van 'n ouer sal noodwendig anders deur die gesin beleef word as wanneer 'n ouer die huis verlaat.

Verskeie oorsake vir enkelouerskap sal vervolgens ondersoek word.

* *Enkelouerskap as gevolg van egskeiding*

Die persepsies oor egskeiding het die afgelope paar dekades 'n dramatiese verandering ondergaan (Jacobs, 1986:192). In Suid-Afrika, met sy hoë egskeidingsyfer, is gesinsverbrokkeling 'n sorgwekkende verskynsel wat 'n toenemende tendens toon. Die jaarlikse getal egskeidings het in die RSA byvoorbeeld tussen 1979 en 1984 toegeneem van 13 816 tot 17 568 per jaar. Dit verteenwoordig 'n toename van 27%. In slegs een jaar (1984) is 21 271 kinders deur egskeiding geraak. "Parentechtomy" (Jacobs, 1986:192) hou vir beide die enkelouer en die kind trauma en onsekerheid in.

Navorsing het aangetoon dat die trauma wat kinders ervaar, grootliks verband hou met die ouers se disfunksionele en swak verhouding voor, tydens en net na die egskeiding. Kinders moet dikwels die begrypende en versorgende hand van hul ouers tydens die periode van egskeiding ontbeer as gevolg van die ouers se eie onsekerheid en verwarring (Plinkett *et al.*, 1986:11). Dit wil voorkom of die moeder die persoon is wat die moeilikste heraanpassing moet maak. Die probleme wat sy in haar heroriënteringstaak ondervind, plaas groter druk op die moeder-kindverhouding. Hierdie verhouding word verder bemoeilik deur die moeder se verwarring ten opsigte van haar eie geslagsrol wat volgens haar misluk het. Daar kan derhalwe verwag word dat die kind die slagoffer kan word van die versteurde geslagsrol van die ouer en dit kan hom in die kind se geslagtelike ontwikkeling laat geld (Plinkett *et al.*, 1986:11). So 'n versteuring kan egter slegs op die lang termyn waargeneem word. Dieselfde skrywer toon ook aan dat veral ouer kinders en meer nog, seuns, probleme in interpersoonlike verhoudings ondervind. Later ondervind sulke persone dikwels probleme met hul eie huweliksaanpassing.

Kinders van geskeide ouers het veral by die aanbreek van adolessensie 'n groter behoefte aan hulp en bystand en dit word volgens Plinkett *et al.* (1986:11) toegeskryf aan hulle verhoogde weerloosheid en groter selfbeheptheid as gevolg van hulle vroeëre ervarings. Die vraag bestaan of die kinders se weerloosheid in verband gebring kan word met hulle groter onsekerheid en swakker selfbeeld. Alhoewel 'n swak of lae selfbeeld sy dieptepunt ten tye van die trauma bereik, vind daar tog 'n geleidelike herstel plaas en kan sulke kinders na verloop van tyd weer oor die weg kom. Ten spyte van die oënskynlike herstel, bly daar tog onuitwisbare letsels oor (Thomas *et al.*, 1985:243).

Daar bestaan oënskynlik 'n verband tussen die feit dat die ouers geskei is en die seksuele gedrag van die kinders. Croughs (1983:158) toon aan dat daar by sulke kinders 'n groter neiging tot seksuele aktiwiteit en saamwoonpraktyke is. Sulke lewenswyses word dikwels deur die enkelouer aan die kind voorgeleef. 'n Verdere verskynsel wat deur Croughs (1983:158) uitgelig word, is ouers se vrees en afwysing teen opsigte van 'n blywende verhouding. Die enkelouer wil dikwels nie weer die gebondenheid en verpligtinge van 'n blywende verhouding aanvaar nie en hierdie gedragswyse herhaal hom later in die kind (Booth *et al.*, 1984:88). Laasgenoemde skrywers toon aan dat nie alleen die ouer-kindverhouding ontoereikend raak nie, maar dat latere heteroseksuele verhoudings by die kind ook onbevredigend raak. Dieselfde skrywers het ook bevestig dat die saamwoonverskynsel meer dikwels voorkom onder kinders van geskeides, veral in die geval waar die toesighoudende enkelouer self die praktyk beoefen (Booth *et al.*, 1984:91).

In die lig van bogenoemde navorsingsresultate lyk dit of die kinders van enkelouers hulle makliker en veelvuldiger in seksuele verhoudings begewe, ten spyte van hulle oënskynlike meer kritiese en realistiese lewensuitkyk (Booth *et al.*, 1984:93). Die implikasie is dat geslagsopvoeding moet plaasvind in 'n situasie wat nie altyd gunstig is vir Bybels-genormeerde seksualiteit nie. Dit kan verwarring by kinders tot gevolg hê.

* *Enkelouerskap as gevolg van die afsterwe van 'n ouer*

Navorsingsresultate het aan die lig gebring dat kinders uit gesinne in hierdie groep veel minder probleme het met betrekking tot hulle heraanpassing en verhoudingstigting as kinders van geskeide ouers (Croughs, 1983:153). Dit wil voorkom of sulke kinders die natuurlike finaliteit van die dood makliker aanvaar as wat kinders 'n egskeiding aanvaar (Booth *et al.*, 1984:92). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n egskeiding 'n proses is, dit wil sê, die trauma strek hom uit oor 'n sekere tydperk, terwyl die dood as 'n gebeurtenis van kortstondige aard beskou word (Parish & Wigle, 1985:243). Tog is dit so dat die dood die ouer vir goed wegneem, terwyl die ouer in die geval van 'n egskeiding nog beskikbaar kan wees.

Die dood van 'n ouer is vir die kind 'n traumatiese gebeurtenis. Daar kan gevolglik redelikerwys verwag word dat die kind op die gebied van sosiale en heteroseksuele

aanpassings probleme sal ervaar (Ragan & McGlashan, 1986:153-156). 'n Gevoel van leegheid en verveeldheid is veral by adolessente in so 'n situasie opgemerk. Hierdie groep kinders kan ook moeite ondervind in die stigting van blywende, sinvolle verhoudings in die latere lewe (Ragan & McGlashan, 1986:156). Die implikasie vir geslagsopvoeding is dat daar rekening gehou moet word met die besondere behoeftes en leemtes van die kind in die enkelouergesin.

* *Enkelouerskap as gevolg van buite-egtelikheid*

Buite-egtelikheid is 'n wêreldwye verskynsel, maar in teenstelling met die vorige beskrewe situasies, kleef daar aan die buite-egtelike kind en sy ouer 'n stigma (Du Plessis, 1985:218). Hierdie ernstige negatiewe houding is selfs merkbaar in bestaande wetgewing deur die wetlike beperkings wat daar op buite-egtelike kinders geplaas word, soos in erfreg vergestalt. Buite-egtelike kinders se geslags-identiteit moet ontwikkel teen 'n agtergrond van begrippe soos owerspel, hoerery, ontrou en selfs bloedskande. Dit verteenwoordig almal terme wat nie vereenselwig kan word met gesonde en aanvaarbare seksuele verhoudings nie.

Die buite-egtelike kind moet dikwels onsekerheid verduur oor sake soos sy status, sy daaglikse onderhoud, sy naam en voorgeskiedenis. Dikwels word belangrike biografiese besonderhede van die kind weerhou, of op 'n skewe manier aan hom voorgehou. Die vraag ontstaan wat so 'n kind se persepsie van manlikheid of vaderskap moet wees wanneer hierdie begrippe met afkeer omhul word. Die gevaar bestaan dat die negatiewe persepsies waaraan buite-egtelike kinders dikwels blootgestel word (Du Plessis, 1985:218), die kind se geslagtelike ontwikkelng nadelig kan beïnvloed.

Die buite-egtelike kind se geslagtelike ontwikkeling word verder bemoeilik deurdat die moeder self moet worstel met skuldgevoelens, gevoelens van verwerping, teleurstelling en ander negatiewe emosies. Daar kan verwag word dat die verydelde ideale van die moeder die moeder-kindverhouding kan vertroebel. Finansiële nood en 'n algehele toekomsloosheid kan verder daartoe bydra dat die kind se geslagtelike ontwikkeling en -opvoeding kan tekortskiet.

iii) Die gerekonstrueerde of saamgestelde gesin

Waar egskeiding dui op die mislukking van 'n huwelik, is dit verrassend om te sien dat geskeides in die algemeen nie

huiwer om hulle weer in die huwelik te begewe nie. In 1981 was sowat die helfte van al die huwelike wat in Amerika gesluit is, hertroues. Hertroues word beskou as 'n buitengewoon komplekse aangeleentheid vir die betrokke partye en dit raak veral die kind in die komplekse nuwe gesin (White & Booth, 1985:690). Daar word saamgestem met White en Booth (1985:690) dat stiefouerskap as een van die allermoeilikste menslike take beskou moet word. Dikwels is dit die kind wat die grootste spit moet afbyt en die voorwerp van ouerlike frustrasie word. Die aanwesigheid van 'n stiefkind kan tot spanningskepping in die huwelik lei (Essen, 1979:189). Dit wil voorkom of daar maklik uit die oog verloor kan word dat die "nuwe" ouer nie dieselfde affektiewe band met die kind geniet as die natuurlike ouer nie en dat so 'n band nie altyd spontaan en moeiteloos ontstaan nie. Daar word ook soms uit die oog verloor dat 'n stiefouer nie altyd oor die vermoë of behoefte beskik om so 'n affektiewe band te skep nie. Stiefouerskap word tradisioneel in die samelewing met negatiewe inhoude vereenselwig, wat duidelik blyk uit kinderlektuur en die kind se sprokieswêreld.

Waar die natuurlike biologiese bande ontbreek en waar ouerskap op 'n kunsmatige manier voltrek moet word, is dit nie vreemd dat stiefkinders die oorsaak kan word vir 'n afname in gesinsbinding nie en dit kan op sy beurt weer lei tot vereensaming en skuldgevoelens by beide stiefouer en stiefkind (Satir, 1981:179; White & Booth, 1985:697; Kline & Overstreet, 1972:8). Stiefkinders se vyandigheid het dikwels tot gevolg dat die stiefouer hom/haar aan die opvoedingsituasie onttrek, met afsydigheid en vervreemding as gevolg. Wanneer geslagsidentifikasie teen 'n dergelike agtergrond moet plaasvind, kan daar verwag word dat die kind se seksuele ontwikkeling verskraal en ontoereikend sal wees.

7.3.3 Portuurinvloed

7.3.3.1 Algemeen

Portuurdruk het 'n groot invloed op die kind, en in die besonder op die kind in die disfunksionele gesin. Die portuurgroep kan beskou word as 'n samelewing in die kleine waar die kind, en veral die adolessent, die geleentheid kry om toenemende selfstandigheid te beoefen en hy geleidelik meer onafhanklik van die ouers raak. Die adolessent ervaar 'n behoefte aan die vestiging van sy nuwe identiteit. Die verskillende interpersoonlike verhoudinge, hetsy met die ouers of met die portuurgroep, vorm dikwels van die

ernstigste probleme waarmee die adolessent te kampe kry (Burns, 1988:42). Portuurinvloed vertoon sy eie besondere karakter, 'n soort sosiale toetsterrein met sy eie toepaslike, maar eksklusiewe, norme, waardes en funksies. Portuurinvloed en gesinsinvloed verskil in dié opsig van mekaar omdat laasgenoemde hom hoofsaaklik by toekomsbesluite bepaal, terwyl die portuurgroep hom meer met "alledaagse" sake besig hou (Sebald, 1986:6). Beroepskeuse word hoofsaaklik tuis bespreek, terwyl geslagsrolidentifikasie en afspraak- en uitgaangedrag op die terrein van die portuurgroep tuishoort. Sebald (1986:6) beskou die portuurgroep egter nie as so sterk dat die gesinsinvloed daardeur geneutraliseer word nie. Veel eerder beskou hy die portuurgroep as 'n aanvullende groep. In plaas van polarisasie tussen gesin en portuurgroep het Bell *et al.* (1985:114) vasgestel dat goeie gesinsverhoudinge bevorderlik is vir gesonde portuurverhoudinge.

Vanweë die besondere opvoedingsfunksie en -ruimte wat die gesin bied, sal die gesin die sterkste invloed uitoefen wat die vorming van die kind se norme en waardes betref. In die geval van swak of ontoereikende gesinsinvloed is dit waarskynlik dat die portuurgroep as substituut en nie meer as aanvullende groep nie, sal funksioneer en dat hy veral 'n negatiewe invloed sal hê (Sleet & Dane, 1985:917). Dit wil voorkom of portuurinvloed oor die afgelope paar dekades in intensiteit toegeneem het. Sebald (1986:9-10) het vasgestel dat die sewentigerjare gekenmerk is deur 'n afname in gesinsinvoed, met 'n effense terugswaai in die huidige dekade. Hierdie terugswaai geld egter net vir seuns. Wat die dogters betref, het die portuurgroep sy greep behou.

7.3.3.2 Portuurinvloed en seksuele ontwikkeling

Die portuurgroep se invloed het hom veral op die gebied van die kind se seksuele ontwikkeling laat geld. Geslagsinligting word toenemend in die portuurgroep gesoek. Dogters wat tradisioneel deur die moeder ingelig is, wend hulle nou tot die portuurgroep (Sebald, 1986:12).
Ook wat betref die geslagsrolontwikkeling het die portuurgroep 'n belangrike rol te vervul. Kotler (1985:320) het in sy navorsing aangetoon dat daar 'n belangrike klemverskuiwing plaasgevind het. Die portuurgroep bied naamlik meer geleentheid tot die sogenaamde androgene geslagsrolontwikkeling. Die androgene rol plaas sterk klem op die gelykmaking van die geslagsrolle, wat meebring dat die vrou haar tipies vroulike rol prysgee ten gunste van 'n meer

manlike rol. Tog bied die portuurgroep 'n uitstekende ruimte vir die inoefening van heteroseksuele verhoudings (Burns, 1988:42). Tegnieke en vaardighede wat vir 'n suksesvolle verhoudingslewe nodig is, kan in die portuurgroep aangeleer word. Kotler (1985:320) verduidelik die geslagsrol-ontwikkeling in die portuurgroep as 'n soort gee-en-neem-interaksie, maar of die interaksie gekoppel kan word aan 'n tipiese geslagsrol, bly 'n ope vraag. Watter geslag die "gee"- en watter geslag die "neem"-aksie uitvoer, is nie duidelik nie. Duidelike riglyne bestaan daar blykbaar nie, maar daar is wel aangetoon dat daar 'n verband bestaan tussen tipiese manlikheid en vroulikheid as verskillende synswyses en groepaanvaarding (Rust & McCraw, 1984:360). Laasgenoemde navorsers het aangetoon dat sterk manlikheid by seuns gepaard gaan met positiewe groepsaanvaarding. In die geval van meisies bestaan daar 'n gebalanseerde ewewig tussen manlike en vroulike eienskappe wat as voorwaarde vir groepaanvaarding gestel word.

7.3.3.2 Portuurinvloed en seksuele gedrag

'n Eietydse vraagstuk wat groot belangstelling geniet, is die kwessie van tieners se seksuele aktiwiteit. Die vraag wat gestel word is óf, en indien wel, in watter mate, groepsinvloed tot seksuele aktiwiteit bydra en of seksuele aktiwiteit inderdaad aan groepsdruk toegeskryf kan word. Volgens O'Reilly (1985:267) word adolessente dikwels teen hulle sin tot sekere handelinge gedryf. Volgens Antinovsky (1980:67) is adolessente wat bevriend is met adolessente wat seksueel aktief is, meer geneig om self ook seksueel aktief te raak. Billy en Udry (1985:21) is dit met hierdie siening eens aangesien hulle beweer dat adolessente beïnvloed word deur hulle maats se houding teenoor seksuele aktiwiteit en hulle seksuele gedrag. Dit is juis op die terrein van seksuele aktiwiteit waar daar maklik konflik kan ontstaan tussen ouer- en portuurnorme (Owuamanam, 1983:170). Adolessente wat toegee aan portuurdruk, ondervind later dikwels ernstige gevoelens van verwerping wat spanning en emosionele ongesteldheid tot gevolg het (Senanayake, 1984:458). Tog kan daar nie aanvaar word dat portuurinvloed of -druk die grootste faktor is wat tot seksuele aktiwiteit lei nie. Howard (1985:274) het tot die gevolgtrekking gekom dat portuurinvloed slegs die derde posisie beklee na die invloed van televisie en eietydse populêre liedjies.

7.3.4 Kulturele faktore

Met kultuur word daar na 'n volk se beskawingstoestand verwys (Schoonees *et al.*, 1983:625). Die kultuur verpersoonlik 'n volk se tipiese geestesgoedere en die peil van sy beskawing. Kulturele verskille manifesteer hulle op die gebied van taal, gewoontes, tradisies, waardes en norme en vele ander. Hierdie verskille laat hulle veral by die seksuele volwassewording van 'n persoon geld. Begrippe soos monogamie en poligamie is sterk kultuurgebonde, met monogamie as aanvaarde Westerse gebruik, terwyl poligamie vry algemeen onder swart en sommige Oosterse kulture voorkom.

Die Westerse kultuur toon 'n tendens van waardeverskuiwing deur die geleidelike vervanging van die tradisionele geslagsrol met 'n androgene geslagsrol. Ander kulture ervaar ook belangrike veranderings met betrekking tot seksualiteit (Mkhabela, 1985:47). Met moderne kommunikasietegnieke is kulturele isolasie in 'n groot mate uitgeskakel. Verskillende kultuurgroepe word voortdurend aan mekaar blootgestel en daar vind voortdurende interaksie plaas. Kinders kan weens kultuurinvloed aan vreemde gebruike blootgestel word, wat tot verwarring by die kind kan lei. Die tuisbring van kulturele norme ten opsigte van seksualiteit word in die meeste kulture benadruk, veral by swart kulture (Owuamanam, 1983:178). Westerse kulture is die afgelope eeu getipeer deur sogenaamde bevrydingsaksies. Een daarvan is die bevryding van die vrou. Haar tradisioneel ondergeskikte rol moes plek maak vir 'n rol waar selfgelding, stemreg en so meer as noodsaaklik geag word.

Op grond van die veranderinge word die eietydse opvoeding dikwels as uitgediend en diskriminerend beskou en word daar nie aan dogters se behoefte aan geslagsopvoeding voldoen nie (Walkling & Brannigan, 1986:17). Genoemde skrywers maak die stelling dat verskeie sake 'n verkeerde prioriteitsorde geniet. Dogters word opgevoed in die veronderstelling dat hulle behoeftes soos volg gerangskik kan word: 'n behoefte aan liefde, gevolg deur die huwelik, eggenoot, kinders en laastens 'n beroep. Volgens genoemde skrywers behoort kinders vir eietydse en toekomstige realiteite voorberei te word. Die prioriteitsorde sou dan in omgekeerde orde gevolg moet word, met die beroep as hoogste prioriteit.

7.3.5 Sosio-ekonomiese faktore

Baie jare lank is daar geglo dat ekonomiese deprivasie

verband hou met onaanvaarbare seksuele gedrag soos tienerswangerskappe en weglopery. Navorsing het aangetoon dat tienermeisies van ongeveer 15 jaar oud uit enkelouergesinne wat ekonomies gedepriveerd is, die grootste risikogroep ten opsigte van onaanvaarbare seksuele gedrag is (Spillane-Grieco, 1984:63). Geslagsrolidentifikasie word dus deur swak ekonomiese omstandighede bemoeilik.

Hoe die sosio-ekonomiese status die kind se geslagsrolontwikkeling beïnvloed, word aangetoon deur Tacchio *et al.* (1984:231). 'n Verhoging in sosio-ekonomiese status gaan gepaard met verlaagde geslagsrolonderskeiding. Hiervolgens sal die kind uit 'n hoë sosio-ekonomiese statusgesin geen duidelike riglyne ontvang wat betref sy ontwikkelende geslagsrol en geslagsidentiteit nie. Die werkende vrou het 'n beduidende invloed op die gesinsinkomste, maar haar taak as vrou neem in kompleksiteit toe, sodat haar tradisionele geslagsrol noodwendig moet verander om haar nuwe rol te kan akkommodeer. Die werkende vrou as geslagsrolmodel is 'n nuwe konsep wat in die kind se geslagsontwikkeling aandag behoort te verdien. Tog maak die vrou haar nooit werklik los van haar tradisionele geslagsrol, naamlik die van versorger nie. Dit is duidelik waarneembaar in byvoorbeeld die Sowjetunie, waar daar geen amptelike diskriminasie gegrond op seksuele verskille bestaan nie en waar vroue op groot skaal ekonomies bedrywig is. Die vroue daar bestee 2 tot 3 keer soveel tyd aan huislike take as mans (Imbrogno & Imbrogno, 1986:95). Die implikasie is dat die vrou van die toekoms, wat haar geslagsrolontwikkeling betref, voor moeilike uitdagings gestel sal word.

Gesinspanning kan die gevolg wees van sosio-ekonomiese druk. Dit is in die pas vermelde skrywers se navorsing aangetoon. Daar is bevind dat die gesinsatmosfeer of die psigiese klimaat in die gesin afhang van die huistaakverdeling, wat op sy beurt weer verband hou met die geslagsrolle van die gesinslede. Agteruitgang van die gesinslewe het duidelik geblyk in gesinne waar vroue ekonomies aktief was (Imbrogno & Imbrogno, 1986:96).

Dit sou verkeerd wees om die agteruitgang van die gesinslewe bloot aan sosio-ekonomiese faktore toe te skryf. Bell *et al.* (1985:273) waarsku teen die oorbeklemtoning van sosio-ekonomiese faktore. Hy het vasgestel dat sosio-ekonomiese status, gemeet in terme van gesinsgrootte, nie noodwendig met geslagrolstatus in verband gebring kan word nie. Daar bestaan egter wel 'n verband tussen die hoë frekwensie

tienerswangerskappe en lae sosio-ekonomiese status (Ralph *et al.*, 1984:284).

7.3.6 Godsdienstige en religieuse faktore

Van der Walt (1983:23) merk tereg op dat die mens se lewensbeskouing deur sy religieuse of hartsgesteldheid bepaal word. Hy beklemtoon ook die feit dat die mens 'n personale eenheid vorm. Die mens is 'n liggaam-sieleenheid wat as man of vrou geken word.

Die mens se geslagtelikheid speel ook in die religieuse of kerklike lewe 'n rol. Sekere kerklike ampte word in bepaalde denominasies tot manlike persone beperk. Die selibaat word vir die priesteramp in die Rooms-Katolieke Kerk gehandhaaf.

Die Christen glo dat die mens se geslagslewe deur die sondeval verduister is. So kan daar duidelik opgemerk word hoe die vrou se status in nie-christelike samelewings veel laer as die man s'n is. Veral by die Islam is vroue-onderdanigheid 'n belangrike gebruik wat opvallend word deur die versluiering van die vrou se gesig wanneer sy in die openbaar verskyn. 'n Christelike perspektief gee egter 'n bevrydende uitkyk op die wese en betekenis van geslagtelikheid. Tereg sê Heyns (1987:48) dat geslagtelikheid deur God aan die mens gegee is om sy lewe ryker en voller te maak. Botha (1987:32) pleit dat die kulturele modelle oor manlikheid en vroulikheid en die skeefgegroeide tipering daarvan deeglik aan die soeklig van die Bybelse denkmodel getoets moet word. Hierin lê daar vir die geslagsopvoeder 'n besondere taak, naamlik om geslagtelikheid wat, net soos menswees, ten diepste 'n misterie is (Van der Walt, 1987:ii), aan die hand van die Skrif te begryp en die kind ooreenkomstig God se wil vir die man en die vrou, op te voed.

Wanneer al die voorafgaande faktore in ag geneem word, blyk dit dat die kind se seksuele ontwikkeling 'n komplekse aangeleentheid is en dat dit nie uitgesluit is dat die opvoeding kan skeefloop, indien daar nie op behoorlike wyse aan sy behoeftes, dus ook aan sy behoefte aan geslagsopvoeding, voldoen word nie.

Daar sal vervolgens by enkele van die opvoedingsprobleme stilgestaan word om daardeur groter duidelikheid te kry aangaande die kind se werklike behoeftes rakende sy geslagtelike ontwikkeling.

7.4 Enkele faktore wat lei tot 'n versteurde geslagslewe

7.4.1 Inleidende opmerkings

Wanneer daar op die terrein van die kind se geslagtelike ontwikkeling iets skeef loop, sal die gevolge daarvan hulle op vele terreine van die lewe laat geld. Wanneer daar na die eietydse samelewing gekyk word, is dit opvallend hoe 'n groot deel van die problematiek na die seksuele lewe deurgetrek kan word. Dit wil voorkom of die seksuele lewe die slagveld word van opvoedings- en maatskaplike probleme. Daar sal vervolgens gekyk word na verskeie van die probleemgebiede wat veral op die terrein van die kind se geslagtelike ontwikkeling 'n invloed kan hê.

7.4.2 Tienerswangerskappe

7.4.2.1 Algemeen

Tienerswangerskappe hou verband met die vraagstuk van seksuele aktiwiteit. Alhoewel die probleem 'n toenemende tendens vertoon, is dit geen nuwe probleem nie. Tog baar die dramatiese, algemene toename in buite-egtelike geboortes oor die afgelope jare sorg en verdien dit nadere besinning (Belsky, 1984:215).

7.4.2.2 Die voorkoms van tienerswangerskappe

Die toename in buite-egtelike swangerskappe is wyd gerapporteer vanaf die VSA tot agter die ystergordyn (Dryfoos, 1985:13; Imbrogno & Imbrogno, 1986:96). Daar kan aanvaar word dat hierdie verskynsel verband hou met die toenemende verskynsel van permissiwiteit wat seksuele aktiwiteit onder tieners tot gevolg het. Polit en Kahn (1986:167) skryf die toename van seksuele aktiwiteit toe aan die sekularisering, openbaarmaking en kommersialisering van seks. Waar die algemene geboortesyfer in die ontwikkelde lande 'n afname toon, geld dit nie vir tienerswangerskappe nie (Leibowitz *et al.*, 1986:67). In Suid-Afrika word eweneens 'n somber beeld geskep met sowat 5 000 tienerswangerskappe wat jaarliks slegs onder die blanke bevolkingsgroep aangemeld word. Onder die swart kulture is hierdie syfers selfs hoër. Winters en Frankel (1984:405) toon aan dat die geboortesyfer onder swartes tot agt maal hoër as dié van blankes is. Die hoë voorkoms van seksuele permissiwiteit onder swart bevolkingsgroepe word deur Billy en Udry (1985:22) bevestig.

7.4.2.3 Oorsake vir tienerswangerskappe

Weens die kompleksiteit van die oorsake vir tienerswangerskappe is dit nie moontlik om die oorsake aan enkele faktore toe te skryf nie, maar moet die oorsake in onderlinge verband tot mekaar beskou word.

* Vervroegde seksuele aktiwiteit

Die hedendaagse tendens van vervroegde puberteit bring mee dat seksuele rypheid op 'n vroeër stadium in die kind se lewe bereik word. Die implikasie is dat seksuele aktiwiteit op 'n jonger ouderdom moontlik word. Dryfoos (1985:13) rapporteer dat daar in die VSA alleen minstens 5 miljoen seksueel aktiewe tieners moet wees. Die grootste toename onder seksueel aktiewe tieners het, volgens die navorsing van Belsky *et al.* (1984:212), onder vyftien- tot sewentienjariges plaasgevind. Daar word selfs aangevoer dat seksuele aktiwiteit die reël onder tieners is en nie die uitsondering nie.

* Emosionele en sosiale oorsake

Alhoewel daar dikwels verwys word na faktore soos eensaamheid, verwerping en gebrekkige sosialisering as moontlike oorsake vir tienerswangerskappe, is daar volgens Ralph *et al.* (1984:283) nog nie voldoende navorsingsresultate beskikbaar om die afleiding te maak nie. Hierdie faktore kan wel in wisselwerking met mekaar 'n situasie skep wat aanleidend tot swangerskap kan wees, sonder dat hulle die direkte oorsaak daarvan is. Navorsing het aangetoon dat swanger dogters selfs beter verhoudings met hulle huismense gehad het as hulle nie-swanger eweknieë en dat die swangerskap hoofsaaklik aan ander faktore te wyte was (Ralph *et al.*, 1984:283). Ander navorsing, waaronder dié van Olson en Worobey (1984:781), het die teendeel bevind, naamlik dat gesinsverhoudinge en die mate van geborgenheid wat swanger dogters ervaar het, aansienlik laer was as nie-swanger dogters s'n.

* Sosio-ekonomiese status en opleiding

Die voorkoms van tienerswangerskappe is aansienlik hoër onder dogters uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status as dogters uit gesinne met 'n hoë sosio-ekonomiese status (Ralph *et al.*, 1984:284). Hierdie verskynsel word deur Griffiths *et al.* (1986:39) aan die volgende faktore toegeskryf:

i) Die gesinne waaruit die swanger dogters kom, is in die reël self groot, wat heteroseksuele kontak op 'n vroeë ouderdom bevorder.

ii) Ouers uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status is self dikwels op baie vroeë ouderdom in die huwelik bevestig.

iii) Die ouers van swanger dogters uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status se ouers se opleiding is beperk en hulle het gevolglik swak beroepsvooruitsigte.

Onder hierdie omstandighede word daar 'n klimaat geskep waar tienerswangerskappe dikwels voorkom en word daar 'n bose kringloop geskep waaruit daar nie maklik losgekom kan word nie.

Tienermoeders is as gevolg van hulle eie omstandighede finansieel swak daaraan toe. Onvoltooide opleiding en ekstra finansiële uitgawes belemmer behoorlike mediese versorging en bevorder 'n gevoel van uitsigloosheid onder swanger dogters (Olson & Worobey, 1984:782). Opvolgende swangerskappe vererger die haglike omstandighede en sodoende word geslagte kinders verwek wie se moeders nie in staat is om hulle behoorlik te versorg nie. Die gevolg is dat sulke kinders op hulle beurt weer 'n gebrekkige opleiding kry, oor die algemeen verstandelik swakker begaafd is en aangewys is op seksuele voorligting uit vreemde en onaanvaarbare bronne, waardeur die kringloop van tienerswangerskappe aan die gang gehou word.

* Ontoereikende opvoeding

Geslagsopvoeding is net so deel van opvoeding as enige ander aspek daarvan. Die kind is op opvoeding aangewese en dit geld ook vir geslagsopvoeding. Geslagtelike gedrag word aangeleer, aangesien die mens alle kennis moet verwerf en nie daarmee gebore word nie.

Geslagsopvoeding is 'n aspek van die opvoeding wat selfs deur ouers met die nodige agtergrond met groot huiwering onderneem word (SAOU, 1977:136). Die meeste ouers hoop maar dat die kind vanself sal grootword, of hulle is miskien wel bewus van hulle taak, maar dit ontbreek die ouer aan vrymoedigheid om hierdie deel van die opvoeding aan te durf. Dikwels word geslagsopvoeding uitgestel tot dit te laat is, of in elk geval nie meer aan sy doel beantwoord nie. Ketterman

(1984:65) waarsku ouers om nie die spertyd te oorskry nie, aangesien ongewenste tienerswangerskappe slegs deur doeltreffende geslagsopvoeding voorkom kan word. Viljoen (1987:18) skryf dat ouers nie weet hoe om oor geslagsake te gesels nie, dat hulle te skaam is, of nog erger, dat hulle dink dat dit beter is om onkundig te bly.

In Suid-Afrika is inligting omtrent tieners se kennis rakende seksualiteit beperk. Die werklike nood en behoefte van tieners in hierdie verband is nie bekend nie.

7.4.2.4 Implikasies van tienerswangerskappe

Die implikasies of gevolge van 'n tienerswangerskap is veelvuldig. Daar kan tussen twee groepe implikasies onderskei word, naamlik implikasies op die kort termyn en implikasies op die lang termyn.

i) Implikasies op die kort termyn

'n Swangerskap kan vir die tienerdogter se onmiddellike toekoms ernstige probleme skep. Hierdie probleme kan in verskeie kategorieë ingedeel word.

* Mediese probleme

Mediese probleme word veral deur dogters in die lae sosio-ekonomiese groep ervaar. Dikwels moet hulle noodsaaklike mediese sorg ontbeer. Ontoereikende of swak mediese sorg kan vir beide die moeder en die baba gevaarlik wees en komplikasies kan dan gevolglik maklik met die geboorte intree (Ralph *et al.*, 1984:284).

Ten spyte van goeie mediese sorg wat die tienermoeder kan ontvang, bestaan daar nog steeds 'n hoë risikofaktor op grond van die moeder se jeug. Moeders kan maklik slagoffers word van bloedarmoede, pre-eclampsia en selfs die dood. Daar is ook 'n gesondheidsrisiko aan babas van tienermoeders verbonde en hulle sterftesyfer is waarskynlik meer as twee maal hoër as dié van ander babas (Carlson, 1984:765).

Swanger dogters probeer dikwels om die swangerskap so lank moontlik weg te steek. Hulle ervaar vrees vir ontdekking en sal selfs van ongeoorloofde metodes gebruik maak om van die swangerskap ontslae te raak, veral in gevalle waar daar weinig ondersteuning van die dogter se moeder ontvang word (Ortiz & Muttall, 1987:897). In die VSA, waar aborsies nie

deur wetgewing verbied word nie, word daar jaarliks duisende aborsies uitgevoer, dikwels met noodlottige gevolge. Cartoof en Klerman (1986:397) rapporteer dat aborsies in die VSA tussen 1973 en 1980 met 86% toegeneem het. Dit beteken dat daar jaarliks sowat 375 000 aborsies in die VSA uitgevoer word. Hierdie skrywers rapporteer verder dat meer as die helfte van die swangerskappe van dogters jonger as 15 jaar in 'n aborsie geëindig het.

Alle swanger dogters probeer egter nie om hulle swangerskappe te beëindig nie, maar die lang wegsteekpoging bring mee dat so 'n dogter gedurende die wegsteekperiode geen mediese sorg ontvang nie. Gepaard met die uiterste spanning wat 'n swanger dogter dikwels moet verduur, is die ontoereikende mediese sorg uiters nadelig vir beide moeders en babas (Simpkins, 1984:44).

* Prestasieprobleme

'n Ondersoek deur Carlson (1984:766) het getoon dat die grootste persentasie skoolstakers onder swanger dogters voorkom. Ten spyte van opvoeders se motivering en aanmoediging om die dogters hul skoolloopbane te laat voltooi, is hierdie pogings meesal nie suksesvol nie en al word die skoolloopbaan voltooi, verswak die skoolprestasie aansienlik.

* Psigiese probleme

Adolessensie word dikwels gekenmerk deur emosionele onsekerheid en verwarring (vgl. par. 7.2.3.3). Die onsekerheid wat met 'n tienerswangerskap gepaard gaan, kan hierdie simptome vererger as gevolg van die groter verantwoordelikheid en gedwonge besluitneming waarvoor die tienermoeder dikwels geplaas word (Ortiz & Nuttall, 1987:902). Die tienermoeder moet 'n rasionele besluit neem op 'n tydstip wanneer haar kognitiewe denkvermoë nog nie gereed daarvoor is nie (Leibowitz *et al.*, 1986:68).

Soms gebeur dit dat die tiener se motief om swanger te raak, gebore is uit 'n selfgeldingsdrang, byvoorbeeld die hunkering om wraak te neem, te presteer, verlange na iets om lief te hê en te koester of die verlange na eie besit (Polit & Kahn, 1986:171). 'n Swangerskap kan tydelik aan hierdie behoefte voldoen, maar op die lange duur hou dit nie stand nie. Vir die kort termyn mag die moeder verkies om die baba te behou, sonder dat sy die langtermynimplikasies van haar besluit

behoorlik besef. Hierdie feit word deur Mostert (1970:15) geïllustreer. Hy meld dat tienerswangerskappe in die blanke Suid-Afrikaanse samelewing gestigmatiseer is. Dit vind sy weerklank in die moeder se latere fertiliteitsbegeertes. Sulke moeders se begeerde kindertal is heelwat laer as ander vroue s'n, al tree hulle na die swangerskap in die huwelik.

ii) Implikasies op die lang termyn

Met lang termyn word die res van die swanger tiener se lewe bedoel. Implikasies op die lang termyn toon dikwels 'n permanente aard en is moeilik om reg te stel.

* Sosio-ekonomiese implikasies

Die grootste getal tienermoeders kom uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status en dis hoogs onwaarskynlik dat dit later beter met hulle sal gaan (Griffiths *et al.*, 1986:40), veral as hulle sou besluit om die baba as enkelouer alleen op te voed. Dit wil ook voorkom of die stigma wat aan sulke swangerskappe kleef minder is by gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status. Die gevolg is dat swanger dogters se aspirasies om hulle sosio-ekonomiese omstandighede te verbeter, verskraal word.

* Lae beroepsaspirasies

'n Onderbroke skoolopleiding veroorsaak gewoonlik dat die skolier nooit behoorlike of toereikende beroepsopleiding ontvang nie. Babaversorging en toenemende pligte staan in die weg van die moeder se beroepsaspirasies, sodat vele van hierdie moeders permanent onder die broodlyn moet lewe (Simpkins, 1984:48).

* Ander implikasies

Alhoewel aborsies, uitgesonderd dié om mediese redes, in Suid-Afrika deur wetgewing verbied is, beteken dit nie dat aborsies nooit plaasvind nie. Na raming is daar jaarliks sowat 200 000 Suid-Afrikaanse vroue wat hulle toevlug tot onwettige aborsies neem (Duvenage, 1988:397). Dit is bekend dat aborsies groot fisieke en psigiese gevare vir die persoon inhou. Beriggewing lui dat daar jaarliks sowat 33 000 operasies in Suid-Afrikaanse hospitale plaasvind om die skade en gevolge van agterstraataborsies ongedaan te maak (Duvenage, 1988:37). Ernstige geestelike letsels kan verwag word by meisies wat nie uit eie oortuiging of wilsbesluit 'n

aborsie ondergaan nie, maar wat op aandrang van haar vriend, of selfs haar gesinslede, daartoe gedwing word (Carlson, 1984:767). Alhoewel die finale besluit deur die swanger dogter self geneem moet word, kan die invloed en druk van haar familielede nie buite rekening gelaat word nie (Ortiz & Nuttall, 1987:916).

7.4.2.5 Vaderskap met betrekking tot tienerswangerskappe

In die literatuur word die aandag hoofsaaklik op die swanger dogter gevestig (Reis *et al.*, 1988:953). Hendricks en Montgomery (1983:201) het die situasie van die tienervader ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat tienervaders niks anders is nie as seuns wat seksueel aktief is, sonder die besef wat hulle seksuele aktiwiteit tot gevolg kan hê. Die vraag ontstaan gevolglik in watter mate die tienervader vir sy seksuele ontwikkeling voorberei is. Dat daar leemtes op hierdie gebied bestaan, kom duidelik na vore uit die feit dat die meeste tienerswangerskappe onbeplan is en uit impulsiewe optrede spruit (Polit-O'Hara & Kahn, 1985:33).

'n Ondersoek deur Hendricks en Montgomery (1983: 201) het aangetoon dat tot 45% van die tienervaders hulleself glad nie as gereed vir vaderskap beskou het nie. Tog beweer hulle dat hulle ten volle bewus was van die gevare en moontlike gevolge van hulle seksuele aktiwiteit. Reis *et al.* (1987:953) rapporteer dat seuns van die veronderstelling uitgaan dat dit die meisie se plig is om swangerskap te voorkom. Wat opvallend was, was dat dit gelyk het of baie van die vaders wel vir die moeders en babas omgegee het, maar dat hulle ten spyte daarvan tog nie kans gesien het vir 'n huwelik nie (Robinson & Barrett, 1987:612). Daarbenewens moet daar in ag geneem word dat daar 'n tendens bestaan waardeur manlikheid in terme van seksuele aktiwiteit gemeet word, sodat die indruk kan ontstaan dat seksuele aktiwiteit 'n noodsaaklike ontwikkelingstaak vir 'n seun is. Seuns wat 'n swangerskap veroorsaak, is egter skaam en verleë daaroor en openbaar 'n intense behoefte aan geheimhouding, veral teenoor hulle ouers (Reis *et al.*, 1988:958).

7.4.2.6 Die voorkoming van tienerswangerskappe

Die feit dat tienerswangerskappe as ongewens beskou word, word deur tieners self bevestig (Reis *et al.*, 1988:958). Die voorkoming van tienerswangerskappe is egter geen eenvoudige saak nie en die metodes om hierdie doel te verwesenlik moet krities beskou word. Voorkoming van swangerskap kan op die

volgende wyses plaasvind:

* seksuele onthouding,
* die gebruik van voorbehoedmiddels, en
* opvoedkundige programme gerig op seksuele gedrag (Howard, 1985:271).

Vanuit die Christelike lewensbeskouing is alle voorkomingsmaatreëls egter nie aanvaarbaar nie, aangesien die Skrif duidelike riglyne aangaande seksuele gedrag gee.

i) *Seksuele onthouding*

'n Kuise lewenswandel en geduldige wag tot die huweliksluiting alvorens daar met geslagsomgang begin word, is die enigste Christelike norm. Enige afwyking, aanpassing of verdraaiing van hierdie norm is onaanvaarbaar en daarom nie versoenbaar met verantwoordelike opvoeding op Christelike grondslag nie (Kempff, 1987:32; Duvenage, 1983:213).

Ten einde aan die Christelike norm te voldoen, is dit nodig dat die kind kennis van hierdie norm sal dra. Kinders soek antwoorde op hulle vrae, wat beteken dat hulle 'n behoefte het aan kennis aangaande die norm. Kinders word wel met 'n vermoë tot gewetensvorming gebore, maar nie met kennis aangaande norme wat vir gewetensvorming nodig is nie. Hulle moet dit aanleer. Dit geld in die besonder vir seksuele norme (W.N., 1986:8). Normkennis voorsien die kind van 'n wapenrusting wat hom toerus om keuses te maak. Seksuele onthouding word daardeur vrywillige gehoorsaamheidsakt.

ii) *Voorbehoedmiddels*

Weens die groot openbare belangstelling in seksueel-oordraagbare siektes en die moontlike gevolge daarvan het die gebruik van voorbehoedmiddels sterk onder die aandag gekom. Die middels is vryelik beskikbaar en dit wil voorkom of die geheimsinnigheid en diskresie wat daar eers rondom hierdie middels bestaan het, grootliks verdwyn het. Daar word dikwels uitgegaan van die veronderstelling dat jongmense se seksuele aktiwiteit as aanvaarbare gedragswyse beskou word en nie aangespreek of bevraagteken hoef te word nie (Dryfoos, 1985:13). Die stelling word soms gemaak dat in die lande waar daar op groot skaal met die voorsiening van voorbehoedmiddels begin is, tienerswangerskappe dramaties afgeneem het (People, 1985:25). Daar word sonder meer aanvaar dat geslagsomgang 'n aanvaarde bedrywigheid van

tieners is en dat die verskynsel 'n toenemende tendens vertoon. Volgens Scales (1979:263) was daar in 1979 al 20% tieners jonger as 15 jaar wat seksueel aktief was van wie een uit elke 10 dogters swanger geraak het. Tieners wat voorbehoedmiddels aanvra, openbaar 'n behoefte aan raad en leiding. Dit blyk uit die ervaring van kliniekpersoneel wat voorbehoedmiddels aan tieners verskaf (Nathanson & Becker, 1985:37). Voorbehoedmiddels word op 'n onpersoonlike en onbetrokke manier beskikbaar gestel want, so meld hierdie skrywers, sodra daar 'n mate van betrokkenheid tussen die tiener wat middels aanvra en die kliniekpersoneel wat middels verskaf ontstaan, raak die tiener afsydig. Die implikasie is dat dié tiener wat berading nodig het, dit juis nie ontvang nie.

iii) *Opvoedkundige programme*

Opvoedkundige programme in Westerse lande word hoofsaaklik op die voorkoming van tienerswangerskappe toegespits en nie soseer op seksuele aktiwiteit nie. Tog bestaan daar 'n groot leemte in hierdie opsig. Navorsing toon aan dat die meeste tieners swak ingelig en verward is oor seks en oor hoe die liggaam funksioneer. Tot soveel as 50% swanger dogters het geglo dat hulle te jonk was om swanger te kan raak, of nie swanger kon raak omdat hulle nie getroud was nie, of bloot omdat hulle nie dikwels geslagsgemeenskap gehad het nie (O'Brien, 1982:41). Dryfoos (1985:13) meld dat die verskaffing van betroubare inligting "in a non-threatening way" beklemtoon moet word. Daar word selfs standpunt ingeneem teen sogenaamde moralisering wat vertolk word as vryheidsbeperking.

Wanneer daar geen sprake is van normerende begeleiding nie, kan hierdie programme slegs as inligtingsprogramme beskou word en nie as opvoedingsprogramme nie. O'Brien (1982:41) beklemtoon die noodsaaklikheid dat tieners nie alleen oor saaklike kennis moet beskik nie, maar insig moet hê in hulle waardes en norme. "Teens need the *words, actions* and *will* to say 'No'", en daarbenewens moet hulle 'n realistiese en verantwoordelike blik kry op die gevolge van hulle dade indien hulle "Ja" sou sê (O'Brien, 1982:41).

7.4.3 Homoseksualiteit

7.4.3.1 Inleidende opmerkings

'n Onderwerp waaroor daar vroeër selde in goeie geselskap

gepraat is, word vandag sonder skroom op die naam genoem. Homoseksualiteit het die belangstelling gaande gemaak as gevolg van die toename in geslagsiektes, besondere lewensgewoontes, gebruike, sosiale patrone en veral die wye publisiteit wat in populêre leesstof daaraan verleen word. Laerskoolkinders weet wat daarmee bedoel word en verskillende skelwoorde in die alledaagse omgangstaal het daarop betrekking. Dis gevolglik nie vreemd as kinders in die klassituasie na hierdie verskynsel verwys en daaroor uitvra nie.

7.4.3.2 Begripsbepaling

Duyves (1985:333) verwys na homoseksualiteit as 'n soort liggaamlikheid wat betekenis kry deur bepaalde handels- of leefwyses wat vir die homoseksuele persoon se bestaanswyse tiperend is. Vir Van Dyk (s.a.:1) is dit 'n erotiese aangetrokkenheid. 'n Meer omvattende beskrywing word deur Botha (1986:14) gegee. Hy wys op die seksuele gevoelens en aktiwiteite wat op mense van dieselfde geslag gerig word. So 'n gedragswyse vertoon 'n patroonmatigheid waardeur die persoon se optrede gekenmerk word. Hierdie gerigtheid is nie net liggaamlik van aard nie, maar dit word inhoudelik gevul en word gekenmerk deur toegeneentheid teenoor en liefde van kortere of langere duur teenoor 'n ander persoon. Die liggaamlike kom ter sprake in die sin dat die persoon die vermoë en begeerte het om deur liggaamlike kontak uiting aan gevoelens te gee (Botha, 1986:15). Hartin (1990:35) beskou homoseksualiteit as 'n bepaalde seksuele oriëntasie ten opsigte waarvan die persoon geen keuse kan uitoefen nie, maar wat hy as "a 'given' of one's nature" uitdruk.

7.4.3.3 Die bestaan van homoseksualiteit

Homoseksualiteit is geen nuwe verskynsel nie (Van Dyk, s.a.:3). Dit is 'n begrip wat in die Griekse beskawing al algemeen bekend was en as aktiwiteit 'n bloeitydperk beleef het (Theron, 1984:107). Ook in die Bybel word daar in beide die Ou en Nuwe Testament daarna verwys (vgl. Genesis 19:5-9; Levitikus 18:22-23; Rigters 19:22; 1 Korinthiërs 6:9-10 en 1 Timoteus 1:9-10). Die Bybel beskou homoseksualiteit as 'n sonde van losbandigheid (Van der Merwe, 1986:27). Gewoonlik is homoseksualiteit met die agteruitgang van 'n beskawing geassosieer. Homoseksualiteit is tradisioneel as 'n abnormale gedragswyse beskou, maar tans word die erkenning van homoseksualiteit as aanvaarde lewenswyse bepleit (Swanepoel-Reek, 1099:20). Daar word, onder andere,

aangevoer dat homoseksualiteit slegs met liggaamsfunksies te doen het, maar hierdie opvatting word deur Theron (1984:107) as verkeerd aangetoon, aangesien seksualiteit die mens as totale wese raak en ten nouste aan sy morele, etiese en godsdienstige kodes verbonde is. Die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging se besluit om homoseksualiteit as psigopatologiese versteuring te verwerp (Godow, 1982L424), het egter tot ernstige meningsverskil gelei (Theron, 1984:106).

7.4.3.4 Oorsake van homoseksualiteit

Oor die ontstaan en oorsake van homoseksualiteit bestaan daar geen afdoende antwoord nie (Van Dyk, s.a.:7). Verskillende teorieë wil homoseksualiteit aan voor- en nageboortelike faktore toeskryf (Eckert *et al,* 1986:424). Verklarings word op beide fisieke en psigiese terreine gesoek (Polednak, 1985:90). Soms word daar 'n verband gesoek tussen sekere vrees- of angstoestande, wat daarop dui dat homoseksualiteit moontlik aan psigiese faktore toegeskryf kan word (Patterson & Gorman, 1986:63). Ander bevindinge dui op 'n verwantskap tussen die ontwikkeling van homoseksualiteit en sosio-psigologiese faktore in die lewe van die opgroeiende kind (Botha, 1986:16).

7.4.3.5 Stellinginname

Wat die oorsake ook al mag wees, homoseksualiteit bly 'n ernstige probleem wat ernstige implikasies vir die betrokke persoon inhou, waarvan die volgende aangestip kan word:

* vrees vir ontdekking,
* verwerping deur die ouers,
* diskriminasie,
* verhoudingsprobleme,
* die lei van 'n dubbele lewe, en
* skuldgevoelens (Departement van Nasionale Gesondheid, 1987:25).

Om homoseksualiteit as 'n alternatiewe bestaanswyse van seksualiteit te beskou, is volgens die Heilige Skrif nie aanvaarbaar nie. Tog word daar gepoog om homoseksualiteit vanuit die Skrif te regverdig. Martin (1990:38) glo dat die skepping as gevolg van die sondeval verander het en dat homoseksualiteit een van die gevolge van die sondeval is. Die persoon met 'n homoseksuele oriëntering is, volgens Martin, nie self verantwoordelik vir sy toestand nie en

"bears no personal moral guilt for this condition". Martin (1990:33) beweer verder dat die Woord vaag is ten opsigte van die redes waarom homoseksualiteit nie aanvaarbaar is nie. In die lig van hierdie sogenaamde vaagheid is dit dan vir hom moreel en Skriftuurlik aanvaarbaar om deel te hê aan "a loving relationship that is striving for permanency" in die geval van 'n paartjie met 'n onomkeerbare homoseksuele oriëntasie. Uit die Woord blyk dit dat die eerste en oorspronklike vorm van medemenslikheid in die betrekking en verhouding tussen man en vrou lê. De Bruyn (1973:8) wys daarop dat die liefde van man en vrou in die huwelik hulle na mekaar toe trek en hulle in seksuele eenheid verenig. Daarvolgens is dit onmoontlik om mense van dieselfde geslag in so 'n beeld van die huwelik in te pas. Met die homoseksuele verhouding gaan dit om 'n begeerte van die mens om 'n verhouding tot stand te bring wat radikaal teen die wil van God is. Die Skrif verwys na homoseksualiteit en in die besonder na homoseksuele verkeer as 'n afstootlike, afskuwelike sonde en 'n gruwel (Botha, 1986:38).

Homoseksualiteit dui op gebrokenheid en 'n toestand waardeur die beeld van God nie in die mens teruggevind kan word nie. Tog bied die Skrif ook vir die homoseksueel 'n bevrydende boodskap. Daar word met Van Dyk (s.a.:12) saamgestem dat "In die Skrifgebonde feit van die redding en die verlossing van die mens lê nie alleen die opvoedbaarheid nie, maar ook die psigoterapeutiese verheffing en genesing van die mens". Die kind met sy behoefte aan oriëntasie en identifikasie moet gelei word om sy bestemming as mens op die Godgewilde wyse te bereik en daarom moet die visie van 'n heteroseksuele huweliksverhouding as skeppingsgegewenheid in die opvoeding aan hom voorgehou word.

7.4.4 Permissiwiteit

7.4.4.1 Inleidende opmerkings

Kinders word groot in 'n wêreld waar seks as't ware 'n verbruikersartikel geword het (Esterhuyse, 1980:32). Die implikasie hiervan is dat voor- en buitehuwelikse seks dikwels as allemansreg beskou word. Vir die kind is dit belangrik dat hy reeds op vroeë leeftyd 'n eie standpunt ten opsigte van seksuele aktiwiteit moet inneem (O'Brien, 1982:41). Dit wil voorkom of die streng behoudende, maar ook beperkende, Skriftuurlike norme ten opsigte van seks onder die Westerse bevolkingsgroepe hulle houvas op die tiener verloor het. Uit navorsing in die VSA blyk dat die

verandering in tieners se houding teenoor seks op verskeie terreine merkbaar geword het (Amod & Shmuler, 1985:23). 'n Toename in seksuele aktiwiteit word gerapporteer (Darling & Davidson, 1986:403), wat dui op groter vrymoedigheid en minder terughoudendheid; verder is opvallende verskille in die seksuele aktiwiteit tussen seuns en dogters in die ouderdomsgroep 13-15 jaar opgemerk, asook gedragspatrone by ander ouderdomsgroepe wat wissel van uiters konserwatief tot totale permissiwiteit.

Jongmense beskou seksualiteit in 'n ernstige lig. Daar heers oënskynlik groter openhartigheid en eerlikheid by hulle en die vraag ontstaan of dit nie 'n bydraende faktor is tot die toename in permissiewe gedrag nie. 'n Ondersoek deur Aldridge en Ronald (1985:139) toon dat jongmense hulle nie langer met die geldende reëls met betrekking tot geslagsomgang wil vereenselwig nie. Geslagsomgang voor huweliksluiting word toenemend aanvaarbaar, solank daar 'n vaste verhouding tussen die betrokkenes bestaan (Amod & Shmuhler, 1985:23). In dieselfde navorsing word daar egter ook aangedui dat die tradisionele opvatting dat die man groter seksuele vryheid as die vrou geniet, steeds geld.

7.4.4.2 Die tiener se seksuele gedrag

Seksuele aktiwiteit is 'n verskynsel wat as werklikheid aanvaar moet word. Ontkenning daarvan kom dikwels voor op grond van die mens se natuurlike skugterheid, maar dit kan lei tot onkunde onder tieners en latere onvermoë tot verantwoordelike optrede (O'Reilly, 1985:268). Sedert die sewentigerjare het daar 'n duidelike verandering in die seksuele gedrag van tieners ingetree. Om verskeie redes, waaronder groter beklemtoning deur die media en veiliger kontraseptiewe metodes, word tieners toenemend seksueel aktief (O'Reilly, 1985:262). Die werklike omvang van tieners se seksuele aktiwiteit is nie bekend nie, aangesien die probleem so sensitief van aard is dat navorsing moeilik uitvoerbaar is. Sommige studies rapporteer dat tot 85% van die tieners in die VSA seksueel aktief is (Aldridge & Ronald, 1985:138). Volgens Newcomb (1986:428) neem seksuele aktiwiteit onder tieners steeds toe.

Die besluit om seksueel aktief te raak, gaan dikwels gepaard met innerlike konflik vir die tiener. Seksuele aktiwiteit is dikwels in stryd met die tiener se norme- en waardestelsel. (Jorgensen & Sonstegard, 1984:52). Volgens hierdie navorsers probeer die tiener om sy seksuele aktiwiteit met sy

waardestelsel te versoen, maar dit word bemoeilik deur sy impulsiwiteit wat so kenmerkend is van die adolessente fase. Mitchell (1984:382) het bevind dat die ouer se lewens- en wêreldbeskouing 'n kleiner rol as die portuurgroep s'n speel in die tiener se uiteindelike keuse om seksueel aktief te raak, behalwe in die gevalle waar die adolessent se morele ontwikkeling al so ver gevorder het dat dit reeds sy beslag gekry het, en nie meer aan portuurinvloed onderhewig is nie. Geslagsomgang begin dikwels gedurende die hofmakery, ten spyte van die tradisionele en bestaande lewens- en wêreldbeskouing (Mostert, 1970:35). Met hierdie stelling word die aandag op die tiener se hofmakery geplaas.

7.4.4.3 Hofmakery ("dating")

Roscoe *et al.* (1988:35) beskou die tiener se hofmakery as 'n belangrike ontwikkelingstaak waardeur hy nuwe en meer volwasse verhoudings met portuurgenote aanknoop. Ter saaklike aspekte wat by hofmakery aan die orde kom, sluit selfbeeld, jaloesie en aanvaarding en verwerping in.

Newcomb (1986:428) onderskei tussen verskillende soorte seksuele gedrag, naamlik afsprake, soen, liefkoos, masturbasie, geslagsomgang en homoseksuele kontak. Kinders onder dertien jaar het dikwels al verhoudings waar hulle mekaar liefkoos (Darling & Davidson, 1986:405). Die term hofmakery dui op 'n handeling van iemand die hof te maak of ook vryery (Schoonees, 1983:400) en kan gevolglik nie as oorkoepelende term beskou word nie, aangesien dit nie noodwendig al die stappe insluit nie. Tieners verkies die term "uitgaan". Daarmee word al die stappe van hofmakery bedoel, ongeag die gevorderdheid van die verhouding. Die term kan egter nie letterlik opgeneem word nie, aangesien verskillende stadia van 'n verhouding daarmee aangedui word en nie noodwendig die letterlike betekenis daarvan nie. Vir die doel van hierdie studie sal die term uitgaansgedrag gebruik word as oorkoepelende begrip vir hofmakery en seksuele gedrag.

* *Die aard van uitgaan*

Die uitgaansproses kan as 'n belangrike fase in die adolessent se ontwikkeling beskou word. Die verlengde adolessensietydperk bring noodwendig 'n vervroegde en verlengde uitgaansperiode mee (McCabe, 1984:159).

Uitgaan dui op verskillende gedragswyses wat hiërargies in

verskillende trappe verdeel kan word (vgl. vorige par.). Navorsers stem oor die algemeen met mekaar saam wat die verskillende trappe van uitgaan betref, maar om die geleidelike oorskakeling van een trap na die volgende te begryp, verg verdere besinning (Smit *et al.*, 1985:1203). Die hofmaakproses as funksie van uitgaansgedrag sal altyd deur dieselfde stappe van ontwikkeling gaan, maar dit sal nie noodwendig al die stappe insluit nie. Die tiener moet self besluit tot watter stappe hy/sy hom/haar haar moet laat voer of beperk.

* *Die doel van uitgaan*

Uitgaan het in die lig van veranderde omstandighede nie slegs 'n voorbereiding tot die blywende verhouding gebly nie, maar dit het 'n doel op sigself geword. Weens die onwaarskynlikheid dat alle verhoudings op 'n huwelik sal uitloop en weens die lang adolessente fase, voldoen uitgaan aan 'n verskeidenheid behoeftes. McCabe (1984:159) onderskei tussen die volgende funksies van uitgaan:

ontspanning,
statusverwerwing,
sosialisering,
seksuele eksperimentering,
kameraderie met die teenoorgestelde geslag, en
huweliksmaatseleksie.

Trappe een tot drie van bogenoemde funksies word dikwels verkort om sodoende op 'n vroeër stadium "vas" te begin uitgaan. Vas uitgaan impliseer dat sekere seksuele vryhede veroorloof word. Smith *et al.* (1985:1203) wys in hierdie verband op die belangrikheid van hierdie eerste drie stadia wat betref die aard, omvang en duur daarvan. Die hoofdoel van die eerste drie stadia is volgens laasgenoemde ondersoek, tweeledig van aard; dit dien naamlik as integrale deel van hofmakery, maar dit dien ook as vertragingstegniek en vervanging vir geslagsomgang.

Die uitgaanproses het gedurende die twintigste eeu veranderinge ondergaan. Vervroegde adolessensie en 'n langer periode van finansiële afhanklikheid het die adolessent genoodsaak om sy uitgaanspatroon by die veranderde omstandighede aan te pas (McCabe, 1984:161-164). Die gevolg is dat daar 'n totaal nuwe subkultuur tot stand gekom het met 'n groter klem op seksuele vryheid. 'n Verdere betekenisvolle verandering in die uitgaanpatroon is die

rolgelykmaking en die aanvaarding van androgene geslagsrolle. Onder die nuwe omstandighede word die doel en aard van uitgaan deur verskeie faktore bepaal, waaronder die volgende drie beklemtoon word: die tiener se seksuele rypwording; sosiale invloede en die persoonlike betekenis wat uitgaan vir die tiener inhou (McCabe, 1984:165). Afhangende van die tiener se ingesteldheid, sal sy uitgaansgedrag daarvolgens verloop, wat inhou dat die klem òf op die seksuele, òf op die affektiewe, òf op die uiteindelike blywende verhouding sal val (McCabe, 1984:169). Ten spyte van die veranderende geslagsrol het Roscoe *et al.* (1988:42) bevind dat die klem in 'n verhouding tussen die twee geslagte verskil, met meisies wat op die emosionele aspek van die verhouding klem lê en mans wat hoofsaaklik op fisieke bevrediging ingestel is. Die veranderde uitganery het, onder andere, meegebring dat die gevoel en die geslagsdaad self van mekaar geskei word (Cobliner, 1988:102). Die implikasie daarvan is dat verhoudings nie meer aan hulle doel beantwoord nie. Die eietydse jongmens leef vir die oomblik en is ongeduldig. Groter seksuele vryheid het oënskynlik 'n minder bevredigende verhoudingslewe tot gevolg (Cobliner, 1988:111). Intussen hou die tiener ook rekening met die ouer se opinie omtrent sy uitganery. Leslie *et al.* (1986:57) rapporteer dat adolessente wie se ouers die verhouding goedgekeur het, se verhoudings meer stabiliteit getoon het as ouers wat gekant teen hulle kinders se verhoudings was.

* *Implikasies van die veranderde uitgaanspatroon*

Waar uitgaan 'n doel op sigself geword het en nie noodwendig as aanloop of oefenskool vir die permanente huweliks-verhouding dien nie, is 'n ander aspek van die veranderde patroon die groot toename in seksuele aktiwiteit onder tieners (Darling, 1986:403). Die verskillende fases van hofmakery begin vroeër in die kind se lewe, wat meebring dat intieme liefkosings dikwels op 16-jarige leeftyd algemeen voorkom (Darling, 1986:405). Ten spyte van die vervroegde voorkoms en die groter aanvaarbaarheid van seksuele aktiwiteit, word daar tog gerapporteer dat die meerderheid meisies wat reeds ervaring van geslagsomgang het, gevoelens van angs en skuld asook vrees vir swangerskap, ervaar. Ten spyte van die groter androgene rol is dit tog opvallend dat meisies nie afwyk van die tradisionele hunkering na emosionele binding in 'n verhouding nie (O'Reilly, 1985:263; Darling, 1986:405). Tieners toon steeds 'n groot behoefte aan liefde en wil ook liefde betoon. Dit blyk duidelik uit hulle voorkeur vir 'n vaste en blywende heteroseksuele

verhouding (O'Reilly, 1985:268) en die erns waarmee ontrouheid in 'n verhouding bejeën word (Roscoe *et al.*, 1988:42).

7.4.5 Seksueel oordraagbare en aansteeklike siektes

Daar kan verwag word dat hoe groter die seksuele aktiwiteit van tieners word, hoe groter die risiko is dat hulle een of ander geslagsiekte kan opdoen (O'Reilly, 1985:262). Adolessente het tans 'n groter verskeidenheid bedmaats as 'n dekade gelede (O'Reilly, 1985:262). Die tiener staan daarvoor bekend dat hy avontuurlustig en ondernemend is. Hy kan hom maklik in 'n risiko gelaaide situasie begewe, hetsy positief, byvoorbeeld deur sportprestasie, of negatief deur byvoorbeeld seksuele eksperimentering en dwelmgebruik (O'Reilly, 1985:267). Tieners is nie altyd bewus van die verreikende gevolge, soos byvoorbeeld swangerskappe of seksueel oordraagbare siektes, waartoe hulle seksuele aktiwiteit kan lei nie. Tieners besef ook nie die gevaar wat daar aan sulke siektes verbonde is nie (Senanayake, 1984:460) en daarom kan nie genoeg beklemtoon word dat die opvoeding aan hierdie aspekte van seksualiteit aandag moet gee nie (Albrecht & Ronald, 11986:57). Seksueel oordraagbare siektes was tot onlangs 'n verswygde onderwerp (McKay, 1983:37), maar weens die wye mediadekking oor die gevreesde VIGS-siekte (Jefferies, 1988:ix) het daar 'n soort massa-histerie ontstaan. Waar VIGS 'n dekade gelede haas onbekend was, word daar nou sowat 2 500 gevalle per maand gediagnoseer sonder dat enige teenmiddel of herstelmetode bekend is (Hancock & Carim, 1986:17). Jefferies (1988:23) skat dat daar reeds meer as twee miljoen draers van die VIGS-virus is.

Die seksueel aktiewe tiener loop die gevaar om 'n wye verskeidenheid seksueel aansteeklike siektes op te doen en hy/sy kan selfs deur meer as een siekte per keer aangesteek word. Die probleem word vererger omdat tieners uit ongeloof en vrees vir openbaarmaking huiwerig is om mediese behandeling te ondergaan. McKay (1983:37) rapporteer dat tienermeisies 'n doodse vrees vir 'n bekkenondersoek openbaar. Behandeling moet liefs deur 'n persoon van dieselfde geslag gedoen word. Sonder die sekerheid dat geheimhouding gewaarborg word, is enige behandeling egter tot mislukking gedoem (Senanayake, 1984:460).

Realisme laat die besef ontstaan dat seksuele aktiwiteit en seksueel oordraagbare siektes verskynsels is wat nie weggewens kan word nie (De Gruttola, 1986:300; Jefferies,

1988:77). In die lig hiervan moet daar aanvaar word dat daar kinders op die skoolbanke sit wat seksueel aktief is en dat hulle besondere opvoedingsbehoeftes het.

7.4.6 Voorbehoedmiddels

Die toename in kennis oor die mens se seksualiteit, veral met betrekking tot die fisieke aspek daarvan, het meegebring dat die mens 'n groter beheer oor sy fertiliteit het. Vernon (1982:32) beskou voorbehoedmiddels as een van die belangrikste faktore waardeur die samelewing beïnvloed word, sodat hy tereg sê: "Children are more likely to be the product of parental choice, not chance". Voorbehoedmiddels is bekend en maklik bekombaar en vir die publiek selfs by gesondheidsklinieke beskikbaar. Tieners, met hulle natuurlike nuuskierigheid, sal gevolglik meer oor die onderwerp wil weet. Daar bestaan egter 'n groot mate van onkunde onder tieners (O'Brien, 1982:41; Jefferies, 1982:78). Horn (1987:596) rapporteer dat die onkunde grootliks te wyte is aan swak kommunikasie tussen ouers en kinders oor seksuele sake. Inligting oor seks, swangerskap en veral voorbehoedmiddels word hoofsaaklik van ouer sussies en vriendinne bekom (Horn, 1987:596).

Voorbehoedmiddels word in baie lande om verskeie redes kosteloos beskikbaar gestel, onder andere om bevolkingsgroei te kontroleer en om die gebruiker teen seksueel oordraagbare siektes te vrywaar (Jefferies, 1988:22). Die gebruik van die pil het byvoorbeeld aansienlik toegeneem onder meisies in die ouderdomsgroep 15-19 jaar (Russell-Briefel *et al.*, 1985:11174). Die implikasies van pilgebruik, veral deur jong meisies, is nog lank nie bekend nie. Onsekerheid oor die moontlike gevolge van pilgebruik het gelei tot 'n afname in die gebruik daarvan, maar sedert 1982 was daar in die VSA weer 'n geleidelike toename onder alle ouderdomsgroepe. Neweeffekte van onaangename aard, soos gewigstoename, kardiovaskulêre en galblaasprobleme is al gemeld (Forrest, 1985:1132). Daarteenoor is die tydelike verminderde pilgebruik direk in verband gebring met die toename in aborsies gedurende die middel sewentiger jare. Daar heers nog steeds onsekerheid oor die moontlike gevare/nadele van pilgebruik, veral vir tienerdogters.

Aborsies kan nie as ware voorbehoedmiddel beskou word nie, aangesien dit nie die voorkoming van 'n swangerskap behels nie, maar die beëindiging daarvan. Tog word dit in sommige lande vir die doel van geboortebeperking gebruik; trouens,

aborsie is 'n praktyk wat so oud soos die mensdom self is (Ferreira, 1985:15). Ten spyte van die regs-etiese implikasies is dit haas ondenkbaar dat aborsies as uitvoerbare voorbehoedmiddel beskou kan word (Ferreira, 1985:20).

Ten spyte van die aanmoediging en reklame ten gunste van die gebruik van voorbehoedmiddels, is daar talle tieners wat seksueel aktief is, maar wat hoegenaamd geen gebruik maak van voorbehoedmiddels nie. Dit geskied uit vrees vir openbaar-making van hulle gedrag, vir toekoms-verantwoordelikheid, vir verwerping, vir newe-effekte, asook uit impulsiwiteit en onbeplande verhoudingsontwikkeling (Senanayake, 1984:459). Tieners skyn baie sensitief te wees met betrekking tot voorbehoedmiddels. Voorskriftelikheid en prekery tydens voorligting insake kontraseptiewe gebruike loop uit op teësin, terwyl simpatieke begeleiding meehelp tot verantwoordelike pilgebruik (Bevker, 1985:37). Wanneer die ouers nie gekant is teen adolessente se seksuele aktiwiteit nie, is die tieners meer geneig om voorbehoedmiddels te gebruik (Baker *et al.*, 1988:279).

Die gebruik van voorbehoedmiddels is altyd 'n spanning- en skuldskeppende besluit wat nie ligtelik geneem word nie (Baker *et al.*, 1988:280). Dis opvallend dat die literatuur so swygsaam is oor die normatiewe aspek van voorbehoedmiddels en meer nog, die prinsipiële beskouing daaroor.

7.4.7 Abnormale seksuele gedrag

7.4.7.1 Algemeen

Waar alle aspekte van seksualiteit normaalweg in 'n kleed van misterie gehul is, geld dit nog meer vir dié aspekte wat op abnormale seksuele gedrag dui. Fehrenbach (1986:225) wys in dié verband op die skaarste aan empiriese inligting wat daar in die literatuur bestaan word. In die kategorie van abnormale seksuele gedrag is aspekte soos verkragting, bloedskande, homoseksualiteit, voyeurisme en dergelike ter sprake. Vanweë die ernstige fisieke en geestelike letsels wat kinders kan oorhou as hulle sulke ervarings sou opdoen, is dit noodsaaklik dat hulle tydens die opvoedingsprogramme weerbaar gemaak word.

7.4.7.2 Verkragting

Verkragting beteken dat 'n man 'n meisie òf 'n seun, òf 'n

vrou dwing om teen hulle sin seksomgang met hom te hê (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:32). Hierdie term word vanweë die misdaadskonnotasie daaraan dikwels in die media gebruik en sodoende raak kinders reeds op vroeë leeftyd met die woord vertroud. Adolessente kan hulle ook aan hierdie misdaad skuldig maak. Daar is vasgestel dat 'n derde van alle seksuele oortredings wat deur adolessente in die VSA gepleeg word, verkragtings is (Fehrenbach, 1986:225).

Verkragting is 'n komplekse saak (Verwey, 1986:215) wat blyk uit die veelvuldige oorsake wat aanleiding tot die daad kan gee. In 'n ontleding van die psigodinamika van verskeie tipes verkragters het Verwey en Louw (1989:221) die volgende genoem:

* verkragting as 'n verdediging teen seksuele ontoereikendheid,
* verkragting as 'n verdediging teen afhanklikheidsbehoeftes
* verkragting as 'n verplasing van vyandigheid na die slagoffer,
* verkragting as 'n verdediging teen homoseksuele begeertes,
* verkragting as simptoom van die madonna- prostituutkompleks.

Vrees vir verkragting word algemeen deur vroue ervaar (Warr, s.a. 243). Hierdie skrywer skryf die toename van die probleem toe aan die seksuele veranderings in die samelewing. Verkragting bly steeds 'n ernstige oortreding wat persoonlike, wetlike en sosiale gevolge vir beide die aanvaller en die slagoffer kan hê (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:32).

Kinders behoort in die lig van die hoë voorkoms van seksuele aanrandings reeds op vroeë ouderdom ingelig en gewaarsku te word (Fehrenbach, 1986:231). Hierdeur word die aandag gevolglik ook op ander soorte seksuele vergrype gevestig.

7.4.7.3 Kindermolestering en ander soorte seksuele misbruik

'n Omvattende omskrywing van kindermolestering word deur Kempe (1978:19) gegee: " Sexual abuse is defined as the involvement of dependent developmentally immature children and adolescents in sexual activities that they do not fully comprehend, to which they are unable to give informed

consent, or that violate the social taboos of family roles". Die probleem rakende kindermolestering het meer as ooit tevore die belangstelling en toorn van die breë publiek gaande gemaak (Baartman, 1988:317). Seksuele misbruike kan wissel van betasting tot die geslagsdaad self. Onder hierdie kategorie ressorteer ook bloedskande wat dui op seksomgang tussen bloedverwante (Schoonees, 1983:99).

Die gevaar van kindermolestering lê juis daarin dat dit dikwels begin met 'n vriendskaplike interaksie met die kind. Die vriendskapsverhouding kan later ontaard in fisieke geweld en geestelike afpersing (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:28). Seksuele misbruik en kindermolestering kan ernstige fisieke beserings en selfs swangerskap tot gevolg hê. Daarbenewens kan die misbruikte persoon self later oorgaan tot seksueel abnormale gedrag (Verwey & Louw, 1989:37).

Die probleem van seksuele molestering word verder gekompliseer deur gedwonge geheimhouding. Kinders word tot geheimhouding gedwing deur afpersing en bedreiging wat kan veroorsaak dat hulle later probleme ondervind met hulle eie sosialisering, weens 'n onvermoë tot vertroue. Die kinders word self die slagoffers van skuldgevoelens. Hulle voel dat hulle hulle vaders of familie verraai deur die bloedskande of aanranding te openbaar en later voel hulle skuldig as die ouers se huwelik moontlik verbrokkel (Browne & Finkelhor, 1986:71). Kinders loop soms jare lank met hulle probleem wat hulle verswyg en daarom is die verligting ook des te groter wanneer die probleem uiteindelik aan die lig kan kom (Fine, 1983:31).

Dis verontrustend dat die meeste slagoffers van kindermolestering jonger is as 12 jaar; 'n kwart is selfs jonger as 9 jaar. 'n Bloedskandelike verhouding kan tot 'n leeftyd lank geheim gehou word en selfs in die geval van baie jong kinders kan so 'n verhouding tot drie jaar duur voordat daar onraad bemerk word. Slagoffers kry dikwels self seksuele genot uit die molestering. Hierdie ervaarde genot kan later tot erge skuldgevoelens lei (Ketterman, 1984:119). Sulke kinders verlaat die huis dikwels op baie jeugdige ouderdom. Alhoewel daar relatief weinig navorsingsresultate in hierdie verband bestaan, is daar tog vasgestel dat slegs 'n baie klein persentasie slagoffers geen blywende letsels oorhou nie, hetsy fisiek of psigies (Fine, 1983:31). Seksuele misbruik kom baie meer voor as wat daar oënskynlik vermoed word. In die VSA word die voorkoms op 100 000

gevalle per jaar gestel (Fine, 1983:32). Die probleem word bemoeilik deurdat daar geen sindroom bestaan wat kenmerkend is van die molesteerder nie (Baartman, 1988:321). Professionele ervaring van die navorser is dat daar veelvuldige gevalle is wat nooit aan die lig gekom het nie, of tot 12 jaar lank verswyg is.

Daar word saamgestem met Ketterman (1984:119) dat bloedskande of 'n ander vorm van seksuele molestering die kind en die gesin ernstig kan benadeel. Voorkoming kan plaasvind deur gesonder seksuele houdings en die aankweek van 'n sin vir verantwoordelikheid (Ketterman, 1984:119). Dis vanselfsprekend dat die kind wat goed ingelig is en toegerus is met die nodige wapenrusting hierdie probleem beter die hoof sal kan bied.

7.4.7.4 Anorexia nervosa *(dieetsiekte)*

Die eietydse beeld van seksuele volmaaktheid is 'n beeld van slankheid en maer te wees. Anorexia nervosa word as 'n psigiese afwyking beskou wat sy oorsake vind in ontoereikende seksuele identifisering. Oorbeklemtoning van fisieke eienskappe tydens puberteit, wat vererger word deur groepsdruk, gee aanleiding tot die siekte. Dikwels word onrealistiese verwagtinge geskep en soms is daar ook ander faktore wat 'n rol speel, byvoorbeeld gesinsfaktore. Anorexia nervosa is 'n siekte van komplekse aard wat ook al beskryf is as die ontkenning van vroulikheid (Romeo, 1984:554).

Anorexia nervosa bring gewoonlik 'n toestand van amenorrhea mee, wat beteken dat die menstruele siklus ophou. Daardeur word daar 'n ambivalensie geskep deurdat seksuele volwassewording en die daarmee gepaardgaande toename in verantwoordelikheid afgewys word, (Braine, 1984:44).

7.4.7.5 Abnormaliteie van 'n mediese aard

Seksueel aktiewe kinders loop die gevaar om 'n groot aantal siektes op te doen, waarvan seksueel aansteeklike siektes nie die enigstes is nie. Onder hierdie siektes kan urethritis, cervisitis en chlamydia genoem word. Die verloop van hierdie siektes word beïnvloed deur die tipiese biologiese prosesse wat hulle tydens adolessensie voltrek. Sommige siektes het implikasies van blywende aard , byvoorbeeld: onvrugbaarheid, terwyl ander siektes volkome geneesbaar is. Sommige aandoenings van die serviks kan in verband gebring word met

hormonale reaksies op grond van die biologiese ontwikkeling wat plaasvind, maar ook as gevolg van hormoonwanbalanse wat ontstaan as gevolg van die gebruik van sekere kontraseptiewe middele (McGregor, 1985:288). Inflammasie van die pelvis kan 'n vrou se vrugbaarheidsvermoë nadelig beïnvloed. In al hierdie aandoeninge word seksuele aktiwiteit as die grootste risiko-faktor beskou (Washington *et al.*, 1985:298). Alhoewel seksueel oordraagbare siektes dodelik kan wees, sal seksuele aktiwiteit nie verdwyn nie (De Gruttola *et al.*, 1986:300). In die lig hiervan word veiliger seksuele maatreëls aan die hand gedoen en word kuisheid as 'n onhaalbare ideaal voorgestel. So 'n stelling wek kommer aangesien kuisheid die enigste aanvaarbare norm vir die Christenopvoeder is.

7.4.7.6 Prostitusie

Net soos seksuele aktiwiteit sedert die sewentigerjare geweldig onder tieners toegeneem het, is dit ook die geval met jeugprostitusie. Die vraag ontstaan wat die faktore kan wees wat aanleiding daartoe gee.

'n Belangrike faktor wat deur Schaffer en De Blassie (1984:689) aangetoon word, is ouerlike onttrekking en onbetrokkenheid, waardeur 'n groter afhanklikheid van die portuurgroep geskep word. Prostitute is eensaam, voel verstote en het 'n swak selfbeeld. Volgens die genoemde skrywers word ontoereikende geslagsopvoeding aangevoer as oorsaak vir 'n swak begrip van liggaamsfunksies wat dan weer aanleiding gee tot 'n swak selfbeeld (Schaffer & De Blassie, 1984:690).

Materiële druk, egskeidings en ander gesinsfaktore skep almal 'n behoefte aan sukses, mag en belangrikheid waaraan daar op negatiewe wyse in die vorm van prostitusie bevrediging geskenk word (Schaffer & De Blassie, 1984:692).

7.4.7.7 Popmusiek

Alhoewel dit vreemd mag voorkom om na popmusiek as 'n moontlike oorsaak van abnormale seksuele gedrag te verwys, kan hierdie aspek tog nie oor die hoof gesien word nie. Schulze (1989:19) verwys na Plato wat reeds besef het dat sekere musikale toonaarde tot losbandigheid kan lei. Pop-musiek het ontstaan in 'n klimaat van rebellie teen die bestaande orde (Schulze, 1989:21); " dis musiek wat kom uit die rebelse jeug" (1989:29) en word gekenmerk deur oormatige aksentuering van die maatslag (1989:29). Volgens Frank

Garlock (Schulze, 1989:30) word die invloed van popmusiek soos volg getipeer: "Rock music promotes neurotic behaviour, revolution, teen wars, sex orgies and riots" en verder: "it is little wonder kids scream, faint, and go into convulsions". Popmusiek word verder gekenmerk deur sy eie taal wat wemel van seksuele eufemismes (Schulze, 1989:15). Die invloed van popmusiek spreek duidelik uit die toename in buite-egtelike geboortes. Van der Walt (s.a. 10) rapporteer 'n toename van 57% in buite-egtelike geboortes, die helfte van die moeders onder 20 jaar, in die tien jaar 1952 -1962, dit wil sê, in die tyd toe ruk-en-rolmusiek wat die voorloper is tot die hedendaagse popmusiek, hoogty gevier het.

Schulze (1989:11) troos hom daarmee dat die luister na popmusiek gewoonlik 'n stadium in die ontwikkeling van die jongmens is wat verby gaan, maar dit geld nie vir almal nie. Samewerking tussen ouers, onderwysers en predikant op 'n sinvolle en beplande wyse is volgens Schulze (1989:11) die enigste wyse om die probleem die hoof te bied.

7.5 Gevolgtrekking

Die kind se geslagtelike ontwikkeling kan deur verskeie interne en eksterne faktore beïnvloed word. In geslagsopvoeding moet daar gevolglik rekening gehou word met die kind se verskillende opvoedingsbehoeftes wat verband hou met die onderskeie aspekte van sy ontwikkeling wat verband hou met sy geslagtelikheid. Vanuit Bybelse perspektief kan hierdie opvoedingsbehoeftes kortliks soos volg saamgevat word (vgl. Spreuke 3:1-10 en 1 Konings 3:5-15 in hierdie verband):

* Die behoefte aan 'n lang lewe

Die ontwikkeling van die fisies-liggaamlike en biotiese liggaamstruktuur is in par. 7.2.2 aan die orde gestel. Wanneer die kind se seksuele ontwikkeling of gedrag op negatiewe wyse plaasvind, kan dit ernstige gevare vir sy gesondheid inhou, deur byvoorbeeld die gevolge van 'n ongewenste swangerskap (vgl. par. 7.4.2.4) of seksueel oordraagbare siekte (vgl. par. 7.4.7.5).

* Die behoefte aan stoflike middele

In geslagsopvoeding moet die kind se gesindheid teenoor seksualiteit gerig word, sodat hy seksualiteit nie as 'n verbruikersmiddel sal beskou of as 'n manipulasiemiddel om

eie selfsugtige drange te bevredig nie. Die finansiële implikasies van verkeerde of onaanvaarbare seksuele gedrag moet onder die kind se aandag gebring word, sodat hy ten alle tye op eerbare en verantwoordelike wyse sal optree.

* Die behoefte aan aanvaarding

Die kind moet leer dat gewildheid nie deur seksuele losbandigheid verwerf kan word nie. 'n Kuise lewenswyse daarenteen is die enigste weg tot 'n gelukkige huweliks- en gesinslewe.

* Die behoefte aan insig

Die Bybel leer dat die mens nie op sy eie insig moet vertrou nie, maar God in alles moet ken. Die Bybelse riglyne vir seksualiteit moet gevolglik aan die kind geleer word, sodat die kind nie oorgegee word aan skandelike gedrag nie (vgl. Rom.1:24 e.v. in hierdie verband).

Skematies kan bogenoemde behoeftes soos volg voorgestel word:

Gesondheid	Geld
Guns	Genade

7.6 Samevatting

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat die kind se geslagsopvoeding deur 'n groot aantal faktore beïnvloed kan word, beide ekstern en intern. Daar bestaan beduidende individuele verskille ten opsigte van die kind se fisieke, psigiese en normatiewe strukture. Geslagsopvoeding sal noodwendig met al hierdie faktore rekening moet hou.

Uit die ontwikkeling van die kind se konatiewe lewe blyk dit dat geslagsopvoeding rekening moet hou met die kind se ontwikkelingstaak ten opsigte van sedelike besluitneming. Hierdie besluitneming word nie alleen deur die reeds genoemde interne faktore beïnvloed nie, maar ook deur 'n verskeidenheid eksterne faktore, waaronder gesinsfaktore en portuurinvloed sterk in die kollig geplaas is. Daar is ook aangetoon dat geslagtelike ontwikkeling en -opvoeding wat skeef loop, tot 'n versteurde geslagslewe kan lei, wat op verskeie maniere kenbaar kan word. Alles dui daarop dat die

kind 'n behoefte het aan inligting, leiding en hulp ten opsigte van alle aspekte van seksualiteit, hetsy van positiewe of negatiewe aard.

Om die kind toe te rus om sy seksualiteit op 'n positiewe wyse te verwerk, is dit nodig om sy behoeftes te identifiseer en te interpreteer. Eietydse probleme, waaronder permissiwiteit en dodelike geslagsiektes stel nuwe eise aan geslagsopvoeding. Die Heilige Skrif is duidelik en skroom nie om te waarsku teen die verwoestende krag wat die seksuele drang kan hê nie (Breed, 1986:21). Geslagsopvoeding vra dat daar met deernis en bewoënheid vir die kinders in voorbidding opgetree word (Coetzee, 1987:35).

Vanweë die komplekse aard van geslagtelikheid en 'n aantal faktore wat oënskynlik daartoe gelei het dat geslagtelikheid 'n nuwe betekenis gekry het, sal die volgende hoofstuk gewy word aan 'n ondersoek na die geslagsrol en die moontlike veranderinge wat daar ten opsigte van die geslagsrol plaasgevind het.

8. DIE GESLAGSROL

8.1. Inleiding

Die tweede helfte van die twintigste eeu word gekenmerk deur dramatiese vooruitgang op wetenskaplike gebied in 'n veranderende samelewing (Garbers, 1972:13; Lubbe, 1985:30; Van Wyk, 1988:5). Die kinders van hierdie tydvak moet hulle aanpas by veranderinge wat dikwels nog nie deur hulle ouers begryp en verwerk is nie. Hulle vorm as't ware 'n tussengeslag tussen die vorige en die volgende geslag wat in teenstelling met vorige geslagte, hemelsbreed van mekaar verskil, veral ten opsigte van hulle persepsie en houding teenoor geslagtelikheid (Venter, 1988). Die eietydse gesin, waar beide ouers buitenshuis werk, kan beskou word as die eerste geslag van 'n totaal nuwe bedeling waar nuwe en hoë eise aan die gesinslewe gestel word (Bartolome, 1988:11; Walkling & Brannigan, 1986:17). Die nuwe aanpassings veroorsaak dikwels onsekerheid, veral ten opsigte van die definiëring van die geslagsrol. In hierdie opsig kan die skool 'n bydrae lewer deur 'n objektiewe beskouing van die probleem te gee, waarna hy op eerlike wyse 'n leidende funksie kan vervul ten opsigte van die kind se geslagsrol-identifikasie (Winters, 1984:411). Die problematiek rondom die geslagsrol sal vervolgens in meer besonderhede bespreek word.

8.2 Die ontstaan en aard van die geslagsrol

Sedert die baba se geboorte word hy aan die verskillende betekenisse van geslagtelikheid blootgestel. Die moeder se aanvanklike versorging stel hom bekend aan haar vroulikheid. Die vader se aandeel in die aanvanklike opvoeding is gewoonlik van 'n ander en meer onbetrokke aard (Levine, 1982:47). Met verloop van tyd word die verwysingsraamwerk ten opsigte van "man" en "vrou" meer uitgebreid. Hierdie kognitiewe struktuur is nie vir alle kinders dieselfde nie, maar kan verskil wat betref intensiteit, spesifieke kenmerke en betekenis (Larsen & Seidman, 1986:205).

Geslagsrolontwikkeling is kompleks van aard. Seuns sal byvoorbeeld hulle vaders naboots, alhoewel hulle meer kontak met hulle moeders mag hê en ook baie lief is vir hulle. Dogters sal op hulle beurt weer die moeder naboots. Beide seuns en dogters is baie gesteld op hulle geslagtelike identifisering en sal hulle misnoeë duidelik laat blyk as hulle per abuis vir die verkeerde geslag aangesien sou word

(Krieger, 1969: 12).

Die twintigste eeu het heelwat sienswyses rondom geslagsrolontwikkeling na vore gebring. So word die Freudiaanse denke byvoorbeeld weerspieël in die benadrukking van angs as 'n beslissende faktor in die uiteindelike verwerwing van geslagsrolidentiteit. Volgens die sosiale leerteorie word gehegtheid tussen ouer en kind as 'n soort beloning beskou wat uiteindelik sy beslag vind in die identifikasie met daardie ouer (Juni *et al.*, 1985:90).

Wanneer verskillende teorieë nagegaan word, blyk dit dat daar verskil bestaan tussen die geslagsrolontwikkeling van seuns en dogters. Dit wil voorkom of die identifikasie van dogters met hulle moeders sterker is as diè van seuns met hulle vaders. Chodorow (Juni *et al.*, 1985:96) skryf dit toe aan die moeder se sentrale plek in beide geslagte jong kinders se opvoeding (vgl. ook Levine, 1982:47). In die geval waar ouers egter hulle eie onderskeie geslagsrolle nie duidelik modelleer nie, ontstaan daar verwarring in die kinders se geslagsrolontwikkeling. Nicholas en McGinley (1985:143) het verras met hulle bevinding dat kinders beduidend sterker met die manlike figuur identifiseer. Hulle skryf dit toe aan die gemeenskap se beskouing dat mans sterker, magtiger en meer bekwaam is as vroue. Die verskynsel is alreeds by baie jong kinders van ongeveer drie tot vierjarige ouderdom opgemerk (Nicholas & McGinley, 1985:144). Die geslagsrol is oënskynlik ten nouste verwant aan die onderskeie geslagte se status en kenmerkende eienskappe.

8.3 Die veranderende geslagsrol

8.3.1 Algemeen

Geslagte lank is die tradisionele geslagsrol, met sy duidelik afgebakende grense, as die aanvaarbare norm beskou (Tavecchio, 1984:231; Darling, 1986:125). Op grond van ontwikkeling op verskeie gebiede, emansipasie en normverskuiwings tydens die twintigste eeu, het daar heelwat verwarring ten opsigte van die geslagsrol ontstaan, wat dit vir die eietydse jeug moeilik maak om hulle met aanvaarbare norme te identifiseer (Bongers & De Klerk, 1980: 62). Die vraag ontstaan of die kind nog in staat sal wees om tussen ware manlikheid en vroulikheid te kan onderskei (Bongers & De

Klerk, 1980:63). Heslinga (1978:37) wys in hierdie verband op die noodsaaklikheid aan insig om tussen die eertydse en hedendaagse norme vir die geslagsrol te kan onderskei om sodoende in die kind se behoefte aan die verwerwing van geslagsrolidentiteit te kan voldoen. Daar sal vervolgens kortliks by die tradisionele en die veranderde geslagsrol stilgestaan word.

8.3.2 Die tradisionele geslagsrol

8.3.2.1 Inleidend

Tot met die aanvang van die twintigste eeu is die onderskeie geslagsrolle gekenmerk deur 'n haas onveranderlike karakter. Manlike en vroulike geslagsrolle is getipeer deur bepaalde inhoude en gedragswyses wat streng eerbiedig is. Oorskryding van grense is nie geduld nie en die onderskeie geslagsrolle was duidelik afgebaken en omlyn. Duidelike verskille het hulle veral op die gebied van die persoon se status laat geld.

8.3.2.2 Status en die geslagsrol

Die tradisionele geslagsrol word gekenmerk deur 'n merkbare verskil in status tussen die twee geslagte, veral op sosiale gebied. Tavecchio (1984:231) verduidelik dat die man tradisioneel as die besluitnemer getipeer is en wat sy mag op elke gebied laat geld het. Die vrou het haar man in onderdanigheid gedien en gehoorsaam en haar funksie het byna uitsluitlik berus by die versorging van haar gesin, 'n taak wat deur die man as benede sy status geag is. Darling en Davidson (1986:125) verwys na die tydperk van die Griekse wysgere toe die man as die vrou se meerdere op elke gebied beskou is, alhoewel die bestaan van bepaalde gawes by die vrou wel erken is. Uitsonderlik begaafde vroue kon volgens Plato wel uitsoek onderwys ontvang, maar met dié voorbehoud dat sy dan nie in die huwelik sou tree nie. Verder toon Darling en Davidson aan dat daar geglo is dat sulke uitgesoekte vroue geslagsomgang met enkele uitgesoekte mans kon hê. Die man was onder alle omstandighede die finale besluitnemer.

Albert en Porter (1986:48) meld dat die Suid-Afrikaanse samelewing nog in groot mate die tradisionele geslagsrol vertolk. Ten spyte van beperkte navorsing in hierdie verband meld hierdie skrywers dat kleuters verbasend genoeg alreeds duidelik laat blyk dat die manlike rol vereenselwig word met

intellektuele vermoëns, leierseienskappe, sportbewustheid, onafhanklikheid, vreesloosheid, spoed, krag, handigheid, finansiële onafhanklikheid, lugvaart en geneeskunde (Albert & Porter, 1986:53). Tog blyk dit dat dogtertjies intellektuele vermoëns, leierskap, onafhanklikheid en vreesloosheid nie as uitsluitlik manlike eienskappe beskou nie. Verder is daar opgemerk dat kinders met 'n Christelike agtergrond se geslagsrolontwikkeling volgens die tradisionele opvatting geskied. Duvenage (1988:3) stel dit onomwonde dat die norm vir rolvervulling in die idee van roeping lê. Daarvolgens lê die vrou se prioriteit by haar gesin waar sy 'n versorgende en opvoedende funksie moet vervul.

Die tradisionele geslagsrol kan egter nie met die Bybelse norm versoen word nie. Deur die geskiedenis is die vrou verlaag tot blote seksobjek wat die man moes behaag en hom genot verskaf. Soms is sy verhef tot 'n heilige en ander kere is sy vervolg as 'n heks. Meesal is sy beperk tot die huis as babaproduseerder, kok en huishoudster (Van der Walt, 1987:35). Slegs die bestudering van die Bybel kan die mens verlos van die eeue-oue, diepgewortelde vooroordele en stereotipes, sodat beide man en vrou daarvan verlos kan word (Van der Walt, 1987:36).

8.3.2.3 Diskriminasie en die geslagsrol

Diskriminasie dui op onderskeid by behandeling, veral waar dit 'n onbillike onderskeid betref (Schoonees & Swanepoel, 1970:121). Diskriminasie tussen die twee geslagte word op vele terreine en op baie wyses ervaar, byvoorbeeld deur op- en aanmerkings in die daaglikse omgangstaal, klein gebaartjies tot selfs verkragting. Op die werksterrein word vroue se seksualiteit dikwels uitgebuit. Bevorderings-geleenthede is skaarser vir vroue en mans verdien deurgaans hoër salarisse (Ervin & Thomas, 1984:1022).

Diskriminasie is volgens Hemming (1985:70) die gevolg van tradisionele oorheersing, beroepstatus en die manlike geslag se blote groter fisieke krag. Laasgenoemde skrywer beweer dat die vrou 'n drieledige rol het, naamlik die van moeder, verleidster en versorger en dat haar behandeling daarvolgens bepaal word. Ervin en Thomas (1984:1022) bevestig hierdie opvatting; hulle het naamlik vasgestel dat diskriminasie selfs op tersiêre vlak plaasvind, deurdat mans die grootste deel van navorsingswerk doen, terwyl vroue hulle hoofsaaklik besig hou met onderrig.

Die bestaan van dubbele standaarde waardeur mans en vroue nie oor dieselfde kam geskeer word nie, veroorsaak volgens Hemming (1985:74) dat die reeds gefrustreerde vrou verder die prooi word van angs, skuldgevoelens, eensaamheid, haat, afguns en verwarring. Wanneer al hierdie toestande met die tradisionele geslagsrol vereenselwig word, kan daar begryp word dat daar in 'n snel veranderende wêreld ook op die gebied van die geslagsrol verandering moes intree. In geslagsopvoeding moet daar kennis geneem word van hierdie veranderinge sodat die kind gelei kan word tot 'n aanvaarbare geslagsrolontwikkeling.

8.3.3 Die veranderde geslagsrol

8.3.3.1 Inleidend

Die twintigste eeu word gekenmerk deur ingrypende verandering en vooruitgang op talle gebiede. Naas die gebied van wetenskap en tegnologie staan die geslagsrol ook in die teken van verandering. Vrouebevrydingsbewegings het luidkeels hulle nuwe eise bekend gemaak (Walkling & Brannigan, 1986:17). Daarvolgens moet kinders voorberei word vir die realiteite van die dag waar seksuele diskriminasie nie langer geduld kan word nie. Vroue moet hulle situasie heroorweeg ten opsigte van prioriteite en lewensvervulling. Hierdie opgawe word bevestig deur Venter (1988) vir wie dit belangrik is dat die nodige gemoedsrus vir beide geslagte geskep moet word te midde van al die veranderings.

Die geslagsrolverandering word hoofsaaklik op die terrein van die beroepswêreld, die huwelik en ouerskap waargeneem en dit wil voorkom of dit gepaard gaan met 'n normverskuiwing in die rigting van groter liberale denke (Hertsgaard & Light, 1984:847). Dit blyk uit die nuwe geslag adolessente se houding ten opsigte van egskeiding en die tipiese huisvrourol wat vir hulle slegs aanvaarbaar is in gevalle waar die vrou nie in die arbeidsmark geholpe kan raak nie.

8.3.3.2 Oorsake vir geslagsrolverandering

Die veranderende geslagsrol hou verband met die vooruitgang op wetenskaplike en tegnologiese gebied soos uit die volgende faktore sal blyk.

* *Vooruitgang op mediese gebied*

Die toename in kennis in sake die voortplantingsleer het

meegebring dat die mens 'n groter beheer oor sy eie fertiliteit gekry het, wat verder meegebring het dat die vrou 'n groter mate van vryheid ten opsigte van haar voortplantingstaak verkry het. Sy kan nou self besluit of sy kinders wil hê of nie en hoe haar gesin beplan moet word (Winch, 1985:92).

* *Industrialisasie en ekonomiese faktore*

'n Ontwikkelde samelewing toon altyd 'n behoefte aan opgeleide kundiges. Die vrou se betekenis vir die ekonomie en haar bydrae behoef geen verdere betoog nie (Lubbe, 1985:30). Verbeterde onderwys en opleiding laat dogters van kleintyd af dink aan 'n beroepsgerigte toekoms (Lauria et al, 1985:254; Van Wyk, 1988:5). Veral in Suid-Afrika het ekonomiese behoeftes die toetrede van die vrou tot eksklusiewe manlike beroepe, soos die ingenieurswese, genoodsaak (Schnetler, 1988:18).

* *Veranderde houding*

Die vrou se toetrede tot die arbeidsmark het nie alleen nuwe wêrelde vir haar oopgemaak nie, maar het haar ook dikwels in 'n dubbele rol geplaas, naamlik dié van huis- en beroepsvrou. Dit het meegebring dat sy haar houding ten opsigte van haar tradisionele en haar nuwe rol moes herevalueer; 'n proses wat nie altyd sonder konflik plaasgevind het nie. Dié konflik geld nie slegs die vrou self nie, maar ook haar gesinslede (Lauria, 1985:256; Van Wyk, 1988:7). Kritiek teen beroepsgerigte vroue, swak aanvaarding en gebrek aan ondersteuning laat vroue dikwels in onsekerheid twyfel oor hulle nuwe posisie. Die moeder se ervarings en gewysigde houding kring wyer uit teenoor haar kinders, sodat hulle kyk op die gesins- en beroepslewe reeds op 'n vroeë ouderdom beïnvloed word (Reading & Amatea, 1986:256). Dit wil gevolglik voorkom of die kind onbewus betrek word by die moeder se onsekerheid jeens haar geslagsrol. In hierdie verband het Winters en Frankel (1984:403) tot die gevolgtrekking gekom dat die kind se houding ten opsigte van seksualiteit reeds voor sy tienerjare gevorm word en daarna betreklik stabiel bly. Verder is daar aangetoon dat die moeder se opleidingsvlak 'n verband toon met haar dogter se houding ten opsigte van die geslagsrol en dat 'n groter neiging tot beroepsaanvaarding veral merkbaar was by diegene met 'n hoë sosio-ekonomiese status.

8.3.3.3 Verset teen geslagsrolverandering

Waar die geslagsrol sy beslag oor baie eeue heen gekry het, kan daar nie verwag word dat dit plotseling verander kan word nie. Ten spyte van die oënskynlike veranderinge word vroue steeds aan hulle tradisionele rolle gebind. Hierdie aspek is merkbaar in die reklamewese waar die vrou as 'n huishoudelike verbruiker voorgestel word en mans as die gesaghebbendes wat die kyker of leser probeer oortuig. Mans word hoofsaaklik as beroepsgeoriënteerd voorgehou, terwyl vroue in 'n passiewe omstandersrol voorgestel word (Livingstone & Green, 1986:152). Duur produkte word deur mans geadverteer en alledaagse artikels deur vroue (Livingstone & Green, 1986:153). Dieselfde neiging word in kinderliteratuur waargeneem (Tuck *et al.*, 1985:248).

Na aanleiding van hierdie gegewens kan die vraag gestel word of die geslagsrol werklik verander het. Furnham en Schofield (1986:170) vermoed dat die beeld wat deur die media voorgehou word verskil van die werklike beeld wat deur die breë samelewing vertolk word. 'n Blik op die werklikheid toon dat die veranderende geslagsrol op twee maniere merkbaar word, naamlik deur 'n tendens van rolverskuiwing en 'n tendens van rolnivellering.

* *Rolverskuiwing*

Dit wil voorkom of vroue 'n toenemende neiging toon om te identifiseer met tradisioneel manlike eienskappe. Hierdie tendens kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat manlike eienskappe as voorwaarde vir goeie geestesgesondheid gestel word, terwyl tradisionele vroulikheid op onbeduidendheid en swakheid dui (Long, 1986:326). Die implikasie hiervan is dat daar na 'n soort ideale androgene mens verwys word as verteenwoordiger van 'n nie-seksueel getipeerde mens.

* *Rolnivellering*

Rolnivellering skyn 'n meer radikale vorm van rolverskuiwing te wees. By rolnivellering word daar op radikale wyse totaal van die tradisionele vroulike rol weggebreek. Die doel daarvan is nog nie duidelik uitgespel nie en volgens Grotenhuis (1986:334) mag dit selfs dui op verandering bloot ter wille van verandering. Volgens Grotenhuis is daar 'n besliste breuk met die vroulike rol waargeneem ten gunste van 'n manlike rol. 'n Verdere verandering wat neerkom op die totale uitwissing van geslagsrolgrense, word deur Grotenhuis

(1986:334) gemeld. Dit wil voorkom of daar in die nuwe geslagsrol 'n ideale beeld voorgehou word met die manlike komponent as die gesogte eienskap wat noodsaaklik en deurslaggewend is vir selfaanvaarding en sukses (Long, 1986:324).

8.3.3.4 Implikasies van die veranderde geslagsrol

Die herevaluering van die geslagsrol het wye implikasies vir beide mans en vroue. Dit is veral op die terrein van die beroepslewe, die huwelik en ouerskap waar die veranderde geslagsrol hom laat geld.

* *Implikasies met betrekking tot die beroepswêreld*

Ten spyte van die oënskynlike veranderinge, word die geslagsrol in die beroepswêreld nog steeds volgens die tradisionele opvatting getipeer. In die handelswêreld staan die man bekend as die gesaghebbende en die vrou as die verbruiker (Furnham, 1986:170; Livingstone & Green, 1986:149). Ondanks die feit dat meer vroue as ooit hoogs gespesialiseerde opleiding ontvang, beklee die vrou steeds nie dieselfde posisies as mans in die arbeidsmark nie. Vroue se beroepsaspirasies is beperk en beroepsukses figureer nie sterk in hulle beroepsverwagtinge nie. Hierdie saak kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die vrou haar nooit werklik losmaak of distansieer van haar versorgingsfunksie nie en beroepsgeoriënteerde vroue hulle voorberei en instel vir 'n dubbele rol (Hesse-Biber, 1985:92).

Beroeps- en opvoedkundige aspirasies korrelleer nie altyd met mekaar by vroue nie. Dogters sal maklik die hoogs moontlike opvoedkundige vlak wil bereik, sonder dat hulle dieselfde aspirasies vir hulle beroepe het (Westaway & Skuy, 1984:116). Volgens Vorster (1986:7) verkies vroue 'n vaste salaris en roetinewerk bo bevordering.

Wat beroepstatus betref bestaan daar ook nog grondige verskille tussen mans en vroue. Die vrou belewe steeds 'n merkbare agterstand op bestuursvlak en by beleidmaking. Vroue wat wel op hierdie vlak beweeg, is meesal ongetroud (Hawkins & Van Baalen, 1984:204-206). Laasgenoemde navorsers het aangetoon dat mans in bestuursposte aangestel word ongeag hulle huwelikstatus. Vroue op bestuursvlak verskil van mans wat betref hulle bestuurstyl deurdat hulle meer prestasiegerig en motiveringsbewus blyk te wees (Powell *et al.*, 1984:918). Hierdie stelling kan egter bevraagteken word,

want volgens Duvenage (1988:3) is daar min dames wat sal ontken dat die versorging en opvoeding van haar kinders 'n vrou se eerste roeping en plig is. Powell *et al.* (1984:918) beweer egter dat vroue in bestuursposte minder angs ten opsigte van hulle gesinne ervaar as mans en dit word toegeskryf aan die feit dat die vrou baie meer hindernisse moet oorkom om bestuursvlak te kan bereik as haar manlike eweknie, sodat daardie vroue as besonder gehard en taai beskou kan word.

Besoldiging is 'n ander aspek wat ten spyte van die geslagsrolverandering dikwels ter sprake kom. In die sestigerjare was die gaping tussen mans en vroue se inkomstes aansienlik groter as in die daaropvolgende dekades. Tog is die verskille tussen mans en vroue wat salarisse aan betref nog lank nie uitgewis nie en bly vergoeding een van die ongemaklike sake wat ook die vrou se taaktoewysing beïnvloed (Bianchi & Rytina, 1986:79). Maume (1985:295) het vasgestel dat die vrou se verdienste bepaal word aan die hand van gelewerde diensure, terwyl mans se vergoedingspakket op grond van hulle ervaring saamgestel word. Besoldiging is 'n vraagstuk wat vra om verdere besinning, aangesien vroue in toenemende mate genoodsaak word om die arbeidsmark te betree en dat daar nie meer sprake is van voorkeur of eie keuse nie (Lubbe, 1985:30). Duvenage (1988:3) gee toe dat die ekonomiese opset van Suid-Afrika nie sonder die werkende vrou kan bestaan nie.

Ten spyte van die noodsaaklikheid van die vrou se ekonomiese deelname, wil dit tog voorkom of haar ekonomiese bedrywigheid slegs van tydelike aard is. Die vraag ontstaan of dit toegeskryf moet word aan haar eie roepingsbewustheid ten opsigte van haar gesin en of dit aan ander oorsake toegeskryf moet word. Volgens Wichers (1985:32) is die vrou se beroepskeuse dikwels nie die produk van haar vermoëns en ideale nie, maar word dit gerig deur die samelewing se besondere eise en beperkings wat meebring dat die vrou se moontlikhede nie optimaal benut word nie. Vroue bevind hulle dikwels in 'n benarde posisie wanneer hulle 'n dubbele rol moet vervul sonder die erkenning of aanvaarding daarvan deur die man. Die man se oënskynlike onwilligheid om by veranderde omstandighede aan te pas en sy teësin in 'n veranderde geslagsrol, word deur Vorster (1986:7) as 'n ernstige remming beskou.

* *Implikasies van die veranderde geslagsrol vir die huweliks- en gesinslewe*

Waar vroue oor die algemeen sterk huweliksgerig was in hulle toekomsplanne, het huweliksluiting nou een van meerdere opsies geword. Die maak van 'n keuse kan egter konflik meebring, aangesien die vrou moet kies tussen 'n huwelik en 'n beroep of 'n kombinasie van die twee (Poole & Low, 1985:136).

Een van die ernstigste implikasies van die veranderde geslagsrol is die afname in gesinsgrootte (De Bruyn, 1985:27; Duvenage, 1988:5; Schutte, 1988:7). Die vrou het met haar herevaluering van die geslagsrol haar visier wyer gestel, sodat die tradisionele rol nie langer vir haar aanloklik is nie (De Bruyn, 1985:27). 'n Afname in die geboortesyfer en teësin in moederskap word gerapporteer met daarmee saam 'n hunkering na selfverwesenliking op materiële wyse, dit wil sê, die verkryging van finansiële onafhanklikheid (Callan, 1986:267; Van Wyk, 1988:5). Die Christenouer sal in hierdie opsig opnuut na sy taak as ouer moet kyk. De Bruyn (1985:27) wys op die ernstige implikasies van 'n krimpende kindertal en beklemtoon die feit dat dit vanuit Bybelse perspektief nie verantwoord kan word nie. Een van die belangrikste pligte van die Christenouer is volgens die genoemde skrywer, om te sorg dat daar voldoende verbondskinders is wat Christelik opgevoed word, sodat hulle die lig van die evangelie die toekoms kan indra (De Bruyn, 1985:33). Volgens Duvenage (1988:5) is geboortebeperking nie regverdigbaar nie en impliseer verantwoordelike ouerskap geboortereëling op so 'n wyse dat die optimum aantal kinders in 'n gesin gebore word.

Die huwelikspaar in die nuwe bedeling moet hulle heil op 'n onbekende, totaal ander wyse uitwerk. 'n Toename in huwelikskonflik en -stres word gerapporteer, met 'n toename in egskeidings wat daarvan getuig (Skinner, 1980:129). Oplossings moet gesoek word vir die nuwe taakverdeling in die huis, kindertoesig, vryetydsbesteding, sosiale verpligtinge en ander. Skinner (1980:129) meld dat probleme ontstaan as gevolg van skuldgevoelens, onwil tot aanpassing en aanvaarding van die nuwe geslagsrol, veral by die man. Vorster (1986:7) beklemtoon die onontbeerlikheid van spanwerk tussen man en vrou as voorwaarde vir 'n suksesvolle huwelik. Die implikasie daarvan is dat die man mede-verantwoordelik moet wees vir huishoudelike take. Hierdie aangeleentheid word egter nog nie maklik deur die man aanvaar nie. Maret en Finlay (1984:357) het opgemerk dat daar 'n mate van

rolomruiling voorkom in gesinne waar die man bereid is om 'n groter deel van die huishouding se sleurtake op hom te neem, maar dit kom slegs selde voor, selfs in lande waar daar sogenaamd geen rolonderskeiding op grond van geslag bestaan nie.

Ten spyte van die oënskynlike toename in spanning en stres in die gesinslewe (Van Wyk, 1988:7), is dit opvallend dat met die toename in rolkompleksiteit, diegene met meer as een rol, nie noodwendig die slagoffers van hierdie verskynsel word nie. Kandel *et al.* (1985:73) voer aan dat depressie en huwelikspanning selfs kan afneem by werkende egpare. Dit wil voorkom of beroepswerk heilsaam kan wees vir die huweliksverhouding, maar dat beroepspanning nadelig is vir ouerskap. Dieselfde navorsers het ook benadruk dat spanning as gevolg van gesinsfaktore 'n sterker nadelige invloed het as spanning wat deur beroepsfaktore veroorsaak word. Die man se tradisionele rol as finansiële versorger van die gesin het hom noodwendig in 'n magsposisie geplaas. Met die term "broodwinner" word die kern van die manlike rol geskets (Stamp, 1985:37). Die veranderde geslagsrol het meegebring dat die vrou mede-broodwinner geword het. Die noodsaaklikheid van die vrou se finansiële bydrae om die gesin toereikend te kan laat funksioneer, verleen geloofwaardigheid aan haar aanspraak om die herverdeling van gesinstake en ook om mede-seggenskap ten opsigte van gesinsfinansies (Bird *et al*, 1984:347). Schaninger en Buss (1986:135) merk op dat gelukkige egpare gekenmerk word deur onderlinge betrokkenheid en deelname deur die vrou met betrekking tot die hantering en besluitneming ten opsigte van gesinsfinansies. Alhoewel die vrou geneig is om haarself met die man te vergelyk (Gurin & Townsend, 1986:146), wil dit nie sê dat sy die broodwinnersposisie wil beklee nie. 'n Studie deur Stamp (1985:551) het aangetoon dat vroue wat as broodwinner gewerk het, nooit die idee wou skep dat hulle mans van hulle afhanklik was nie. Hierdie groep vroue het deurgaans gepoog om die man se tradisionele rol as broodwinner, in stand te hou.

Dit wil voorkom of daar inderdaad 'n klemverskuiwing ten gunste van die vrou plaasgevind het, maar tog so dat die man sy oorspronklike status as hoof van die huis behou. Die problematiek rondom hierdie saak verg besinning vanuit Bybelse perspektief.

Waar die vrees soms bestaan dat die gesin in sy bekende vorm kan verdwyn, toon die werklikheid dat die gesin sedert die vroegste tye maar altyd in 'n proses van verandering en

ontwikkeling verwikkeld was en dat die gesin in wese 'n geskenk van God is, wat die belangrikste ondersteuning en leidende krag in die mens se lewe bied (Duvenage, 1988:11). Ten spyte van die talle sosiale en ander veranderinge, sal die Christen besef dat die vrou en moeder se belangrikheid in die huis nooit ontken of geringgeskat mag word nie (Haasbroek, 1988:31). Dieselfde skrywer wys daarop dat dit die moeder is wat haar kind in staat stel om die waardes en norme van die samelewing aan te leer en dat die rol van die vrou in die gesin veelvuldig en deurslaggewend is vir die gesin se welsyn. Die vraag kan egter gestel word of die beskrywing en benadrukking van die vrou se taak die problematiek rondom die huweliks- en gesinslewe enigsins sal verlig. Die verdere vraag ontstaan of die problematiek rondom die man se rol in die huweliks- en gesinslewe nie ook die ernstige aandag van navorsers verdien nie.

Dat beroepsarbeid van die man hom dikwels vir lang tye van sy huis af wegneem, waardeur die gesin se versorgingstaak die uitsluitlike verantwoordelikheid van die vrou word (Haasbroek, 1988:31), kan nie vanuit Bybelse perspektief aanvaar word nie. Hart (1976:2) toon aan dat die positivering van beginsels noodsaaklik is om die veranderinge in die gesinslewe die hoof te kan bied. Wanneer daar in aggeneem word daar beginsels vaste oriënteringspunte is, word dit duidelik dat die Godgegewe geslagsrol prinsipiëel nie kan verander nie. Dit geld vir beide geslagsrolle. In geslagsopvoeding sal daar derhalwe op prinsipiële wyse kennis geneem moet word van die geslagsrol in Bybelse perspektief.

* *Implikasies vir die opvoeding*

Opvoeders van die laat twintigste eeu staan voor nuwe uitdagings in die sin dat hulle die eerste geslag opvoeders is wat die probleem rondom geslagsrolverandering moet hanteer. Navorsing op hierdie terrein is beperk (Corder & Stephan, 1984:391), maar toon dat die behoud van die gesin in die brandpunt staan. Die problematiek rondom die geslagsrolverandering, beroepskeuse en die tweeledige rolvervulling deur die vrou, word volgens Hesse-Biber (1985:92) deur opvoeders verontagsaam. Weinig of geen aandag word geskenk aan beroepsaspirasies en ander aspekte rakende die geslagsrolverandering, veral ten opsigte van vroue nie. Ook in Suid-Afrika is navorsingsresultate in hierdie verband skaars. Weliswaar is daar 'n bewustheid oor die afgelope twintig jaar waargeneem, veral ten opsigte van geslagsrolverandering.

Wanneer daar in ag geneem word dat geslagsidentiteit reeds op vroeë ouderdom gevestig raak en die geslagsrol alreeds sy betekenis kry, is dit begrypbaar dat geslagsopvoeding nie blind kan staan teenoor hierdie aangeleentheid nie.

8.4 Die geslagsrol vanuit prinsipiële perspektief

8.4.1 Inleidende opmerkings

'n Bybelse perspektief op die geslagsrol toon verrassende feite. Geslagsverskille word in die Bybel ten volle erken, maar nêrens word ongelykheid van die geslagte aanvaar nie, inteendeel, die volkome gelykheid van die geslagte en die wedersydse aanvulling van mekaar word in die Skrif gehandhaaf (Van der Walt, 1987:1). Op grond van die Bybelse waarheid, is dit gevolglik nodig om die geslagsrol te herwaardeer.

Die moderne samelewing het 'n verstrengeling tussen huwelik, werk, gesin en die rolle daarbinne teweeggebring (Coetzee, 1985:1). Ook ten opsigte van die geslagsrol blyk daar 'n behoefte aan balans te bestaan. Verskeie faktore, waaronder beroepsukses en loopbaanontwikkeling, het bygedra tot die geslagsrolverwarring. Dit is veral die vrou wat hierdeur geraak word en volgens Coetzee (1985:2) is die ongekende beroepsbeheptheid die oorsaak van verwaarloosde gesins- en huwelikslewe.

8.4.2 Historiese perspektief

In par. 8.3.2 is die tradisionele geslagsrol aan die orde gestel. Besinning oor die veranderinge ten opsigte van die geslagsrol (vgl. par. 8.3.3.2) het aan die lig gebring dat die veranderinge hoofsaaklik rondom die vrou gesentreerd is. Die manlike geslagsrol word getipeer deur 'n byna totale afwesigheid van verandering. Die vrou is egter deur die loop van die geskiedenis op apostatiese wyse beskou en bejeën. Daar kan dus verwag word dat die Bybelse bedoeling vir die geslagsrol verduister en vervaag is.

Aanvanklik is die opvatting gehuldig dat die vrou vervloek is as gevolg van die sonde van Eva (Van der Walt, 1987:6). Vroue en dogters het 'n ondergeskikte posisie in Bybelse tye beklee (Hurley, 1981:45). Thomas van Aquino het in die dertiende eeu geglo dat die vrou eintlik vrou is weens haar gebrek aan manlike kwaliteite. Gedurende die Middeleeue is die vrou bloot as 'n besitting van die man of die vader beskou. Vroueveragting was deurentyd die norm. Op kerklike

terrein is die vrou ook dikwels as mindere geag. Selfs gedurende die Reformasie, toe die vrou 'n mate van agting binne die huwelik ontvang het, is sy buite die huwelik nie hoog geag nie.

8.4.3 Bybelse perspektief op die geslagsrol

Die Bybelse perspektief op die geslagsrol verskil radikaal van alle ander perspektiewe. Christus self maak geen onderskeid in sy benadering van mans en vroue nie (Van der Walt, 1987:17), trouens Hy verhef die vrou uit die vernederde rol en plek wat sy in ou Israel gehad het. Die uitbuiting en vernedering van vroue kan daarom nie geregverdig word nie. Christus kom met 'n totaal nuwe opvatting oor leierskap en gesag. By Christus bestaan daar geen kleinlike verskille tussen die geslagsrolle nie, soos uit die volgende uitsprake blyk:

* Beide mans en vrouens word opgedra om die Evangelie uit te dra (Matt. 12:50).

* Christus aanvaar die "geslagsrolomruiling", soos blyk uit die verhaal van Marta en Maria (Luk. 10:38-42).

* Christus erken die vrou se intellektuele bekwaamhede (Joh. 4:7-12; Matt. 26:6-13).

* Christus wys op die vrou as voorbeeld van die geloof (Luk.4:24-26; 11:31).

* Christus verskyn eerstens aan vroue na sy opstanding.

Vanuit die Skrif blyk verder dat rasse-, klasse- of geslagsdiskriminasie 'n sondige ontkenning van die eenheid van Christus se kerk is (Van der Walt, 1987:23). Wat betref die vrou se onderdanigheid en gehoorsaamheid teenoor die man, toon die Skrif aan dat "onderdanigheid van die vrou aan die man iets totaal anders is as blote verpligte gehoorsaamheid aan wette, aanvaarding van 'n regering of beantwoording aan gesag" (Van der Walt, 1987:28). Onderdanigheid berus egter op die beginsel van wederkerigheid; dit geld dus vir beide man en vrou.

Met die sondeval het die stereotipering van die man en die vrou begin, helaas ten koste van die vrou. Volgens hierdie "sataniese skema" (Van der Walt, 1987:35) word die vrou verlaag tot seksobjek, slaaf of bloot tot kok of

huishoudster.

Om op suiwere wyse inhoud aan die geslagsrol te gee, verg meer as die blote tipering van vermeende verskille. Die Bybel duld geen seksisme (= oorbeklemtoning van geslagtelikheid) en feminisme (= oorbeklemtoning van die vroulike) nie. In geslagsopvoeding moet daar derhalwe gesoek word na die onontdekte moontlikhede van beide geslagte, maar so dat man en vrou in hulle onderskeie geslagshoedanigheid, ware beeld van God kan wees.

8.4.4 Gevolgtrekking

Vanuit prinsipiële perspektief blyk die volgende:

* Beide man en vrou is geskapenes van God en staan gevolglik onder sy wet.

* Op grond van die twee geslagte se eie unieke aard en struktuur word elkeen se soewereiniteit in eie kring erken. Geslagtelikheid in hierdie verband bly egter - net soos menswees - ten diepste 'n misterie. Man kan egter nie vrou en vrou kan nie man wees nie.

* Die beginsel van universaliteit in eie kring dui op samehang en vervlegting. Nêrens word dit so duidelik waargeneem as in die innige verbondenheid van die huwelik nie. Man en vrou is mekaar se mede-mense (Van der Walt, 1987:49).

Man en vrou is albei volledig mens, maar tog verskillend. Tereg sê Van der Walt (1987:53) "'n vrou loop, praat, sing, voel en dink en glo anders - net soos 'n man anders na die wêreld rondom hom kyk, anders as die vrou koop en liefhet". Beide geslagte moet hulle eie, onderskeie, maar unieke roeping op hulle eie besondere wyse vervul. Vir geslagsopvoeding hou dit in dat die kind geleer moet word dat die man ten volle man en die vrou ten volle vrou moet wees.

8.5 Samevatting

Uit die bespreking tot dusver is dit duidelik dat die geslagsrol deur die loop van die geskiedenis 'n apostatiese weg ingeslaan het. Die implikasie daarvan was dat die vrou op haas elke terrein van die lewe daardeur geraak is, gewoonlik tot haar nadeel. Die huidige eeu het egter 'n kentering ondergaan deur 'n plotselinge herevaluering van die

geslagsrol en 'n oënskynlike verwerping van alle geslagsverskille.

Daarteenoor kom die Skrif met verrassende insigte rondom die geslagsrol. Eers wanneer God se bedoeling met manwees en vrouwees nagekom word, kan daar van ware beeldwees van God sprake wees. Hierin lê daar vir geslagsopvoeding 'n geweldige, dog heerlike taak.

9. BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

9.1 Inleiding

In hierdie ondersoek na geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting is daar besin oor menslike seksualiteit en die verhoudingslewe. Daar is aangetoon dat menslike geslagtelikheid ook op die terrein van die opvoeding tuishoort (vgl. par. 6.3). Daar is verder aangedui dat menslike geslagtelikheid en meer in die besonder die kind se geslagtelikheid 'n saak is waarby verskillende samelewingsverbande belang het (vgl. hfst. 4). Waar geslagsopvoeding deur verskillende wetenskapsdissiplines hanteer word, is dit nodig dat opvoeders sinvol met mekaar saamwerk deur mekaar se onderskeie bevoegdheidsterreine te eerbiedig (vgl. hfst 4), sodat alle opvoedingshandelinge in belang van die kind kan geskied (vgl. hfst. 5).

Die kompleksiteit van geslagtelikheid het na vore gekom by die ondersoek na die kind as 'n ontwikkelende geslagtelike wese (vgl. hfst. 7). Daar is aangetoon dat geslagtelikheid nie net vanuit die invalshoek van normaliteit beskou kan word nie, maar dat geslagtelikheid ook op verskeie abnormale wyses kan manifesteer. Vervolgens is daar kennis geneem van die eietydse veranderinge wat daar ten opsigte van die geslagsrol waargeneem kan word (vgl. hfst.8).

In hierdie hoofstuk word daar gevolglik besin oor enkele sake wat daar in verband met die voorgenoemde aangeleenthede waargeneem is. Deur hierdie sake te identifiseer en te evalueer behoort dit moontlik te wees om 'n noukeurige fundamenteel-opvoedkundige presisering van geslagsopvoeding te kan doen. Vanuit 'n presisering van geslagsopvoeding sal daar gepoog word om enkele riglyne en aanbevelings te formuleer met die oog op geslagsopvoeding as verantwoordelike en verantwoordbare opvoedingshandeling.

9.2 Bevindings op grond van die navorsing

9.2.1 Inleidend

Uit die literatuurstudie, sowel as die struktuur-analitiese ondersoek wat verband hou met die kind se geslags- en verhoudingslewe, het daar verskeie probleemgebiede na vore gekom:

* seksualiteit as ontisiteit;

* die samelewingsverbande se belang by geslagsopvoeding;

* geslagsopvoeding as eties/sedelike aangeleentheid;

* geslagsopvoeding as opvoedingsaangeleentheid;

* geslagsopvoeding as ontwikkelingsaangeleentheid;

* geslagsopvoeding ten aansien van abnormale verskynsels van seksualiteit;

* geslagsopvoeding ten aansien van die veranderende geslagsrol.

In die volgende paragrawe word hierdie verskillende probleemgebiede bespreek binne die raamwerk van die struktuurmomente van die werklikheid soos dit in Hoofstuk 2 (par. 2.2.2.7 e.v.) aangetoon is.

9.2.2 Seksualiteit as ontisiteit

9.2.2.1 Algemeen

In Hoofstuk 2 (vgl. par. 2.2.2.2) is daar aangetoon dat God Hom aan die mens openbaar as die Skepper en Onderhouer van die ganse werklikheid. God is dus ook die Skepper van die mens as seksuele, gerelasioneerde wese. God regeer deur sy wet en die mens moet hom aan die wet van God onderwerp. Vir geslagsopvoeding hou dit in dat daar gevra moet word na God se wil vir die mens as geslagtelike wese en na die wette wat volgens God se wil vir geslagtelikheid geld.
Daar is verder aangetoon dat die werklikheid waarvan geslagtelikheid deel is, 'n bepaalde struktuur vertoon wat gekenmerk word deur sekere struktuurwette. Die werklikheid is vervolgens volgens God se wetsorde vanuit Christelik-reformatoriese perspektief ondersoek en daar is gekyk na enkele fasette van die werklikheid, soos beliggaam in samelewingsverbande. Volgens die samelewingsteoretiese model wat in par. 2.2.2.7. e.v. geformuleer is, kan geslagtelikheid binne die raamwerk van dié model geëvalueer word. Die volgende vier fasette kan met die mens se geslagtelikheid in verband gebring word:

* die soewereiniteit en almag van God en sy wet (vgl. par. 2.2.2.4 en par. 2.2.2.7);

* die temporele faset (vgl. par. 2.2.2.10);

* die modale faset (vgl. par. 2.2.2.9), en

* die individuele faset (vgl. par. 2.2.2.8).

9.2.2.2 Die soewereiniteit en almag van God en sy wet vir geslagtelikheid

God het die mens as 'n gerelasioneerde wese geskape (vgl. par. 3.8). God het ook die huwelik en gesinslewe ingestel as primêre samelewingsverbande (vgl. par. 4.2.2.3 en par. 4.2.3.3). God het man en vrou as geslagtelike wesens in die huwelik saamgevoeg. Die huwelik verkry 'n bepaalde betekenis en inhoud op grond van die geslagsverhouding tussen die huweliksgenote. Die geslagsverhouding skep die moontlikheid tot voortplanting (vgl. par. 2.2.2.11). God het bepaalde wette vir die huwelik en gesin verordineer wat veral verband hou met die mens as geslagtelike wese. Deur geslagsopvoeding moet God se wette aan die kind voorgehou word, sodat die kind hom in gehoorsaamheid en vrywillig aan hierdie wette sal onderwerp. God se wet vir die huwelik hou onder andere in dat die mens kuis en heilig met mekaar sal lewe en dat alle vorme van seksuele losbandigheid vermy moet word.

9.2.2.3 Die temporele faset van geslagtelikheid

Die mens se houding teenoor geslagtelikheid het as gevolg van die sondeval en verskeie ander faktore met verloop van tyd verander. Die voorkoms van seksueel oordraagbare siektes het opnuut die aandag op die mens as seksuele wese geplaas. In geslagsopvoeding moet daar rekening gehou word met die eise van die tyd waarin die mens lewe. Kindwees dui op 'n bepaalde tydvak in die mens se lewe en geslagtelike ontwikkeling is een van die kenmerke van die kind se naderende volwassenheid. Geslagsopvoeding moet gevolglik rekening hou met die besondere geslagtelike ontwikkelingsbehoeftes van die kind.

9.2.2.4 Die modale faset van geslagtelikheid

Opvoeding stel hom ten doel om die kind tot gebalanseerde, verantwoordelike volwassenheid te lei. Normale ontwikkeling veronderstel dat die kind ten opsigte van al die

geïdentifiseerde modaliteite ontsluit sal word. Deur geslagsopvoeding sal die kind geleer word om sy geslagtelikheid op harmoniese wyse te verwerklik, dat hy sal leer om te vertrou en lief te hê, dat hy niemand sal benadeel of onregverdig sal behandel nie, dat sy geslagtelikheid nie tot verbruiksartikel gestroop sal word nie, maar dat sy seksualiteit die kommunikasiemiddel sal wees waardeur die huweliksgenoot waarlik geken sal kan word. Die kind het behoefte aan geslagtelike geborgenheid en enige oortreding van sy persoonlike ruimte hou ernstige leed vir hom in. Deur geslagsopvoeding moet die kind weerbaar gemaak word teen uitbuiting of seksuele molestering.

9.2.2.5 Die individuele faset van geslagtelikheid

Volgens God se ordeningsbeginsels is geslagtelikheid 'n onderskeidende kenmerk van die mens; die man is nie vrou nie en omgekeerd. Kinders verskil van mekaar (vgl. par. 3.10), ook ten opsigte van hulle geslagtelike ontwikkeling, ervaring en kennis. Kinders se oënskynlike akademiese homogeniteit kan gevolglik nie na geslagsopvoeding deurgetrek word nie.

9.2.2.6 Samevattend

'n Christelik-reformatoriese beskouing van geslagtelikheid verskil radikaal van enige ander beskouing, omdat dit anastaties op God gerig is. Die betekenis en doel van geslagtelikheid moet in die Heilige Skrif gesoek word en daar moet voortdurend gevra word na God se wil vir die mens se geslagtelikheid.

Geslagsopvoeding as menslike handeling sal dieselfde hartsgerigtheid as dié van die opvoeder vertoon. Omdat die mens 'n religieuse wese is (vgl. par. 3.4) kan hy nie neutraal staan nie en is sogenaamde neutrale geslagsopvoeding derhalwe ook nie moontlik nie.

Vanuit die Christelik-reformatoriese lewens- en wêreld-beskouing kan geslagtelikheid in sy ware omvang en betekenis begrond word. Aangesien die mens se geslagtelikheid verband hou met die mens as 'n eenheidswese (vgl. par. 3.13) en gevolglik verband hou met die mens se onderskeie fasette van menswees, is dit belangrik dat geslagsopvoeding nie die mens as beeld van God sal skade aandoen nie, maar juis sal trag om die kind te lei om waarlik beeld van God te wees.

9.2.3 Die samelewingsverbande se belang by geslagsopvoeding

9.2.3.1 Inleidend

Daar kan nie summier aanvaar word dat geslagsopvoeding die eksklusiewe taak van 'n bepaalde samelewingsverband is nie. Samelewingsverbande toon onderlinge knooppunte en vervlegting ook ten aansien van geslagsopvoeding (vgl. par. 2.2.2.6). Veel eerder moet daar gesoek word na samewerkingsmoontlikhede tussen die onderskeie samelewingsverbande. Die gesin en die skool verdien besondere aandag in hierdie opsig.

9.2.3.2 Samewerking tussen gesin en skool met betrekking tot geslagsopvoeding

Daar word saamgestem met Postma (1987:203) dat ouers die reg het om op hoogte gehou te word oor skool- en onderwysbeleid. Ouers mag aanspraak maak op inligting oor die kurrikulum, leerinhoude, metodes, evaluering en terugvoering sowel as oor die opvoeders wat by die skoolse opvoeding betrokke is. Daardeur word daar nie geïmpliseer dat die ouers aan die skool kan voorskryf nie, maar dis noodsaaklik dat onderlinge samewerking tussen skool en ouerhuis gehandhaaf word.

Die eietydse samelewing met al sy sosiale en ander veranderinge, sy vooruitgang op tegnologiese gebied en die kennisontploffing, bring mee dat ouers leiding nodig het om beter toegeruste opvoeders vir hulle kinders te kan wees. Om goeie samewerking te bevorder, moet ouers en onderwysers mekaar se kompetensieterreine ken en eerbiedig. Opvoeders wat verskillende samelewingsverbande verteenwoordig, se onderskeie kompetensieterreine moet duidelik uitgespel word om agterdog en bedreiging te voorkom. 'n Belangrike faktor om samewerking te bewerkstellig is 'n harmoniese lewens- en wêreldbeskouing tussen ouerhuis en skool. Waar dit gaan om geloof, norme, waardes, kultuur en arbeidsetiek is dit noodsaaklik dat die religieuse grondmotief van ouerhuis en skool in harmonie met mekaar sal wees (Postma, 1987: 204).

Die ouer het besoek- en informasiereg. Dieselfde geld vir die skool, aangesien die skool wil weet uit watter agtergrond die kind kom en dis selfs nodig dat die skool sal optree in gevalle waar daar gevrees word dat die ouerhuis gevaar vir die kind mag inhou, soos dit in geval van seksuele molestering die geval soms blyk te wees. Wedersydse kennis van ouerhuis en skool is gevolglik noodsaaklik.

Geslagsopvoeding kan nie plaasvind sonder wedersydse vertroue tussen gesin en skool nie. Daarom is openhartigheid, eerlikheid en belangstelling noodsaaklik. Geslagsopvoeding het niks om weg te steek nie en dit sou verkeerd wees om te veronderstel dat geslagsopvoeding 'n "geheimsinnige" skoolaktiwiteit sou wees. Die skool kan egter 'n bydrae lewer deur die gesinsopvoeding te bekragtig, dit te bevestig en te versterk.

Swak samewerking tussen skool en gesin (vgl. par. 5.4.5 en par. 5.4.7) kan dikwels aan die volgende faktore toegeskryf word (vgl. Postma, 1987: 209):

* ouers ag hulleself as onkundig en onbevoeg en laat geslagsopvoeding aan die skool as die "kundiges" oor;

* ouers staan dikwels afsydig en onbetrokke en steur hulle weinig aan die gees en rigting van die skool;

* die selfgenoegsaamheid van skole en opvoeders vervreem die ouers van die skool;

* ouers is onbetrokke op grond van hulle eie onkunde ten opsigte van hulle ouerrol;

* ouers oortree soms hulle bevoegdheidsterrein, deurdat hulle soms bemoeisiek en beterweterig is;

* gesinsfaktore soos enkelouerskap en vaderafwesigheid lei tot skuldgevoelens by ouers. So 'n toestand is nie heilsaam vir gesonde, gebalanseerde geslagsopvoeding nie, veral nie met betrekking tot die geslagsrol nie.

Die skool is bewus van sy taak op grond van pedagogiese beginsels wat inhou dat opvoeding om die kind in totaliteit gaan. Die onderwyser wil hom gevolglik vergewis van die kind se voorgeskiedenis. Omvattende kennis van die kind sluit kennis in van die kind se agtergrond en gesinsomstandighede. Op grond van die onderwyser se kundigheid kan hy sekere opvoedingsgebreke identifiseer en op professionele wyse onder die ouer se aandag bring. Ook hier geld die beginsel dat alle bemoeienis in belang van die kind sal geskied.

Ouers voel dikwels onbekwaam en selfbewus met betrekking tot geslagsopvoeding. Die sensitiwiteit van die mens se geslagtelikheid maak dit vir die ouer een van die moeilikste opvoedingsopgawes. Die Heilige Skrif gee erkenning aan

hierdie natuurlike terughoudendheid van die mens rakende sy geslagtelikheid.

1 Korintiërs 12: 23-25 lui soos volg:

"en dié wat ons as minder fatsoenlik beskou, klee ons met groter sorg. So word die onbetaamlike dele met groter betaamlikheid geklee, terwyl die betaamlike dele dit nie nodig het nie."

Die skool kan die ouerlike funksie en verantwoordelikheid nooit oorneem nie, maar moet altyd bereid wees om 'n helpende hand uit te steek. Samewerking is moontlik omdat die ouer dikwels sy toevlug tot die skool neem. Ouers meen dikwels dat die onderwyser oor die kundigheid en ervaring beskik om oor sensitiewe sake met die kind te kan praat en soek daarom dikwels hulp by die skool oor die hantering van geslagsopvoeding. Die opstel van geskikte ouerbegeleidingsprogramme moet daarom as 'n hoë prioriteit beskou word.

Die professionele onderwyser ervaar egter dikwels probleme ten aansien van geslagsopvoeding en vermy dikwels alle aspekte daarvan. Enkele probleme ten aansien van die praktiese skoolsituasie word vervolgens uitgelig:

* onderwysers is nie voldoende opgelei om geslagsopvoeding te hanteer nie;

* onderwysers is onseker oor die toelaatbaarheid van sekere leerinhoude van geslagsopvoeding, wat meebring dat daar nie duidelikheid bestaan oor watter leerinhoude wel en watter nie hanteer mag word nie. Die toewysing van sekere sogenaamde "sensitiewe" onderwerpe aan die adjunksuperintendent skep verwarring en onsekerheid;

* die kunsmatige onderskeiding tussen "sensitief" en "niesensitief" skep verwarring, aangesien die terme nie duidelik uitgespel is nie;

* onderwysers vrees afkeurende optrede deur hulle meerderes en/of ouers op grond van bogenoemde redes wat inhou dat hulle beroepsvordering daardeur nadelig beïnvloed kan word;

* onderwysers vrees ouerinmenging;

* onderwysers beleef hulleself as ontoereikend in die lig van ander vakdissiplines se kompetensieterreine. Onderwysers vrees dat hulle dalk op ander se kompetensieterreine kan oortree indien hulle bemoeienis met 'n kind maak, byvoorbeeld in die geval van seksuele molestering by kinders.

Dis egter nie alleen die onderwyser wat probleme ervaar ten opsigte van geslagsopvoeding nie. Ook die Adjunk-Superintendent van Onderwys (gesinsvoorligting) ervaar sekere probleme, waarvan enkeles vervolgens uitgelig sal word en aan die hand van die teoretiese samelewingsmodel bespreek sal word:

* Die beginsel van soewereiniteit in eie kring kan meebring dat slegs die ASO(gv) bevoeg is om oor sekere sogenaamde "sensitiewe" onderwerpe met leerlinge te mag praat. So 'n reëling vervreem die onderwyser van die leerinhoud en veroorsaak die neiging om alles aan die ASO(gv) oor te laat.

* Die beginsel van individualiteit hou in dat elke kind uniek is en dat ook die leerinhoude van geslagsopvoeding uniek is. Geslagsopvoeding beoog die behartiging van die persoon van die kind. Tog is die persoon van die kind en sy individualiteit aan die ASO(gv) onbekend, trouens die sporadiese besoeke van die ASO(gv) maak geen blywende opvoedingsverhouding met die kind moontlik nie. Die implikasie is dat die opvoedingsbemoeienis van die ASO(gv) op 'n toevallige basis plaasvind. Daar is gevolglik geen geleentheid om 'n ken-, vertrouens-, begrypings- of gesagsverhouding tussen opvoeder en kind te vesig nie. Kitsverhoudings kan nie die plek inneem van 'n blywende verhouding waar die opvoeder die kind se vertroue verdien en verwerf het nie. Tog word die bewering soms gemaak dat geslagsopvoeding in die hand van 'n vreemde die kind veiliger laat voel, juis op grond van die onbekendheid van die besoekende opvoeder. Daarvolgens hoef die kind hom dan nie te skaam of verdere verleentheid te vrees nie. Ook is daar oënskynlik 'n opvatting dat die besoekende opvoeder met groter gesag praat en dus meer geloofwaardig is as die opvoeder wat aan die kind bekend is (vgl. Bredenkamp, 1990). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat as dit die geval is, daar iets skeel met die vertrouensverhouding tussen onderwyser en kind. Onpersoonlike geslagsopvoeding laat nie reg geskied aan die onderlinge liefde wat daar in die opvoedingsverhouding

behoort te bestaan nie en daarom kan die feit dat die ASO(gv) die taak van geslagsopvoeding hoofsaaklik alleen moet behartig gevolglik nie eties/sedelik goedgekeur word nie.

* Wat die temporele faset betref moet daar in gedagte gehou word dat die ASO(gv) verantwoordelik is vir 'n hele streek. Die implikasie is dat 'n leerling slegs enkele male besoek kan word, indien ooit. Geslagsopvoeding kan egter nie tot 'n eenmalige gebeurtenis beperk word nie. Kontinue opvoedingsbemoeienis is noodsaaklik, trouens geslagsopvoeding begin vanaf geboorte en duur tot die kind volwassenheid bereik. Die benutting van die regte oomblik is veral vir geslagsopvoeding van groot waarde.

* Die mens funksioneer as seksuele wese in al die modaliteite. Geslagsopvoeding het met die kind in sy totaliteit te doen. Om aan al die modaliteite reg te laat geskied beteken dat geslagsopvoeding vanuit al die modale invalshoeke behandel moet word. Sake soos die opvoedingsruimte, die aantal leerlinge, die beskikbare opvoedkundige hulpmiddels, die leerlinge se gevoelens, die taalgebruik en so meer is hier ter sprake. Elke leerling het egter 'n voorgeskiedenis (historiese modaliteit) en dis onmoontlik vir die ASO(gv) om elke kind se omstandighede te ken. Ware persoonsbehartiging word eers sinvol wanneer die opvoeder bekend is met die kind se persoonlike omstandighede. Die leerinhoud van geslagsopvoeding het 'n hoë emosionele lading (psigiese modaliteit) wat dit vir die kind moeilik maak om te verwerk. Die ASO(gv) probeer om soveel moontlik leerinhoud te dek, wat die gevaar inhou dat die kind maklik oorspoel kan raak wat gevolglik strydig is met goeie, gebalanseerde opvoeding.

In die lig van bogenoemde sake is dit noodsaaklik dat daar weer besin sal word oor die pligte van die ASO(gv).

9.2.3.3 Die beginsel van soewereiniteit in eie kring, die samelewingsverbande en geslagsopvoeding

Uit die bespreking in die vorige paragrawe is dit duidelik dat opvoeders nie mekaar se kompetensieterreine moet oortree nie. In 'n openhartige atmosfeer is samewerking tussen verskillende samelewingsverbande egter moontlik, op voorwaarde dat daar ter wille van ordelike samewerking wedersydse respek tussen die verskillende opvoeders gehandhaaf sal word. Die organisering en implementering van

ouerbegeleidingsprogramme deur die skool kan veel bydra om samewerking tussen gesin en skool te bevorder sonder dat wedersydse kompetensieterreine oortree word.

9.2.3.4 Die temporele faset van geslagsopvoeding en die samelewingsverbande

Geslagsopvoeding word gekenmerk deur 'n begin en 'n einde en behoort ag te slaan op die kind se geslagtelike ontwikkeling. Daar is bepaalde tydperke in die kind se lewe waar 'n bepaalde samelewingsverband 'n bepaalde bydrae kan lewer. Die jong kind se geslagsopvoeding vind byvoorbeeld hoofsaaklik in gesinsverband plaas, terwyl die adolessent se geslagsopvoeding hoofsaaklik buite gesinsverband plaasvind, aangesien normale ontwikkeling inhou dat die kind hom geleidelik sal losmaak van die ouerhuis in die aanvaarding van eie verantwoordelikheid. Die rol van die portuurgroep is hier van belang (vgl. par. 7.3.3).

9.2.3.5 Die modale faset van geslagsopvoeding en die samelewingsverbande

Deur die onderskeie samelewingsverbande se bydraes word verskillende aspekte van geslagsopvoeding voltrek. Deur die kerk se deelname byvoorbeeld, word die pistiese modaliteit benadruk, naamlik geloof en vaste vertroue. In die gesin leer die kind om skone harmonie te beoefen, om tussen reg en verkeerd te onderskei deur in 'n liefdevolle gemeenskap opgevoed te word vir die harmoniese huwelik (etiese en estetiese modaliteite). Op skool moet die kind leer om onder andere analities en logies te dink, waardes af te weeg deur seksuele losbandigheid te vermy; om sy liggaam te versorg en te respekteer (die biotiese: verteenwoordig deur mediese dienste), om ander se gevoelens in ag te neem en selfbeheersing toe te pas. Die kind kan ook leer wat om te doen in die geval van molestering deur die saak aan die regte instansie te rapporteer (juridiese modaliteit: verteenwoordig deur die owerheid en die gereg). In die portuurgroep word die kind se vermoë tot sosiale omgang ontwikkel sodat sy seksuele identiteit gevestig kan word (sosiale modaliteit).

9.2.3.6 Die individuele faset van geslagsopvoeding en die samelewingsverbande

Opvoeding is volgens Stone (1984: 3) 'n eenheidshandeling wat in verskeie opvoedingsinstansies plaasvind. Dit gaan om

opvoedende onderwys, waar elke samelewingsverband sy eie onderskeie bydrae maak. Sonder om die skool as die verlengstuk van die ouerhuis te beskou, aangesien elkeen 'n soewereine samelewingsverband is, kan elkeen sy individuele taak uitvoer. Ten spyte van die beginsel van individualiteit wil dit nie sê dat die gesin en die skool se onderskeie take in isolasie moet plaasvind nie. Samewerking kan bevorder word deur ouerbegeleidingsprogramme te inisieer, waar die skool die ouer op georganiseerde wyse toerus en bystaan om sy taak te kan uitvoer (vgl. par. 9.2.3.3).

9.2.4 Geslagsopvoeding as eties-sedelike aangeleentheid

In Hoofstuk 5 is daar stilgestaan by enkele behorensvrae rondom geslagsopvoeding. Daar is onder andere aangetoon dat die liefde die inhoud van die sedelike is en dat dit in die geval van geslagsopvoeding om persoonsliefde gaan (vgl. par. 5.3.3.2). Persoonsliefde impliseer dat die belange van die persoon uit naasteliefde behartig sal word. Persoonsliefde en persoonsbehartiging word in die mens as verhoudingswese aangetref. Wanneer die mens persoonsliefde as Goddelike opdrag beskou, sal hy vra na God se wet vir die liefde. Die liefdeswet word vergestalt in die norme wat vir die mens as rigsnoer vir die lewe dien. In geslagsopvoeding word daar gevolglik gevra na die norme vir geslagtelikheid. Daar is aangetoon dat daar versigtig onderskei moet word tussen die terme beginsels, norme en waardes (vgl. par. 5.3.3.7). Daar is tot die slotsom gekom dat die vraag na die eties goeie of eties slegte slegs beantwoord kan word volgens die mate waarin die persoon van die kind behartig word. Die implikasie van geslagsopvoeding as eties-sedelike aangeleentheid is dat dit 'n menslike instrument kan vorm waardeur die liefde gerealiseer kan word (vgl. par. 5.3.3.8).

Wanneer geslagsopvoeding bekyk word binne die raamwerk van die geskape werklikheid blyk dit dat dit om die eties-sedelike opvoeding van die kind gaan. Die eties-sedelike modaliteit is deel van die mens se aktstruktuur deurdat dit te doen het met die mens se besluite. Die kind moet gevolglik leer om so te besluit dat sy besluite voldoen aan die eis van die seksueel behoorlike.

Daar is vervolgens in Hoofstuk 5 gewys op enkele probleemareas wat daar ten opsigte van die eties/sedelike aspek van geslagsopvoeding bestaan. Die volgende terreine is geïdentifiseer, naamlik die leerinhoud (vgl. ook par. 9.2.3.2), die opvoedingsterrein, en die klassituasie in die

besonder. Daar is tot die slotsom gekom dat daar nie gevra moet word of geslagsopvoeding moet plaasvind nie, maar wel hoe dit moet plaasvind (vgl. par. 5.4.8).

9.2.5 Geslagtelikheid as opvoedingsaangeleentheid

Met die wete dat geslagsopvoeding inderdaad opvoeding is, is daar in Hoofstuk 6 ondersoek ingestel na geslagsopvoeding as opvoedingshandeling. Geslagsopvoeding kan alleen verantwoordbaar plaasvind as daar rekening gehou word met die wet van God waardeur Hy gedien moet word (vgl. par 6.5). Opvoeding is 'n omvattende taak wat te doen het met die kind in sy totaliteit. Geslagsopvoeding kan vervolgens beskryf word aan die hand van die ontologie wat in hfst. 2 onder woorde gebring is.

* Die religieuse faset van geslagsopvoeding

Geslagsopvoeding het ten diepste te make met die mens se hartsgesteldheid of -rigting. Deur geslagsopvoeding moet die opvoeder meewerk om die hart van die kind na sy Maker terug te lei en aan God te bind. Die kind moet leer om oor sy seksualiteit te heers en dit te beheers, sodat God se soewereiniteit in die lewe van die kind sigbaar kan word (vgl. par. 6.6.2).

* Die temporele faset van geslagsopvoeding

Die versigtige keuse en benutting van tyd is van groot belang vir doeltreffend geslagsopvoeding. Onnodige uitstel van geslagsopvoeding kan nadelig wees en die nalaat van geslagsopvoeding hou die gevaar in dat die kind vanuit ander onaanvaarbare oorde ingelig word, waardeur die gevaar geskep word dat hy op 'n vroeë stadium geërotiseer kan word.

* Die modale faset van geslagsopvoeding

Geslagsopvoeding funksioneer in al die modaliteite van die werklikheid, veral ten opsigte van die eties/sedelike modaliteit. Die korrekte hartsgesteldheid, soos uitgedruk in die "rigting" van die hart (pistiese modaliteit), sal die kind in staat stel om te glo en te vertrou wat so noodsaaklik is vir sy latere huweliksverhouding. In geloofsgehoorsaamheid sal die kind God se wette vir seksualiteit wil gehoorsaam. Deur oor seksualiteit te praat en te besin (logiese modaliteit) sal die kind insig daaromtrent verkry.

* Die individuele faset van geslagsopvoeding

Wanneer die beginsel van verskeidenheid (vgl. par. 2.2.2.8) ter sprake kom, kan daar gekonkludeer word dat geslagsopvoeding uniek is as skoolvak. Alhoewel daar verskeie knooppunte met ander skoolvakke is (vgl. par. 6.6.4) openbaar geslagsopvoeding sy eie besondere struktuur. Die hoë sensitiwiteit van geslagsopvoeding maak dit uniek en noodsaak unieke handelingswyses van die opvoeder, byvoorbeeld rakende die samestelling van groepe leerlinge, die opvoedingsruimte, die aanbiedingswyse en so voorts.

9.2.6 Geslagsopvoeding as ontwikkelingsaangeleentheid

Die disharmoniese of ongesinchroniseerde ontwikkeling van die laat twintigste eeuse kind is in Hoofstuk 7 aan die orde gestel. Verskille ten opsigte van die kind se fisieke ontwikkeling (vgl. par. 7.2.1) bemoeilik geslagsopvoeding, aangesien geslagtelike rypwording 'n hoogs individuele aangeleentheid is. Probleme word ook waargeneem ten opsigte van die leerinhoude. Verskeie samelewingsfaktore bring mee dat sekere leerinhoude aan die kind oorgedra moet word sonder dat dit aansluit by die kind se ervaringswêreld; die betekenis van die geslagsdaad is byvoorbeeld vir die kind 'n onbegryplike verborgenheid. Weens die hoë emosionele aard van die leerinhoud, moet besondere aandag geskenk word aan die skep van 'n gunstige opvoedingsklimaat waar die kind hom veilig en geborge kan voel. Die stig van gesonde opvoedingsverhoudings tussen opvoeder en kind is hiervoor noodsaaklik. Om hierdie rede kan geslagsopvoeding nie oorgelaat word in die hande van onbekende persone vir die kind nie.

Ten einde geslagsopvoeding doeltreffend te laat plaasvind, moet daar rekening gehou word met die vier momente van die struktuur van die werklikheid ten aansien van die ontwikkelende kind (vgl. die reformatoriese mensbeeld wat in hfst.3 aan die orde gestel is).

* Die soewereiniteit en almag van God en sy wet en die ontwikkelende kind.

Die kind se ontwikkeling openbaar sekere wetmatighede. Wanneer die tydperk van kindwees verkort word deur byvoorbeeld vroeë erotisering, ly die kind daaronder. Deur die kind aan abnormale seksuele handelinge bloot te stel, is dit moontlik dat sy verdere ontwikkeling, seksualiteit en

verhoudingslewe daardeur geskaad word.

* Die temporele faset van die kind

Ouers en opvoeders moet rekening hou met die tyd en die eise van die tyd. Die kind moet weerbaar gemaak word teen die losbandige en permissiewe invloede waaraan hy voortdurend blootgestel word. Die voorkoms van dodelike geslagsiektes bring mee dat die kind se geslagsopvoeding tydig moet plaasvind.

* Die modale faset van die kind

Dit is belangrik dat die beginsel van harmonie (vgl. die estetiese modaliteit, par. 6.6.3) ten opsigte van die verskillende ontwikkelingsfasette van die kind tot sy reg kom, sodat die kind normaal kan grootword om as gebalanseerde individu volwassenheid te betree. Die probleem ontstaan waar een aspek van ontwikkeling, byvoorbeeld die fisieke (vgl. biotiese modaliteit, par. 6.6.3.11) sneller plaasvind as byvoorbeeld die emosionele aspek (vgl. psigiese modaliteit, par. 6.6.3.10). Die ontwikkeling van 'n vaste vertroue en geloof vir die toekoms (vgl. pistiese modaliteit, par. 6.6.3.2) is onontbeerlik vir die kind se verhoudingstigting en latere huweliksluiting.

Deur middel van ouerbegeleidingsprogramme kan ouers op logies-analitiese wyse (vgl. logiese modaliteit, par. 6.6.3.9) besin oor die besondere behoeftes wat die kind op 'n gegewe stadium ten opsigte van geslagsopvoeding ervaar (vgl. linguale modaliteit, par. 6.6.3.7).

* Die individuele faset van die kind

Ouers en ander opvoeders moet kennis dra van die feit dat kinders individueel van mekaar verskil ten opsigte van 'n groot verskeidenheid faktore. Kinders verskil van mekaar ten opsigte van voorkoms, aanleg, temperament, sosio-ekonomiese agtergrond, huislike faktore en so meer. Opvoeders moet trag om tekortkominge en moontlike afwykings in die kind se opvoeding te identifiseer, sodat die nodige hulp verleen kan word. Skoolse opvoeders moet in die verband leiding kry om byvoorbeeld die seksueel gemolesteerde kind uit te ken (vgl. par. 9.2.3.2). Opvoeders moet bepaalde tegnieke en vaardighede aanleer sodat gepaste hulp op die regte oomblik verleen kan word. Voorligting, verrykingskursusse en opleidingsprogramme kan in die behoefte voldoen.

9.2.7 Geslagsopvoeding ten aansien van die veranderde geslagsrol

Die geslagsrol, naamlik die wyse en betekenis van man- of vrouwees, het veral in die twintigste eeu opvallende veranderinge ondergaan (vgl. par. 8.3). Die tradisionele geslagsrol verskil radikaal van die Bybelse perspektief. In die lig van God se skeppingsplan is man en vrou as gelyke wesens geskape om mekaar aan te vul, mekaar tot hulp te wees en saam oor die skepping van God as sy verteenwoordigers te regeer.

Aan die hand van die vier fasette van die werklikheid kan die geslagsrol vervolgens beskryf word.

* Die soewereine wil van God moet ten aansien van die geslagsrol erken en eerbiedig word. Rolnivellering, rolgelykmaking of roloorskryding strook nie met God se wil vir geslagtelikheid nie. God gee bepaalde riglyne ten aansien van die geslagsrol, maar tog bly die werklike onderskeidende kenmerke van die geslagsrol ten diepste 'n verborgenheid. Opvoeders moet gevolglik daarteen waak om die geslagsrol te etiketteer volgens die tradisionele eienskappe wat daar aan die onderskeie geslagsrolle toegeken word. Eienskappe soos geduld, leierskap, teerheid, liefdevolheid, vasberadenheid en dergelike is tekenend vir 'n karakter, maar het inderwaarheid niks met die geslagsrol te doen nie. Tog moet hierdie belangrike kenmerke aan die kind voorgehou word, aangesien hierdie eienskappe as die produkte van die liefde gereken kan word en liefde is die hoeksteen van die wet van God (vgl par. 2.2.2.3). Die kind moet leer dat sy geslagsrol vir hom die aanvaarding van die eie seksualiteit inhou sodat hy deur die uitlewing van die geslagsrol die produkte van die liefde sigbaar kan stel.

* Die tipering van die onderskeie geslagsrolle het met verloop van tyd ontstaan. Die laat twintigste eeu toon egter 'n geslagsrolverskuiwing wat tot geslagsrolverwarring gelei het (vgl. par. 8.3.3.4). Kinders moet opgevoed word om hulle geslagsrol volgens die eise van die tyd te aanvaar en daarby aan te pas sonder dat hulle deur die veranderinge bedreig word. Kinders moet daarop gewys word dat vader- en moederskap gawes van God is wat vir alle tye geld.

* Die mens beoefen sy geslagsrol deur al sy bestaanswyses. Tereg merk Van der Walt (1985: 53) op dat die vrou anders loop, praat, sing, voel en dink, anders koop en anders liefhet. Volgens Van der Walt (1987: 47) is die kuns van menswees in die algemeen en man- en vrouwees in die besonder om te kan onderskei tussen die verskeidenheid. Ter wille van harmonie moet geslagtelikheid en gevolglik die geslagsrol ook, te midde van die veranderinge na sy gewig gewaardeer word, wat beteken dat dit nie op seksistiese wyse oorskat of op feministiese wyse onderskat moet word nie.

  Die opvoeders sal gedagtig daaraan moet wees dat hulle as identifikasiefigure moet dien. Ontoereikende geslagsrol-identifikasie hou die gevaar in dat die ontwikkeling van die kind se geslagsrol skipbreuk kan ly, wat abnormale seksuele gedrag tot gevolg kan hê (vgl. par. 7.4.3). Die versigtige selektering van geskikte skoolopvoeders kan in hierdie verband nie genoeg benadruk word nie.

* Die individuele struktuurmoment van geslagtelikheid dui op die eie struktuur en wette vir die onderskeie geslagte. Volgens Van der Walt (1985: 53) het die man en die vrou elkeen 'n unieke roeping, wat elkeen op sy/haar onderskeie wyses moet vervul. Die een moet nie soos die ander wees nie, maar elkeen moet ten volle wees dit wat hy/sy is. Die opvoeder moet die kind leer om sy/haar geslagtelikheid op sy/haar unieke wyse te verwerklik deur hulle onderskeie uitoefening van die geslagsrol.

9.3 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk het die soeklig dusver op 'n aantal bevindinge ten opsigte van geslagsopvoeding as komponent van gesinsvoorligting geval. Op grond van hierdie bevindinge kan nou soos volg gekonkludeer word:

* *Die struktuur van geslagsopvoeding.*

  Omdat geslagsopvoeding op 'n ongestruktureerde, dikwels toevallige wyse plaasvind, is die formulering van 'n struktuur as model vir geslagsopvoeding noodsaaklik. Die Christelik-reformatoriese werklikheidsbeskouing kan as grondslag vir geslagsopvoeding dien. Hierdie werklikheidsmodel is ontologies (vgl. hfst. 2), kosmologies (vgl. hfst.3), antropologies (vgl. hfst.4) en samelewingsteoreties beskryfbaar (vgl. hfst.5).

* *Die bevoegdheid van die ouer ten opsigte van sy geslagsopvoedingstaak.*

Omdat die ouer dikwels onbekwaam en onseker voel, is hierdie aspek binne die raamwerk van die samelewingsteoretiese model ondersoek en is daar vasgestel dat geslagsopvoeding in gesinsverband op unieke wyse plaasvind (vgl. par. 4.2.3). Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die ouer nie alle aspekte van geslagsopvoeding kan behartig nie, maar dat daar ook ander samelewingsverbande bestaan wat op grond van hulle eie onderskeie funderings-en bestemmingsfunksies verskillende aspekte van geslagsopvoeding behoort te behartig. Die kerk, skool en staat (laasgenoemde deur middel van verskeie soorte dienste) kan elkeen 'n aandeel aan geslagsopvoeding hê.

* *Die kompetensieterreine van die onderskeie samelewingsverbande wat belang het by geslagsopvoeding.*

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat elke samelewingsverband wat betrokke is by die kind se geslagsopvoeding oor sy eie kompetensieterrein beskik en dat die beginsel van soewereiniteit en universaliteit in eie kring ter wille van ordelike onderlinge samewerking gehandhaaf behoort te word (vgl. par. 4.4).

* *Die mandaat van die professionele opvoeder.*

Die professionele opvoeder is onseker is oor bepaalde aspekte van geslagsopvoeding. Sekere aspekte met betrekking tot die leerinhoud bring mee dat die professionele opvoeder oor sy eie mandaat twyfel. Aangesien die professionele opvoeder tot bepaalde onderwerpe ten opsigte van die leerinhoud beperk word, vrees hy onmin en afkeuring van ouers en hoër gesag indien hy buite die afgebakende, voorgeskrewe leerinhoud sou beweeg of dit oorskry (vgl. par. 9.2.3.2). In par. 4.3.5.5 is daar aangetoon dat opvoedende onderwys onder andere die ontsluiting van die etiese of behoorlikheidsaspek van die onderwys omsluit. Die gevolgtrekking word gemaak dat geslagsopvoeding te doen het met die persoonsbehartiging van die kind. Deur geslagsopvoeding moet die kind die eties-sedelike norme vir geslagtelikheid leer ken (vgl. par. 5.4.8). Wat betref die mandaat van die professionele opvoeder kan daar gekonkludeer word dat hy altyd moet vra hoe die persoon van die kind op die beste manier behartig kan word en hoe hy as professionele

opvoeder in belang van die kind kan optree.

* *Die raakvlak tussen gesin en skool*

  Vanuit die Christelike werklikheidsperspektief word gekonkludeer dat die gesin en skool op grond van, onder andere die religieuse aspek, 'n gemeenskaplike belang het by die kind se geslagsopvoeding (vgl. par. 4.3.5.8). Die beginsel van soewereiniteit in eie kring moet egter gehandhaaf word om ordelike samewerking tussen gesin en skool te handhaaf. Daar kan verder gekonkluder word dat die ouer wel die primêre, maar nie die uitsluitlike geslagsopvoeder van die kind is nie.

* *Die faktore wat geslagsopvoeding kan beïnvloed*

  Die konklusie kan getrek word dat die kind se geslagtelike ontwikkeling deur verskeie interne en eksterne faktore beïnvloed kan word. In par. 7.5 is daar tot die slotsom gekom dat ontoereikende geslagtelike ontwikkeling en -opvoeding kan lei tot 'n versteurde geslagslewe. Daar kan ook tot die gevolgtrekking gekom word dat daar in die kind se geslagsopvoeding rekening gehou moet word met alle aspekte van seksualiteit wat interne ontwikkelingsfaktore asook eksterne beïnvloedingsfaktore insluit. Die implikasie van hierdie gevolgtrekking is dat die leerinhoud al hierdie aspekte moet verteenwoordig en dat daar gevolglik hoë eise aan die opvoeder se kundigheid gestel word op grond van die sensitiewe aard van sommige van hierdie aspekte, veral dié aspekte wat verband hou met abnormale vorme van seksualiteit.

Samevattend kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat geslagsopvoeding met al die aspekte van die kind se menswees te doen het (vgl. par. 3.9.2). Hierdie aspekte is aan die hand van die Christelik-reformatoriese werklikheidsbeskouing ondersoek en daar kan tot die slotsom gekom word dat geslagsopvoeding wat binne die raamwerk van die Christelik-reformatoriese lewensbeskouing plaasvind een van die opvoedingsaspekte is waardeur die kind se persoonlike belange behartig kan word en waardeur hy aan sy Maker gebind kan word, sodat hy sy bestemming nie net as geslagtelike wese nie, maar ook as beeld van God kan bereik.

9.4 Aanbevelings

Op grond van die bevindings uit die navorsing en die

gevolgtrekkings wat daaruit gevolg het, kan die volgende riglyne en aanbevelings ten aansien van geslagsopvoeding geformuleer word:

- Deur opvoeding moet die kind as ontwikkelende man of vrou omhoog gelei word. Geslagsopvoeding is in wese "hartsopvoeding". Anastaties gerigte geslagsopvoeding wil die kind lei om sy/haar bestemming as man of vrou in gehoorsaamheid aan die wet van God te bereik. Geslagsopvoeding kan nooit neutraal wees nie en daarom moet daar sorg gedra word dat geslagsopvoeding anastaties gerig sal wees.

- Opvoeders moet sorgvuldig geselekteer en opgelei word. Geslagsopvoeding in skoolse verband behoort alleen deur onderwysers behartig te word wat hulle daartoe geroepe voel. Weens die besondere leerinhoude is bepaalde kundigheid en vaardighede nodig wat gespesialiseerde opleiding van onderwysers noodsaak. Die instelling van 'n kursus waar onderwysers omvattende opleiding kan ondergaan en wat kan geld vir kategorieverhoging word aanbeveel.

- Geslagsopvoeding het met die kind se diepste menswees te doen. As eties/sedelike wese moet die kind leer om tussen reg en verkeerd te onderskei, ook ten opsigte van seksualiteit. Geslagsopvoeding moet die toets van die behorensvraag kan deurstaan. Geslagsopvoeding gaan om die behartiging van die kind as persoon. Daar word gevolglik aan die hand gedoen dat hierdie doelstelling in die vaknaam weerspieël sal word deur die vak "persoons-opvoeding" te noem. Die afsonderlike verwysing na die term "geslagsopvoeding" is onnodig, omdat persoons-opvoeding die persoon in sy geheel omsluit, dit wil sê, geslagtelikheid word implisiet daardeur geïmpliseer.

- Doeltreffende geslagsopvoeding kan slegs plaasvind in 'n opvoedingsklimaat waar die kind hom geborge kan voel. Daarvoor is die stigting van gesonde opvoedingsverhoudings 'n voorwaarde. Die opvoedingsverhouding is persoonlik van aard, want dit gaan om die behartiging van die kind as persoon.

  In die lig van die sensitiewe, persoonlike en eties-sedelike aard van geslagsopvoeding word daar aanbeveel dat dit slegs hanteer word deur opvoeders wat reeds 'n gesonde opvoedingsverhouding met die kind gestig het. Die huidige gebruik waar 'n besoekende opvoeder 'n "kits"- opvoedings-

verhouding moet stig, is nie aanvaarbaar nie en nie in die belang van die kind nie. Die toesegging van geslags-opvoeding aan besoekende individue het die nadeel dat:

i) geslagtelikheid as iets "anders", iets "ongewoons" beskou kan word;
ii) kinders die reg ontneem word om omvattende geslagsopvoeding te ontvang weens die beperkte bemoeienis wat daar met die kind gemaak word en
iii) die onderskeiding tussen verskillende grade van sensitiwiteit rondom sekere temas van die leerinhoud nie strook met die eties/sedelike eis van geslagsopvoeding nie. So 'n onderskeiding skep verwarring en agterdog onder opvoeders wat meebring dat belangrike leerinhoude nooit aan die orde kom nie.

- Die hantering van geslagsopvoeding as skoolse aangeleentheid noodsaak professionele werkwyses. Leiding, kontrole en beheer behoort deur 'n kundige op die gebied uitgevoer te word, soos dit die geval by alle ander ander skoolvakke is.

- Ouers en onderwysers behoort as vennote saam te werk in belang van die kind. Elkeen se kompetensieterrein moet eerbiedig word in 'n gees van wedersydse vertroue. Ouerbegeleidingsprogramme kan deur die skool geïnisieer word om ouers vir hulle gelagsopvoedingstaak toe te rus en waar probleme onderling bespreek kan word. Om goeie samewerking te verseker, moet daar sorg gedra word dat die gees en rigting van die skool nie van die ouerhuis sal verskil nie. Die ouer se spesiale toestemming behoort nie nodig te wees in 'n gees van wedersydse vertroue nie, maar die ouer moet steeds die reg behou om te besluit oor wat hy wenslik ag vir sy kind. Die betekenis daarvan is dat die ouer die reg tot weiering het, maar nie altyd om toestemming gevra hoef te word nie.

- Waar geslagsopvoeding as professionele opvoedingstaak nog in sy kinderskoene staan, word daar aanbeveel dat daar verdere navorsing gedoen word, sodat doeltreffender onderwystegnieke in die verband geïdentifiseer en ontwikkel kan word. Die snel veranderende samelewing vereis dat daar voortdurend navorsing oor die relevansie van leerinhoude gedoen word.

9.5 Slotperspektief

Geslagsopvoeding is 'n opvoedingsaangeleentheid wat op die terrein van verskillende samelewingsverbande lê. Die ouer as die primêre opvoeder (vgl. par. 4.2.3.2) is daarvoor verantwoordelik dat sy kind as gebalanseerde, verantwoordelike persoon tot eer van God opgevoed word. Verder moet die ouer daarvoor sorg dat die skoolse geslagsopvoeding wat deur professioneel-opgeleide personeel behartig word, aansluit by die gees en rigting van die opvoeding in die gesin (vgl. par. 4.2.3.1). Verantwoordbare geslagsopvoeding is slegs moontlik as die persoon van die kind behartig word. Persoonsbehartiging hou in dat die liefdeswet van God gehoorsaam word. Op sy beurt vorm die liefde die inhoud van die sedelike, sodat geslagsopvoeding as behoorlikheidsopvoeding ten opsigte van geslagtelikheid beskou kan word. In hierdie ondersoek is daar gepoog om die fundamenteel-opvoedkundige aard van geslagsopvoeding te deurgrond aan die hand van 'n Christelik-reformatoriese grondslae-studie.

BIBLIOGRAFIE

ADAME, D. 1986. Instruction and course content in sex knowledge and attitudes and internal locus of control. *Psychological reports,* 58(1): 91-94.

ADAMS, Jay.E. 1980. Marriage, divorce and remarriage in the Bible. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Company.

ADEYEMO, T. 1985. The relationship between evangelism and social responsibility. *Orientation,* 39: 34-56, Dec.

AKINBOYE, J.O. 1984. Secondary sexual characteristics and normal puberty in Nigerian and Zimbabwian adolescents. *Adolescence,* 19(74): 483-492, Summer.

ALBERT, A,A. & PORTER, J.R. 1986. Children's gender role stereotypes: a comparison of the United States and South Africa. *Journal of cross-cultural psychology,* 17(1): 45-65, March.

ALBRECHT, S. 1986. Aids. Hoeveel gaan nòg sterf? *De Kat,* 2(6): 50-57, Des./Jan.

ALDRIDGE, L.T.C. & RONALD, G. 1985. A midwestern university sexual behavior survey. *Corrective and social psychiatry and journal of behavior technology methods and therapy,* 31(4): 139-141, Oct.

ANON. 1985. Briefing teenage pregnancy: the new insights. *People,* 12(3): 25.

BAARTMAN, H.E.M. 1988. Tussen te kort komen en te kort doen. *Tydschrift voor orthopedagogiek,* 27(7/8): 318-343, Jul/Aug.

BAKER, Sharon, A., THALBERG, S.P. & MORRISON, Diane, M. 1988. Parent's behavioral norms as predictors of adolescent sexual activity and contraceptive use. *Adolescence,* 23(90): 265-282, Summer.

BANKART, Brenda, B. 1985. Japanese attitudes toward women. *The journal of psychology,* 119(1): 45-51, Jan.

BARKER, G.H. 1980. Infertiliteit: 'n simpatieke gids tot swangerskap vir onvrugbare egpare. Pretoria : Femina.

BARTOLOME, P.I. 1982. The changing family and early childhood education. (*In* Changing family lifestyles. Washington : Association for Childhood Education. p.9-13.)

BATE, B. 1988. Communication and the sexes. New York : Harper & Row.

BAVINCK, H. 1916. De opvoeding der rijpere jeugd. Kampen : Kok.

BELL, N.J., AVERY, A.W., JENKINS, D. FELD, J. & SCHOENROCK, C.J. 1985. Family relationships and social competence during late adolescence. *Journal of youth and adolescence,* 14(2): 109-119.

BELL, N.J., SCHOENROCK, C.J., YOUNG, M., AVERY, A.W., CROFT, A, A. & LANE, S. 1985. Family constellation, social competence and sex-role development. *The journal of genetic psychology,* 146(2): 273-275, June.

BELSKY, J., LERNER, R.M. & SPANIER, G.B. 1984. The child in the family. Reading, Mass. : Addison-Wesley.

BIANCHI, S. & RYTINA, N. 1986. The decline in occupational sex segregation during the 1970's: Census and CPS comparisons. *Demography,* 23(1): 79-86, Feb.

BIELER, A. 1989. Man en vrou in die Calvinistiese moraal. (Oorspronklike Franse uitgawe, 1963, Labor et Fides, Genève). Potchefstroom : PU vir CHO, Instituut vir Reformatoriese Studie.

BILLY, J.O.G. & UDRY, J.R. 1985. The influence of male and female best friends on adolescent sexual behavior. *Adolescence,* 20(77): 21-32, Spring.

BIRD, G.W., BIRD, G.A. & SCRUGGS, M. 1984. Determinants of family task sharing: a study of husbands and wives. *Journal of marriage and the family,* 46(2): 345-355.

BISSCHOFF, T.C. 1977. Gesinsvoorligting op skool: die praktiese implikasies daarvan. *Die Unie,* 74(4): 107-111, Okt.

BLYTH, D.A., SIMMONS, R, G. & ZAKIN, D.F. 1985. Satisfaction with body image for early adolescent females: the impact of pubertal timing within different school environments. *Journal of youth and adolescence,* 14(3): 207-224.

BONGERS, C.J. & DE KLERK, J.T. 1980. Opvoeding tot verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsaangeleenthede. (*In* Geslagsopvoedingsprogramme in enkele oorsese lande en in die RSA. Deel 1. Pretoria : RGN-verslag nr. O-98.)

BOOTH, A., BRINKERHOFF, D.B. & WHITE, L,K. 1984. The impact of parental divorce on courtship. *Journal of marriage and the family,* 46(1): 85-94, Feb.

BOSS, P.G. 1980. Normative family stress: family boundary changes across the life-span. *Family relations,* 29: 445-450. (*In* Olson, D.H. & Miller, B.C. *ed.* Family studies review yearbook, volume 1, 1983. Beverley Hills : Sage.)

BOTHA, A.H. 1986. Homoseksualiteit: wat sê die kerk? Pretoria : Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

BRAINE, J. 1984. Anorexia nervosa: possible educational interventions. *Journal of education,* 16: 43-48, Nov.

BREDENKAMP, P.H. 1988(a). Toespraak gehou by geleentheid van die TOD-streekkonferensie in Alberton op 23 Junie 1988. (Ongepubliseer).

BREDENKAMP, P.H. 1988(b). Openingsrede by geleentheid van die TOD-onderwyssimposium en -konferensie 1988. (*In* "Onderwys in diens van die gemeenskap"- 'n verslag van referate en besprekings gelewer tydens die TOD-onderwyssimposium en -konferensie. Pretoria : TOD, p.1-9.)

BREDENKAMP, P.H. 1990. Toespraak gelewer tydens die TOD-onderwyssimposium in April 1990. Pretoria. (Ongepubliseer.)

BREED, D. 1986. Die liefde en seksuele drang. *Die Kerkblad,* 89(2745): 21, Jun. 18.

BROPHY, J.E. & GOOD, T.L. 1974. Teacher-student relationships. New York : Holt, Rinehart and Winston.

BROWNE, A. & FINKELHOR, D. 1986. Impact of child sexual abuse: a review of the research. *Psychological bulletin,* 99(1): 66-77, Jan.

BURNS, R.B. 1988. Developmental tasks in adolescence. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde,* 8(1): 33-44, Feb.

BUYS, P.W. 1975. 'n Paar gedagtes oor 'n Calvinistiese kunsetiek met besondere verwysing na die probleem van pornografie en perssensuur. Potchefstroom : PU vir CHO. 12p. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 94.)

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALLAN, V.J. 1986. The impact of the first birth: married and single women preferring childlessness, one child, or two children. *Journal of marriage and the family,* 48(2): 261-269, May.

CARLSON, M.L., KAISER, K.L., YEAWORTH, R.C. & CARLSON, R.E. 1984. An exploratory study of life-change events, social support and pregnancy decisions in adolescents. *Adolescence,* 19(76): 765-768.

CARLSON, H.M. & STEUER, J. 1985. Age sex role categorization and psychological health in American homosexual and heterosexual men and women. *The journal of social psychology,* 125(2): 203-211, Apr.

CARTOOF, V,G. & KLERMAN, L.V. 1986. Parental consent for abortion: impact of the Massachusetts Law. *American journal of public health,* 76(4): 397-400, Apr.

CHRISTEN OUERVERENIGING. (C.O.V.) 1989. Die anneksasie van ons kinders. Pretoria.

COBLINER, W.G. 1988. The exclusion of intimacy in the sexuality of the contemporary college-age population. *Adolescence,* 23(89): 100-113, Spring.

COETZEE, J. Chr. 1940. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding. Stellenbosch : Pro-Eclesia. (Die Ossewareeks, nr. 2.)

COETZEE, J. Chr. 1941. Die seksuele opvoeding van die mens. (*In* Koers in die krisis III. Artikels versamel deur die federasie van die Calvinistiese studenteverenigings in Suid-Afrika. Stellenbosch : Pro Eclesia, p. 321-340.)

COETZEE, J.J.L. 1985. Beroepsbeheptheid en huweliksnood in Suid-Afrika. 'n Uitdaging aan die moderne bestuurder. Potchefstroom : PU vir CHO. (Reeks F1: IRS-studiestuk, no. 215.)

CORDER, J. & STEPHAN, C.W. 1984. Females' combination of work and family roles: adolescent's aspirations. *Journal of marriage and the family,* 46(2): 391-402, May.

CRONJè, H., VAN WYK, C. & PIETERSE, F. 1984. Huis en haard: gesprekke oor eietydse gesinsprobleme. Johannesburg : Perskor.

CROUGHS, R.W.M. 1983. Het kind in gezin en samenleving. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.

DARLING, J. 1986. Are women good enough? Plato's feminism re-examined. *Journal of philosophy of education,* 20(1): 123-128.

DARLING, C,A. & DAVIDSON, J.K. 1986. Coitally active university students: sexual behaviors, concerns and challenges. *Adolescence,* 21(82): 403-419, Summer.

DE BEER, K.J. *red.* 1987. Diplomatieke en politieke skoling van die jeug teen 'n omvangryke bedreiging. Bloemfontein : Universiteit van die Oranje Vrystaat. (Acta Academica, Reeks D nr. 8.)

DE BRUYN P.J. 1985. Verantwoorde ouerskap. Potchefstroom : Die deputate vir die Calvyn-Jubileumboekefonds.

DE GRUTTOLA, V., MAYER, K. & BENNETT, W. 1986. Aids: has the problem been adequately assessed? *Reviews of infectious diseases,* 8(2): 295-305, March-April.

DEKKER, Elise, I. 1983. Antropologiese vooronderstellings, opvoeding, onderwys en opvoedkunde. (*In* Van der Walt, J.L., Dekker, E.I. & Van der Walt, I.D. Die opvoedingsgebeure. Potchefstroom : PU vir CHO. Reeks F3: IRS-versamelwerke, no. 18, p.92-189.)

DE VRIES, J. 1979. Etymologisch woordenboek. Utrecht : Het Spectrum.

DE WITT, J.T. 1985. Doeltreffende motivering, groepsdinamika en konflikoplossing as aksiomatiese bestuursopgaaf van die ideale onderwysleier. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde,* 1986. 6(1): 21-29.

DOOPSFORMULIER. 1976. (*In* Die Berymde Psalms en Skrifberyminge, 1976. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers. p.109-113.)

DOOYEWEERD, H. 1953. A new critique (1). Amsterdam : Paris.

DOOYEWEERD, H. 1969. A new critique of theoretical thought, Vol. 1. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

DREVER, J. 1956. A dictionary of psychology. Middlesex : Penguin.

DRYFOOS, Joy, G. 1985. A time for new thinking about teenage pregnancy. *American journal of public health,* 75(1): 13-14, Jan.

DU PLESSIS, P.G.W. 1965. Opskorting van die etiese? Potchefstroom : Pro Rege.

DU PLESSIS, W. 1985. Die regsetiese implikasies van buite-egtelikheid. *Koers,* 50(3): 218-231.

DUMONT, J.J. 1980. Leerstoornissen 1. Theorie en model. Rotterdam : Lemniscaat.

DU TOIT, D.A. 1990. Menseregte. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk nr. 265.)

DU TOIT, J.D. 1986. Die skool, ook in 'n krisis? *Die Unie,* 82(9): 245-248, Mrt.

DUVENAGE, B. 1983. Roeping en wetenskap: handleiding vir Wetenskapsleer. Potchefstroom : Bentoti.

DUVENAGE, B., *waarnemende red.* 1988. Van oral oor: ateïste getalle. *Die Kerkblad,* 91(2794): 35, Jun. 1.

DUVENAGE, B. 1988a. Die leë wieg: die selfmoord van 'n kerk? *Die Kerkblad,* 91(2799): 5, Aug. 24.

DUVENAGE, B. 1988b. Aborsie: 'n tragiese keuse. *Die Kerkblad,* 91(2793): 37, Mei. 18.

DUVENAGE, B. S.a. Ons roeping en ons norme. Potchefstroom : PU vir CHO. 15p. (Instituut vir Bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 59.)

DUYVES, M. 1985. By de meerderjarigheid van homo-studies: Nederlandse sociologen over homoseksualiteit. *Homostudies: sociologie en seksualiteit,* 32: 332-351, Sept./Dec.

ECKERT, E.D., BOUCHARD, T.J., BOHLEN, J. & HESTON, L.L. 1986. Homosexuality in monozygotic twins reared apart. *The British journal of psychiatry,* 148: 421, Apr.

ERVIN, D. & THOMAS, B.J. 1984. Sex discrimination and rewards in a public comprehensive university. *Human relations,* 37(12): 1005-1025.

ESSEN, J. 1979. Living in one-parent families: attainment at school. *Child : care, health and development,* 1979:5(3): 189-200.

ESTERHUYSE, W.P. 1980. Die mens en sy seksuele moraal. Durban : Butterworth.

EYSENCK, H.J. 1983. ..'I Do' Your guide to a happy marriage. London : Century Publishing & Multimedia Publications (UK) Limited.

FARROW, J.A. & Elaine Schroeder. 1984. Sexuality education groups in juvenile detention. *Adolescence,* 19(76): 817-826, Winter.

FEHRENBACH, P.A., SMITH, W., MONASTERSKY, M.S.W. & DEISHER, R.W. 1986. Adolescent sexual offenders: offender and offense characteristics. *American journal of orthopsychiatry,* 56(2): 225-233, Apr.

FERREIRA, M. 1985. Abortion and family planning: a literature study. RSA 2000 (*In* Aspekte van bevolkingsontwikkeling, RGN, 7(2): 15-21.)

FORREST, J.J. 1985. The public and the pill: is the pill making a comeback? *American journal of public health,* 75(10): 1131-1132, Oct.

FOWLER, S. 1987. Christian educational distinctives. Potchefstroom : PU for CHE. (Institute for Reformational Studies. F2 Brochures nr. 39.)

FROMME, A. 1981. The book for normal neurotics. New York : Farrar Straus Giroux.

FURNHAM, A. & SCHOFIELD, S. 1986. Sex-role stereotyping in British radio advertisements. *The British journal of social psychology,* 25(2): 165-171, June.

GADDIS, A. & BROOKS-GUNN, J. 1985. The male experience of pubertal change. *Journal of youth and adolescence,* 14(1): 61-69.

GARBERS, J.G. 1972. Ordening tot 'n opvoedkundige ontwikkelingsmodel. Johannesburg : Publikasiereeks van die Randse Universiteit.

GLICK, P.C. & SUNG - LING LIN. 1986. More young adults are living with their parents: who are they? *Journal of marriage and the family,* 48(1): 107-112, Feb.

GODOW, A.G. 1982. Human sexuality. St Louis : C.V. Mosby.

GORDON, I.J. 1975. Human development: a transactional perspective. New York : Harper & Row.

GORDON, S. 1985. What our children need from sex education. *Education digest,* 46-49, May.

GRIFFITHS, S.M., SAUNDERS, M., STYLES, J., BEWLEY, B. & RODECK, C. 1986. Providing services for teenage mothers: experiences from Camberwell. *Public health: the journal of the society of community medicine,* 100(1): 33-41, Jan.

GRESSE, D.A. 1971. Sosio-pedagogiese verkenning. Kaapstad : Juta.

GRINDSTAFF, C,F. 1988. Adolescent marriage and childbearing: the long-term economic outcome, Canada in the 1980's. *Adolescence,* 23(89): 45-58, Spring.

GROBBELAAR, S.W.P., & BLIGNAUT, H.C.J., *red.* 1983. Huweliksberaad. Pretoria : Erroll Marx.

GROTENHUIS, S. & VOCMAN, M. 1986. Meisjesonderwys voor meisjes. *Pedagogische studien,* 63(7/8): 326-336, Jul./Aug.

GURIN, P. & TOWNSEND, A. 1986. Properties of gender identity and their implications for gender consciousness. *The British journal of social psychology,* 25(2): 139-148, June.

HAASBROEK, A. 1988. Die rol van die vrou in die gesin. *Die Kerkblad,* 91(2799): 31-34, Aug. 10.

HADDON, C. 1982. The limits of sex. London : Michael Joseph.

HANCOCK, G. & CARIM, E. 1986. Aids: the deadly epidemic. London : Victor Gollanez.

HART, H. 1976. Die gesin van die toekoms. Potchefstroom : PU vir CHO. 9 p. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 103.)

HAVENS, B. & SWENSON, I. 1988. Imagery associated with menstruation in advertising targeted to adolescent women. *Adolescence,* 23(89): 89-97, Spring.

HAWKINS, C.A. & VAN BAALEN, B. 1984. De positie van vrouwen in het wetenschappelijk onderwys van 1970-1980. *Universiteit en Hogeschool,* 30(4): 194-209, Feb.

HELBERG, J.L. 1987. Wanneer dinge verabsoluteer word. *Die Kerkblad,* 90(2781), 18 Nov.

HEMMING, H. 1985. Women in a man's world: sexual harassment. *Human relations,* 38(1): 67-79.

HENDRICKS, L.E. & MONTGOMERY, T. 1983. A limited population of unmarried adolescent fathers: a preliminary report of their views on fatherhood and the relationship with the mothers of their children. *Adolescence,* 18(69): 201-210.

HERTSGAARD, D. & LIGHT. H. 1984. Junior high girls' attitudes toward the rights and roles of women. *Adolescence,* 19(76): 847-853.

HESLINGA, K., DE BERG, P., VAN DER MEULEN, J.H. & ZANDBERG, Tj. 1978. Residentiële hulpverlening in de praktijk. Groningen : Wolters Noordhoff.

HESSE-BIBER, S. 1985. Male and female students' perceptions of their academic environment and future career plans: implications for higher education. *Human relations,* 38(2): 91-105.

HILL, J.P., HOLMBEK, G.N., MARLOW, L., GREEN, T.M. & LYNCH, M.E. 1985. Menarcheal status and parent-child relations in families of seventh-grade girls. *Journal of youth and adolescence,* 14(4): 301-316.

HORN, Mary,E. & RUDOLPH, Linda, B. 1987. An investigation of verbal interaction, knowledge of sexual behaviors and selfconcept in adolescent mothers. *Adolescence,* 23(87): 591-598, Fall.

HOWARD, M. 1985. Postponing sexual involvement among adolescents. *Journal of adolescent health care,* 6(4): 271-277, Jul.

IMBROGNO, S. & IMBROGNO, N.I. 1986. Marriage and family in the USSR: changes are emerging. *Social casework: the journal of contemporary social work,* 67(2): 90-100, Feb.

JACOBS, C.D. 1987. Die kind in spervuur. (*In* Louw, W.J. *red.* Gesin in krisis. Pretoria : Van Schaik.)

JACOBS, J.W. 1986. Divorce and child custody resolutions: conflicting legal and psychological paradigms. *The American journal of psychiatry,* 143(2): 192-197, Feb.

JANSE VAN RENSBURG, F. 1987. Selfbevryders: die kerklik verontregte vrou se eie plig en verantwoordelikheid ten opsigte van haar verontregting. (*In* Venster op die vrou. Potchefstroom : PU vir CHO. Reeks F3: IRS-versamelwerke, no. 31, p. 121-131.)

JEFFERIES, G. 1988. Aids, a fact of life. Cape Town : Maskew Miller.

JORDAAN, J.J. 1988. Kry prioriteite reg vir gehalte in onderwys: standaarde reeds in die gedrang. *Alumnus,* 10: 8-11.

JORGENSEN, S.R. & SONSTEGARD, J.S. 1984. Predicting adolescent sexual and contraceptive behavior: an application and test of the Fishbein Model. *Journal of marriage and the family,* 46(1): 43-55.

JUNI, S., RAHAMIM, E,L. & BRANNON, R. 1985. Sex role development as function of parent models and Oedipal fixation. *The journal of genetic psychology,* 146(1): 89-99, March.

KANDEL, D.B., DAVIES, M. & RAVEIS, V.H. 1985. The stressfulness of daily social roles for women: marital, occupational and household roles. *Journal of health and social behaviour,* 26(1): 64-78, Mar.

KATZ, S. 1986. Seks maak derduisende nog skaam en bang. *Sarie Marais,* 37(25): 82-84, Junie, 18.

KALSBEEK, L. 1970. De Wijsbegeerte der Wetsidee: proeve van een Christelijke filosofie. Amsterdam : Buijten en Schipperheijn.

KAY, E. 1978. Sex and the young teenager. London : Franklin Watts.

KEECH, Ruth. 1984. Education for living. Johannesburg : Divaris.

KEMPE, Ruth, S. & KEMPE, C.H. 1978. Child abuse. London : Open Books.

KEMPFF, D. 1987. Perspektief op die seksuele. *Die Kerkblad,* 90(2772): 32, Jul. 15.

KETTERMAN, G.H. 1984. Seks en jou kind. Roodepoort : CUM-Boeke.

KILIAN, C.J.G. & VILJOEN, T.A. 1974. Fundamentele pedagogiek en fundamentele strukture. Durban : Butterworth.

KLEIN, D., BELCASTRO, P. & GOLD, R. 1984. Achieving sex education program outcomes: points of view from students and alumni. *Adolescence,* 19(76): 805-815, Winter.

KLINE, D. & FORBUSH OVERSTREET, H. 1972. Foster care of children, nurture and treatment. New York : Columbia University Press.

KÖNIG, A. 1987. Die huwelik: baas - slavin? of kameraadskap? (*In* Venster op die vrou. Potchefstroom : PU vir CHO. Reeks F3: IRS-versamelwerke, no. 31, p. 132-151.)

KOTLER, T. 1985. Security and autonomy within marriage. *Human relations,* 38(4):299-321.

KRAMER, Ann., *red.* 1978. Die vrou se liggaam. Kaapstad : Human & Rousseau.

KRIEGER, M. 1969. The human reproductive system. Vol. 4. New York : Sterling.

KRIEGLER, S. 1987. Egskeidings en kindermishandeling. (*In* Louw, W.J. *red.,* Gesin in krisis. Pretoria : Van Schaik. p. 49-60.)

KROEZE, I. 1987. Vroueregte of vrouevoorregte. (*In* Venster op die Vrou. Potchefstroom : PU vir CHO. Reeks F3: IRS-versamelwerke, no. 31, p. 184-191.)

KROEZE, J.H. 1979. Bybel en seks. Braamfontein : De Jong.

KRIPKE, D.K. & KRIPKE, M.S. 1980. Let's talk about loving: about love, sex, marriage, and family. New York : KTAV.

KUYPERS, A. 1953. Inleiding in de zielkunde. Kampen : Kok.

LANDMAN, W.A. & KILIAN, C.J.G. 1973. Leesboek vir die opvoedkundestudent en onderwyser. Kaapstad : Juta.

LANDWEHR, J.H. 1929. Beknopt leerboek der kerkgeschiedenis. Kampen : Kok.

LANGEVELD, M.J. 1959. Beknopte theoretische paedagogiek. Groningen : Wolters.

LARSEN, R.J. & SEIDMAN, E. 1986. Gender schema theory and sex role inventories: some conceptual and psychometric considerations. *Journal of personality and social psychology,* 50(1): 205-211, Jan.

LAURIA, E.B., SEDLACEK, W.E. & WALDO, M. 1985. A longitudinal comparison of traditional and nontraditional career choices by sex. *College and university,* 60(3): 253-256.

LE CROY, C.W. 1988. Parent-adolescent intimacy: impact on adolescent functioning. *Adolescence,* 23(89): 137-147, Spring.

LEIBOWITZ, A., EISEN, M. & CHOW, W.K. 1986. An economic model of teenage pregnancy decision-making. *Demography,* 23(1): 67-77, Feb.

LE ROUX, J.A. 1977. Gesinsvoorligting op skool? *Die Unie,* 74(1): 19-23, Jul.

LESLIE, L.A., HUSTON, T.L. & JOHNSON, M.P. 1986. Parental reactions to dating relationships: do they make a difference? *Journal of marriage and the family,* 48(1): 57-66, Feb.

LEVINE, J.A. 1982. Redefining the child care "Problem": men as child nurturers. *(In* Quisenberry, J.D. *ed.* Washington : ACEI. p. 43-49.)

LIVINGSTONE, S. & GREEN, G. 1986. Television advertisements and the portrayal of gender. *The British journal of social psychology,* 25(2): 149-154, June.

LLEWELLYN-JONES, D. 1981. Every man. Oxford : Oxford University Press.

LONG, V.O. 1986. Relationship of masculinity to self-esteem and self-acceptance in female professionals, college students, clients and victims of domestic violence. *Journal of consulting and clinical psychology,* 54(3): 323-327, June.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking: riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria : Academica.

LOUW, W.J. 1987. Maak die onderwyser ook foute? (*In* Louw, W.J., *red.* Gesin in krisis. Pretoria : Van Schaik.)

LUBBE, B. 1985. The underutilised human resource: a challenge to organisations. *Unisa Alumnus,* 7(2): 30-32, Dec.

MACDONALD, M.R. 1976. The origin of Johny. London : Jonathan Cape.

MARTIN, P.J. 1990. Christian Biblical ethics: the application of Biblical norms today. (Referaat gelewer op 28 Julie 1990 tydens I.R.S. konferensie.) Potchefstroom : PU vir CHO.

MAUME, D.J. 1985. Government participation in the local economy and race- and sex-based earnings inequality. *Social problems,* 32(3): 285-297, Feb.

McCABE, M.P. 1984. Toward a theory of adolescent dating. *Adolescence,* 19(73): 159-170.

McCREARY, J. & SONNENSHEIN-SCHNEIDER, Mary. 1988. Adolescent sexuality: values, morality and decision making. *Adolescence,* 22(87): 579-590, Fall.

McGREGOR, J.A. 1985. Adolescent misadventures with urethritis and cervititis. *Journal of adolescent health care,* 6(4): 286-297, Jul.

McKAY, J., *red.* 1983. Adolescent fertility: extracts from a report of an international consultation. International planned parenthood federation. London : Bellagio.

MENTZ, N.J. 1983. Samelewings- en houdingsveranderinge waarmee die onderwys in die toekoms sal moet saamleef. (*In* Boshoff, C.H., *samest.* Die onderwys in 'n veranderende Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. Instituut vir Toekomsstudies. p. 14-26.)

MEYER, P.S. 1977. Toespraak gelewer tydens SAOU-kongres. *Die Unie,* 73(12): 485-490, Jun.

MILLS, R.K. 1987. Traditional morality, moral reasoning and the moral education of adolescents. *Adolescence,* 22(86): 371-375, Summer.

MITCHELL, C. 1984. Capitalizing on formal thought in counseling adolescents on conflicts with parents. *Adolescence,* 19(74): 377-383, Summer.

MKHABELA, O.K. 1985. Problems in understanding and educating an adolescent in a transitional society, from the point of view of an adolescent, a parent and a teacher; a psychopedagogic perspective. *Paidonomia,* 13(2): 45-62, Dec.

MOHAN, P.J. & BALDWIN, H.K. 1985. Child-raising attitudes and child density. *The journal of genetic psychology,* 146(2): 283-284, June.

MORANO, R.A. 1985. Effective methods depend upon subject matter. *College teaching,* 33(3): 134-139.

MOSTERT, W.P. & LÖTTER, J.M. 1986. Response stability in social research: lessons from a longitudinal study of the family-building process. *South African journal of sociology,* 17(1): 1-6, Feb.

NATHANSON, C,A. & BECKER, M.H. 1985. The influence of client provider relationships on teenage women's subsequent use of contraception. *American journal of public health,* 75(1): 33-38, Jan.

NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. 1976. (*In* Die berymde Psalms en Skrifberyminge, 1976. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers. p. 486-520.)

NEWCOMB, M.D., HUBA, G.J. & BENTLER, P.M. 1986. Determinants of sexual and dating behaviors among adolescents. *Journal of personality and social psychology,* 50(2): 428-438, Feb.

NICHOLAS, K.B. & McGINLEY, H. 1985. Preschool children's selective imitation of adults: implication for sex role development. *The journal of genetic psychology,* 146(1): 143-144, March.

NOTAR, Margaret & Susana McDANIEL. 1986. Feminist attitudes and mother and daughter relationships in adolescence. *Adolescence,* 21(8): 11-21, Spring.

OBERHOLZER, M.O. 1988. Die taak van die fundamentele pedagogiek in die huidige tydsgewrig. *Educare,* 17 (1-2): 22-30.

O'BRIEN, Shirley. 1982. Whatever happened to home sweet home? (*In* Martin, L.P., *red.* Changing family lifestyles. Washington : Association for Childhood Education International. p. 36-42.)

OLSON, C.F. & WOROBEY, J. 1984. Perceived mother-daughter relations in a pregnant and non-pregnant adolescent sample. *Adolescence,* 19(76): 781-794, Winter.

ORTIZ, C.G. & NUTTALL, E.V. 1987. Adolescent pregnancy: effects of family support, education and religion on the decision to carry or terminate among Puerto Rican teenagers. *Adolescence,* 22(88): 897-917, Winter.

OWUAMANAM, D.O. 1983. Peer and parental influence on sexual activities of school-going adolescents in Nigeria. *Adolescence,* 18(69): 169-179.

PARISH, T. & WIGLE, S. 1985. A longitudinal study of the impact of parental divorce on adolescents' evaluations of self and parents. *Adolescence,* 20(77): 239-244, Spring.

PATTERSON, D.G. & O'GORMAN, E.C. 1986. The SOMA - a questionnaire measure of sexual anxiety. *The British journal of psychiatry,* 149: 63-67, Jul.

PESTRAK, V.A. & MARTIN, D. 1985. Cognitive development and aspects of adolescent sexuality. *Adolescence,* 20(80): 981-987.

PETROPULOS, M. 1986. The facts of life. Kaapstad : Tafelberg.

PIAGET, J. 1972. Intellectual evolution from adolescence to adulthood. *Human development,* 15:1-12.

PICKERING, L. 1981. Boys talk. London : Geoffrey Chapman.

PLUNKETT, J.W., SCHAEFER, M., KALTER, N., OKLA, K. & SCHREIER, S. 1986. Perceptions of quality of life following divorce: a study of children's prognostic thinking. *Psychiatry,* 49(1): 1-12, Feb.

POLEDNAK, A.P. 1985. Exogenous female sex hormones and birth defects. *Public health review,* 13(1-2): 89-114.

POLIT-O'HARA, D. & KAHN, J.R. 1985. Communication and contraceptive practices in adolescent couples. *Adolescence,* 20(77): 27-43.

POLIT-O'HARA, D. & KAHN, J.R. 1986. Early subsequent pregnancy among economically disadvantaged teenage mothers. *American journal of public health,* 76(2): 167-171, Feb.

POOLE, Millicent, E. 1984. The schools adolescents would like. *Adolescence,* 19(74): 447-458.

POOLE, M,E. & lOW, B.C. 1985. Career and marriage: orientations of adolescent girls. *The Australian journal of education,* 29(1): 36-46, April.

POSTMA, W. 1987. Doelmatige onderwyserkontak. Potchefstroom : Pro Rege.

POWELL, G.N., POSNER, B.Z. & SCHMIDT, W.H. 1984. Sex effects on managereal value systems. *Human relations,* 37(11): 909-921.

PRELLER, S.J. 1978. Die Christelike onderwyser. *Fokus* 6(1): 677-684, Mrt.

RAGAN, P.V. & McGLASHAN, T.H. 1986. Childhood parental death and adult psychopathology. *The American journal of psychiatry,* 143(2): 153-157, Feb.

RALPH, N., LOCHMAN, J. & THOMAS, T. 1984. Psychosocial characteristics of pregnant and nulliparous adolescents. *Adolescence,* 19(74): 283-294.

READING, J. & AMATEA, E.S. 1986. Role deviance or role diversification: Reassessing the psychosocial factors affecting the parenthood choice of career-oriented women. *Journal of marriage and the family,* 48(2): 255-260, May.

REDAKSIONEEL. 1990. Waarheen met ons onderwys? *Die Kerkblad,* 93(2842): 4-5, Mei, 23.

REIS, J., REID, E., HERR, T. & HERZ, E. 1987. Family planning for inner-city adolescent males: pilot study. *Adolescence,* 22(88): 953-960, Winter.

RIDDLE, Patricia, K. 1984. Helping parents become sex educators. *Children today,* 1984. Jan.Feb.: 9-11.

RIERDAN, Jill & KOFF, Elissa. 1985. Timing of menarche and initial menstrual experience. *Journal of youth and adolescence,* 14(3): 237-244.

ROBINSON, B.E. & BARRETT, R.L. 1987. Self-concept and anxiety of adolescent and adult fathers. *Adolescence,* 22(87): 611-616, Fall.

RODICK, J.D., SCOTT, W.H. & HANSON, C,L. 1986. An evaluation of the family adaptibility and cohesion evaluation scales and the circumplex model. *Journal of abnormal child psychology,* 14(1): 77-87, March.

ROMEO, F.F. 1984. Adolescence, sexual conflict, and anorexia nervosa. *Adolescence,* 19(75): 551-555.

ROSCOE, B., CAVANAUGH, L.E. & Donna. R. KENNEDY. 1988. Dating. *Adolescence,* 23(89): 35-43, Spring.

RUSSELL-BRIEFEL, R., EZZATI, T. & PERLMAN, J. 1985. Prevalence and trends in oral contraceptive use in premenopausal females ages 12-54 years, United States, 1971-80. *American journal of public health,* 75(10): 1173-1176, Oct.

RUST, J.O. & McCraw, A. 1984. Influence of masculinity-femininity on adolescent self-esteem and peer acceptance. *Adolescence,* 19(74): 359-366, Summer.

SAOU. 1977. Gesinsvoorligting op skool. *Die Unie,* 74(5): 136, Nov.

SATIR, Virginia. 1981. Peoplemaking. London : Souvenir.

SCALES, P. 1979. The context of sex education and the reduction of teenage pregnancy. *Child welfare,* 58(4): 263-271, Apr.

SCHAFFER, B. & DE BLASSIE, R.R. 1984. Adolesceent prostitution. *Adolescence,* 19(75): 689-696.

SCHANINGER, C.M. & BUSS, W.C. 1986. A longitudinal comparison of consumption and finance handling between happily married and divorced couples. *Journal of marriage and the family,* 48(1): 129-136, Feb.

SCHNETLER, H. 1988. Ingenieurswese: is dit die man se wêreld? *Archimedes,* 30(1): 18, Feb.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die Wysgerige Pedagogiek. Bloemfontein : SACUM.

SCHOEMAN, P.G. 1980. Emansipatoriese pedagogiek. Durban : Butterworth.

SCHOONEES, P.C. & SWANEPOEL, C.J. 1970. SKAT. Johannesburg : Voortrekkerpers.

SCHULZE, L.F. 1989. Popmusiek (1): breinspoeling van ons katkisante. *Die Kerkblad,* 92(2826): 19-21, Sept.13.

SCHULZE, L.F. 1989. Wat is popmusiek? *Die Kerkblad,* 92(2827): 29-30, Sept.27.

SCHULZE, L.F. 1989. Popmusiek (3): die boodskap van popmusiek. *Die Kerkblad,* 92(2828): 15-17, Okt.11.

SCHULZE, L.F. 1989. Popmusiek (4). *Die Kerkblad,* 92(2829): 9-11, Okt.25.

SCHUTTE, B.C. 1984. As ouers maar geweet het... *Fokus,* 12(2): 564-577, Jun.

SEARLE, Charlotte. 1987. Professionele praktyk: 'n Suid-Afrikaanse verpleegperspektief. Durban : Butterworth.

SEBALD, H. 1986. Adolescent's shifting orientation toward parents and peers: a currvilinear trend over recent decades. *Journal of marriage and the family,* 48(1): 5-13, Feb.

SENANAYAKE, P. 1984. Problems of adolescent sex. *International journal of gynecology and obstetrics,* 22: 457-461.

SHANER, J.M., PETERSON, K.L. & ROSCOE, B. 1985. Older adolescent female's knowledge of child development norms. *Adolescence,* 20(77): 53-59, Spring.

SIMKINS, L. 1984. Consequences of teenage pregnancy and motherhood. *Adolescence,* 19(73): 39-54.

SKANDHAN, K.P., PANDYA, Anita, K., SKANDHAN, Sumangala & YAGNESH, B.M. 1988. Menarche: prior knowledge and experience. *Adolescence,* 23(89): 149-154, Spring.

SKINNER, D. 1980. Dual-career family stress and coping: a literature review. *Family relations,* 29: 473-480.

SLEET, D.A. & DANE, J.K. 1985. Wellness factors among adolescents. *Adolescence,* 20(80): 909-920.

SMITH, D.P.J. 1988. Sedelike verval: mite of werklikheid. *Aambeeld,* 16(1): 22-25, Herfs.

SMITH, E.A. & UDRY, J.R. 1985. Coital and non-coital sexual behaviors of white and black adolescents. *American journal of public health,* 75(10): 1200-1203, Oct.

SMITH, E.A., UDRY, J.R. & MORRIS, N. 1985. Pubertal development and friends: a biosocial explanation of adolescent sexual behavior. *Journal of health and social behavior,* 26(3): 183-192, Sept.

SPIER, J.M. 1950. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Kampen : Kok.

SPILLANE-GRIECO, E. 1984. Chacacteristics of a helpful relationship: a study of empathic understanding and positive regard between runaways and their parents. *Adolescence,* 19(73): 63-75.

SPOELSTRA, B. 1980. Beknopte kerkgeskiedenis vir katkisasie. Potchefstroom : Pro Rege.

STAMP, P. 1985. Research note: balance of financial power in marriage: an exploration study of breadwinning wives. *The sociological review,* 33(3): 546-557, Aug.

STEYN, I.N., *red.* 1981. Ontwikkeling in opvoedingsperspektief. Potchefstroom : PU vir CHO.

STEYN, Anna, F. & BREEDT, A. 1978. Die veranderende gesin. Pretoria : Academica.

STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en rigting. Band 1. Kaapstad : Tafelberg.

STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg : De Jong.

STONE, H.J.S. 1974. Struktuur en motief van die onderwysstelsel. Bloemfontein : SACUM.

STONE, H.J.S. 1984. Onderwysersopleiding vir ouerbetrokkenheid. (Referaat gelewer op 8 Sept. 1984 by Belangegroep Onderwysersopleiding - Pretoria. Ongepubliseer.)

STONE, H.J.S. 1988. Die struktuur waarbinne onderwys as eie saak funksioneer. (*In* "Onderwys in diens van die gemeenskap"- 'n verslag van referate en besprekings gelewer tydens die TOD-onderwyssimposium en -konferensie. Pretoria : TOD. p.19-29.)

STONE, L.J. & CHURCH, J. 1974. Beknopte ontwikkelingspsychologie. Amsterdam : Agon Elsevier.

STRAUSS, D.F.M. 1973. Begrip en idee. Assen : Van Gorcum & Comp. B.V. (Proefskrif (D.Phil.) - Vrije Universiteit van Amsterdam.)

STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding tot die kosmologie. Bloemfontein : SACUM.

STRAUSS, D.F.M. 1983. Christelike onderwys - prinsipiëel gesien. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 19(1ste - 2de kwartaal): 67-86.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1987. Die feite van seksualiteit. Pretoria : Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (Skakeling en Publikasies).

SUMRALL, L. 1981. 60 Things God said about sex. Nashville : Thomas Nelson.

SUSMAN, E.J., NOTTELMANN, E.D., INOFF-GERMAIN, G.E., DORN, L.D., CUTLER, G.B., LORIAUX, D.L. & CHROUSOS, G.P. 1985. The relation of relative hormonal levels and physical development and socio-emotional behavior in young adolescents. *Journal of youth and adolescence,* 14(3): 245-263.

SVOBODA, C.P. 1973. Sources and characteristics of Piaget's stage concept of development: a historical perspective. *Journal of education,* 1555: 28-39, April.

SWANEPOEL-REEK, A. 1988. Sensuur: 'n etiese probleem. *Die Kerkblad,* 90(2788): 20, Mrt. 9.

TAGATZ, G.E. 1976. Child development and individually guided education. Reading : Addison-Wesley.

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished lenses. Potchefstroom : Pro Rege.

TAVECCHIO, L.W.C., VAN YZENDOORN, M.H., GOOSSENS, F.A. & VERGEER, M.M. 1984. The division of labor in dutch families with preschool children. *Journal of marriage and the family,* 46(1): 231-242, Feb.

THERON, A. 1984. Meningsverskil rondom die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging se besluit om homoseksualiteit as psigopatologiese versteuring te skrap. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir sielkunde,* 14(3): 106-112, Sept.

THIELICKE, H. 1979. Theological ethics. Volume 3: Sex. Grand Rapids : William. B. Eerdmans.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987. Geestesweerbaarheidsprogram. Pretoria.

TUCK, D.L., BAYLISS, V.A. & BELL, M.L. 1985. Analysis of sex stereotyping in characters created by young authors. *The journal of educational research,* 78(4): 248-252, Mar./Apr.

USLANDER, A.S., WEISS, C. & TELMAN, J. 1977. Sex education for today's child: a guide for modern parents. New York : Association Press.

VALENKAMP, M. 1990. De betekenis van de reformatorisch wijsgerige ethiek voor de ethiek van de gezondheidszorg. (Referaat gelewer op 28 Julie 1990 tydens die I.R.S. konferensie.) Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER MERWE, A.A. 1976. Die implikasies van gesinsvoorligting op skool en die moontlike invoering daarvan in die skoolkurrikulum. Pretoria : Transvaalse onderwysdepartement.

VAN DER MERWE, N. 1986. Onsedelikheid. *Die Kerkblad,* 89(2749): 15, Aug. 13.

VAN DER MERWE, N. 1986. Onreinheid. *Die Kerkblad,* 89(2750): 35, Aug. 27.

VAN DER STOEP, F. & LOUW, W.J. 1978. Inleiding tot die didaktiese pedagogiek. Pretoria : Academica.

VAN DER WALT, B.J. 1985. Vrou en huwelik: in die Middeleeue, by Calvyn en by ons. Potchefstroom : PU vir CHO. (Reeks F1: IRS-studiestukke, no. 205, 206.)

VAN DER WALT, B.J. 1987a. Vooraf. *(In* Venster op die vrou. Potchefstroom : PU vir CHO. Reeks F3: IRS-versamelwerke, no. 31, p.i-iii.)

VAN DER WALT, B.J. 1987b. Bybelse verrassings oor die vrou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Reeks F1: IRS-studiestukke, no. 228-229.)

VAN DER WALT, J.J.A. S.a. Die invloed van musiek op die mens. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 41.)

VAN DER WALT, J.L. 1979. Die etiek van die onderwys. Potchefstroom : PU vir CHO. 19p. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 137.)

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Bailliepark : Mediapublikasies.

VAN DER WALT, J.L. 1980. Opvoedkunde as lewende wetenskap. Durban : Butterworth.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1982-83. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Silverton : Promedia.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN DER WALT, I.D. 1983. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studie.)

VAN DER WALT, N.I.B. 1990. Kommentaar oor: *Die anneksasie van ons kinders.* Brief aan TOD.

VAN DIJK, R. S.a. Mens en medemens. Wageningen : N.V. Gebr. Zomer & Keunings.

VAN DYK, T.A. S.a. Homoseksualiteit. Potchefstroom : PU vir CHO. 12 p. (Instituut vir bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 56.)

VAN NIEKERK, P.A. 1984. Die kundigheid en vaardigheid van die ortopedagoog. *Pedagogiekjoernaal,* 5(1): 142-155.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1984. Nie-formele onderwys. (*In* Behr, A.L. *red.* Referate gelewer by die twee-en-twintigste kongres van SAVBO, gehou op 19 en 20 Januarie 1984. Publikasiereeks van SAVBO, no. 18, p. 29-42.)

VAN SCHALKWYK, O.J. 1986. Die onderwysstelsel, teorie en praktyk. Alkantrant : Educo.

VAN WYK, D. 1983. Die verhouding tussen ouer en kind. Kaapstad : Human en Rousseau.

VAN WYK, J.G. 1987. Juridiese fasette van skool- en klasbestuur. *Educare,* 16(2): 38-45.

VAN WYK, J.G. 1988. Onderwys en die reg. *Alumnus,* 10:6.

VENTER, C.J. 1983. Die bepaling van opvoedingsgrondtrekke deur middel van die struktuur-empiriese metode. Potchefstroom. 178p. (Verhandeling [M.Ed.] - PU vir CHO.)

VENTER, R. 1988. Die sosiaal-maatskaplike situasie in die RSA. Die onderwysleier se diensleweringsrol in sosiaal-maatskaplike verband. (*In* "Onderwys in diens van die gemeenskap"- 'n verslag van referate en besprekings gelewer tydens die TOD-onderwyssimposium en -konferensie. Pretoria : TOD, p. 30-34.)

VENTER & OLIVIER, A.S. 1983. Beroepstendense, voortgesette opleiding en mensvorming. (*In* Boshoff, C.H., *red.* 1983. Die onderwys in 'n veranderende Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. Instituut vir Toekomsstudies. p. 47-82.)

VERMEULEN, A. 1971. Die opvoedkundig-antropologiese betekenis van die wysbegeerte van die wetsidee. Potchefstroom : Pro Rege. RGN Publikasiereeks, nr. 19.

VERNON, Libby. 1982. Putting parenting in perspective. (*In* Martin, L.P., *red.* Changing family Lifestyles. Washington : Association for Childhood Education International. p. 31-32.)

VERWEY, Elsa, T. 1986. Die verkragter: 'n vergelykende psigologiese ondersoek. Potchefstroom. (Proefskrif [D.Phil.] - PU vir CHO.)

VERWEY, E.T. & LOUW, D.A. 1989. Die verkragter. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir strafregspleging,* (1989) 2: 21-38.

VIVIERS, W. 1987. Die vrou in die ekonomie: sy aan sy met die man. (*In* Venster op die vrou. Potchefstroom : PU vir CHO. Reeks F3: IRS-versamelwerke, no. 31, p. 162-169.)

VORSTER, E. 1986. Agter elke suksesvolle vrou... *Die Kerkblad,* 89(2747): 6-7, Jul. 16.

WAGNER, M.E., SCHUBERT, H.J.P. & SCHUBERT, D.S.P. 1985. Family size effects: a review. *The journal of genetic psychology,* 146(1): 65-78, March.

WALKLING, P.H. & BRANNIGAN, C. 1986. Anti-sexist/Anti-racist education: a possible dilemma. *Journal of moral education,* 15(1): 16-25, Jan.

WALLACE, R.C. & WALLACE, Wendy, D. 1985. Sociology. Boston : Allyn and Bacon.

WASHINGTON, A.E., SWEET, R.L. & SHAFER, M.B. 1985. Pelvic inflammatory disease and its sequelae in adolescents. *Journal of adolescent health care,* 6(4): 298-310, Jul.

WESTAWAY, M. & SKUY, M. 1984. Self-esteem and the educational and vocational aspirations of adolescent girls in S.A. *South African journal of psychology,* 14(4): 1106-112, Dec.

WESTNEY, Q,E., JENKINS, R.R., BUTTS, J.D. & WILLIAMS, I. 1984. Sexual development and behavior in black preadolescents. *Adolescence,* 19(75): 557-568.

WHITE, L.K. & BOOTH, A. 1985. The quality and stability of remarriages: the role of stepchildren. *American sociological review,* 50(5): 689-698, Oct.

WHITE, Kathleen, M, SPEISMAN, J.C., JACKSON, Doris, BARTIS, S. & COSTOS, D. 1986. Intimacy maturity and its correlates in young married couples. *Journal of personality and social psychology,* 50(1): 152-162, Jan.

WICHERS, B. 1985. Die dogter en beroepskeuse. *(In* Ek en my kind. Pretoria : Daan Retief. *Ouerleidingaksie,* 8(3): 0018, Aug.)

WIJNBEEK, D.H.P. 1990. Preek. (Kassetopname in besit van outeur.)

WIJNBEEK, M.J. 1988. Vryheid. *Die gereformeerde vroueblad,* 42(8): 13-14, Jan.

WINCH, C. 1985. Women, reason and education. *Journal of philosophy of education,* 19(1): 91-98.

WINTERS, A. & FRANKEL, J. 1984. Women's work role as perceived by lower status white and black female adolescents. *Adolescence,* 19(74): 403-415, Summer.

W.N. 1986. Pro-seksualiteit. *Die Kerkblad,* 89(2746): 8, Jul. 2.

WOOD, Mildred, H. 1985. Learning disabilities and human sexuality. *Academic therapy,* 20(5): 543-547.

ZIETSMAN, R. 1989. Brief aan ouers namens die Christen Ouervereniging. Pretoria.

9204451